

b 162 726 87
C.1

HIERDIE OORSOEMPLAAT IS GEDRUK
GEEN OORSTANDIGHEIT IN DIE
BIBLIOTEK WERK TOEWORDING

University Free State



34300004556936

Universiteit Vrystaat

**'n Musikus in die vreemde: die lewe en werk van
Arnold Bosman**

Johan Cromhout

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Philosophiae Doctor in die Odeion Skool vir Musiek in die
Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die
Vrystaat.

Promotor: Prof. Martina Viljoen

Bloemfontein 2012

Opgedra aan

Dr. Willem en mev. Heleen Bosman



Arnold Bosman

"EK VERKLAAR DAT DIE PROEFSKRIF WAT HIERBY VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR IN MUSIEK AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT DEUR MY INGEDIEN WORD, MY SELFSTANDIGE WERK IS EN NIE VOORHEEN DEUR MY VIR 'N GRAAD AAN 'N ANDER UNIVERSITEIT/FAKULTEIT INGEDIEN IS NIE."



J. CROMHOUT

**TOESTEMMING OM PERSOONLIKE EN PROFESSIONELE DOKUMENTASIE
INSAKE ARNOLD BOSMAN IN HIERDIE BIOGRAFIESE STUDIE TE MAG
GEBRUIK**

Hiermee verleen Willem en Helena Christina Bosman toestemming dat persoonlike en professionele dokumentasie, soos deur hulle beskikbaar gestel aan Johan Cromhout, in die biografiese studie oor Arnold Bosman, wat hier vir die kwalifikasie PhD (Musiek) aangebied word, gebruik mag word.



WILLEM BOSMAN

22 11 2012

DATUM



HELENA CHRISTINA BOSMAN

22. 11. 2012

DATUM

Geteken te Bloemfontein
22 November 2012

DANKBETUIGINGS

Naas my Skepper wil ek my hoogste waardering betuig teenoor my promotor, prof. Martina Viljoen, medeprofessor: Odeion Skool vir Musiek aan die Universiteit van die Vrystaat. Ek is ook baie dank verskuldig aan haar aangesien sy oorspronklik my belangstelling in hierdie onderwerp geprikkel het en my aangemoedig het om die studie te onderneem. Dit was 'n voorreg om onder haar kundige leiding hierdie studie aan te pak en te voltooi. Haar entoesiasme, geduld, begrip en wetenskaplike benadering het my geïnspireer en aangespoor. Die wyse waarop sy haar kennis met my gedeel het en my verryk het, word hoog op prys gestel.

Ek is ook baie dank verskuldig aan dr. Willem en mev. Heleen Bosman wat oor 'n tydperk van twee jaar onbaatsugtig baie ure van hulle tyd moes afstaan om óf dokumentasie vir my gereed te kry óf om met my onderhoude toe te staan. Gesien in die lig van hierdie studie is dit vanselfsprekend dat hierdie 'n geweldige emosionele proses vir hulle moes gewees het en dat dit vir hulle geensins 'n maklike taak kon gewees het nie. Hulle toewyding, belangstelling en aanmoediging was vir my 'n inspirasie.

'n Spesiale woord van dank en waardering aan mnr. Giuliano Finessi, woonagtig in Italië. Sy belangstelling in die studie en reuse bydrae om persoonlike dokumente aan my beskikbaar te stel asook vir die reel van talle onderhoude en besoeke aan plekke van belang in Italië tydens my navorsingsbesoeke word opreg waardeer.

Aan mev. Corrie Geldenhuys vir haar kundigheid wat die taalversorging betref, is ek baie dank verskuldig. Haar entoesiasme ten opsigte van die studie, haar kennis en die waardevolle advies wat sy so maklik met my gedeel het, word opreg waardeer.

Ek is baie dank verskuldig aan mev. Alina de Abreu, wat met soveel entoesiasme nie net vir my Italiaanse onderrig gegee het nie, maar ook verantwoordelik was vir vertalings van etlike dokumente en briewe vanuit Italiaans na Engels.

'n Besondere woord van dank en waardering aan mnr. John en mev. Patricia Eagar vir hulle deurlopende belangstelling in hierdie studie. Hulle entoesiasme en ondersteuning die afgelope twee jaar sal ek altyd onthou.

Ek wil ook 'n woord van dank uitspreek teenoor my vriende vir hulle aanmoediging en belangstelling.

BLOEMFONTEIN
November 2012

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: METODOLOGIESE VERANTWOORDING

VOORWOORD	1
1.1 Die betroubaarheid en egtheid van navorsing in biografieskrywing	4
1.2 Die etiese aspek in biografieskrywing	6
1.3 "Tyd" as faktor in biografieskrywing	7
1.4 Problematiek betreffende die metodologiese werkswyse en navorsing	11

HOOFSTUK 2: BIOGRAFIESE AGTERGROND

2.1 Bloemfontein gedurende die 1970's en 1980's	15
2.2 Bosman se "vreemdheid"	16
2.3 Bosman en Suid-Afrika se apartheidspolitiek	18
2.4 Arnold Bosman se voorgeskiedenis	19
2.5 'n Bondige skets van Bosman di Ravelli	31
2.6 Biografiese agtergrond van Arnold se pa, Willem en sy ma, Heleen	36

HOOFSTUK 3: DIE VROEË JARE IN SUID-AFRIKA

3.1 Bosman se vroegste skooljare	41
3.2 Bosman se klavieronderrig tydens sy hoërskooljare	43
3.3 Prestasies tydens Kunswedstryde en Music Festivals	49
3.4 Bosman se eksamenprestasies	50
3.5 Bosman se optredes tydens Jeugkonsertfeeste	51

HOOFSTUK 4: NOODGEDWONGE NA KAAPSTAD

4.1 Bosman se soeke na die aangewese "plek" vir tersiêre opleiding	54
4.2 Bosman se soeke na 'n "plek" en 'n eie "identiteit"	59
4.3 Noodgedwonge na die College of Music in Kaapstad	64
4.4 Bosman se belangstelling in die filosofie	67
4.5 Bosman se studiejare aan die Universiteit van Kaapstad	68

HOOFSTUK 5: BOSMAN IN TRANSITO

5.1 Bosman se finansiële situasie na afloop van sy studies	81
5.2 Bosman se voorgenome studie by Maria Tipo	84
5.3 Eers na Den Haag in Nederland	85
5.4 Bosman se studies by Alessandro Specchi aan die Cherubini Konservatorium in Firenze	88
5.5 Bosman se verbintenis met Marco Rapetti	91

5.6	Bosman besoek Suid-Afrika vir die eerste keer as uitvoerende kunstenaar	93
5.7	Vryskutwerk om te oorleef	95
5.8	Bosman se prestasies by die Cherubini Konservatorium	96
5.9	Bosman se benarde finansiële posisie en sprake van dirigent word	97
5.10	Vryskutwerk as deel van ondervinding en om te oorleef	100

HOOFSTUK 6: PENDELAAR IN EUROPA

6.1	Bosman se werk as vryskutmusikus en repetiteur, hoofsaaklik in Firenze en Bologna	104
6.2	Persoonlike besonderhede rondom Bosman se lewenstyl in die 1980's	110
6.3	Bosman se studies aan die Accademia Musicale Chigiana in Siena	113
6.4	Bosman se belangstelling in die musiek van Alberto Savinio	115
6.5	Konserte elders in Italië waarby Bosman betrokke was	117
6.6	Klavieruitvoerings in Canberra en in Sydney	118
6.7	Vryskutwerk word voortgesit, maar Bologna word as basis oorweeg	119
6.8	Bosman se besoek aan sy ouers en die klavieruitvoering in 1986	122
6.9	Die konserttoer deur Suid-Afrika in 1987	124
6.10	Bosman se vennootskap met die sopraan, Anna Caterina Antonacci	130
6.11	Bosman se betrokkenheid by kamermusiekuitvoerings en as begeleier	136
6.12	Bosman se betrokkenheid by onder andere La Scala as assistentdirigent	140
6.13	Verdere uitvoerings as solis, kamermusiekkonserte en opera-aanbiedings	141
6.14	Bosman se klavieruitvoerings in Noorweë en in Hongarye	144
6.15	Verdere werk as assistentdirigent	144
6.16	Bosman se sekerheid oor sy loopbaan en die moontlike posisie as Musiekhoof by TRUK	147
6.17	Bosman sluit 'n kontrak met die Oper der Stadt Bonn	149

HOOFSTUK 7: UITEINDELIK MILAAN

7.1	Milaan as nuwe tuiste	151
7.2	Musiekdirekteur van Musica Rara	151
7.3	Eerste volwaardige optrede as dirigent	154
7.4	Bosman se verpligtinge as assistentdirigent in die 1990's by La Scala asook sy bydrae as begeleier	156
7.5	Bosman se finansiële posisie en sy ouma se vleuelklavier	157
7.6	Willem en Heleen Bosman se besoeke aan Arnold in Italië en die konflik wat daar tussen hulle bestaan het	159
7.7	Bosman en Giuliano Finessi se besoek aan Suid-Afrika in Augustus 1996 en die samesprekinge in verband met moontlike optredes as dirigent in Pretoria	162
7.8	Musica Rara se aktiwiteite in 1995 met Bosman as dirigent en pianis	163
7.9	Bosman en Giuseppi Sinopoli se verbintenis	170
7.10	Musica Rara se konserte gedurende 1996	171

7.11	Bosman se vennootskap met die legendariese sopraan, Raina Kabaivanska	174
7.12	Bosman dirigeer by die Rossini-operafees in Pesaro	182
7.13	Die temas "plek" en "tyd" se besondere betekenis in Bosman se benadering tot sy werk	185
7.14	Assistentdirigent vir verskeie internasionaal-bekende dirigente	193
7.15	Bosman se dirigeerverpligtinge begin toeneem, asook 'n belangstelling in <i>Entartete Musik</i>	197
7.16	Bosman se gekompliseerde verhouding met Suid-Afrika	199

HOOFSTUK 8: DIRIGENT UIT EIE REG

8.1	Bosman se deurbraak in Suid-Afrika	202
8.2	Die simfoniekonsert in Bloemfontein en die operaproduksies in Stellenbosch en Kaapstad	202
8.3	Verdere pogings om in ander dele van die wêreld te dirigeer	207
8.4	CD-opname van Johann Adolph Hasse se <i>Il canto de' tre fanciulli</i>	210
8.5	Bosman in 2000 terug in Suid-Afrika om te dirigeer	211
8.6	Bosman se ouers vestig hulself in Bloemfontein	218
8.7	Bosman steeds aktief as vryskutmusikusk asook 'n uitvoering met Raina Kabaivanska in Bari	219
8.8	Dirigent, begeleier en kamermusikus tegelyk	222
8.9	Bosman begin hom toespits op die vergete werke van die Barok en vroeg Klassieke komponiste met uitvoerings hoofsaaklik in Milaan	225
8.10	Die rol van die stad Bari in die lewe van Arnold Bosman	230
8.11	Bosman dirigeer <i>Didon</i> van Piccinni in die Teatro Piccinni in Bari	231
8.12	Bosman dirigeer weereens in sy geboortestad, Bloemfontein	236
8.13	Bosman dirigeer <i>Idomeneo</i> by die Oude Libertas-teater in Stellenbosch	238
8.14	Bosman se verpligtinge as artistieke direkteur in Bari in 2002	239
8.15	Die rol van Elio Oricuolo in die lewe van Arnold Bosman	247
8.16	Die Arnold Bosman en Eva Mei-vennootskap word in 2002 voortgesit met konserte in Italië, Spanje en Switserland	248
8.17	Bosman dirigeer in Firenze en Musica Rara-konserte gedurende 2003	251
8.18	Die 600ste verjaarsdagviering van die Cappella Musicale del Duomo di Milaan	255
8.19	Bosman se laaste optrede in Bloemfontein	258
8.20	<i>Ariadne auf Naxos</i> en <i>Don Giovanni</i> in die Teatro Piccinni in Bari	259
8.21	Liederprogramme in Bari met werke van Brahms, Liszt en Wolf	259
8.22	Simfoniekonsert in Bologna en Musica Rara-konserte in Milaan	261
8.23	Bosman se laaste optredes as dirigent in Bari	261
8.24	'n Wêreldtoer met <i>Così fan tutte</i>	273

HOOFSTUK 9: BOSMAN SE DOOD EN DAARNA

9.1	Reaksie direk na die dood van Bosman en die begrafnismis in Bari	275
9.2	Bosman se geboortestad in rou na sy skielike dood en die gedenkdiens wat in Bloemfontein ter nagedagtenis gehou is	281
9.3	Huldigingskonserte in Bloemfontein ter nagedagtenis aan Bosman	286

9.4	Die toekoms van Musica Rara na die dood van Bosman	287
9.5	Bosman se oorskot word tot rus gelê in sy ouers se tuin in Bloemfontein	292
9.6	Naskrif	299

BYLAAG

A	PRIVATE ONGEPUBLISEERDE BRONNE	302
	Onderhoude, korrespondensie en telefoongesprekke met die volgende persone (in besit van die skrywer – ongepubliseerd).	
	Briewewisseling tussen Arnold Bosman en sy ouers, Willem en Heleen Bosman.	303
	Konsertprogramme en ander dokumente in besit van die skrywer en Giuliano Finessi (Milaan).	304
B	PERIODIEKE PUBLIKASIES	305
	Koerantberigte, -resensies en tydskrifartikels in besit van die skrywer.	
C	LYS VAN AFBEELDINGS	307
D	DISKOGRAFIE: ARNOLD BOSMAN	313
	BRONNELYS	315
	OPSOMMING	i
	SUMMARY	iii

HOOFSTUK 1

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

VOORWOORD

Arnold Bosman is op 31 Oktober 1957 in Bloemfontein gebore, en op 4 Februarie 2005 in Bari, Italië, oorlede. Aangesien hy 'n groot deel van sy kinder- en tienerjare in hierdie stad deurgebring het en sy ouers, Willem en Heleen Bosman, steeds in Bloemfontein woon, was hy aan die plaaslike musiekpubliek bekend, en het heelwat huidige konsertgangers nog sy laaste uitvoerings in die stad meegemaak.

Sy voortydige dood het die Bloemfonteinse musiekpubliek aan die hart gegryp, nie omdat hy ooit as 'n burger van hierdie stad (of land) gesien is nie – maar moontlik juis omdat Bosman so misken was in Suid-Afrika, en hy sy roem in die vreemde moes gaan vind.

Dit is moontlik ook hierdie gegewe wat daartoe gelei het dat ek aan die einde van 2009 besluit het om 'n biografiese studie oor Bosman se lewe te onderneem. Die karige gegewens oor sy lewe waarmee ek op daardie stadium vertrou was, het my veral laat wonder wat hom daartoe geroep het om homself tot so 'n groot mate van sy eie mense en land los te maak. Soos wat die studie ontvou het, het hierdie gegewe my telkens opnuut gefassineer, veral omdat sy diepe hunkering na sy land en sy mense mettertyd steeds duideliker geword het. In hierdie verband het begrippe van “tyd” en “plek” 'n toenemend groter rol in my navorsing oor Bosman begin speel, en sou dit uiteindelik ook die tematiese onderbou vir my biografie oor sy lewe vorm.

Die ryke skat van materiaal oor Bosman se lewe wat ek vir hierdie studie kon benut, was by tye bykans oorweldigend. Hierdie aspek van my navorsing het my gedwing om 'n deeglike metodologiese bestekopname te doen, en om voortdurend metodologies-gefundeerde besluite rondom die studie te neem.

Literatuur oor biografie as metode toon naamlik dat nie slegs literêre oorwegings by die proses van biografieskrywing te berde kom nie, maar dat ook metodologiese gesigspunte deeglik in oënskou geneem moet word. Batchelor (2003:2) argumenteer dat teorie – hetsy bewustelik of by wyse van versuim – die aard van die biograaf se verhouding met die subjek bepaal, en dus op 'n belangrike wyse 'n invloed op die fyn balans tussen akkuraatheid van inligting en kreatiwiteit uitoefen. Postmoderne ondertone weerklank in Holmes (2003:15vv) se siening dat biografie as 'n metode altyd 'n beduidende mate van “fiksie” bevat, en dat dit gevolglik in essensie “onbetroubaar” en, by tye, selfs “skandalig” mag wees. Hierdie eienskappe beskou hy egter as 'n onmisbare deel van die impak van biografie as metode wanneer hy stel dat:

[i]t has always had the doubtful status of a maverick or mongrel art, and that is precisely why it remains so alive, so adaptable, so dangerous for all concerned: writers, subjects, readers, and most of all for its critics who want it to behave (Holmes 2003:15).

Catherine Peters (2003:44) omskryf biografieskrywing as 'n konserwatiewe aktiwiteit wat stadig ontplooi, eerder as om grootse en verbeeldingryke spronge en intellektuele ontdekkings te maak. Hierteenoor beskou Richard Holmes (in Batchelor, 2003:21) die werktipe as 'n soort “koffiehuis-aktiwiteit” wat, hoewel reflektief van aard, ook “geselserig” mag wees. Hierdie waarnemings, ofskoon uiteenlopend van aard, dui daarop dat daar in biografie as metode altyd 'n fyn balans tussen kreatiewe storievertelling en feitelike geloofwaardigheid ter sprake is.

Biografieskrywing kan gevolglik nie sondermeer as 'n suiwer en relatief eenvoudige proses gesien word waarby alle versamelde inligting oor die subjek slegs tot 'n mindere mate deur die biograaf geïnterpreteer word, en waar primêre dokumente soos briewe, gesprekke, onderhoude en gesegdes met so min as moontlik wysiging aan mekaar gestring word nie (Parke, 2002:17). Daar is eerder binne die huidige intellektuele sfeer toenemend 'n bewustheid daarvan dat biografie altyd vanuit 'n bepaalde sosiale konteks gekonstrueer word, en daarom altyd tussen die pole van objektiewe feitelikheid en subjektiewe interpretasie beweeg. Parke (2002:17vv) omskryf relevante dimensies van biografieskrywing aan die hand van 'n oorwegend pragmatiese definisie:

... the history of an individual, not a type or exemplar, depicted accurately and fully in domestic and other private settings, set in historical, circumstantial context, and examined sceptically, though not without sympathy.

Vanuit 'n meer teoretiese standpunt argumenteer Apizsch en Siouti (2007:5) dat biografie 'n proses is waarby die subjek se persoonlike wêreld nooit van die omringende sosiale realiteit losgemaak kan word nie. Die lewensverhaal ontvou gevolglik by wyse van 'n voortdurende dialektiese verhouding tussen individuele storie en sosiale konteks.

The main questions of interest to biography-theoretical research are how people 'produce' a biography in different cultural contexts and social situations, and which conditions, rules and patterns of construction can be observed in the process.

Die sosiaalgegronde aard van biografie impliseer gevolglik dat die metode die algemene sosiaal-intellektuele tendense van 'n bepaalde tydperk sal weerspieël. Soos hierbo gesuggereer, is die metodologiese uitgangspunt van die biograaf egter deurslaggewend vir die uiteindelijke strekking en "atmosfeer" van die lewensverhaal, en kan die begaafde biograaf ook 'n eie rigting inslaan. Holmes (2003:16) siteer in hierdie verband die voorbeeld van die groot agttiende-eeuse biograaf, James Boswell (1740-1795), wat die vermoë gehad het om biografie verbeeldingryk, groots, edel en vrygewig te skryf, en hiermee die groot gebaar van die Romantiek vooruitgehoop het. Holmes (2003:21) verwys ook na Samuel Johnson (1709-1784) se bekende *The Life of Mr Richard Savage* waarin die historiese gegewens van owerspel in aristokratiese kringe, afpersing en 'n moordverhoor subtiel omskep is in 'n biografiese meditasie oor morele deugszaamheid en kuisheid (Holmes, 2003:21). In hierdie geval sluit die biograaf weer eerder by die meer moraliserende aard van Victoriaanse literatuur aan.

Die uiteensetting soos in die afdelings hieronder vervat, bespreek die vernaamste oorwegings rondom biografie as metode wat in my studie oor Arnold Bosman se lewe te berde gekom het.

1.1 Die betroubaarheid en egtheid van navorsing in biografieskrywing

'n Kernvraagstuk wat telkens in die literatuur na vore kom, het te make met die betroubaarheid van biografiese navorsing. In hierdie opsig skyn die belangrikste oorwegings empiriese korrektheid en volledigheid te wees. Catherine Parke (2002:16) beskou Samuel Johnson se biografiese werk byvoorbeeld as 'n uitnemende voorbeeld van betroubaarheid:

Johnson valued primary materials most highly, the authenticated personal details and evidence such as letters and autobiographical documents, anecdotes, and contemporary accounts which he thought revealed the subject's character most precisely and engaged the reader most pleasurably.

Batchelor (2003:117; 126) illustreer die belang van die egtheid van gegewens aan die hand van die voorbeeld van die negentiende-eeuse skrywer Joseph Conrad, wat homself in 1878 op die ouderdom van 20 in die bors geskiet het. By 'n latere geleentheid het hy die besering aan 'n tweegeveg toegeskryf. Sommige van sy eerste biograwe het hierdie gegewe as deel van sy lewensverhaal gedokumenteer. Dit was uiteraard van alle waarheid ontbloot, maar om die ware toedrag van sake te ontbloot, sou teen die destyds heersende sosio-politieke en kulturele agtergrond katastrofiese gevolge vir Conrad inhou. Batchelor (2003:126) maak egter aan die hand van hierdie anekdote die punt dat daar geen volledig betroubare manier vir die biograaf is om sy bevindinge te verifieer wanneer die subjek reeds gesterf het nie. Soortgelyk maak (Parke 2002:16) melding van die uitdagings wat die biograaf in die gesig staar wanneer die subjek en diegene wat hom of haar geken het, reeds oorlede is, of wanneer primêre bronne nie meer bestaan nie, of wanneer daar om enige ander rede min outentieke inligting beskikbaar is.

In die afgelope dekades het die invloed van psigoanalitiese denke, sowel as dié van postmoderne paradigmas die hele idee van betroubaarheid of egtheid verder geproblematiseer (Schlaeger, 2003:59). Selfs vanuit 'n empiriese vertrekpunt argumenteer Holmes (2003:17) dat biograwe hul werk op bronne baseer wat inherent onbetroubaar is. Vir hom is die menslike geheue feilbaar, herinneringe bevooroordeel, en briewe in meeste gevalle eensydig tot die ontvanger gerig (Holmes, 2003:17). Om

hierdie rede moet selfs gegewens wat uit private dagboeke en intieme aantekeninge bekom is, beskou word as subjektiewe uitinge, eerder as "primêre waarhede". Dit kom dus daarop neer dat die biograaf 'n feitlike patroon moet daarstel uit materiaal en inligting wat alreeds 'n fiktiewe of herskepte element bevat. Daar kan moontlik reeds op hierdie punt opgemerk word dat ek in my verhaling van Arnold Bosman se lewe en werk veral dikwels by hierdie problematiek moes stilstaan.

Die kwessie van outentisiteit en betroubaarheid het gevolglik 'n direkte betrekking op die biograaf se keuse van metode, waarby 'n oorwegend subjektiewe of objektiewe benadering ter sprake kan wees, en die verhouding tussen estetiese verbeelding en historiese feite weereens sentraal staan. James Clifford (2002:29-30) identifiseer die volgende kategorieë van biografieskrywing wat tussen hierdie pole beweeg: (i) die 'objektiewe' biografie, waarin die subjektiewe faktor nooit heeltemal vermy kan word nie, maar tot die minimum beperk word; (ii) die 'wetenskaplik-historiese' biografie wat gekenmerk word deur die aanwending van geselekteerde feite, chronologies saamgevoeg teen 'n historiese agtergrond; (iii) die 'artistiek-wetenskaplike' biografie gekenmerk deur noukeurige navorsing soos vir die voorafgenoemde, maar dan op 'n lewendige, vermaaklike en interessante wyse weergegee sonder om aan die feite te verander; (iv) die 'verhalende' biografie waar die skrywer alle bewyse bekom en dit dan bykans by wyse van 'n denkbeeldige verhaal weergee; (v) die 'fiktiewe' of 'denkbeeldige' biografie waar die biograaf veral klem lê op, en afhanklik is van, sekondêre bronne en die lewe van die historiese onderwerp soos 'n karakter in 'n novelle hanteer word. In hierdie geval word inligting bygevoeg en verander soos dit die skrywer geval, afhange van die gang van die narratief (Parke, 2002:29-30).

Volgens Philip Ziegler (in Batchelor, 2003:7) is dit van kardinale belang dat die biograaf hom- of haarself totaal in die beskikbare argiefmateriaal sal verdiep. In Ziegler se woorde ondergaan die biograaf 'n

... monstrous accumulation of unprocessed detail, most of which will eventually be discarded, but none of which is valueless. I cannot express too strongly my belief that biographers must aim to embrace the totality of

the subject's life. This aim is, of course, unattainable, but that is no excuse for not seeking to attain it.

Uiteindelik behoort biograwe nooit hul strewe te laat vaar om die kleinste besonderhede van hul onderwerp se bestaan na te vors nie. Gevolglik moet hulle ten doel hê om 'n oorsig van die totaliteit van die historiese onderwerp se lewe daar te stel.

1.2 Die etiese aspek in biografieskrywing

Psigoanalise het veral in die twintigste eeu tot so 'n mate lig op die aard en ontwikkeling van die mens gewerp dat geen verantwoordelike biograaf 'n mate van psigoanalitiese vertolking kan ignoreer nie. In hierdie verband bemerk Anthony Storr (in Parke, 2002:26) dat spesifieke idees en konsepte, soos afgelei vanuit die psigoanalitiese veld, sodanig deel geword het van algemene intellektuele redevoering dat biograwe dit as bykans vanselfsprekend aanvaar en gevolglik aanwend sonder om deurgaans die oorsprong daarvan te besef. Die vraag ontstaan egter tot watter mate die skrywer die reg het om die onderwerp van studie sielkundig binne te dring (Holmes, 2003:17). Soos wat Zinsser (1986:18) aanvoer, word die biograaf altyd met hierdie etiese vraag gekonfronteer – en wil dit blyk dat hierdie vraag sentraal tot die problematiek wat tot dusver aangevoer is, staan:

How much right does the biographer have to interpret somebody else's life, to put his own truth on it, to guess at "the real reasons"? Other traps are psychological: can the biographer trust his objectivity after years of round-the-clock living with a saint who turns out to be only human?

Volgens Samuel Johnson (in Catherine Parke, 2002:16) het literêre biografieskrywing ongetwyfeld 'n kragtige sielkundige en etiese dimensie. Volgens sy siening maak biografie as genre egter in die eerste plek aanspraak op die emosies van die leser, terwyl hy daarvan oortuig is dat die fokus en die taak van die biograaf eerder pedagogies moet wees. Hierdie pedantiese siening is egter kwalik versoenbaar met die postmoderne tydsgees waarin die huidige studie beslag verkry het.

1.3 “Tyd” as faktor in biografieskrywing

In biografieskrywing ontstaan die volgende vraagstuk wat die aspek van tyd as bepalende faktor betref: tot watter mate word die verhaal vertel asof die biograaf in die skoene van die subjek staan – of selfs asof die biograaf en subjek tydgenote is? Hieruit vloei 'n verdere vraag: tot watter mate maak die biograaf gebruik van een van die belangrikste aspekte wat tot die beskikking van historici is, naamlik retrospeksie? Robert Blake (1988:88-90) argumenteer byvoorbeeld sterk dat biograwe alle voordele wat retrospeksie bied, moet benut. Die feit dat die toekoms van die onderwerp en die onderwerp se tydgenote net so raaiselagtig was as ons eie toekoms wat voor ons verborge lê, moet nooit uit die oog verloor word nie:

He must never write as if there was a pre-ordained fate for his hero, and never try to explain his actions as if they were steps towards the fulfillment of a manifest destiny.” (Blake 1988:89)

Volgens Blake (1988: 89-90) is een van die grootste probleme waarmee biograwe gekonfronteer word die kwessie van 'n tydsperspektief.

In terme van die huidige studie moet daar in hierdie opsig genoem word dat die aspek van “tyd” in terme van Arnold Bosman se biografieskrywing op 'n tweeledige wyse geïnterpreteer moet word. In die eerste plek verwys “tyd” na die baie bepaalde historiese tydperk waarbinne sy lewensverhaal afspeel – en tweedens verwys dit na “tyd” as 'n tema wat keer op keer in die navorsing na vore tree. Wat die eerste interpretasie van die tydsaspek betref, beskryf Blake (1988:89-90) 'n konteks waar die lewe van die onderwerp geheel en al van die biograaf se tydperk verwyder staan. In hierdie geval moet die biograaf bepaal hoeveel kennis van die biografie se tydperk as vanselfsprekend aanvaar kan word, en tot in watter mate daar 'n redelike agtergrond geskets behoort te word wat nou saamhang met die spesifieke “plek” en periode wat ter sprake is. Aangesien Arnold Bosman so onlangs oorlede is, is hierdie vraagstuk duidelik nie in die huidige biografie ter sprake nie – maar moes sy “tydperk” nietemin op 'n substantiewe wyse gekontekstualiseer word sodat die leser genoegsaam onder die indruk van deurslaggewende kontekste waardeur hy beïnvloed is, kon kom. Moontlik is

dit juis hierdie kontekste wat tot 'n groot mate bepalend was ten opsigte van die meer metaforiese "tweede" betekenis van "tyd" in Bosman se lewensverhaal.

Nog 'n belangrike aspek wat Blake (1988:89-90) uitlig, hou verband met die tydsverloop in terme van die afstand in tyd sedert die tydperk waarin die subjek geleef het, en die tydperk waarin die biografie tot stand kom. Daar bestaan naamlik die begrippe "eerste" biografie of "offisiële" biografie, waarmee daar gedui word op die heel eerste beskrywing van 'n lewe na iemand se dood waar die biograaf volle toegang tot alle persoonlike dokumentasie van die subjek het. Alle ander biografieë wat hierop volg, is reeds 'n "tweede" interpretasie en staan volgens 'n wisselende tydsverloop "verder" van die tydperk van die "eerste" biografie af.

In sy bespreking van biografie as metode verwys Blake (1988:90-92) na sowel die voor- en nadele van die sogenaamde "eerste" biografie. Een van die belangrikste voordele is die feit dat die biograaf met verskeie mense kan konsulteer wat die subjek persoonlik geken het. Verder bestaan die moontlikheid dat die biograaf die subjek persoonlik geken het. Dit sou uit die aard van hierdie tipe studie geweldige voordele inhou indien die biograaf die subjek dalk kon hoor praat, gebare kon sien maak en ander tipiese manières waarneem. Probleme waarmee die biograaf in die sogenaamde "amptelike" beskrywing gekonfronteer word, is die persoonlike feite wat die subjek se familie aanstoot mag gee, asook die lojaliteit wat deur vriende en kennisse gekoester word, wat dit moeilik sou maak om meer kontroversiële aspekte van die subjek se lewe weer te gee. Reeds op hierdie punt kan daar opgemerk word dat daar in die beskrywing van 'n komplekse persoonlikheid soos Arnold Bosman soortgelyke oorwegings ter sprake gekom het.

Daar kan dus op hierdie punt opgemerk word dat die proses van my biografieskrywing oor Arnold Bosman op bepaalde wyses verryk maar ook ingeperk was. My studie is immers die "eerste", "amptelike" biografie oor die onderwerp wat binne enkele jare na sy dood onderneem is, sodat dit vir my moontlik was om onderhoude met talle mense te voer aan wie die onderwerp goed bekend was, en wat nog baie "na" aan hom staan. Hierdie gesprekke het gevarieer van die naaste familie en vriende tot kollegas in Suid-Afrika sowel as Italië – onderhoude wat fasette van Bosman se persoonlikheid asook sy

professionele lewe op fassinerende en soms diep aangrypende wyse belig het. Moontlik was dit dan ook juis hierdie tipe onderhoude wat my op die mees dringende wyse gekonfronteer het met die vraag: is daar 'n objektiewe "waarheid" oor die lewe wat hier geskryf word?

Omdat sekere aspekte van die "verhaal" wat ek hier aanbied noodgedwonge op subjektiewe interpretasie sou staat maak, was dit vir my vanuit die staanspoor belangrik dat die historiese kontekstualisering van die biografie so omvattend en getrou as moontlik moes wees. Die feit dat Bosman Suid-Afrika op 'n betreklik vroeë ouderdom verlaat het, het noodwendig sekere implikasies vir die verloop van sy lewe ingehou en hierdie gebeure kan gevolglik nie slegs vanuit een gesigspunt beskou word nie. Oor sommige van die faktore wat bygedra het tot sy besluit om hom elders te vestig, kan daar redelike sekerheid wees, maar oor ander onderliggende redes kan daar slegs bespiegel word. Die 1970's en 1980's was polities nie 'n gunstige tyd vir 'n wit Suid-Afrikaner om homself in die buiteland te bevind nie, aangesien blanke Suid-Afrikaners as gevolg van die apartheidsregime gemarginaliseer is. Nietemin het Bosman hierdie besluit deurgevoer, al was sy omstandighede dikwels baie moeilik, en hy eers teen die einde van sy relatiewe kort lewe sukses bereik het. Die rede vir sy besluit om hom in die buiteland te bekwaam en te vestig is grootliks aangevuur deur die feit dat daar in daardie stadium in Suid-Afrika nie 'n instelling bestaan het waar 'n persoon in die dirigeerkuns kon spesialiseer nie. Alhoewel Bosman vlot Italiaans kon praat en homself as 'n Italianer beskou het, maak sy briefwisseling oor vele jare heen dit egter duidelik dat die hunkering om na Suid-Afrika terug te keer, en om dit wat hy in die buiteland geleer het in sy vaderland te kom terugploeg, tot met sy dood in hom bly voortbestaan het.

Na vele onsuksesvolle pogings om na sy vaderland terug te keer het Bosman in 'n redelike laat stadium, naamlik in 1999, die deurbraak gemaak om in Suid-Afrika te kom dirigeer. Alhoewel hy na 1999 taamlik gereeld op kontrakbasis genooi is om te hier kom dirigeer, is dié optredes met gemengde gevoelens ontvang en is hy nooit 'n permanente aanstelling in Suid-Afrika aangebied nie. Hierdie gebeure mag moontlik gekoppel word aan al die veranderinge wat in ons land plaasgevind het terwyl Arnold in die buiteland

gestudeer het. Na die eerste veelrassige algemene verkiesing wat in April 1994 plaasgevind het, het Suid-Afrika wat die politieke arena betref in 'n nuwe fase inbeweeg wat noodwendig 'n wesenlike invloed op alle sosiale en kulturele fasette, insluitend die uitvoerende kunste gehad het. Drastiese veranderinge het by groot teaters in die land plaasgevind, operas is as Eurosentries beskou, en geld uit regeringsgeledere is vir die bevordering van inheemse musiek en teater aangewend.

Alhoewel Arnold Bosman homself in die laaste tien jaar van sy lewe as uiters bekwame dirigent en artistieke direkteur in Italië bewys het, het sy pogings om in Suid-Afrika te kom werk telkens weens die bogemelde redes misluk.

Benewens die tema van "tyd", soos hierbo omskryf, is Bosman se lewe verder grotendeels gerig deur "plek"; eerstens die plek waar Arnold sy kinderjare deurgebring het, naamlik Suid-Afrika: sy blootstelling as jong estetiesgevoelige en intelligente tienerseun aan sekere gebeurtenisse binne huisverband, asook verwickelinge in sy direkte omgewing in 'n breër sosiale verband. Die feit dat Arnold se pa vir baie jare in die diplomatieke diens werksaam was, en ook as ambassadeur in die buiteland gedien het, het sonder twyfel 'n uitwerking op sy lewe gehad. Sy sieninge wat betref die politiek (in Suid-Afrika en elders in die res van die wêreld), sosiale verskille, kultuurverskille, kuns en veral van musiek, is hierdeur op intense wyse gestimuleer en gevorm. Gesien die betreklik konserwatiewe agtergrond waaruit beide Bosman se ouers kom, is dit vanselfsprekend dat dit op sy beurt ook in Bosman se lewe oorgespoel het en sekere inperkings tot gevolg gehad het. Sterk uitsprake het reeds duidelik geblyk in van die vroegste briewe aan van sy vriende en familie terwyl hy nog 'n student was.

Ek het Arnold Bosman nie persoonlik geken nie. Nietemin het die gegewens oor sy lewe wat wel aan my bekend was my sodanig aangegryp dat dit vir my tot 'n aansporing gedien het om 'n biografiese studie oor sy lewe en werk te onderneem. Soos wat ek reeds hierbo uitgelig het, het die relatiewe "nabyheid" van sy voortydige dood in 2005 beteken dat talle persone, beide in Suid-Afrika en Italië, wie se pad op een of ander wyse met Arnold s'n gekruis het, in onderhoude of deur middel van korrespondensie gegewens oor hom kon verskaf. Sommige van hierdie gegewens het verband gehou met sy lewe as student in Suid-Afrika, terwyl ander sy aanvanklike aankoms in Italië en

sy latere lewe in Italië beskryf het. Die moontlikheid bestaan wel dat hierdie persone se vertellings van en herinneringe aan Arnold tot 'n meerdere mate met subjektiwiteit gelaai is, maar bestaande dokumente en ander navorsingsmateriaal – met name Bosman se talle briewe – sou dit moontlik maak om al hierdie inligting op 'n meer objektiewe wyse te verifieer en te kontekstualiseer (vergelyk Blake, 1988:90). 'n Interessante waarneming is dat Arnold die meeste van sy studentevriende afgesterf het en dat hulle tot 'n groot mate en, in sommige gevalle, geheel en al kontak met mekaar verloor het. Nietemin het hy gedurende die laaste jare van sy lewe in Italië diep vriendskappe gesmee met mense wat ryklik tot hierdie studie bygedra het.

In die geval waar daar 'n langer tydsverloop tussen die dood van die subjek en die biografieskrywing bestaan, word die biograaf volgens Blake (1988:92) nie geïnhibeer deur die feit dat naasbestaendes, vriende en kollegas nog baie na aan die subjek staan, en objektiwiteit nog kwalik moontlik is nie. In so 'n geval kan die betrokke lewe eers "mettertyd" in perspektief geplaas word, en is daar veel minder gevaar dat onthullings wat in die biografie gemaak word 'n pynlike uitwerking op naasbestaendes sal hê. Blake is egter daarvan bewus dat daar ook in hierdie geval bepaalde verliese deur die biograaf gely word: "But, of course, he misses the freshness and the immediacy." (Blake, 1988:92). Wat hierdie aspek van my biografieskrywing betref, is ek baie erkentlik teenoor Bosman se ouers en naaste vriende en kennisse wat op 'n uiters onbaatsugtige wyse ter wille van my dokumentering "onthou" het.

1.4 Problematiek betreffende die metodologiese werkswyse en navorsing

Soos wat ek reeds onder die afdeling hierbo gesuggereer het, is een van die talle uitdagings in hierdie studie om 'n betroubare weergawe en interpretasie van alle beskikbare "vertellings" oor Bosman se lewe daar te stel. Dieselfde werkswyse geld ook vir 'n interpretasie van alle beskikbare dokumente wat as deel van die navorsing versamel is. Die meeste beriggewing met betrekking tot sy werk, professionele kontrakte en konsertaangeleenthede asook resensies en briefwisseling met kollegas en vriende is in Italiaans. Ek self is nie Italiaans magtig nie, en om hierdie probleem te oorkom, het ek Italiaanse klasse begin neem. Met die basiese kennis wat ek sodoende van die taal opgedoen het, kon ek sommige koerantberigte en briewe egter steeds nie verstaan nie,

en was ek genoodsaak om dit na iemand te neem wat Italiaans goed magtig is om dit vir my te vertaal. Ek is veral dank verskuldig aan Alina de Abreu (née Garau) wat met sorg talle dokumente en briewe vertaal het.

Gesprekke en onderhoude wat ek in Italië gevoer het, is meestal in Engels gedoen, en in die suide van Italië waar die persone nie altyd Engels magtig is nie, het ek van 'n tolk gebruik gemaak. In sommige gevalle bevat koerantresensies en ander beriggewing ook reeds sekere "herskepte" elemente asook 'n mate van subjektiwiteit (vergelyk Holmes, 2002:20-23), en was dit daarom uiters belangrik dat die gegewens op 'n betroubare wyse gekontekstualiseer word aan die hand van ander beskikbare bronne wat ook mondelinge bronne insluit. Hierdie werkwyse het in geen opsig 'n devaluerende uitwerking op biografie as metode nie, behalwe wanneer dit die proses kompliseer tot op die punt dat die navorsing gevaar loop om onbetroubaar te wees.

Om hierdie rede was dit vir my van groot belang dat alle bevindinge wat ek in hierdie studie aanbied met opinies van Bosman se ouers asook sy tydgenote en vriende in Suid-Afrika en in Italië deurgaans in my verhalings van sy lewe teenoor mekaar gestel en opgeweeg word. Sodoende kon "invensie" en "waarheid" steeds op 'n sinvolle wyse met mekaar verweef en uiteindelik binne 'n akademies geloofwaardige konteks geplaas word (vergelyk weer Holmes, 2002:23).

Volgens Robert Blake (1988:77vv) is daar 'n wesenlike probleem wat betref die interpretasie van biografiese navorsing, aangesien die biograaf vanuit die staanspoor 'n vooropgestelde mening het – 'n mening wat gevorm word selfs alvorens alle navorsingsmateriaal geraadpleeg is. Hy gaan verder deur te sê dat dit nie verkeerd is om so 'n vooropgestelde idee van die onderwerp te hê nie, want indien die biograaf nog geen idee van die betrokke persoon gevorm het nie, sou die taak van biografieskrywing nooit 'n aanvang kon neem nie. Die probleem lê egter daarin dat hierdie voorafgevoerde beeld tot 'n vooroordeel kan lei, wat 'n optimale benutting van navorsingsbewyse negatief kan beïnvloed. Minder skadelik is moontlik dat die biograaf huiwerig is om aanvanklike vooroordele te laat vaar, maar terselfdertyd so huiwerig is om die bewyse daarteen te meet, dat die uiteindelijke produk teenstrydig is (Blake,

1988:78). Die interpretasie van die subjek en die empiriese gegewens tot die biograaf se beskikking sal in hierdie geval nie ooreenstem nie.

Navorsing oor en 'n ondersoek na die lewe van 'n artistiek begenadigde persoon soos Arnold Bosman is, aan die een kant, 'n huldeblyk aan 'n Suid-Afrikaner wat op die kruin van apartheid groot sukses as musikus in die buiteland behaal het – tot so 'n mate dat hy ten tyde van sy dood in Italië as 'n heldefiguur beskou was. Aan die ander kant is dit 'n skets van 'n komplekse persoonlikheid wat hier so eerlik as moontlik onderneem word ten einde op geloofwaardige wyse gestalte aan Bosman se lewe te gee, soos binne 'n bepaalde tyd en plek gekonstrueer.

Histories was die doel van biografie moontlik nog altyd om 'n lewe van uitsonderlikheid te teken (vergelyk Zinsser 1986:18). In die geval van die verhaal wat hier aangebied word, word daar getrag om die essensie van 'n persoonlikheid te skets wat belang vir die Suid-Afrikaanse musikologie inhou. Hierdie verhaal berus op anekdote en geheue – dikwels hoogs persoonlik weergegee – maar dit berus ook op 'n kontekstualisering van gegewens waarby “tyd” en “plek” die verhaal betekenisvol bepaal.

HOOFSTUK 2

BIOGRAFIESE AGTERGROND

In die inleidende hoofstuk tot hierdie studie is daar reeds genoem dat die dokumentering van 'n lewe altyd binne 'n bepaalde plek en tyd ontvou – 'n plek en tyd wat binne die lewensbeskrywing besondere gestalte moet verkry (vergelyk Blake, 1988:89-90). Dit is ook reeds aangedui dat die temas van “plek” en “tyd” besonder betekenisvol op Arnold Bosman se lewe ingespeel het.

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om aan die leser 'n meer substantiewe blik op die vormende invloede van “plek” en “tyd” in Bosman se lewe te bied, veral omdat hierdie invloede met 'n baie spesifieke tydperk in Suid-Afrika se onlangse geskiedenis verknoop was. Sodanige kontekstualisering dien ook, soos wat in die vorige hoofstuk uitgewys is, om gegewens wat in die studie aangebied word deurlopend binne 'n meer oorkoepelende “feitelike” raamwerk op te weeg. Soos wat Johan Garraty (1985:180-181) bevind, is persoonlike dokumente soos briewe en dagboeke dikwels onbewustelik misleidend in die subjektiewe aard daarvan. Soortgelyk is geheue “onbetroubaar”, omdat dit nooit passief funksioneer nie, maar aktief deur individuele interpretasie en beklemtoning gevorm word. Geheue is selektief en dikwels bevooroordeeld (Berdyaeu, soos aangehaal in Garraty, 1985:181). Al die genoemde redes roep gevolglik om 'n voortdurende “vergelyking” van gegewens – hetsy histories, kollektief, persoonlik, objektief of subjektief van aard. Dit is slegs op hierdie wyse waarop 'n enigsins lewensegte blik op Bosman se “plek” en “tyd” verkry kan word. Garraty (1985:184-185) maak ook duidelik dat die werkswyse wat die biograaf ten opsigte van die versameling van materiaal volg deurslaggewend vir die tekening van hierdie tipe “werklikheid” is.

Met betrekking tot my studie oor Bosman is dit daarom belangrik dat, veral wat die aanvangshoofstukke betref, so veel as moontlik eerstehandse inligting oor Bosman se familiegeskiedenis en vroeë ontwikkelingsjare ingewin is. Kohli (1981:63) bevestig dat biografie as metode in wese op die konstante interaksie tussen individuele subjektiwiteit

en 'n objektiewe sosiale realiteit berus (sien ook Apitzsch en Siouti, 2007:5). Dit is moontlik om hierdie rede dat Garraty (1985:204) aanvoer dat dit vir die biograaf gerade is om in die voetspore van die subjek te stap. Ook in hierdie opsig is Bosman se vroeë lewe in hierdie studie so getrou as moontlik gerekonstrueer – en is daar om hierdie rede heelwat foto's in die teks ingevoeg sodat die leser iets van die lewe wat hier beskryf word – en van die lewens van diegene wat dit voorafgegaan het – kan beleef. Persoonlike besoeke aan Italië het gedien om sy latere voetspore in dié land letterlik (en figuurlik) aan die hand van persoonlike waarneming en dokumentering na te loop.

2.1 Bloemfontein gedurende die 1970's en 1980's

Alhoewel Arnold Bosman sy kinder- en tienerjare hoofsaaklik in Bloemfontein deurgebring het, moes vroeë ervaringe in sy geboortestad 'n blywende latere inwerking op hom as mens en as musikus gehad het. Bloemfontein lê min of meer in die middel van Suid-Afrika en hoewel dit die hoofstad van die Vrystaat is, vertoon dit vandag nog steeds landelike en “kleindorpse” eienskappe wat sodanig tekenend van dié stad is dat dis as “plek” waarskynlik sekere van Bosman se groter lewenskeuses “gestuur” het. “Tyd” het egter net so 'n groot invloed uitgeoefen in dié opsig dat Bosman se opvoeding en vroeë persoonlike vorming ook deur bepaalde sosiokulturele en sosiopolitieke invloede bepaal is. Gedurende die jare toe hy as tienerseun saam met sy ouers in Bloemfontein gewoon het, was daar in al vier die destydse provinsies 'n Streekraad vir die Uitvoerende Kunste. In Bloemfontein was dit bekend as die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat (SUKOVS). Hierdie raad was tot 'n groot mate daarvoor verantwoordelik om konserte, opera-aanbiedinge en sanguitvoerings, asook toneel- en balletuitvoerings in Bloemfontein te organiseer. Gedurende die sewentigerjare het Bloemfontein reeds oor 'n gevestigde simfonieorkes beskik wat gereeld uitvoerings aangebied het. Hierdie uitvoerings het óf in die Stadsaal óf in die Odeion (konsertsaal van die destydse Departement Musiek, nou bekend as die Odeion Skool vir Musiek) plaasgevind.

In 'n stad soos Bloemfontein het musiek en musici in daardie stadium beslis 'n tipe subkultuur bestaan gevoer. Dit is ook so dat baie musici as onkonvensioneel ervaar word

en hulle soms as alternatief en uitspattig beskryf word, iets wat die betreklik klein, konserwatiewe inwonertal van die Bloemfontein in die sewentigerjare nie gelate sou aanvaar het nie – veral nie as hierdie “andersheid” blatant en openlik uitgeleef is nie.

2.2 Bosman se “vreemdheid”

In sy onlangse boek, *Art and homosexuality: A history of ideas*, voer Christopher Reed (2011:2 en verder) aan dat 'n veronderstelde verwantskap tussen artistieke begaafdheid en homoseksualiteit reeds vanaf die negentiende eeu in die publieke bewussyn en verbeelding vasgelê is – tot so 'n mate dat hierdie konstruk vandag as 'n algemeen aanvaarde manifestasie van identiteit beskou word. In hierdie verband siteer Reed (2011:2) Michel Foucault se invloedryke uitspraak, wat aandui dat homoseksualiteit sedert die negentiende-eeuse “openbare” oorsprong daarvan binne die artistieke konteks 'n allesomvattende vergestaltung van openbare identiteit en van self-gedagtenis verteenwoordig: “... the nineteenth-century homosexual became a personage, a past, and a childhood, in addition to being a type of life, a life form ... Nothing that went into his total composition was unaffected by his sexuality. It was everywhere present in him: at the root of all his actions ... less a habitual sin than as a singular nature”. Hierdie uitspraak suggereer reeds die “skandelige” dimensie van die identiteitskonstruk.

In die konteks van my studie oor Arnold Bosman is Reed (2011:4) se opmerkings rondom die historiese distansiëring van homoseksualiteit van besondere belang. Reed (2011:4) argumenteer naamlik dat hierdie distansiëring, wat so ver soos die Bybelse konteks van Sodom teruggevoer word, oor eeue heen oorgedra is tot sienings wat nie-normatiewe seksuele gedrag selfs vandag nog as sosiaal “verwyderd” sien:

Biblical references to this narrative treat it as a parable about sustaining virtue in a corrupt environment and about a host's responsibilities toward his guests. Subsequent interpretations of the story, however, made it a parable about non-procreative sexual aggression, so that Europeans later called men who engaged in anal or oral sex – with other men or women – Sodomites [...] this interpretation casts non-normative sexuality as a form of primitive foreignness, identified with a time and place far away.

Aangesien die temas van “tyd” en “plek” in my optekening van Bosman se lewensgeskiedenis reeds op enkele punte in die voorafgaande hoofstuk aangestip is, dien Reed (2011) se gesigspunte as aansluitingspunte tot ’n tematiese verwysingsraamwerk wat die interpretasie van Bosman se persona produktief kan bemiddel. Daar sal dus weer op latere punte in die studie by Reed (2011) se gesigspunte stilgestaan word.

Op hierdie stadium kan daar opgemerk word dat kunstenaars se kreatiewe persoonlikhede dikwels meebring dat hulle nie maklike mense is om mee saam te werk nie. Nietemin maak die talle onderhoude wat vir hierdie navorsing onderneem is, asook die substantiewe briefwisseling wat bestudeer is, dit duidelik dat Bosman nie werklik hierdie eienskap geopenbaar het nie. Hy was wel ’n perfeksionis wat sy werk betref, maar het met baie geduld en verdraagsaamheid met sy medekunstenaars en kollegas omgegaan. Nietemin het Bosman se homoseksualiteit nie alleen ’n ingrypende inwerking op sy verhouding met sy ouers gehad nie, maar het dit ook ’n invloed op sy loopbaan gehad. In ag genome die agtergrond waaruit Arnold kom, die ingesteldheid van die Suid-Afrikaanse samelewing ten opsigte van homoseksualiteit in die sewentiger- en tagtigerjare en hoe hy as jong seun opgegroeï het, bestaan die moontlikheid sterk dat Arnold so spoedig moontlik uit Suid-Afrika wou wegkom en homself in ’n ander plek – in sy geval Europa – wou gaan vestig waar hy sy “onkonvensionele” lewenstyl en seksuele voorkeur meer vrylik kon gaan uitleef.

Bosman was egter nie slegs wat betref sy lewenstyl onkonvensioneel nie, maar ook in sy politieke oortuigings wat reeds op ’n jong ouderdom gevorm is. As intelligente jong seun het hy homself reeds vroeg sterk uitgespreek oor die politieke situasie in Suid-Afrika, by name oor sake soos die destydse groepsgebiedewet, toe hy as 15-jarige by sy oupa se begrafnis as orrelis opgetree het. Hierdie voorval staan in verband met die feite dat die huishulp wat vir baie jare na sy oupa omgesien het, en ook teenwoordig was ten tye van sy dood, nie toegelaat is om die begrafnis by te woon nie. Hierdie gebeurtenis het Bosman nie net baie diep geskok het nie, maar ook ’n blywende indruk

op hom gemaak, wat heel waarskynlik bygedra het tot sy finale besluit om Suid-Afrika te verlaat.¹

2.3 Bosman en Suid-Afrika se apartheidspolitiek

Garraty (1985:196vv.) verduidelik dat briewe – ofskoon dit net so subjektief soos heelwat ander biografiese “bewysstukke” is – nietemin vir die biograaf ’n uitsonderlike waarde inhou in dié opsig dat daar in sulke skrywes altyd meer subtiële tekening van karakter ter sprake is as net dit wat fisies daar “staan”. Eerstens, beweer hy, het briewe uiteraard ’n historiese waarde – maar hierbenewens besit dit ook ’n besondere psigologiese waarde.

Aangesien Arnold Bosman veral in sy jonger jare dikwels per briefwisseling oor belangrike aangeleenthede in sy lewe gekommunikeer het, word sy briewe ook in hierdie navorsing as uiters belangwekkend vir die genuanseerde “lees” van sy persoonlikheid beskou. Één so ’n skrywe is dié tussen Bosman en een van sy vriende, James Blanckenberg. Uit ’n antwoord op ’n brief wat Bosman uit Nederland aan Blanckenberg geskryf het, maak laasgenoemde skrywer melding van die politieke situasie in Suid-Afrika. Dit blyk duidelik dat Blanckenberg sy kommer in hierdie brief uitgespreek het na aanleiding van sekere uitlatings van Bosman oor diensplig. Wat duidelik gesuggereer word, is dat Bosman nie bereid was om die destydse verpligte militêre diensplig te verrig nie. Blanckenberg self het sy teenkanting daarteen ten sterkste uitgespreek.²

Bosman was reeds in Firenze, Italië, woonagtig toe hy steeds die jaarlikse oproepinstruksies van die destydse Suid-Afrikaanse Weermag ontvang het. Indien hy in 1985 vir diensplig sou aanmeld, moes hy vir twee jaar by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste in Potchefstroom diens gedoen het.³

Bogenoemde situasie kon verseker nie een wees waarmee ligtelik in die Bosman-huishouding omgegaan is nie, aangesien Arnold se pa, Willem, ’n vurige Nasionalis was

1 Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010.

2 Korrespondensie gewissel tussen Arnold Bosman en James Blanckenberg, 27 Maart 1980.


3 Toewysingsbrief met oproepinstruksies, SA Weermag, 1984.

en daarvan uit huis moontlik sekere verwagtinge gekoester is. Binne die Nasionalistiese tydsges was daar immers verwag dat elke jong Suid-Afrikaanse blanke seun bereid moes wees om die destydse verpligte twee jaar militêre diensplig te ondergaan, en meer nog, om ook vir grensdiens tydens die destydse Angola-oorlog vir Suid-Afrika te gaan veg.

2.4 Arnold Bosman se voorgeskiedenis

Met hierdie aanvanklike agtergrond in gedagte, word daar op hierdie stadium eers stilgestaan by die feitelike aspekte van Bosman se vroeë lewe. Arnoldus Johannes Bosman is op 31 Oktober 1957 in Bloemfontein gebore. "Nollie", soos hy by die meeste van sy familie en intieme vriende bekend gestaan het, was een van twee seuns uit die huwelik van Willem Bosman en Helena Christina Engelbrecht. Hul ander kind se naam is Willem – 'n seun wat met Down se sindroom gebore is. Arnold dra die name van die stamvader van die Vrystaatse Bosmans, naamlik dié van sy groot-grootvader, Arnoldus Johannes Bosman (1824-1879). Hierdie Bosman-voorsaak het hom as groenteboer in die Boshof-distrik gevestig waar hy groente aan hoofsaaklik die mynwerkers in Kimberley verskaf het. Hy was getroud met Catharina Margaretha van Coller (1821-1894). Uit hierdie huwelik is Adolf Samuel Bosman, Arnold se grootoupa, gebore (1865-1938). Na afloop van die Anglo-Boereoorlog waartydens Adolf Samuel as veldkornet (tweede luitenant) gedien het, het hy hom ook as boer by Boshof gaan vestig. Hy is later getroud met Martha Maria van Wyk (1874-1949). Hulle het sewe kinders gehad, waarvan die jongste op 'n baie vroeë ouderdom gesterf het (Bosman, 2008:284).⁴

4 Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010.



Afbeelding 1: Arnold Bosman as baba.



Afbeelding 2: Arnold Bosman – 1 jaar oud.



Afbeelding 3: Arnold Bosman saam met sy broer, Willem Bosman.

B.M.D. 5 (A)
Revisie/Revisie 209

A 619896

UNIE VAN SUID-AFRIKA UNION OF SOUTH AFRICA

VERKORTE GEBORTESERTIFKAAT ABBRIDDED BIRTH CERTIFICATE
Uitgerek kragtens artikel 40 van Wet No. 17 van 1923. Issued in terms of Section 40 of Act No. 17 of 1923.

Gesertifiseer 'n ware uittreksel uit die geboorteregister van _____ Certified a true extract from the birth register of _____

Van: Bosman
Surname

Voorname: Arnoldus Johannes
First Names


Geboortedatum: Een-en-dertig Oktober 1957
Date of Birth

Geslag: Manlik
Sex

Distrik van geboorte: Bloemfontein
District of Birth

Ras: Blanc
Race

Inskrywingsnommer: 1668 / 57
Entry Number



 Registrar, Assisjant-registrateur, Distriksregistrateur,
 Registrar, Assisjant Registrar, District Registrar.

2/6

G.P. S. 125422-1967-10,000-10

Afbeelding 4: Die geboortesertifikaat van Arnold Bosman.




Afbeelding 5: 'n Lugfoto van die stad Bloemfontein waar Arnold Bosman gebore is, circa 1960.

Dolf, soos hy alombekend was, was van jongs af baie lief vir musiek en het in Boshof van die geleentheid gebruik gemaak om viool- en harmoniumonderrig by die plaaslike orrelis te ontvang. Een van die kinders wat uit sy huwelik met Martha gebore is, was Arnoldus Johannes (Nollie) Bosman, wat in 1896 gebore is. Hy het aan die Roidakskool in Boshof gematrikuleer. Daarna het hy homself verder bekwaam aan die destydse Grey Universiteitskollege in Bloemfontein, waar hy 'n graad in die Handelswetenskap voltooi het.⁵ Hierna het hy vir verdere studie na Rotterdam in Nederland gegaan. In sy latere lewe het hy weer na Nederland en ook Duitsland gegaan waar hy as eerste sekretaris in die diplomatieke diens werksaam was (Bosman, 2008:285).


5 Sien voetnoot 1.



Afbeelding 6: Arnoldus Johannes Bosman (1824-1879) en sy vrou, Catharina Margaretha van Coller (1821-1894).



Afbeelding 7: Adolf Samuel Bosman heel links (1865-1938) met Arnoldus Johannes (Arnold se oupa, heel regs).



Afbeelding 8: 'n Matriekfoto van Arnold se oupa, Arnoldus Johannes Bosman (middelste ry, heel regs), Boshof.



Afbeelding 9: Arnold se oupa, Arnoldus Johannes Bosman (agterste ry, vierde van links) as student in Rotterdam, Nederland.

Arnold was self 'n talentvolle digter, 'n gawe wat sy kleinseun Arnold skynbaar ook geërf het. In sy leeftyd het oupa Arnold ongeveer sewe gedigte geskryf, waarvan die vroegste uit 1915 dateer toe hy slegs 19 jaar oud was. Interessant is dat hierdie gedigte uit die tyd van die tweede geslag Afrikaanse digters dateer soos onder andere Eugène Marais, Totius en Louis Leipoldt. Dié gedigte was egter onbekend en dit is nooit gepubliseer nie. Die onderstaande gedig, tekenend van die sentiment van die tyd en van 'n jong man se verlies, het hy heel moontlik na 'n liefdesteleurstelling op die ouderdom van 25 geskryf:

Mij verlore meisie 1915-1921

*Daar is niks aan te doen nie
Want als is deurmekaar!
Wie sal dit nou herstel, Wie?!-
Ek wens ek was nie daar!*

*Sij sal mij nooit meer groet nie!
Ek is nou in haar oog
Nie beter dan 'n dief nie.-
Wie sal mij trane droog!*

*Nee, nooit sal ek dit werd wees,
Dat sij mij aan kan sien ...
AG! Kon ek maar 'n gees wees
Om altijd haar te dien.*

*Dan strooi ek voor haar voete
Roosblare, waar sij gaan,
En doen ek altijd boete
Vir leed haar aangedaan.*

*Ontwaak sij strakkies skugter
Vanuit haar diepe droom,
Dan soen ek haar glad nugter
Dan vrees ek vir geen skroom.*

*Haar wangetjies die verf ek
Rooskleurig, O so mooi
Haar heuning soete lippies
Soos karmosijn so rooi.*

*En in haar harelokkies,
So donsig soos fluweel,
Vleg ek net liefde knopies;
Vleg ek om haar te streef.
Nooit sal sij weet van leed nie,*

*Dreig haar nog soms gevaar,
Dan hoef sij nie te vrees nie
Haar hoed 'n eng'leskaar.*

*Ja, kon ek maar 'n gees wees
Om so haar steeds te dien
En in die dienste nietig
My hoogst' geluk te sien. (Bosman, 2008:285-286)*

'n Verdere gedig waarin die ossewa besing word, lui soos volg:

Die ossewa

*Die ossewa
Het nooit gekla
Oor sware pad
Of berg of gat,*

*Maar vrolik voort
Met blij akkoord
Sing hij 'n sang
Van vryheidsdrang.*

*Sij sang vermeld
Van wije veld
Wat onbeperk
Lê, onbework.*

*Van ruige gras
En struikgewas,
Waar Springbok blij
Die moretij
En sonnegloed
Dankbaar begroet.*

*Van kafferkraal
En danskoraal,
Van wrede moord
Geen toevlugsoord!*

*Van heldskaar
Deur woes barbaar
Wreed opgeëis
As lands koopsprijs.*

*Die ossewa
Die het God's Woord
Ook saamgedra
Van oord tot oord,*

*En in ons land
God's Naam geplant.*

*Onder ons Volk
Is hij die tolk
Van lijdning snood
Oorwinning Groot.* (Brief, Willem Bosman aan Arnold Bosman, 24 November 1996)

Dit blyk dat digterlike talent ook by Arnold Bosman se kleinseun aanwesig was, aangesien die jong Arnold 'n hele aantal gedigte geskryf het waarvan sommige so vroeg as in 1974 gestalte gekry het. Een van hierdie gedigte getitel *Sonnet*, is op 14 Augustus 1974 op die ouderdom van 17 geskryf. Dit val op dat hierdie gedig reeds op hierdie vroeë ouderdom van groot emosionele diepte en van die soeke na 'n eie identiteit spreek. Dit is egter nie slegs om hierdie rede dat die gedig op hierdie punt in die teks geplaas word nie; soos wat reeds in die inleidende gedeelte tot hierdie hoofstuk aangetoon is, word persoonlike dokumente soos briewe en dagboeke in biografie metodologies as subjektief beskou (vergelyk Garraty, 1985:180-181) en is herinneringe van selfs die naastes ten beste selektief, of bevooroordeeld (Berdyaeu, soos aangehaal in Garraty, 1985:181). 'n Gedig mag egter as 'n ware uiting van die siel beskou word – veral wanneer dit op so 'n eksistensiële vlak “spreek” soos hierdie vroeë vrug uit Arnold Bosman se pen. Uit die latere argument sal daar weer na hierdie gedig teruggekeer word, juis ook omdat dit so 'n duidelike tekening van 'n soeke na 'n eie “plek” en “identiteit” verbeeld:

Sonnet

*Ook hierdie nag
Het sonder 'n maan verbygegaan
maar
ek moes my soektog voortsit
na 'n put in die woestyn
omsirkel deur tyd
ek
die stem van een wat stom is
die oë van een wat blind is
die geboorte van een wat reeds gesterf het
die maan
van 'n nag wat daarsonder moes verbygaan
selfs woorde is nie genoeg nie*

Die volgende gedig is nie gedateer nie en het ook geen titel nie, maar is vermoedelik geskryf toe Arnold reeds aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer het.

*... and of old men talking of
no more but
the sun boiling of no
more but heat and
age of all things growing silent like a tree
then of flowers in gardens
of no blood redder than red
and fragrances illuminating its opacity. Enchanted! it is no
more but heat and a silent
atrocious
these men
these flowers (Ongepubliseerde versameling gedigte)*

Vanaand weet ek
ek kan nie meer vir jou skryf nie
jy wat ek in geen mens sien nie
jy wat ek lief het
omdat jy nie bestaan nie

maar
moenie loop nie
want kyk...
ek kan maak asof ek jou liefhet
en ken
Ek kan selfs vir jou skryf

al bly jy ongedefinieerd
sal ek jou liefhê
tot jy kom

maar
moenie
loop
nie

Sbektog

(nie na hulle wat kan bid nie
of bely of kan prys nie
maar):

na die mens wat sy God kon kruisig

片产夜迎南西清光不夜不夜于也于也于也**

Fragment

ons lewe hand willoos
hand ons lewe drup
'n laaste stol 'n koue
was van kense ons

woord van vuur die
ruimte waarop
dansers leun

Ontwerp

Fragment (1976)

vir 'n vans son
vir 'n bewe lig
in sindelik ontstorwe
winterlug dreef ons
wêreld vir onwindig
tartende sonweerkatser
stug en onderig of
helende blaaktaal
onsekuur onseker
maar steeds
lewend bewend
ons vans son

Afbeelding 11: Gedigte van Arnold Bosman.

2.5 'n Bondige skets van Bosman di Ravelli

Daar is egter ook 'n ander Bosman in die geslagsregister wat van besondere belang is, naamlik Johannes (Jan) Gysbert Hugo Bosman, alombekend as Bosman di Ravelli. Hy was 'n bekende konsertpianis, komponis en skrywer wat op 24 Februarie 1882 op Piketberg gebore is en afkomstig was uit 'n baie musikale familie, die Bosmans van Bottelary in Stellenbosch. Jan Gysbert het voor die ouderdom van 15 aan Stellenbosch Hoërskool gematrikuleer, waarna hy aan die Victoria Kollege (die voorloper van die latere Universiteit Stellenbosch) uitgeblyk het in tale, veral Nederlands, Duits, Engels, Grieks en Latyn (Bouws, 1971:47; Bosman, 2008:340).

Jan Gysbert se suster het hom in ongeveer 1893 leer note lees, en kort daarna kon hy reeds een van die *Noorweegse danse* van Grieg asook die *Minuet in G* van Paderewski speel. Dit was egter 'n uitvoering deur die Duitse pianis Albert Friedenthal wat die deurslag gegee het en wat die jong Bosman oortuig het om van musiek 'n loopbaan te maak. Na vele teenkating deur sy familie het hy uiteindelik op 1 Oktober 1899, slegs 'n week voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog en met net £50 in sy sak, op die Briton na Engeland vertrek. Hy is deur 'n vriend van sy vader, lord Ancastle, in Southampton ontmoet, waarna Ravelli na Leipzig vertrek het (Bouws, 1971:47; Bosman, 2008:340).

Die klaviervirtuoos en komponis, Franz Liszt, was reeds dertien jaar oorlede toe Ravelli aan die Konservatorium in Leipzig begin studeer het. Hy het klavieronderrig van John Field en Alexander Winterberger ontvang. Met hul eerste ontmoeting het Ravelli vir Winterberger 'n stuk op die klavier voorgespeel, waarna Winterberger se reaksie soos volg was:

Jy weet niks van 'n klavier nie, jy weet gans niks van musiek nie. Maar jy het dit in jou kop. Jy is een van die begaafdeste studente wat ons nog hier gehad het. Ons sal jou vingers moet leer om jou kop te gehoorsaam! (Vertaling deur Isak P. Bosman, 2008).

Geldelike nood het Jan Gysbert nie van sy voorneme laat afsien nie en het hy met die hulp van sy vriende en private onderrig in tale met sy studies voortgegaan. Hy het spoedig gewild geraak in die aristokratiese kringe van Italië, Parys en Berlyn, wat 'n gunstige uitwerking op sy loopbaan as pianis gehad het. Hy het die naam, *Di Ravelli*, in 1902 in Leipzig verwerf toe hy met sy loopbaan as konsertpianis begin het. Hy het die naam êrens in 'n boek raakgelees en dit as skuilnaam geannekseer. Dit is ook moontlik dat die naam *Ravelli* 'n Spaanse weergawe van sy tweede naam, Gysbert, kan wees (Bosman, 2008:340; Bouws, 1971:48).

Ravelli het sy studies onder die bekende Vladimir de Pachman voortgesit. Gedurende hierdie jare het hy 'n diepgaande studie van die werke van Chopin gemaak en in 1903 het hy sy debuut gemaak toe hy Chopin se *Klavierkonsert nr. 2 in f* saam met 'n kamerorkes gespeel het. Hy was die eerste Suid-Afrikaner wat Europese sukses as pianis verwerf het. Daar is verskeie raakpunte tussen Bosman di Ravelli en Arnold Bosman, want nie alleen het beide van hulle Suid-Afrika verlaat om 'n loopbaan in Europa te volg nie, maar sowat 78 jaar na bogenoemde konsert van Ravelli het die geskiedenis homself in 1981 herhaal toe Arnold saam met die Kaapstadse Simfonieorkes dieselfde klavierkonsert van Chopin, in hierdie geval nie in Europa nie, maar in die Kaapstadse Stadsaal uitgevoer het.

In 1905 keer Ravelli terug na Suid-Afrika om hom hier te vestig. Dit is te verstane dat die plaaslike koerante 'n groot ophef van hom gemaak het. Ravelli het sewe jaar nadat hy vir Friedenthal in die Christelike Jongelinge Vereenigingsaal gehoor speel het, begin optree. Hy het ook konsertreise saam met sy skoonsuster, die sopraan Daisy Bosman, onderneem en die sopraan Elsa Levisieur tydens konserte begelei. Ravelli se goeie vriend en kritikus, Gustav Preller, het hom aangemoedig om musiek met 'n eie Suid-Afrikaanse klank te komponeer; 'n verdere ooreenkoms tussen Bosman di Ravelli en Arnold Bosman, want Arnold het ook sy hand aan komposisie en redigering gewaag. Soos die komponiste uit die negentiende eeu streef Ravelli daarna om sy musiek op volksmusiek te baseer. Voorbeelde hiervan soek hy egter nie by sy eie mense nie, maar by dié van die Zoeloes. Hy skryf drie liedere, naamlik *Die howenier* (woorde van Totius),

Winternag (1908, woorde van Eugène Marais) en *Die veldwindjie* (woorde van Jan F E Cilliers). In 1910 skryf Ravelli nog twee klavierwerke, naamlik 'n Zoeloe huweliks- en begrafnislied, wat aan generaal en mevrou Beyers opgedra is. Ravelli het hom verder ook beywer vir die oprigting van 'n staatsakademie vir musiek. In 1910 is 'n nuwe tydskrif, *Die Brandwag*, gestig waarin hy 'n rubriek waargeneem het om belangstelling in musiek te bevorder (Bouws, 1971:49-50; Bosman, 2008:340-341).



Afbeelding 12: Johannes Gysbert Hugo Bosman (Bosman di Ravelli).

Ravelli se loopbaan as pianis het in Suid-Afrika bykans geen vordering gemaak nie, en op 28 November 1910 keer hy terug na Europa. Daar het hy sy loopbaan as konsertpianis hervat, veral as salonkunstenaar. Hy het gou bekendheid verwerf vanweë sy besondere talent, kennis van tale, gepaardgaande verfyning en beskawing, asook innemende persoonlikheid. Sy loopbaan het tydens die Eerste Wêreldoorlog in Londen tot stilstand gekom as gevolg van die Spaanse griep van 1918. Ravelli self was baie siek en het tydens sy siekte 'n studie van gedigte gedoen in onder andere Hebreeus, Chaldees, Samaritaans, Persies en Siries. Hy het ook vertalings na Engels gedoen van 'n Arabiese reisgids uit die 12de eeu. Hy het hom in Firenze gevestig ('n latere familielid, Arnold Bosman, het vanaf 1980-1981 hom aanvanklik ook in Firenze gevestig) en hervat in 1921 sy konserte in Parys, met tot 80 konserte per jaar dwarsoor die hele Europa. Vanaf 1921 het hy hom weer permanent in Firenze gaan vestig (Bosman, 2008:341).

Gysbert Bosman het ook die Tweede Wêreldoorlog oorleef, nadat hy vir drie jaar in 'n krygsgevangenekamp naby Salzburg aangehou is. Gedurende hierdie tyd was daar gerugte dat hy in Italië oorlede is. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is Bosman terug na Londen. Op 'n dag was hy alleen in sy kamer waar hy flou geword het en op 'n brandende stoof geval het. Hy het eers na 20 minute bygekom en besef dat hy sy regterarm tot op die been verbrand het. Die skade was van so 'n aard dat hy nooit weer klavier sou kon speel nie. Ravelli het vir bykans 'n halfeeu in Europa gewoon voordat hy in Februarie 1956 na Suid-Afrika teruggekeer het. Na sy terugkeer het hy in 'n buitekamer van die bekende skilder Maggie Laubscher in die Strand gewoon. Vanaf 1957 tot en met sy dood op 20 Mei 1967 het hy hom uit die samelewing onttrek en in sy boeke oor Grieks en Latyn verdiep. Hy kon sowat 20 tale vlot lees en skryf, waarvan Grieks sy gunsteling was. Tydens hierdie jare het die lig van openbare belangstelling weer op hom geval en is erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. Kort voor sy dood in 1964 is sy fabel getitel *St Theodore and the crocodile*, gepubliseer. Persone wat hom goed geken het, is dit eens dat hy 'n verkwikkende, ouwêreldse sjarme na die hede gebring het (Bosman, 2008:341; Bouws, 1971:50-51).

2.6 Biografiese agtergrond van Arnold se pa, Willem en sy ma, Heleen

Willem Bosman (Arnold se pa) is in 1934 in Den Haag as een van vyf kinders uit die huwelik tussen Arnoldus Johannes Bosman en Maria Aletta (Alice-Alys) Schoeman gebore. Willem is kort na sy geboorte saam met sy ouers na Duitsland waar hy tot in 1937 gewoon het. Terug in Suid-Afrika het hy saam met sy ouers in Pretoria gewoon, in 'n huis wat deur Gerhard Moerdijk ontwerp is. Willem het sy eerste skooljaar aan 'n klein privaatskooltjie voltooi wat deur twee Bosman-susters bestuur is. Laasgenoemde was die dogters van ds. H S Bosman na wie Bosmanstraat in Pretoria vernoem is. Daarna is hy na die Laerskool Pretoria-Oos en in 1952 het hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool gematrikuleer.⁶

Na een jaar in die Militêre Gimnasium is Willem in 1954 na die Universiteit van die Vrystaat waar hy die graad B.Admin. met Volkekunde en Naturelle-administrasie as hoofvakke gevolg het. Reeds in daardie vroeë stadium was dit Willem se ideaal om die rasseprobleem in Suid-Afrika op te los. Willem was slegs drie maande op universiteit toe sy pa oorlede is. Weens finansiële implikasies was Willem genoodsaak om deelyds te studeer en terselfdertyd te werk. Hy het toe by die munisipaliteit begin werk en in 1957 het hy organiserende sekretaris van die destydse Nasionale Jeugbond in die Vrystaat geword. Hy het homself as 'n vurige Nasionalis beskou en die erns van die beleid van die regering op die hart gedra en dit so aan die jeug voorgehou.⁷

Willem het ook 'n voorliefde vir musiek gehad en het as student in verskeie ensembles in Bloemfontein viool gespeel, onder meer saam met Petrus Lemmer en Dolly Heiberg. Laasgenoemde twee persone het mettertyd beide invloedryke figure in die musieklewe in die Vrystaat en ook in Suid-Afrika geword.⁸

Dit is opvallend dat Willem tydens sy professionele loopbaan nooit langer as tien jaar een posisie beklee nie. Die Bosmans het gedurig verhuis – in Suid-Afrika hoofsaaklik tussen Pretoria, Kaapstad en Bloemfontein, maar daar was ook lang periodes wat hulle

6 Sien voetnoot 1.

7 Idem ditto.

8 Ditto.

in die buiteland gewoon het. Van 1960 tot 1967 was Willem werksaam by die destydse Bantoe Beleggingskorporasie, 'n instansie wat geld aan swart mense geleen het om die tuislande te ontwikkel. In 1967 het hy sy misnoeë teenoor die Verwoerd-regering se paternalistiese beleid teenoor swartmense uitgespreek en onmiddellik bedank.⁹

In 1969 het hy as Senior Inligtingsbeampte by die Departement van Inligting in Kaapstad begin werk. Later het hy soortgelyke posisies in Umtata en Bloemfontein (1972) beklee. In 1975 is Willem na Pretoria oorgeplaas. Vanaf Januarie 1976 tot Desember 1992 was Willem egter hoofsaaklik in die buiteland werksaam. Sy eerste aanstelling was in die Inligtingskantoor by die Suid-Afrikaanse Ambassade in Londen. Daarna het agtien maande in Den Haag in Nederland gevolg. In Februarie 1980 het hulle vir 'n wyle na Suid-Afrika teruggekeer. In April 1981 is hy as Inligtingshoof na Canberra, Australië. Na die ontbinding van die Departement van Inligting in 1985 het Willem en Heleen na Suid-Afrika teruggekeer waar Willem 'n pos by Buitelandse Sake gekry het.¹⁰

In 1988 is Willem na Oslo om die Konsulaat-Generaal te gaan open. Met die vrylating van Nelson Mandela in 1990, is die Konsulaat-Generaal opgegradeer tot 'n ambassade, met Willem as ambassadeur. Hierdie posisie het hy tot 1992 beklee. Terug in Pretoria was hy vir ses jaar as hoofvertegenwoordiger van Buitelandse Sake se onderhandelingsproses met die Europese Unie werksaam. Hierdie posisie het hy tot sy aftrede in Oktober 1999 beklee, waarna hy en Heleen in 2000 na Bloemfontein verhuis het waar hulle vandag steeds woon.¹¹

Arnold se ma, Heleen, is in 1935 op Ladybrand gebore. Sy het haar skoolopleiding op 'n plaasskool in die Ventersburg-distrik begin en vanaf haar graad vier-jaar is sy na die Hoërskool Steynsrus waar sy in 1952 gematrikuleer het. Gedurende hierdie jare het haar ouers in Marquard gewoon. Haar pa, Gert Engelbrecht, 'n boukontraakteur van

9 Ditto.

10 Ditto.

11 Ditto.

beroep, het tydens die oorlogsjare finansiële baie swaargekry as gevolg van die onbekikbaarheid van boumateriaal.¹²



Afbeelding 13: Heleen Bosman se ouers – Bartel Sevenster (haar stiefpa) en Cornelia Susanna Sevenster (née Von Mollendorf)

Na haar ouers se egskeiding in 1953 het Heleen rondgeval tussen verskillende werke. Sy het onder andere in 'n bank in Brandfort gewerk, asook by die destydse musiekwinkel, R Müller, in Bloemfontein. Daarna het sy haar by die Onderwyskollege ingeskryf, maar het na ses maande haar studies laat vaar en toe vir 'n rukkie by die advertensieafdeling van *Die Volksblad* gewerk. In 1956 is sy na Tweespruit om musiekonderrig te gee. In daardie stadium het sy reeds by die bekende Gertrude Kautzky, destydse dosent in klavier aan die Universiteit van die Vrystaat, klavierlesse ontvang. Heleen het volgehou met die lesse by Kautzky deur elke naweek Bloemfontein toe te kom. Sy het vir 'n jaar in Tweespruit gewerk, waarna sy in Desember 1956 met Willem Bosman in die Tweetoringkerk in Bloemfontein getroud is. Die predikant was prof.

12 Ditto.

Andries van Schalkwyk, ook Willem se dosent in Volkekunde aan die UV, en die orrelis, die bekende Dolly Heiberg.¹³

Heleen se ma is in die sewentigerjare met Bartel Sevenster getroud. Alhoewel Arnold se biologiese oupa aan moederskant nog geleef het, was dit sy stiefoupa Bartel wat hy werklik goed geken het.¹⁴

Heleen het eers op 'n betreklike laat ouderdom besluit om haar verder in 'n musiekringting te kwalifiseer. In 1972 het sy haar by die Universiteit van die Vrystaat ingeskryf en die Onderwyslisensiaat van die UV voltooi.¹⁵



Afbeelding 14: Arnold se ouers op hul troudag 15 Desember 1956, Bloemfontein.

13 Ditto.

14 Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 1 April 2012.

15 Sien voetnoot 1.



Afbeelding 15: Arnold se ouers, die diplomatieke egpaar, Willem en Heleen Bosman – Londen, 1977.

In die volgende hoofstukke ontvou Bosman se lewe op chronologiese wyse. Verskillende fasette van sy lewe en ook sy werk sal aan die hand van “plek” en “tyd” belig word. Die jare wat Bosman in Suid-Afrika as skoolgaande seun deurgebring het, word in die volgende hoofstuk binne konteks geplaas en dit word reeds op daardie vroeë stadium duidelik dat sy lewe as kind tot 'n meerdere mate deur “plek” en “tyd” gerig is – al was dit op hierdie stadium grootliks deur sy ouers se toedoen. Dit blyk duidelik dat Bosman reeds op 'n vroeë ouderdom nie vir lang periodes op een plek gebly het nie, 'n verskynsel wat toegeskryf kan word aan die beroep waarin sy pa Willem homself bevind het. Daar word verder na sy vroegste musiekonderrig, sy skoolopleiding en die prestasies wat hy in hierdie tyd behaal het, gekyk.

HOOFSTUK 3

DIE VROEË JARE IN SUID-AFRIKA


As jong laerskoolseun het Arnold Bosman by meerdere geleenthede saam met sy ouers na die verskillende plekke waar sy pa gewerk het, getrek. Dus was sy laerskoolloopbaan een wat bestaan het uit verskillende skole en ook 'n hele aantal musiekleerkragte. Bewonderaars en musiekgeesdriftiges gaan dikwels van die veronderstelling uit dat groot en suksesvolle musici, wat musiekonderrig betref, 'n stabiele geskiedenis gehad het, en dat hulle vanaf 'n jong ouderdom by slegs een persoon les geneem het en wat hul talent stelselmatig gevorm en ontwikkel het. Die teendeel is in soveel gevalle reeds bewys en Bosman was geen uitsondering nie. Hy het soos baie ander suksesvolle musici in die geskiedenis sy aanvanklike musiekopleiding van sy moeder ontvang. Edvard Grieg, Vladimir Horowitz en Elsie Hall is enkele voorbeelde uit die geskiedenis wat ook hul eerste klavierlesse van hul ma ontvang het (Dahl, 2002:12; Dubal, 1991:4; Hall 1969:4).

3.1 Bosman se vroegste skooljare

Uit die vorige is dit duidelik dat Bosman reeds vanaf 'n jong ouderdom, nog voordat hy vir homself besluite kon maak, as gevolg van sy pa se diplomatieke beroep homself gereeld op nuwe, vreemde plekke bevind het. Hierdie verskynsel het sigself ook in Bosman se latere professionele loopbaan en lewe herhaal, want hy het vir die grootste gedeelte van sy professionele loopbaan 'n pendelaarsbestaan gevoer. Hy het nooit baie lank in een stad gewoon nie en sy beroep as pianis en dirigent het van hom vereis om byna weekliks in verskillende teaters en konsertsale te speel of te diriger.

Sy aanvanklike musiekonderrig het informeel begin. Terwyl sy ma les gegee het, het Bosman onder die klavier gesit en luister, en wanneer die leerling se les verby was, het Bosman die leerling se stukke op die klavier gespeel. In standerd vier het hy meer formeel by sy ma begin les neem en in standerd vyf het hy by die musiekonderwyser by

die Laerskool Parow-Noord les geneem.¹ Hieroor vertel sy ma die volgende: “Ek het hom gedril met bladlees. Iets wat hom later tot nadeel sou strek, maar verseker tot sy voordeel sou wees, veral in sy latere professionele loopbaan, in die besonder as pianis en begeleier.” Wat sy hiermee bedoel het, was dat Arnold as solokunstenaar nie die dissipline en geduld gehad het om dag na dag te oefen en die werke tot in die fynste besonderhede af te rond nie aangesien hy dit kon bladlees. Sy goeie bladleesvermoë was egter van kardinale belang wanneer dit egter by begeleidingswerk gekom het en Bosman moes in baie gevalle in sy loopbaan op kort kennisgewing sangers en instrumentaliste op konserte en selfs kompetisies begelei, iets wat hy uitmuntend gedoen het.²



Afbeelding 16: Grey Kollege, Bloemfontein.³

¹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 25 April 2010.

² Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Februarie 2010.

³ Met erkenning aan die fotograaf Van Zyl Naudé.

Tydens sy skoolloopbaan het Bosman hom nie juis met die alledaagse aktiwiteite van 'n skolier besig gehou nie, maar hom eerder verdiep in sy musiek en verder die geselskap van ander jong musici opgesoek. Laasgenoemde het hy gevind by die Konservatorium vir Musiek aan die Universiteit van die Vrystaat waar hy in daardie stadium ook les geneem het.⁴ Die stimuli waaraan hy hier blootgestel is, het 'n groot invloed op sy latere loopbaan en sy persoonlikheid uitgeoefen.

Bosman was 'n leerling aan verskeie laerskole, onder andere die Laerskool Pretoria-Oos, die Laerskool Parow-Noord asook die Laerskool Umtata. In Umtata het hy vir 'n rukkie by 'n Hollandse musiekonderwyseres, Nel Möhle, en later by Ester Lategan les geneem.⁵

Bosman het sy laaste jaar op skool in 1975 deels aan Grey Kollege in Bloemfontein voltooi, waarna hy saam met sy pa Pretoria toe getrek het en uiteindelik sy skoolloopbaan aan die Menloparkse Hoërskool voltooi het. Na afloop van die eerste kwartaal by Grey Kollege het Bosman die behoefte uitgespreek om na sy pa, wat toe reeds in Pretoria werksaam was, te gaan. Hierdie skuif in sy finale jaar op skool, wat kenners beskou as 'n jaar waarin daar gewaak moet word teen ontwrigting, openbaar Bosman se onkonvensionele lewenshouding. Hy het nooit werklik ag gegee op dinge wat volgens aanvaarde konvensies belangrik is nie. Skynbaar het hy sy skoolwerk nooit werklik ernstig opgeneem nie en was dit vir hom veel belangriker om klavier te oefen.⁶

3.2 Bosman se klavieronderrig tydens sy hoërskooljare

In 1971 is Bosman na Grey Kollege in Bloemfontein waar hy vir 'n kort rukkie by Leonard Shepstone klavieronderrig ontvang het. Shepstone was 'n opgeleide orrelis, maar het as dirigent van die Bloemfontein Junior Simfonieorkes en voorsitter van die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing sy merk gemaak. Hy is op 2 Desember 1904 in Kroonstad gebore en het vir ongeveer vier jaar aan die Royal Academy of Music in Londen gestudeer. Na afloop van sy studies het hy vir sowat tien jaar in Londen aangebly waar hy verskeie orrelposte bekleed het en ook privaatonderdig

⁴ Sien voetnoot 2.

⁵ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010.

⁶ Sien voetnoot 2.

gegee het. Hy het in 1934 na Bloemfontein gekom toe hy as orrelis van die Presbiteriaanse Kerk aangestel is.⁷ Tydens sy kinderjare het Bosman aan 'n hele aantal kunswedstryde deelgeneem. Volgens sy ma het hy as 'n jong seuntjie die wens uitgespreek om deel te neem, maar later homself sterk uitgespreek oor musiekkompetisies. Sy ma het die volgende gesê: “Arnold het kompetisies gehaat, maar was baie lief vir kunswedstryde. Hy het geglo jy moet jou teen jou eweknie slyp.”⁸ Na afloop van so 'n kunswedstryd in Umtata waaraan Bosman deelgeneem het en waar die beoordelaar aan hom die prys as beste pianis toegeken het, het hy ook die aanbeveling gemaak dat Bosman dalk na 'n ander onderwyser moet gaan. Die bekende Suid-Afrikaanse pianis en pedagoog, Japie Human, is aanbeveel. Human het na Bosman geluister en op sy aanbeveling het Bosman vanaf 1972 by Henriëtte Pauw klavieronderrig ontvang. In 1973 het hy 'n klavierleerling van Nettie Immelman geword wat volgens sy ma die grootste invloed op Bosman tydens sy skooljare gehad het. Immelman, 'n uitnemende klavierpedagoog in Suid-Afrika, het bevestig dat Bosman 'n buitengewoon musikale leerling was, maar dat hy nie wou oefen nie vanweë sy buitengewone bladlesvermoë. Beide Pauw en Immelman was in daardie stadium as dosente aan die Universiteit van die Vrystaat verbode. Bosman het daarop aangedring om self vir sy klavierlesse te betaal, aangesien hy 'n orrelpos in Bloemfontein by die destydse Monumentgemeente beklee het. Hy het nooit formele orrelonderrig ontvang nie.⁹ As jong seun moes hy beslis 'n buitengewone musiektalent getoon het, want volgens sy ma het Pauw in 'n stadium gesê dat die klavier te “klein” vir Bosman se musiekbrein is en dat dit hom tot 'n groot mate aan bande lê.¹⁰

⁷ *Die musieklewe in Bloemfontein van 1940 tot 1955*, Johan Cromhout, Oktober 1994.

⁸ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Februarie 2010.

⁹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Februarie 2010, 25 April 2010.

¹⁰ Sien voetnoot 5.



Afbeelding 17: Nettie Immelman.¹¹

¹¹ Foto ontleen aan die gedenkprogram in die NG kerk Universitas, 17 Mei 2011.



Afbeelding 18: Arnold in standerd 6 (1971) in Grey Kollege, Bloemfontein.

Vir sy matriekeksamen het Bosman sewe vakke aangebied, waarvan twee musiekvakke was. In Bloemfontein het hy aanvanklik slegs klavier as vak geneem, maar met sy verskuiwing na Pretoria is vereis dat hy 'n tweede musiekvak aanbied. Hy het kerkorrel gekies aangesien hy homself in daardie stadium reeds op die instrument touwys gemaak het, maar was nie werklik onderleg daarin nie en was daarom genoodsaak om geweldig hard te oefen. Dit het tot gevolg gehad dat hy veel meer tyd aan orrel as klavier bestee het en ook dikwels uit die skool afwesig was. Op grond hiervan wou die skoolhoof van die Menloparkse Hoërskool hom in 'n stadium skors as gevolg van sy

swak skoolbywoning, iets wat in die relatief konserwatiewe sewentigerjare sekerlik groot gewig by skoolowerhede gedra het. Nietemin moes die skoolhoof baie beïndruk gewees het met Bosman se eksamenuitslae en sy besondere musiektalent opgemerk het, want na afloop van die tweede kwartaal se eksamen was sy woorde soos volg: “’n Puik vertoning, Arnold! Sterkte met die eindpoging.” Volgens ’n getuigskrif (3 Desember 1975) wat deur die Menloparkse Hoërskool uitgereik is, is Bosman se skoolbywoning as gemiddeld beskryf. Die algemene opmerkings in dié getuigskrif het soos volg gelui: “Arnoldus is ’n uitstaande skolier. Ons verwag ’n hele paar vakonderskeidings van hom. Hy het ’n besondere musiektalent en lewe vir musiek. Van ’n musiekloopbaan behoort hy ’n skitterende sukses te maak.” Wat laasgenoemde betref, het die persoon wat die getuigskrif geskryf het nie net ’n fyn waarneming gemaak nie, maar daarmee saam Bosman se toekoms reeds op daardie stadium akkuraat voorspel.¹²

Alhoewel daar taamlik hoë verwagtinge van Bosman in die skoleindeksamen gekoester is, het hy slegs een onderskeiding behaal, maar nie vir sy eerste musiekvak, klavier, nie. Hierdie verskynsel kon volgens sy ouers nog nooit verklaar word nie.¹³

¹² Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010. Private versameling van Arnold Bosman.

¹³ Sien voetnoot 5.

DIE MENLOPARKSE HOERSKOOI



Atterburyweg
Menlopark
PRETORIA
3 Desember 1975

GETUIGSKRIF

1. Naam van leerling ARNOLDUS JOHANNES BOSMAN
2. Tjdsperk aan die skool verbode Mei 1975 tot Desember 1975
3. Gehalte van skoolwerk Go gemiddeld en baie goed
4. Leierskap *****
5. Skoolbesoek Gemiddeld
6. Buitemuurse bedrywighede:

6.1 Sport

Soort	Span	Verantwoordelike posisie
<u>Atletiek</u>	<u>(Grey Kollege Bloemfontein)</u>	
<u>*****</u>		

6.2 Kulturele aktiwiteite

Soort	Verantwoordelike posisie
<u>Musiek</u>	<u>(Verskeie pryse 1974 Music Festival)</u>
	<u>Speel met Johannesburg Sinfonia-Orkes</u>
	<u>1975, Radio-uitending 1974 "Making</u>
	<u>Music" - Engelse Diens van B.S.A.</u>

7. Persoonlikheidsienskappe:

	Uitstekend	Baie Goed	Goed	Middelmatig	Swak
Inisiatief		X			
Selfvertroue	X				
Pliësbiesef		X			
Volharding		X			
Sosiale Aanpassing		X			
Gemanierdheid	X				
Netheid		X			
Betroubaarheid		X			
Gevaardheid		X			
Konsentrasie		X			

8. Algemene opmerkings Arnoldus is 'n uitstekende skoller. Ons verwag 'n hele paar bekonderskeidings van hom. Hy het 'n besondere musiektafent en lewe vir musiek. Van 'n musiek-loopbaan behoort hy 'n skitterende sukses te maak.

Afbeelding 19: Getuigskrif van die Menloparkse Hoërskool.

3.3 Prestasies tydens Kunswedstryde en Music Festivals

Bosman het nietemin selfs as 'n baie jong kind op musiekgebied presteer. Die vroegste bewyse van sy kunswedstrydprestasies kan so ver teruggevoer word as 1965 toe hy as agtjarige 'n silwer sertifikaat by die Afrikaanse Kunswedstryd in Pretoria vir sy klavierprogram ontvang het. Met Nettie Immelman as onderwyser het Bosman in 1973 tydens die Vrystaatse Kunswedstryd in Bloemfontein goue sertifikate ontvang vir onder andere sy klavierprogram en klaviersolo in die vyftienjaar ouderdomsgroep.¹⁴

In dieselfde jaar het Bosman aan die Pretoria Music Festival deelgeneem waar hy vir dertien kategorieë ingeskryf het. Vir die volgende items het hy goue sertifikate ontvang: Barok, Kontemporêr, Bladles, Concerto en 'n afdeling getitel "Special Competitive". Die beoordelaar tydens hierdie fees was Johann Potgieter.¹⁵

In 1974 het hy weer aan die Pretoria Music Festival deelgeneem. H P A Coetzee was by hierdie geleentheid die beoordelaar. Persentasies is by die beoordeling toegeken en Bosman het nooit onder 85% vir sy spel ontvang nie. Vir sy Barokspel was die beoordelaar se kommentaar soos volg: "Mooi musikaal gespeel met die geskikte aanslag." Kommentaar op sy voordrag van 'n Romantiese werk was soos volg: "Oor die algemeen musikaal gespeel met 'n goeie insig in die karakter van die musiek. Probeer om meer cantabile te speel – die boonste note kan helderder klink." Van sy Kontemporêre werk het Coetzee die volgende gesê: "'n Goeie uitvoering. Toon 'n goeie begrip vir die afwisseling van die meer liriese en meer ritmiese gedeeltes. Daar kon miskien 'n groter mate van toongradering gewees het."¹⁶


Bosman het vir die laaste keer in 1975 aan die kunswedstryde in Bloemfontein en Pretoria deelgeneem en uitstekende prestasies behaal.¹⁷

¹⁴ Private versameling van Arnold Bosman.

¹⁵ Idem ditto.

¹⁶ Ditto.

¹⁷ Ditto.





Afbeeldings 20 en 21: Kunstwedstrydsertifikate wat Bosman as jong seun verower het.

3.4 Bosman se eksamenprestasies

Bosman het as kind wat musiekles op skool geneem het, min of meer dieselfde pad geloop as die meeste kinders van sy tyd en ook vandag. Dit behels die speel van die een of ander eksamen wat deur die erkende graadeksamen-instansies afgeneem word. Dit is opmerklik dat Bosman in die eerste plek nie al die eksamens gespeel het nie en dat hy die eksamens ook nie te ernstig opgeneem het nie. Die eerste rekord van 'n eksamen wat hy afgelê het, was dié van die Universiteit van Suid-Afrika (voortaan afgekort as UNISA) en wel die Graad 4 Klaviereksamen in 1970. Dit is interessant dat dit die enigste eksamen is wat hy afgelê het wat hy met 'n onderskeiding geslaag het. In dieselfde jaar slaag hy die destydse Preliminêre Teorie-eksamen met eervolle vermelding. In 1974 slaag hy die Graad 5 Harmonie-eksamen en in 1975 die Graad 8 Klaviereksamen. Al die bogenoemde eksamens is tydens sy skoolloopbaan afgelê. Die laaste bewys van verdere eksamens van UNISA was die Graad 7 Teorie-eksamen

asook die Voordraerslisensiaat in klavier. Beide hierdie eksamens het hy in 1979 in sy finale jaar aan die Universiteit van Kaapstad voltooi.¹⁸



Afbeeldings 22 en 23: Eksamensertifikate van UNISA as bewyse vir die eksamens wat Arnold Bosman afgelê het.

3.5 Bosman se optredes tydens Jeugkonsertfeeste

Alhoewel Bosman nie uitstaande prestasies in sy musieksamens behaal het nie, en hy ook nie aan musiekkompetisies deelgeneem het nie, dui alle beskikbare dokumentasie daarop dat hy reeds vroeg oor 'n uitsonderlike talent beskik het. Bewyse hiervan is sy optrede as klaviersolis saam met die Johannesburg Simfonieorkes tydens die Jeugkonsertfees op 14 Junie 1975. Hierdie konsert het in die Grootaal van die Universiteit van die Witwatersrand plaasgevind. Hy het die eerste deel van Beethoven se *Klavierkonsert nr. 1 opus 15 in C* gespeel.¹⁹

Die eerste verwysing op papier na 'n moontlike loopbaan in musiek het in die bogenoemde konsert se program verskyn waar daar 'n kort curriculum vitae van

¹⁸ Musieksertifikate van UNISA in die private versameling van Arnold Bosman en Giuliano Finessi in Milaan.

¹⁹ Konsertprogram 14 Junie 1975.



Bosman verskyn het. Die laaste sin het soos volg gelui: "He intends to be a professional musician."²⁰




Afbeeldings 24 en 25: Sertifikaat en program van die Jeugkonsertfees in Johannesburg, 1975.

Hierdie woorde is bewaarheid, want Bosman het na skool wel musiek gaan studeer en uiteindelik 'n professionele musikus geword. 'n Verdere optrede as solis saam met 'n simfonieorkes het op 26 Augustus 1977 in die Nico Malan Operahuis in Kaapstad plaasgevind. Hy het die Moderato-deel van Rachmaninoff se *Klavierkonsert nr. 2 opus 18 in c* gespeel. Die dirigent was David Tidboald. Volgens die resensent van *The Cape Times*, John Benzon, was Bosman se benadering een van soliede selfvertroue, wat alleenlik moontlik is indien daar deeglik en konsensieus voorberei is. Hy het verder melding gemaak van Bosman se krag en goeie tegniek en die ensemble wat meestal goed was behalwe by een of twee plekke. "Ensemble was mostly good except at one or two climaxes – he was clearly most unhappy about these – and he has a lot going for him."²¹

²⁰ Sien voetnota 16.

²¹ Konsertprogram Jeugkonsertfees 1977. *The Cape Times* 29 Augustus 1977.



Afbeeldings 26 en 27: Program en sertifikaat van die Jeugkonsertfees in Kaapstad, 1977.

Uit die verloop van Bosman se vroeë ontwikkeling kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat sy uitsonderlike talent reeds gedurende sy skooljare uitgestaan het, maar dat hy homself nie goed binne die skool- of graadeksamenstelsels kon vind nie. Reeds op hierdie vroeë ouderdom onderskei hy homself deur sy toewyding aan sy musiek, en deur keuses wat sy onkonvensionaliteit bevestig. Retrospektief is dit egter duidelik dat Bosman as skoolseun nog nie werklik vir homself 'n "plek" kon vind nie, en dat sy omstandighede op hierdie stadium nog grotendeels deur die volwasse rolspelers in sy lewe bepaal is.

HOOFSTUK 4

NOODGEDWONGE NA KAAPSTAD

4.1 Bosman se soeke na die aangewese “plek” vir tersiêre opleiding

Alvorens Bosman se lewensverhaal in hierdie hoofstuk voortgesit word, word daar momenteel by enkele metodologiese oorwegings soos van toepassing op die materiaal wat hier aangebied word, stilgestaan.

In 'n onlangse teoretisering oor biografie as metode skryf Anne Oakley (2010:433) dat biografie altyd op “bewyse” berus – maar dat hierdie bewyse wisselende grade van “betroubaarheid” mag verteenwoordig:

Biography must always be an evidence-based exercise, but the status of different types of evidence varies. At the ‘quantitative end, such ‘facts’ as the information on birth, death and marriage certificates and on censuses may seem incontrovertible, but these, like all official documents, contain holes, errors, and inconsistencies.

In hierdie hoofstuk word daar, soos in die voorafgaande hoofstukke, weereens op sogenaamd “onbetwisbare” bronne soos sertifikate, amptelike korrespondensie en inligting op konsertprogramme staatgemaak om die legkaart van Bosman se lewe saam te stel. Oakley (2010:433) se stelling herinner egter daaraan dat hierdie bronne ook 'n bepaalde eensydigheid mag bevat – net soos dit geld vir inligting uit persoonlike onderhoude, briewe en dagboekinskrywings. Hierteenoor redeneer Cristean Tileaga (2011:198) dat amptelike dokumente ten nouste verweef is met die “draad” van die subjek se lewe soos dit in hierdie bronne nagespeur kan word. Tileaga (2011:198) meen trouens dat die subjek se identiteit onlosmaaklik met “amptelike” inligting verweef is:

... a process of (re)writing biography is located in the ‘textual traces’ contained in personal and ‘official’ records. Recollections, dispositions, intentions, and moral character are intertwined with a textually mediated

reality in producing the public record of disclosure, and the personal and political significance of what is remembered.

Uit hierdie teenstellende standpunte is dit duidelik dat, soos wat daar reeds vroeër in hierdie studie opgemerk is (sien 1.4), dit die biograaf se taak is om inligting aan die hand van verskillende tipes van bronne te selekteer en aanhoudend aan die hand van “kruisverwysing” te verifieer. Hieroor argumenteer Oakley (2010:435) soos volg:

The biographer's challenge is to combine data from [...] interviews with archival and other information, a process inevitably involving both interpretation and selectivity. But, as in all empirical research, researchers have ethical obligations to those they interview: to report what they say accurately and fairly, not to take material out of context, not to use anything that might have been said in confidence.

In hierdie hoofstuk word daar dan ook inderdaad op 'n verskeidenheid van bronne staatgemaak. Dit spreek vanself dat “amptelike” bronne die biograaf in staat stel om die subjek binne 'n bepaalde “tyd” en “plek” te interpreteer. Hierteenoor skryf Tileaga (2011:199) soos volg:

Memories and identities come into being at the intersection of different social practices of remembering and forgetting and within the nexus of our relations to other people, as well as informal and formal institutional settings and narratives of the past. Treating identity and memory as social accomplishments entails mapping the various cultural resources available to individuals to make sense of their relationships with others and in various social situations.

In hierdie hoofstuk word daar egter ook getrag om Bosman se eie “stem” aan die hand van persoonlike dokumente soos briewe en dagboekinskrywings in die narratief in te bring. Fine en Fields (2008:139) beklemtoon die belang van hierdie tipe dokumente aan die hand daarvan dat hierdie soort dokumente 'n besondere tipe selfreflektiewe narratiewe identiteitsprojek daarstel:

Narratives are often the means through which individuals engage in the self-reflective process of identity construction. The stories people tell about themselves reflect on the self ... how people locate themselves in space, time, and social networks generates identity for self and others.

Die aansluiting van hierdie stelling by die temas van “tyd’ en “plek” wat sentraal tot die narratief van Bosman se lewe staan, is opvallend in hierdie aanhaling.


Na afloop van Arnold Bosman se skoolloopbaan was daar geen twyfel dat hy musiek sy loopbaan sou maak nie. Met sy ouers in daardie stadium reeds in Londen, waar sy pa aan die ambassade verbonde was, het die moontlikheid van studie aan een van die gesogte musiekskole na ’n goeie opsie geklink. In die eerste helfte van 1976 het Bosman homself voorberei om ’n oudisie by die Royal College of Music (voortaan afgekort as RCM) in Londen te gaan speel. Hy moes eerstens ’n toets in Engels asook ’n teoretiese toets slaag. Vir laasgenoemde het hy volpunte gekry. Daar was volgens Arnold se ma bykans 300 studente wat hierdie oudisie gespeel het en Arnold was een van slegs dertig studente wat vir daardie tydperk van inname by die RCM aanvaar is, en toelating verkry het om sy B.Mus.-studie daar voltooi.¹ Volgens ’n brief van die Registrateur van die RCM is dit duidelik dat alvorens Bosman tot student by die inrigting toegelaat is, hy eers ’n bevredigende mediese verslag moes indien. In die brief is hy ook ingelig dat een van die beskikbare beurse nie aan hom toegeken is nie.²

Nieteenstaande hierdie sukses wat Bosman aanvanklik in Londen behaal het, het hy besluit om na Bloemfontein terug te keer. Volgens sy ma het Arnold die volgende rede aangevoer: “’n Mens sal jou doodloop in die gange van die RCM en die dosente was almal baie oud.”³

¹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Februarie 2010, 7 Maart 2010.

² Brief, Royal College of Music, Londen, Registrateur Michael Gough Matthews, n.d.

³ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Februarie 2010.



Afbeelding 28: Hoofgebou van die Royal College of Music, Londen.⁴

Volgens sy pa, Willem, wou Arnold bloot van sy ouers in Londen wegkom en met sy eie lewe begin. Die feit dat Arnold se pa aan die Suid-Afrikaanse Ambassade verbonde was, het moontlik ook 'n rol in sy besluit gespeel. Soos reeds vantevore gemeld, was sy pa 'n Nasionalis en het Bosman homself per geleentheid sterk uitgespreek teen die apartheidswette van die destydse regering.⁵

Aangesien Bosman reeds op 'n baie vroeë ouderdom met apartheid en die gevolge daarvan in Suid-Afrika gekonfronteer is, is dit nie vreemd dat hy homself spesifiek teen die destydse verpligte diensplig en die grensoorlog (sien 2.3) verset het nie. 'n Latere uitspraak teen apartheid, soos hieronder aangehaal, het sy algemene politieke standpunt geïllustreer. Sy pa se politieke sieninge in ag genome, sou sy uitkyk op die apartheidsbestel moontlik nie ligtelik aanvaar gewees het nie.

⁴ Foto ontleen aan die prospektus van die Royal College of Music, Londen, 1993.

⁵ Sien voetnoot 3.

In 'n onderhoud met Chris Blanche van *The Daily Telegraph* tydens 'n besoek aan Australië in Februarie 1985 – toe Bosman reeds grotendeels in Italië gevestig was – stel hy sy posisie soos volg:

It is a miracle apartheid can exist. My reason for leaving was a mixture of wanting to advance my career and because of the apartheid laws. I'm trying to live in Europe now but I don't want to ask for political asylum. There are so many people who are politically persecuted, and I cannot say this has happened to me.⁶

Bosman het ook min vertroue in die destydse jeug van Suid-Afrika gehad om verandering tot stand te bring:

I don't have much faith in the younger generation there either. I went to school with them and I know them. I know the majority of white people there do not want to change, which is very sad because they are holding on to things that have to change and they can't see that. From my own friends there is a feeling of anger that things don't change faster. From the other side, from my more conservative relatives, they think things are moving too fast. It is survival, you know, and the white people see it that way. They believe they have a duty to preserve what they call their version of Christianity. They justify apartheid to themselves.⁷

Bogenoemde artikel moes skerp kritiek uitgelok het, want na die verskyning daarvan het Bosman 'n brief aan die redakteur geskryf waarin hy kaspie gemaak het teen die erg verdraaide en vooropgestelde wyse waarop Blanche die onderhoud uiteindelik gepubliseer het. Die slotparagraaf in sy brief lui as volg:

My prolonged absence from South Africa is now motivated entirely by professional considerations: I am, after all, a musician specializing in the

⁶ *The Daily Telegraph*, Sydney, 26 Februarie 1985.

⁷ Sien voetnoot 5.

musical heritage of Western Europe. By the way, we also discussed music during the interview ...⁸

Hierdeur plaas hy sy uitsprake in perspektief en wil hy eintlik vir die redakteur herinner aan wat vir hom belangrik was: musiek. Dit wil lyk of hy juis beswaar maak teen 'n weergawe van die onderhoud wat sy uitsprake verpolitiseer het. In terme van Bosman se private en openbare bewussyn van selfheid is sy skrywe aan die redakteur veelseggend: hy identifiseer homself in die eerste plek as musikus.

Volgens die private dagboek van 1976 waarin Bosman taamlik gereeld inskrywings gemaak het, kan afgelei word dat sy oudisie by die RCM tussen 27 Maart en 16 Mei 1976 plaasgevind het. Op 28 Maart is daar net die een enkele inskrywing, naamlik "Dover", en op Maandag 29 Maart verskyn die volgende: "Eerste keer in die Underground."⁹

In daardie stadium het Albie van Schalkwyk, een van die bekendste pianiste van Suid-Afrika, homself ook in Londen bevind waar hy gestudeer het. Bosman en Van Schalkwyk het mekaar reeds sedert hulle laerskooldae geken en volgens Van Schalkwyk het Bosman se ma, Heleen, altyd konserte georganiseer waar hulle moes speel. Teen hierdie agtergrond was dit vanselfsprekend dat die twee mekaar se geselskap in Londen opgesoek het.¹⁰

4.2 Bosman se soeke na 'n "plek" en 'n eie "identiteit"

Uit die volgende inskrywing in die dagboek op 11 April 1976 is dit duidelik dat Bosman op daardie stadium talle vrae in sy gemoed gehad het wat betref sy persoonlike identiteit en moontlik veral ook sy professionele toekoms. In terme van die tematiese fokus van hierdie biografiese studie oor Bosman, is hierdie kort beskrywing van groot belang in die aanduiding van die jong kunstenaar se soeke na 'n eie "plek" in die wêreld:

Ek het die hele nag met Albie gepraat – dalk toe nie eers besef wat hy probeer sê nie: ek het so bang geword – vir 'n oomblik het ek die angs van 'n

⁸ Brief uit die private versameling van Arnold Bosman.

⁹ Private dagboek van Arnold Bosman.

¹⁰ Onderhoud met Albie van Schalkwyk, Kaapstad, 27 Mei 2010.

veroordeelde ondervind. Hoekom? Vir geen opsigtelike rede nie, behalwe dalk die vreemdheid van my plek (plek?) in die wêreld, die onmenslike verantwoording van die gees – as ek nog kon, sou ek gehuil het. My hart het in daai angs toegegaan soos 'n blom, en is ook toe kort daarna gepluk. Onryp. En onveragbaar.¹¹

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat Bosman 'n denker was en sy hele bestaan vanuit 'n poëties-filosofiese vertrekpunt benader het. Selfs die gedigte waarvan 'n hele aantal uit sy tienerjare dateer (sien 2.4) verklank reeds sy gekompliseerde en in 'n mate 'vreemde' persoonlikheid. In terme van Reed (2011:4) se gesigspunt dat die homoseksuele individu histories uit die samelewing verwyderd voel, is die metafore van die “soektog” en van die “put in die woestyn” soos “omsirkel deur tyd” in hierdie poëtiese fragment besonder veelseggend:

Ook hierdie nag het sonder 'n maan verbygegaan, maar ek moes my soektog voortsit na 'n put in die woestyn omsirkel deur tyd ... en ons lewe hang willoos rond ons lewe drup 'n laaste stol 'n koue was van kerse ons woord van vuur die ruimte waarop dansers leun Ontwrig.¹²

Teen hierdie tyd het Bosman pas sy skoolloopbaan voltooi en op die jong, gevoelige en ontvanklike ouderdom van ongeveer 19 jaar was hy gereed om te eksperimenteer en die wêreld met al sy fasette te ontdek. In 1976 het hy taamlik sorgvuldig 'n dagboek van die dag tot dag gebeure in sy lewe gehou, maar wat eintlik interessant is, is dat daar lang lyste van titels van boeke op die laaste paar bladsye van die dagboek verskyn; boeke wat hy reeds deur die jaar gelees het en dié wat hy nog graag wou lees. Sy belangstelling was uiteenlopend, met skrywers en titels van onder andere Franse, Engelse, Russiese, Duitse, Amerikaanse, Nederlandse en Noorweegse oorsprong. Talle van die boeke het dié van bekende filosowe ingesluit op wie se denke Arnold moontlik sy lewe geskoei het.

¹¹ Sien voetnoot 9.

¹² Ongepubliseerde versameling gedigte in die private versameling van Arnold Bosman.

Die volgende beskrywing van die filosoof André Gide deur E M Foster in die voorwoord van Gide se boek, *The immoralist* (2001), was heel waarskynlik een van die redes vir Bosman se aangetrokkenheid tot bogemelde filosowe en waarom hy homself tot 'n groot mate met hulle en hul ideologieë kon identifiseer.

E M Foster said of Gide: "The humanist has four leading characteristics – curiosity, a free mind, belief in good taste, and a belief in the human race – and all four are present in Gide ... the humanist of our age.

André Gide en Jean Genet, asook Hermann Hesse is maar 'n paar voorbeelde van denkers deur wie Bosman beïnvloed is. Uiteraard was Gide en Genet albei gekompliseerde persoonlikhede, en beide het bekendheid verwerf vir hul kontroversiële politieke uitsprake en filosofiese opvattinge. Albei het met homoseksualiteit geëksperimenteer en hulself in die een of ander stadium van hul lewens in langtermynverhoudings met mans bevind. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die meeste van Gide se werk oor die onophoudelike soeke na intellektuele eerlikheid gaan, asook die hunkering na die punt waar jy jouself in totaliteit ontdek en waar jy jou seksuele natuur ten volle binne jou eie waardesisteem erken.

Voordat daar verder op die ontvouing van Bosman se lewensverhaal ingegaan word, kan daar moontlik weer kortliks stilgestaan word by die vraagstuk van sy eie homoseksualiteit, waarmee hy oënskynlik self op hierdie stadium geworstel het, en wat volgens korrespondensie en dagboekinskrywings nie sonder meer deur sy ouers aanvaar is nie. In die eerste plek was hy hulle enigste seun op wie hulle hul hoop gevestig het om die Bosman-nageslag en -bloedlyn te laat voortleef. In ag genome sy ouers se lewensverhaal, asook die diplomatieke posisie waarin sy pa hom in daardie stadium bevind het, was die kwessie van homoseksualiteit heel moontlik iets wat sy ouers nie in hul toekomsplanne vir hom in berekening gebring het nie. Dit was waarskynlik ook 'n term wat hulle beswaarlik in hul daaglikse omgang gebruik het. Uit sommige van die briewe wat vir die doeleindes van hierdie navorsing beskikbaar gemaak is, het dit geblyk dat daar tye was toe Bosman en sy ouers glad nie 'n goeie verhouding gehad het nie. Sy homoseksualiteit kan moontlik as een van die redes vir hierdie situasie aangevoer word – ofskoon sy ouers se pogings om die saak te verwerk

telkens uit korrespondensie blyk. Uit 'n brief wat sy pa op 'n trein op 19 Januarie 1978 onderweg van Birmingham na Londen aan Arnold geskryf het, blyk dit dat Arnold se seksuele oriëntasie die eerste keer werklik ter sprake gekom het tydens 'n besoek aan sy ouers in Londen en dat sy ouers, veral sy pa tot 'n groot mate, oningelig was. In daardie stadium was Bosman bevriend met 'n jong man met die naam Bevan wat in Holland gewoon het. Die volgende is 'n uittreksel uit die brief:

Ons het 'n mooi briefie van Bevan gehad uit Holland. Hy sukkel nog om sy dinge gereël te kry en ek kry hom jammer vir sy frustrasies wat redelik sigbaar deurskemer. As ons in Holland kom, sal ons kontak hou met hom. Die boekie wat jy agtergelaat het, was 'n welkome hulpmiddel en het 'n paar skubbe van my oë verwyder. Ma was nog altyd meer broadminded as ek en sy is alright. Ek met my Christelike inhibisies het ook 'n waardevolle sintese kon maak uit die boekie en versoen H S reeds met my basiese opvattinge. Dit het seker al vyf jaar gelede begin maar bereik vervulling in hierdie dae alhoewel ek nog, soos jy kan sien, simpel afkortings gebruik in plaas van die ding by sy naam te noem. Sulke dinge is miskien gedeeltelik inhibisie, maar ook realisme in soverre as wat dit openbare mening aangaan.

Benewens die kwessie van sy seksualiteit suggereer dagboekinskrywings uit hierdie tyd ook ander aspekte van Bosman se komplekse persoonlikheid. Die volgende inskrywing wat direk die volgende dag op Maandag 12 April 1976 in die dagboek gemaak is, skets wat moontlik as 'n baie gespanne atmosfeer beskryf kan word, in die Londense huis waar Bosman se ouers reeds gewoon het en waar hy tydens sy 1976-besoek aan Engeland tuisgegaan het:

My pa het my ± 5-uur kom wakker maak en wou weet hoekom ek nie funksioneer binne die huishouding nie. O God, wat moes ek sê? ... Ek het onwillig buite toe gegaan, buite bereik van hulle, en gehuil. Gehuil! Daarna het ek 9 ligte slaappille gedrink en gaan lê. Ek weet dat ek van toe af nooit slaap voor ek begin droom nie.¹³

¹³ Sien voetnoot 10.

Bogenoemde insident wys op 'n problematiese eienskap van Bosman se komplekse karakter wat in onderhoude met sy vriende en sy ouers beaam is, naamlik dat hy nie binne 'n bepaalde struktuur kon funksioneer nie. Hierdie kompleksiteit, maar ook die "vreemdheid" van Bosman se karakter, wat hier duidelik blyk, was reeds tot 'n mate in sy tienerjare teenwoordig. Die gedigte (sien 2.4) uit sy skooljare is sprekende voorbeelde hiervan. In die woorde van Hendrik Hofmeyr: "Sleurwerk van student wees was nie vir hom nie." Volgens 'n intieme vriend van Arnold, Johan Odendaal: "Practicality was outside Arnold Bosman's frame of reference."¹⁴ Binne die konteks van 'n gesin wat pal in die openbare diplomatieke oog was, en reeds moes aanpas by die gegewe van 'n ernstig gestremde jonger broer, was Bosman se vermoë om aan te pas en te ondersteun moontlik veral akuut.

Hierdie "wanaangepastheid" het egter nie beteken dat Bosman nie 'n intense behoefte aan die geselskap van geesgenote gehad het nie. Sy gewoonte om tot laat in die nag te gesels en te kuier is 'n eienskap wat soos 'n goue draad deur sy hele lewe geloop het. Albie van Schalkwyk en Hendrik Hofmeyr (tans beide dosente aan die College of Music in Kaapstad) asook talle ander vriende bevestig dat politiek, filosofie en musiek meestal tydens die gesprekke ter tafel was.¹⁵

Ook as jong student het Bosman verskeie vriende gehad, sommige komende uit die musiekwêreld en ander kunstenaarsberoepe, sowel as uit ander geledere in die samelewing. Uit die aard van sy werk as vryskutmusikant en aan die vooraand van sy loopbaan in die vroeë tagtigerjare in Italië, het hy baie vriende gemaak, maar nie een van hierdie vriendskapsbande het op 'n langtermynverhouding uitgeloop nie. Die verskynsel dat Bosman talle vriende naby hom toegelaat het, maar homself ook skielik kon distansieer, hang ook nou saam met die "vreemdheid" van Bosman se karakter. Dit was egter eers in Milaan toe Arnold vir Giuliano Finessi, die president van Musica Rara in 1993 ontmoet het, dat 'n meer stabiele en vaste verhouding ter sprake gekom het. Hulle was vanaf 1993 tot ongeveer 2003 in 'n verhouding.

¹⁴ Onderhoud met Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 27 Mei 2010, Johan Odendaal, Kaapstad, 29 Mei 2010.

¹⁵ Onderhoud met Albie van Schalkwyk, Kaapstad, 27 Mei 2010 en Hendrik Hofmeyr, Kaapstad 27 Mei 2010.

4.3 Noodgedwonge na die College of Music in Kaapstad

Om hiermee terug te keer tot die tydperk in Londen: Afgesien van die oudisie by die RCM het Bosman twee verdere optredes, een minder formeel as die ander, in die stad gehad. Op Sondag 18 April 1976 het hy tydens die kerkdiens wat vir Nederduits Gereformeerde lidmate in Londen in die Trinity Parish, Wimbledon, gehou is, gespeel. Dit is egter nie heeltemal duidelik of hy orrel of klavier gespeel het nie. Die ander optrede het in Suid-Afrika Huis op 10 Mei plaasgevind. Tydens hierdie konsert het Bosman Schumann se *Novellette, opus 21 nr. 1* gespeel; volgens die dagboekinskrywing het Albie van Schalkwyk ook in hierdie konsert opgetree.¹⁶

Dit blyk uit 'n dagboekinskrywing op 14 Mei 1976 dat Bosman nie baie ingenome daarmee was om terug te keer na Suid-Afrika nie. Hy het sy onvergenoegdheid met die land en sy mense soos volg uitgespreek:

... was ek teleurgesteld om weer hierdie land te sien? Ek dink so. Die ongeweege oorfloed – onverdiende talente – Narcissus sonder 'n mooi gesig. Ag vir die sekerheid van welvaart. S.A., my hart bewe vir jou.¹⁷

Ten spyte van hierdie pessimisme oor die land se omstandighede het Bosman op Sondag 16 Mei 1976 na Bloemfontein toe teruggevlieg.¹⁸

Terug in Suid-Afrika moes hy ander planne maak wat sy studies betref. Sy pa het met prof. Dawfre Roode kontak gemaak om te hoor of dit moontlik sou wees dat Bosman in 'n taamlike laat stadium van die akademiese jaar by die Universiteit van die Vrystaat sou kon inskryf. Roode moes eers die saak met die destydse hoof van die Departement Musiek, prof. Chris Swanepoel, opneem.¹⁹ Volgens die dagboekinskrywings het Bosman op 18 Mei 1976 met proff. Roode en Swanepoel gaan praat. Dit is duidelik dat hy uit die staanspoor nie met hulle oor die weg sou kom nie. Die volgende is 'n uittreksel uit sy dagboek:

¹⁶ Sien voetnoot 10.

¹⁷ Idem ditto.

¹⁸ Ditto.

¹⁹ Sien voetnoot 3.

Vir eens en vir altyd my hipokrate – ons het nie veel meer om vir mekaar te sê nie as net dit: Waarom het die skape wolfsklere aan?²⁰

Elders op dieselfde bladsy van die dagboek het die volgende inskrywing verskyn: "... gaan army toe."²¹ Dat hierdie gedagte hoegenaamd deur Arnold se gedagtes gegaan het, is moontlik 'n bewys dat hy gevoel het dat daar werklik geen ander uitweg is nie.²² Dit blyk duidelik dat die plek waar hy homself in daardie stadium bevind het nie net rigtinggewend vir sy toekoms sou wees nie, maar dat hierdie "plek" in daardie stadium ook nou verband sou hou met sy identiteit. Bosman se aansoek by die Departement Musiek is uiteindelik geweier en gevolglik moes hy na 'n ander universiteit soek waar hy met sy studies kon begin. Volgens Bosman se ouers het prof. Swanepoel aangevoer dat Arnold 'n "slegte" invloed op die studente van die departement sou hê.²³

Hierdie insident is 'n verdere bewys dat Bosman beslis nie een van die meer konvensionele studente was wat by die Universiteit van die Vrystaat se Musiekdepartement wou studeer nie. Met die ondersoekende persoonlikheid en wye denke wat Bosman reeds in hierdie vroeë stadium geopenbaar het, is hy in 'n betreklik konserwatiewe omgewing met 'n personeel met oorwegend nougesette denke heel moontlik as 'n bedreiging beskou. Die voorval dui egter daarop dat sy soeke na 'n plek van "onvoorwaardelike aanvaarding" reeds in hierdie stadium op die voorgrond van sy lewe begin afspeel het.

Gedurende hierdie tyd was Bosman ook met Suzanne de Villiers, bekende violis-dogter van Dirkie de Villiers, destydse Musiekinspekteur in die Vrystaat, bevriend. Volgens Bosman se dagboek het sy met haar pa gaan praat en vir die eerste keer het hy aan Kaapstad as moontlikheid gedink. Die kort inskrywing deur Arnold beskryf die situasie: "Geluk Suzanne!!"²⁴

Die volgende oggend, Woensdag 19 Mei 1976, het Bosman 'n afspraak met Dirkie de Villiers gehad. Tydens die besoek was Laurie Potgieter ook teenwoordig. Potgieter was

²⁰ Sien voetnoot 10.

²¹ Sien voetnoot 10.

²² Idem ditto.

²³ Sien voetnoot 3.

²⁴ Sien voetnoot 10.

destyds 'n bekende begeleier, komponis en harmoniedosent in Bloemfontein. Hulle was dit eens dat Kaapstad die enigste alternatief was. Op dieselfde dag het Arnold reëlings getref om Michael Brimer, die destydse hoof van die College of Music by die Universiteit van Kaapstad, te gaan sien. Volgens die dagboekinskrywings het Bosman op 20 Mei 1976 na Kaapstad vertrek. Tydens die oudisie in die Kaap het hy werke van Schumann en Beethoven gespeel. Proff. Michael Brimer, Lamar Crowson en Laura Searle was teenwoordig tydens die oudisie. Crowson het Arnold as student aanvaar.²⁵ Volgens sy dagboek moes die aanvaarding by die College of Music en die wete dat hy 'n klaviersdosent het vir Bosman 'n groot verligting gewees het. Die betekenisvolle inskrywing lui soos volg: "Oh, the heavenly bliss of at least some security."²⁶

Een van Bosman se medestudente by die College of Music was Hendrik Hofmeyr (tans dosent in komposisie aan dieselfde inrigting). Volgens Hofmeyr was Bosman beslis een van die beste studente in sy jaargroep en het hy as pianis die oog gevang en het hy tydens sy studentejare meestal op die werke van Bach, Beethoven, Schumann, Brahms en Rachmaninoff gefokus. Opvallend is dat Bosman selde werke van Mozart gespeel het, 'n komponis wie se werke, veral die operas, hy later in sy loopbaan met groot sukses gespeel en gedirigeer het.²⁷

Alhoewel Bosman oor die potensiaal en talent beskik het om 'n konsertpianis te word, het dit reeds in 'n betreklike vroeë stadium duidelik geword dat hy homself nie in dié hoedanigheid sou laat geld nie. Op die vraag deur sy ma of Arnold 'n sukses as konsertpianis sal maak, het sy dosent Lamar Crowson die volgende gesê:

With Arnold you're never sure – he can do anything in the world, provided that he puts his mind to it. No – he lacks the motivation.²⁸

Volgens Hendrik Hofmeyr was Crowson se woorde soos volg: "... 'n groot talent wat nie heeltemal gaan realiseer nie as gevolg van 'n gebrek aan toewyding". Arnold het meegevoer geraak met die groot geeste van sy tyd en van 'n vorige era, veral pianiste

²⁵ Idem ditto.

²⁶ Ditto.

²⁷ Onderhoud met Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 27 Mei 2010.

²⁸ Sien voetnoot 3.

soos Sviatoslav Richter, Wanda Landowska, Alfred Cortot, Artur Schnabel en Clara Haskil. Hy het 'n diepgaande studie gemaak wat hul siening en denke betref en tot 'n groot mate sy lewe daarop geskoei. Hofmeyr noem verder dat die lang ure wat 'n konsertpianis aan oefen moet bestee om perfeksie te bereik, nie vir Bosman aanloklik was nie. Hy het as student soms net een uur op 'n dag geoefen. Sy behoud en sy beste bate as pianis was sy uitmuntende bladleesvermoë.²⁹

4.4 Bosman se belangstelling in die filosofie

In 1976, steeds op 'n relatiewe jong ouderdom, het Bosman nie net die lewens en denke van die groot musikmeesters bestudeer nie, maar ook wyer bly lees en verskillende filosofie se siening en denke bestudeer. 'n Voorbeeld hiervan was die Russies-gebore filosoof, Ayn Rand, wat vir die grootste deel van haar lewe in New York gewoon en gewerk het. Een van die boeke wat Arnold in die loop van 1976 gelees het, was Rand se bekende *Fountainhead* (1943). Haar filosofie is soos volg in 'n koerantberig van 1982 gepubliseer:

My philosophy in essence is the concept of man as a heroic being, with his own happiness as the moral purpose of his life, with productive achievement as his noblest activity, and reason as his only absolute.³⁰

Hierdie filosofie moes verseker 'n invloed op sy lewe en denke gehad het. So was hy ook 'n aanhanger van die Duitse filosoof Hanna Arendt,³¹ en het hy op grond hiervan die spelling van sy naam op hierdie stadium verander na Arnoldt. In 1977 verskyn sy naam op die KRUIK Jeugkonsertfeesprogram (sien 3.5) as Arnoldt Bosman.³² Jong opkomende musici en moontlik almal tydgenote van Bosman wat tydens hierdie konsert opgetree het en wat almal suksesvolle musiekloopbane in Suid-Afrika en ook in die

²⁹ Sien voetnoot 25.

³⁰ Onderhoud met Albie van Schalkwyk, Kaapstad, 27 Mei 2010. Ongedateerde koerantartikel uit private versameling van Arnold Bosman.

³¹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Maart 2010.

³² Vergelyk Hoofstuk 3.

buiteland geniet, het ingesluit Marika Hofmeyr (klavier), Hanneli Rupert (sang), Kobus Malan (hobo), Malcolm Nay (klavier) en Hendrik Hofmeyr (klavier).³³

4.5 Bosman se studiejare aan die Universiteit van Kaapstad

Die voorspelling wat Henriëtte Pauw gemaak het toe Bosman in die vroeë sewentigs by haar les geneem het, wat reeds in Hoofstuk 3 genoem is, kan so vroeg as 1977 tydens sy studiejare by die College of Music waargeneem word. Hy het binne 'n kort tydjie bekendheid verwerf as veelsydige pianis. In 1977 het hy die tweede klavier gespeel in die orkes tydens die uitvoering van Poulenc se opera, *The dialogue of the Carmelites*. Die uitvoerings van die opera het plaasgevind saam met die ballet, *A midsummer night's dream* en 'n Shakespeare-drama, naamlik *As you like it*. Hierdie was in 'n sekere opsig veelbetekend, aangesien al hierdie werke uitgevoer is vir die opening van die Baxter-teater in Augustus 1977.³⁴

In 1978 het Bosman weereens die klavierparty in die orkes hanteer. In hierdie geval was dit tydens die uitvoerings van die ballet, *Whodunnit?* wat in Mei en Junie 1978 in die Nico Malan Operahuis opgevoer is. Vir al die repetisies en agt uitvoerings het Arnold (in die program gespel Arnoldt) R450,00 as vergoeding ontvang. In November 1978 het hy vir twee operas as repetiteur opgetree, asook die klavierpartye in die orkes gespeel, naamlik *Three's company* en *The bear*. Die bekende operaregisseur, Gregorio Fiasconaro, wat destyds aan die College of Music verbonde was, het beide die werke wat volgens die resensent van *Die Burger*, Arend Koole, nog nie in daardie stadium in Suid-Afrika uitgevoer is nie, op die verhoog te bring. In sy resensie het Koole baie kort, dog opvallend, spesiaal van Bosman melding gemaak met die volgende woorde: "Die pianis, Arnold Bosman, was uitstekend."³⁵

³³ Konsertprogram, Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste, Jeugkonsertfees 1977.

³⁴ Konsertprogram, opening van Baxter-teater.

³⁵ *Die Burger*, 14 November 1978.

MEMORANDUM OF UNDERSTANDING

Made and entered into by and between

THE CAPE PERFORMING ARTS BOARD

P.O. Box 4107, Cape Town (Hereinafter referred to as CAPAB) and

.....
ARNHOLDT BOSMAN

(Hereinafter referred to as the EMPLOYEE)

WHEREAS CAPAB intends to produce
WHODUNNIT

(Hereinafter referred to as the PRODUCTION):

NOW THEREFORE the parties hereto agree as follows:

1. The EMPLOYEE shall be employed by CAPAB for the following:
.....
Pianist with the CAPAB Orchestra for 8 Performances, the dates of which
.....
are: 30.5.78 (20.00), 1.6.78 (20.00), 2.6.78 (20.00), 3.6.78 (14.00),
.....
7.6.78 (20.00), 8.6.78 (20.00), 9.6.78 (20.00) and 10.6.78 (14.00).
.....
2. The period of employment shall be *from April - 10.6.78*
.....
3. CAPAB shall pay the EMPLOYEE the amount of R *450-00*
.....
4. The EMPLOYEE agrees to provide his own transport from his place of
abode to and from CAPAB's workshops and theatres.
5. Should CAPAB decide to cancel the production, this contract will be
deemed null and void.
6. Additional Clause: a) The above Fee to include all Rehearsals.
.....
b) Orchestral Rehearsal dates available from the Orchestra Manager.
.....

.....
Frans
WITNESS

.....
J. de Vries
For DIRECTOR (CAPAB) *Exco: 29 5 78*
April 6/7 1978
DATE


Please sign below to indicate your acceptance of the above.

.....
M. J. J.
WITNESS

.....
Arnholdt Bosman
EMPLOYEE
12 April 1978

Afbeelding 29: Een van die kontrakte tussen KRUIK en Bosman.

Bosman het homself in 1979 weereens as repetiteur beskikbaar gestel vir die KRUIK (Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste) se aanbieding van *Don Quixote*. Later in die jaar het hy saam met Marika Hofmeyr die klavierpartye behartig van KRUIK se aanbieding van die program, *Soirée Musicale*, wat op 1, 4 en 22 September in die Nico Malan Operahuis plaasgevind het. Bosman se betaling vir laasgenoemde aanbieding het R300,00 beloop.³⁶



Afbeeldings 30 en 31: Getuigskrifte van onder andere David Poole en David Tidboald.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Bosman tydens sy studentejare nie uitsluitlik op solo-klavierspel gefokus het nie, maar sy musikale horisonne verbreed het deur vir 'n hele aantal ander geleenthede as pianis en repetiteur op te tree. Hierdie ondervinding het hom in sy latere loopbaan veel gebaat. Bosman het hom egter ook as solis onderskei

³⁶ Konsertprogramme: *Don Quixote* en *Vyf lanteballette*, 1979. Kontrak met KRUIK, 21 Junie 1979.

toe hy in Oktober 1979 saam met die Kaapstadse Simfonieorke in 'n uitvoering van Schumann se *Inleiding en allegro appassionato* vir klavier en orkes opgetree. Twee resensente, onder andere Simon Lomborg van *The Cape Times* en Patrick Wise, was dit eens dat Bosman 'n baie suksesvolle uitvoering gegee het. Wise het soos volg geskryf:

It requires a poet rather than a virtuoso, and Arnoldt Bosman met this need splendidly. Indeed, it has something of the feeling of a chamber work rather than a concert-piece in the earlier stages and Bosman's self-effacing ensemble playing coupled with Priestman's watchful and confident accompanying, produced a marvellously satisfying effect. There were opportunities for display, though not blatantly so, and Bosman's fluent technique in the final bars produced a warm and prolonged ovation.³⁷

Simon Lomborg van *The Cape Times* het soos volg oor Arnold se uitvoering geskryf:

Only at the beginning of the Allegro does he share in the bold statement of the opening theme and for the rest, he and the orchestra are more or less equal partners. To bring this off requires much musical sensibility and Bosman showed us that he indeed possesses much.³⁸

Afgesien van al die konserte van KRUIK en by die Baxter-teater waarby Bosman betrokke was, het hy gereeld tydens sy studiejare by die College of Music opgetree, of in solo-uitvoerings of in ensembles. Op Vrydag 7 Oktober 1977 was hy die solis in 'n uitvoering van Haydn se *Klavierkonsert in D*. Hierdie uitvoering het in die Hiddingh-saal saam met die orkes van die Universiteit van Kaapstad plaasgevind. Die dirigent was Graham Scott.³⁹ Antoinette Sylvestri van *The Argus* het soos volg verslag gedoen: "Promise of exceptional stamp was shown by Arnoldt Bosman in the last two movements of the Haydn Piano Concerto in D."⁴⁰ In 1977 het hy ook in konserte opgetree waartydens die *Klarinettrio in a, opus 114* van Brahms uitgevoer is, asook

³⁷ Ongedateerde koerantresensie uit private versameling van Arnold Bosman.

³⁸ Resensie, *The Cape Argus*, 9 Oktober 1979.

³⁹ Konsertprogram, 7 Oktober 1977.

⁴⁰ Resensie, *The Cape Argus*, 10 Oktober 1977.

Saint-Saëns se *Karnaval van die diere*. Bosman het op 2 Desember 1977 die klavierbegeleiding in 'n sanguitvoering deur Pieter Serfontein in die Stadsaal van Kaapstad behartig. Volgens die resensent van *Die Burger*, Mary-Ann van Rensburg, het Bosman met tye baie goed begelei. Haar kritiek was dat hy soms losstaande en onbetrokke geklink het. Tydens dié konsert het hy ook solowerke gespeel, by name *Bunte Blätter opus 99*, die *Novellette opus 21 nr. 1* van Schumann, asook Debussy se *Children's corner suite*. Van Rensburg het soos volg oor sy spel geskryf:

Hy het die Schumann-stukke met mooi wisseling in stemming vertolk, bv. liries of romanties en gedrae, dan weer lewendig en ritmies. Die Debussy-stukkies het plek-plek te swaar geklink (vgl. *Golliwogg's cakewalk*) maar dit kon moontlik aan die akoestiek te wyte wees. Daar kom ongelukkig nog verkeerde note en onduidelike artikulasie voor, veral in vinnige repeterende nootjies.⁴¹

John Benzon van *The Cape Times* se kommentaar was soos volg:

The second half began with Arnoldt Bosman playing Debussy's "Children's Corner". Doctor Gradus Ad Parnassum was slightly crowded but strong, rhythmic and with Brilliance, and Jimbo's Lullaby was a great success, well felt and presented, while Serenade for a Doll was slightly less so, though good. There was some feeling of incoherence in The Snow is Dancing, but it had the authentic swimming feeling, and The Little Shepherd was poetic, with good rubato. The final, famous Golliwogg's Cake Walk was rather slow and massive, but a perfectly legitimate interpretation, and well shaped.

... Finally on the programme, there was Ravel's *Don Quichotte a Dulcinee*, which was done with strong characterization, the last song being a triumph indeed. Mooi skoot, Pieter en Arnoldt! Ons is trots op julle!⁴²

⁴¹ Resensie, *Die Burger*, 5 Desember 1977.

⁴² Resensie, *The Cape Times*, Desember 1977.

UNIVERSITY OF CAPE TOWN

FACULTY OF MUSIC

presents

U.C.T. ORCHESTRA

directed by

STUDENT CONDUCTORS

MICHAEL JACOBS

GRAHAM SCOTT

DAVID KOSVINER

with

ROXANE FOLLEY : SOPRANO


ARNOLOT BOSMAN : PIANO

HIDDINGHALL

FRIDAY 7 OCTOBER 1977

AT 20H15

Afbeelding 32: Buiteblad van een van die konsertprogramme waar Bosman opgetree het.



Afbeelding 33: Binnekant van dieselfde konsertprogram waar Bosman opgetree het.

In 1978 het 'n hele aantal konserte gevolg wat deur die College of Music se studente aangebied is waarby Bosman opgetree het. Hy het in voordragkonserte verskyn waar hy onder andere die volgende werke gespeel het: *Sonate in c nr. 33* van Haydn, *Sonate vir tjello en klavier, opus 5 nr. 2* van Beethoven saam met Annarie Rudolph; saam met Lamar Crowson die *Variations on a nursery song, opus 25* van Ernö von Dohnanyi; en saam met Mervyn Garlick die *Variasies op 'n tema van Paganini* vir twee klaviere van Lutoslafski.⁴³

In Oktober 1978 het Bosman 'n uitvoering van JS Bach se *Chromatiesse fantasie en fuga* in die Baxter-teater gegee. Hy was deel van 'n program wat deur die studente van die College of Music onder leiding van Allan Stephenson aangebied is. Volgens Antoinette Silvestri, resensent van *The Cape Argus*, het Bosman 'n weldeurdagte voordrag van die werk gegee. John Benzon, die resensent van *The Cape Times*, het soos volg oor die vertolking van Arnold berig:

⁴³ Programme en resensies van konserte, 24 Februarie 1978, 12 April 1978, 10 Mei 1978, 24 Mei 1978.

Arnoldt Bosman gave a strong, pianistic performance of Bach's Chromatic Fantasy and Fugue, but did nothing to shake my conviction that the piano has too thick a texture and too much weight to do justice to Bach's luminous magnificence.⁴⁴

As student het Bosman al die moontlike geleentheid wat daar vir jong opkomende musici in Suid-Afrika was, aangegryp. Afgesien van die talle konserte het hy ook opnames vir die destydse SAUK gemaak met die oog op uitsending. In sommige gevalle was hy onsuksesvol, maar daar was tog kere waar sy spel deur die paneel vir uitsending goedgekeur is. Op 21 Februarie 1978 het hy 'n program vir dié doel opgeneem. In 'n brief van Ronald Charles is hy in kennis gestel dat hulle hom sou inlig wanneer die uitsending sou plaasvind. Sy fooi vir die uitsending was R20,00. Op 2 Maart 1979 het Arnold saam met strykers die *Klavierkwartet in g nr. 1, K478* van Mozart vir uitsaaidoeleindes opgeneem. Hierdie opname is nie vir nasionale uitsending aanvaar nie, maar is wel plaaslik in die Wes-Kaap op 31 Julie 1979 uitgesaai.⁴⁵

⁴⁴ Konsertprogram, 4 Oktober 1978, resensies, *The Cape Argus* en *The Cape Times*.

⁴⁵ Brief, Ronald Charles Musiekorganiseerder van die Wes-Kaap, SAUK, Kaapstad, 18 Mei 1978, 2 Augustus 1979.

THE CONTEMPORARY MUSIC SOCIETY

presents

THE PIANO MUSIC OF ARNOLD SCHOENBERG

performed by

BRIAN LARTER
HENDRIK HOFMEYR
PETER KLATZOW
ALEX DICHMONT
MARIKA HOFMEYR
ARNOLDT BOSMAN

INTRODUCTORY TALK BY JAMES MAY

Date: 1st June, 1979. Chisholm Recital Room
College of Music
8.15 p.m.

BRANDENBURG CONCERTO no. 6 in B^b major - J.S. BACH
BWV.1051

TITIA STALLING and LADISLAV DARIDA violas

(Allegro)
Adagio ma non tanto
Allegro

Although titled no. 6, this concerto was actually the first to be written. It is painted in dark colours using two solo violas, two gambas, cello, bass and harpsichord. The first movement makes great play of close imitation between the two violas. In the second, the two gambas are left out and the resultant concertino group is used to sing a long melodic dialogue between the two violas above the measured tread of the bass and sustained notes of the continuo. At the climax of the movement, the bass instruments unite to make their own statement of the theme. The finale is in the manner of a gigue with brilliant parts for the two violas whose phrases are dovetailed in such a way as to sound like one instrument.

CHROMATIC FANTASY AND FUGUE - J.S. BACH
ARNOLDT BOSMAN piano

In the Chromatic Fantasy, Bach created a work of solemn splendour, romantic pathos and organic unity comparable to that of the Passions. Within a seemingly disordered structure, he takes us from a toccata-like opening, through a recitativo of great anxiety to a coda of conditional resignation. The fugue subject restores the mood of determination of the recitativo, and moves through labyrinths of contrapuntal virtuosity with an inevitability which gathers momentum and power until the last bar, where it ends with a final gesture of strength.

TRIO FOR PIANO, CELLO AND CLARINET, op. 11 - L. VAN BEETHOVEN
1770 - 1827

BARRY JORDAN clarinet
MAYA GAERTNER cello
ERNST ENGELBRECHT piano

Beethoven succeeded in making a great and decisive step forward with the Trio in B flat major for piano, clarinet and violoncello, op. 11, which he wrote during the first half of 1798. The use of the clarinet with the cello betrayed an attempt at a new sound, even though the piece still has many links with the entertainment music of the 18th century, one of which is the concluding movement of variations on a theme from Weigl's opera "L'amor mariano" (The

Afbeeldings 34 en 35: Twee konsertprogramme waarby Bosman as pianis opgetree het.

In sy finale jaar as musiekstudent aan die Universiteit van Kaapstad het Bosman gereed in die voordragkonserte opgetree. Van die werke wat hy uitgevoer het, het ingesluit: *Ballade in g, opus 23* van Chopin, *Sonate vir vier hande* van Poulenc en weereens die *Chromatiese fantasie en fuga* van Bach. Tydens al hierdie konserte is daar kortliks evaluerings deur meestal Michael Brimer, Lamar Crowson of Laura Searle geskryf. Hierdie resensies is aan die studente teruggegee. Uit al die resensies is dit duidelik dat Arnold spel van hoë gehalte gelewer het, alhoewel daar in bykans al die terugvoer melding gemaak word van die glipse en met tye ook die verkeerde note. Hy is egter deurgaans gekomplimenteer wat styl en musikale insig betref. 'n Resensie wat prof. Michael Brimer na afloop van Arnold se voordrag van Bach se *Chromatiese fantasie en fuga* geskryf het, het soos volg gelui:

Fantasy: Opening scales very good. Style good – musically satisfying. Some odd slips though and some extremely interesting arpeggio chords! You recovered well.

Fugue: Speed alright and kept going well. Clear, but one or two small mix-ups and not so small mix-up towards the end. The end was good. Well grasped overall. A pity about the slips.⁴⁶

Bosman was ook deel van 'n program wat op 1 Junie 1979 deur The Contemporary Music Society van die College of Music in die Chisholm Recital Room aangebied is. Tydens hierdie konsert is daar op die klavierwerke van Arnold Schoenberg gefokus. Hy het die *Twee klavierstukke, opus 33a en 33b* gespeel. Ander pianiste wat opgetree het, het ingesluit Brian Larter, Hendrik Hofmeyr, Peter Klatzow, Alex Dichmont en Marika Hofmeyr. James May was verantwoordelik vir 'n inleidende lesing.⁴⁷

In September 1979 is Bosman ook gekies om deel te neem aan die meesterklasse wat deur Carlo Zecchi by die College of Music aangebied is. Sy finale voordragkonsert vir die B Mus-graad het op 19 November 1979 in die Hiddingh-saal plaasgevind. Bosman se program vir dié konsert het bestaan uit die *Sonate in E-mol, opus 81* van Beethoven en die *Sonate in A nr. 6, opus 82* van Prokofiëf.⁴⁸

Volgens die uitslagadvies van die Universiteit van Kaapstad het Bosman die graad Baccalaureus Musicae (Prakties) in Desember 1979 met onderskeiding in klaviervoordrag ontvang. Tydens sy studiejare het hy verskillende pryse ontvang. In 1976 ontvang hy die Bach-prys, in 1977 die Van Hulsten-beurs, in 1978 die Chopin-prys asook 'n bykomende musiekbeurs en in 1979 ontvang hy die klasmedalje asook die Megan McKenzie Memorial-prys ter waarde van R1000,00.⁴⁹ Gedurende Julie 1979 het


⁴⁶ Konsertprogramme en resensies van konserte, 11 April 1979, 18 April 1979, 16 Mei 1979.

⁴⁷ Konsertprogram, College of Music, 1 Junie 1979.

⁴⁸ Konsertprogram, College of Music, 19 November 1979, brief, Universiteit van Kaapstad, 12 Maart 1979.

⁴⁹ Uitslagadvies van die Universiteit van Kaapstad, 9 Oktober 1980, brief, mev. J S Johnston namens Registrateur, Universiteit van Kaapstad, 12 Maart 1979.

Bosman Wenen besoek waar hy meesterklasse bygewoon het wat deur Stanislav Neuhaus aangebied is. Hiervoor het hy 'n sertifikaat van deelname ontvang.⁵⁰



Abbeelding 36: Brief van die Universiteit van Kaapstad insake die toekening van die Megan McKenzie-beurs, 1978.

⁵⁰ Sertifikaat, Wiener Meisterkurse für Musik, 17 Julie 1979.

WIENER MEISTERKURSE FÜR MUSIK



ZERTIFIKAT

Es wird hiermit bestätigt, daß

Herr _____ Arnold Bosman _____
Frau _____
Frl. _____

als Hörer an dem WIENER MEISTERKURS

_____ für Pianisten _____

unter Prof. _____ STANISLAV NEUHAUS _____

teilgenommen hat.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'S. Neuhaus', written in a cursive style.

Wien, den _____ 17. Juli 1979 _____

COUNCIL ON INTERCULTURAL RELATIONS, 1090 WIEN, BINDERGASSE 5-9

Afbeelding 37: Sertifikaat, Wiener Meisterkurse für Musik, 1979.

Uit die talle briefwisseling tussen Bosman en sy ouers tydens sy studiejare blyk dit dat hy, soos dit die geval was, gedurig vir sy nasionale diensplig opgeroep is. Ten einde verdere uitstel van hierdie diensplig te verkry het prof. Michael Brimer, die destydse departementshoof en direkteur van die College of Music, teen die einde van Bosman se studies op 4 September 1979 soos volg oor hom getuig:

I have known Arnoldt Bosman since he came to the College of Music of this University as a student at the beginning of the 1976 academic year.

He has an exceptional talent for music, and during his time here has proved himself to be an outstanding student.

I can see no reason why he should not make a very great success of his chosen career, and warmly support his application for further deferment of military training so that he may continue his studies in Holland. He will be a great asset to music in this country in his return.⁵¹

Op 24 November 1976 het Bosman na Londen vertrek. Op 21 Desember het hy die Licentiate of the Royal Academy of Music-eksamen (LRAM) by die Akademie gaan speel, asook die verpligte geskrewe werk voltooi. 'n Dagboekinskrywing skets min of meer hoe Arnold oor dié eksamen se uitslae gevoel het: "Uitslae. Wel, wel. Dit beteken tog sweet blow all – behalwe LRAM (LONDON)!"⁵²

Hy het by sy ouers tuisgegaan en in hierdie tyd 'n hele aantal klavieruitvoerings bygewoon, waaronder deur Lazar Berman, Maurizio Pollini en Alfred Brendel. Oor laasgenoemde het Arnold 'n aantekening in sy dagboek gemaak: "Brendel: Illuminating. Hy laat my so aan Lamar dink."⁵³

⁵¹ Getuigskrif, prof. Michael Brimer, 4 September 1979.

⁵² Sien voetnoot 10.

⁵³ Idem ditto.

HOOFSTUK 5

BOSMAN IN TRANSITO

5.1 Bosman se finansiële situasie na afloop van sy studies

Bosman het reeds tydens sy voorgraadse studie in Kaapstad die wens uitgespreek om sy studie oorsee voort te sit. Gevolglik het hy aansoek gedoen vir geldelike ondersteuning vir sy voorgenome studies. Die Universiteit van Kaapstad het egter eers in Maart en April 1980 vir Bosman in kennis gestel dat hy wel beurse ontvang het. Teen daardie tyd was hy reeds vir 'n geruime tyd in die buiteland. Die Jules Kramer Music and Fine Art-toekenning ter waarde van R2 000,00 asook die Harry Crossley-beurs ter waarde van R3 000,00 is vir 1980/1981 aan hom toegeken. Die Registrateur van die Universiteit, R L Dyssell, skryf soos volg: "I take pleasure in advising you that you have been awarded the above-mentioned grant to assist your studies for the 1980/81 overseas academic year."¹

Bogenoemde beurse is in drie gelyke paaieimente aan Bosman oorbetaal, wat noodwendig finansiële implikasies vir hom ingehou het. In daardie stadium het sy ouers pas van Nederland af na Suid-Afrika teruggekeer, waar hulle hulself in Pretoria gevestig het. Volgens briefwisseling wat tussen Bosman en sy ouers in dié tyd plaasgevind het, kan afgelei word dat hulle bekommerd was, nie net oor sy finansiële status nie, maar ook oor hul eie persoonlike situasie. Dit is duidelik dat hulle nie in daardie stadium in die posisie was om vir Bosman finansiël by te staan nie. Finansiële hulp het egter volgens sy ma, in 'n brief aan Arnold, uit alle oorde gekom:

Liefste Boet,

Pappa en ek het juis vandag net gewonder of daar al iets besluit is oor jou beurs. Ons hou duim vas, want dit sal darem baie makliker wees as jy daarvoor sekerheid het, nè! Intussen help die geld wat Ouma, tannie Adri-hulle en tannie Joey-hulle gestuur het darem seker vir jou.²

¹ Briewe, Universiteit van Kaapstad, 13 Maart 1980, 16 April 1980.

² Brief, 13 Maart 1980.

In 'n brief van Bosman aan sy ouers het hy soos volg gereageer:

Ek was baie geraak deur Mamma se familie se onselfsugtigheid en het dus ook al aan hulle geskryf. As ek dink dat hulle nog minder as die gekultiveerde Bosmans begryp wat my loopbaan behels, of wat dit beteken en kos om in Europa te woon, dan besef ek dat hulle hulp opreg bedoel is en daarom aanvaar ek dit met opregte dankbaarheid.³

As Suid-Afrikaanse diplomaat in die destydse apartheidsregering was Willem by talle geleenthede die teiken van vyandiggesindheid van die gemeenskap waar hulle hul in sekere stadiums bevind het. In sommige gevalle het daar selfs graffiti met haatspraak teen die ambassade se mure verskyn. Dit is vanselfsprekend dat die Bosmans by meer as een geleentheid bedreig gevoel het. Na slegs agtien maande in Nederland is die Bosmans in Februarie 1980 dringend versoek om die ambassade daar te verlaat, aangesien Willem Bosman as 'n veiligheidsrisiko beskou is.⁴ Die Bosmans se terugkeer na Suid-Afrika het nie sonder probleme plaasgevind nie. In die eerste plek moes daar verblyf vir Arnold gekry word, aangesien hy by sy ouers in Wassenaar gewoon het. Mnr. en mev. Kerstiëns wat in daardie stadium huisvriende van die Bosmans was, het aangebied dat Bosman by hulle kan tuisgaan. Terug in Suid-Afrika moes Willem en Heleen eers tydelik by ander mense woon, waarna hulle na 'n huis in Hans Pirowstraat, Muckleneuk kon trek. Met hulle aankoms het hulle gevind dat daar 'n reeks probleme was wat eers uitgesorteer moes word. Daar was gebarste pype, lekkende krane, stukkende toilette en die oond het volgens sy pa, Willem, soos 'n "sieketrooster" gewerk. Hulle motor het sonder 'n battery, radio, ruitveërs en voorste buffer in Suid-Afrika aangekom. Dit was dus duidelik dat die Bosmans in daardie stadium groot finansiële uitgawes in die gesig gestaar het. Sy pa spreek soos volg sy dankbaarheid in 'n brief aan Arnold oor die Crossley-beurs uit:

Die ingeslote mededeling oor die addisionele R3 000,00 is 'n gebedsverhoring en het my gees vandag gesublimeer. Gisteraand het ek in gebed die Here byna uitgedaag om te bewys dat Hy nog na ons omsien en dat Hy Sy hand oor ons hou. Vanoggend antwoord Hy met 'n klinkklare

³ Brief, 20 Maart 1980.

⁴ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, 21 Maart 2010.

bewys en sê vir my helder en duidelik dat ek nie mag twyfel nie. Hy is my Herder.⁵

Bosman se finansiële situasie tydens hierdie jare het uit die aard van die saak gereelde spanning tussen hom en sy ouers veroorsaak. In 'n brief het hy sy misnoeë geverbaliseer jeens die feit dat sy ouers, volgens hom, nie verstaan het hoe duur die lewenskoste in daardie stadium in Europa was nie.

Een ding wat ek moeilik vind om te begryp is hoe Pappa, na 18 maande in Nederland, kan vra of ek met R2 000,00 sal "regkom". Ja, ek sal, as ek aanhou woon by die Kerstiëse, waar ek niks betaal vir ten minste een ete per dag nie en as ek, soos tot nou toe, geen konserte bywoon, geen boeke koop, geen tram of bus ry, geen somerkursus bywoon en geen siekteversekering uitneem nie (dus ook nie siek word nie).⁶

In die daaropvolgende brief van sy ouers het sy ma soos volg gereageer:

Pappa het nou net jou brief gebring met die depressiewe paragraaf. Dink jy nou regtig dat ons jou in Holland sal los met net die beursgeld? Pappa het nagelaat om te sê dat ons natuurlik ons deel sal bydra, omdat dit so vanselfsprekend is. Jy dink ook maar altyd die slegste van jou ouers.⁷

Willem en Heleen het gereeld met hul seun deur middel van briefwisseling gekommunikeer. Dit was naas telefoonoproepe immers die algemeenste vorm van kommunikasie oor lang afstande. Die aantal briewe wat sy ouers aan hom geskryf het, laat geen twyfel nie dat hulle intens in sy loopbaan belanggestel het. Die feit dat finansies gedurende hierdie tyd bykans altyd 'n twispunt was, is duidelik. Bosman was self 'n komplekse persoon en die bogenoemde uittreksels uit hierdie spesifieke briewe dui op die komplekse verhouding wat daar tussen hom en sy ouers bestaan het. Hieruit kan daar afgelei word dat hy terselfdertyd in sy ouers se verhouding met hom "geborge" was, en hom tegelykertyd toenemend van hulle gedistansieer het (vergeelyk weer Reed 2011:4, asook die opmerkings onder 2.2 en 4.2).

⁵ Brief, 22 April 1980.

⁶ Sien voetnoot 3.

⁷ Brief, 26 Maart 1980.

Bosmanse verblyf in Holland was ook 'n bron van groot kommer. Hy moes dringend ander huisvesting soek. Die Fransehoring-speler, Peggy Walsh, vir wie Bosman gereeld begelei het, het vir Bosman van 'n huurhuis vertel.

Daar is nou 'n moontlikheid dat ek 'n huis kan huur in Alexanderstraat, ek sal dit moet deel – huur is 500 gulden per maand – dit sal dus heel redelik wees teen 250 gulden per persoon, voordele is dat dit heeltemal afgesonderd is – as ek 'n klavier kan kry, sal ek kan oefen – die plek het selfs 'n groot tuin!⁸

Teen Mei 1980 het Bosman steeds by die Kerstiëns-familie gewoon. Hy het te kenne gegee dat hy sy verblyf daar geniet en dat hy verder mev. Kerstiëns se geselskap stimulerend vind.

Met my gaan dit soos gewoonlik goed. Ek woon nog baie lekker hier by die Kerstiëns (hulle laat weet groete). Mev. Kerstiëns is baie interessant en ons gesels nagte om oor soveel dinge. Ek besef nou ook wat die dood van Gemma eintlik beteken het in hulle gesin – en is bly dat daar so vryelik oor gepraat kan word.⁹

Gemma, na wie Bosman in die bogenoemde brief verwys, was die jongste dogter van mev. Kerstiëns by wie Bosman gebly het.¹⁰ Dit is veelseggend dat Bosman se opmerking in sy brief wat hierbo aangehaal word op 'n bepaalde identifisering met die Kerstiëns dui wat bykans 'n soort plaasvervangende “familieverband” suggereer.

5.2 Bosman se voorgenome studie by Maria Tipo

Gedurende sy studies aan die Universiteit van Kaapstad het Bosman homself as uitmuntende student bewys. Verskeie beurse vir verdere studie wat nou benut moes word, is aan hom toegeken. Aangesien Bosman se klaviersosent, Lamar Crowson, 'n groot aanhanger van die onderrigmetodes en denke van die bekende pianis en pedagoog Maria Tipo was, het hy vir Bosman aangemoedig om by haar te gaan studeer. Bosman het deur middel van plaatopnames naderby met Tipo kennis gemaak en sy wens uitgespreek om by haar te gaan studeer. Sy was verbonde aan

⁸ Brief, 22 April 1980.

⁹ Brief, 10 Mei 1980.

¹⁰ Brief, 23 April 1981

die Conservatorio Statale di Musica "L. Cherubini" in Firenze, Italië. Volgens sy ouers was Bosman beslis van plan om na afloop van sy studies in Kaapstad 'n loopbaan as solo-pianis te volg. Dus was hy oortuig daarvan om by Maria Tipo te gaan studeer.¹¹ Een van Bosman se medestudente, Hendrik Hofmeyr, sou ook by Tipo gaan studeer. Hofmeyr het Tipo tydens sy studiejare in Kaapstad in 'n klavieruitvoering gehoor waar sy J S Bach se *Goldberg-variasies* gespeel het.¹²

Tipo is in 1931 in Napels gebore en is 'n leerling van Alfredo Casella en Guido Agosti. In 1949, op sewentienjarige ouderdom, wen sy die Internasionale Klavierkompetisie in Genève en in 1952 verower sy 'n derde plek in die Koningin Elisabeth-klavierkompetisie in Brussel. Sy het gedurende haar loopbaan talle pryse ontvang, waaronder die Saint-Vincent Long Playing-toekenning (1979), die Gino Tani-toekenning en die Le Muse- toekenning. Sy ontvang ook die Officier des Ordre des Arts et des Lettres in Frankryk en die Fiorino D'Oro in Firenze.¹³

5.3 Eers na Den Haag in Nederland

Aangesien die akademiese jaar in Europa eers in September 'n aanvang neem, was daar 'n periode van ten minste agt maande waartydens Bosman nie formeel aan 'n inrigting as student verbonde was nie. Indien Bosman hom nie inderhaas by 'n akademiese instansie in die buiteland ingeskryf het nie, sou hy ook die gevaar loop om die beurse wat reeds aan hom toegeken was, te verbeur. Siende dat Bosman se pa aan die ambassade verbonde was en sy ouers in daardie stadium vir 'n geruime tyd in Nederland gewoon het, het hulle voorgestel dat hy vir die tydperk Januarie tot September 1980 Nederland toe gaan, spesifiek na Den Haag, om by die Koninklijk Conservatorium voor Muziek te gaan les neem. Daar het hy by Theo Bruijns klavieronderrig ontvang. Dit is duidelik dat Bosman se ouers intens in hul seun se vordering en doen en late belanggestel het. Hiervan getuig sy ma se navrae oor hoe dit met sy lesse by mnr. Bruijns gaan en ook watter repertorium hy by hom geleer het.¹⁴

Volgens 'n brief waarin Bosman se pa hom meedeel hoe dit met hul hervestiging in Pretoria gaan, is dit duidelik dat dit in daardie stadium nie altyd goed met Bosman

¹¹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 21 Februarie 2010, 18 April 2010.

¹² Onderhoud met Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 27 Mei 2010.

¹³ Baker's *Biographical Dictionary of 20th Century Musicians*, 1997.

¹⁴ sien voetnoot 2.

gegaan het nie. Sy klasse by Theo Bruijns was nie 'n sukses nie en Bosman het sy ouers meegedeel dat hy van plan was om 'n ander heenkome te vind. Volgens die brief het Bosman dit oorweeg om na Hongarye te gaan. Sy ouers reageer soos volg hierop:

Ons wag natuurlik in spanning op die groot nuus waarvan jy praat. Dat dit met Bruijns nie uitwerk nie, is nie 'n skok nie en as jy beter kan doen, doen dit gerus. Soos ons in jou brief 'n groter bestendigheid, nie alleen in die inhoud nie maar ook in die skrif, opmerk, so sal jy seker ook uit hierdie brief kan aflei dat ons albei heelwat rustiger is. Mams het nog nie 'n pos nie en ons draai ons sente maar drie keer om. Ons is egter kalm oor alles en glo dat daar 'n doel met alles is ... Wat Budapest dus betref – glo net dat jy sal gaan as jy moet en sien jousef daar.¹⁵

Gedurende sy verblyf in Den Haag het Bosman homself onderskei en in 'n hele paar konserte opgetree. Op 16 April 1980 het hy tydens 'n huiskonsert in Rotterdam opgetree waar hy saam met Arlia de Ruiter Brahms se *Vioolsonate in G, opus 78* uitgevoer het. Later in dieselfde jaar het Bosman by die Koninklike Konservatorium in 'n ensemble onder die leiding van Reibert de Leeuw opgetree. Bosman het die klavierparty behartig in uitvoerings van werke deur Arnold Schoenberg en Anton Webern, wat op 27 Junie 1980 plaasgevind het. Tydens hierdie konsert is afskeid geneem van die adjunkdirekteur van die konservatorium, Bernard Renooij.¹⁶

¹⁵ Brief, 21 Mei 1980.

¹⁶ Konsertprogramme, 16 April 1980, 27 Junie 1980.



**Koninklijk Conservatorium
voor Muziek | 's-Gravenhage**

Korte Beestenmarkt 7
tel. (070) 63 99 25

Volgnummer

2817

Legitimatiebewijs van:

Handtekening
van de houd(st)er

Arnoldus Bosman

Naam Bosman

Voornamen Arnoldus Johannes

Geb.datum 31-10-1957

Handtekening
van de zakelijk leider

H. Appeldoorn

Geb.plaats Bloemfontein/South
Africa

Hoofdvak(ken): Piano

Datum eerste inschrijving

Vorbereidende klasse

Dit bewijs is geldig voor
de aan de achterzijde
vermelde jaren

Hoofdklasse 1-8-1979

MAVO

Afbeelding 38: Arnold se studentekaart by die Konservatorium in Den Haag.

Concert ter afsluiting van het cursusjaar 1979-1980

Vrijdag 27 juni 1980, aanvang 20.00 uur

20e eeuwse muziek uitgevoerd door ensembles
o.l.v. Reinbert de Leeuw

Speciaal programma ter gelegenheid van het
afcheid, wegens pensionering, van de adjunct-
directeur Bernard Renooij

Medewerkende leerlingen

Fluit: Sean Kennedy (ook piccolo)
Hobo: Benjamin Boers
Klarinet: Dorry Hamerslag
Fagot: Erik Reinders
Hoorn: Jan Albers
Piano: Arnoldt Bosman
Harmonium: Nicolette Heerema
Viool I: Frank de Groot
Viool II: Raymond Fonk
Altviool: Harald van de Velde
Cello: Marjolein Meijer
Contrabas: Jeroen Nieuwint

5

Anton Webern (1883 - 1945)

6 Stücke op. 6 (1910); bewerkt door Anton Webern voor fluit,
hobo, klarinet, 2 violen, altviool, cello, contrabas, piano,
harmonium en slagwerk
etwas bewegte Achtel
bewegt
zart bewegt
langsam, Marcia funèbre
sehr langsam
zart bewegt

Medewerkende leerlingen

Fluit: Hans van der Beek
Hobo: Hans Cuypers
Klarinet: Wim de Bos
Piano: Arnoldt Bosman
Harmonium: Nicolette Heerema
Slagwerk: Harm Bieger, Daan Braber, Rob Brand,
Reinhold Westerheide
Viool: Christl Postma, Lex Prummel
Altviool: Galina Sinclair
Cello: René Geesing
Contrabas: Elsje Fokkelman

Afbeeldings 39 en 40: Die finale konsertprogram en inhoud in Den Haag, 1980.

5.4 Bosman se studies by Alessandro Specchi aan die Cherubini Konservatorium in Firenze


In September 1980 is Bosman uiteindelik na Firenze om by die Cherubini Konservatorium, en wel by Maria Tipo, te gaan studeer. Volgens sy ouers het hy tydens een van sy besoeke aan Londen reeds 'n oudisie by haar afgelê. Aangesien sy in daardie stadium reeds deur die platemaatskappy EMI gekontrakteer was om al die sonates van Mozart op te neem, kon sy hom nie as student neem nie en is Bosman op haar aanbeveling na haar man, Alessandro Specchi, wat ook by die Cherubini werksaam was.¹⁷

In Firenze het Bosman nie 'n instrument gehad om op te oefen nie en was hy genoodsaak om 'n klavier op gereelde basis te huur. Hy het vir November 1980 'n Petrov-klavier teen die bedrag van L33 000 gehuur, asook weer later vir twee maande in Julie en Augustus 1984, waarvoor hy L55 000 betaal het. Tussen 1980 en

¹⁷ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 21 Februarie 2010.

1984 het Bosman groot somme geld op die huur van 'n klavier bestee. Daar bestaan vele fakture wat getuig van al die transaksies tussen hom en die G Ceccherini & Co musiekwinkel in Firenze.¹⁸

Specchi, wat in Milaan gebore is, was self 'n student aan die Chigiana Akademie in Siena waar hy onderrig van Tipo en Guido Agosti ontvang het. Hy het ook onderrig van Geza Anda in Luzern ontvang. As pianis het hy wêreldwyd as solis en ook in ensemble saam met onder andere Maria Tipo, Uto Ughi, Antony Pay, Giorgio Zagnoni, Quartetto di Venezia, Franco Petracchi en William Parsons opgetree. Saam met Ughi (violis) het hy op 22 Mei 2010 tydens die Wêreld-ekspo in Sjanghai opgetree waar hulle Italië verteenwoordig het. Hierdie konsert het in die Sjanghai Oriental Art Centre plaasgevind. Specchi was werksaam by verskeie instansies, onder andere vanaf 1965-1985 as klavierpedagoog by die Cherubini Konservatorium in Firenze, direkteur van die Mascagni Konservatorium in Leghorn, asook die artistieke direkteur van die Toskaanse Simfonieorkes. Hy het verskeie opnames vir Ricordi, RCA, Fonit Cetra en Foné gemaak. Tans is hy verbonde aan die Akademie in Firenze en die Internasionale Akademie in Portgruaro.¹⁹



Afbeeldings 41 en 42: Die Konservatorium Luigi Cherubini en die hoofingang in Firenze.

¹⁸ Fakture, G Ceccherini & Co musiekwinkel, November 1980, Augustus 1984.

¹⁹ Persverklaring van Ughi en Specchi se konsert tydens Wêreld-ekspo, 2010.

Hendrik Hofmeyr, 'n medestudent van Bosman in Firenze, het ook by Specchi les geneem. As pedagoog het Specchi nie vir Hofmeyr beïndruk nie. Hy het wel te kenne gegee dat Specchi oor uitstekende musikale insig beskik het, en dat hy, soos Tipó, 'n obsessie gehad het wat betref egaligheid van toon. Hofmeyr het die volgende gesê: "n Mens kon nooit 'n toonleer speel waarmee Specchi tevrede was nie."²⁰



Afbeelding 43: Johan Cromhout besig met 'n onderhoud met die pianis Marco Rapetti.

²⁰ Sien voetnoot 6.

5.5 Bosman se verbintenis met Marco Rapetti



In Firenze het Bosman 'n woonstel aan die suidekant van die Arno-rivier in die Via del Podestà 19 betrek, wat hy vir 'n ruk lank met 'n medestudent, Marco Rapetti, gedeel het. Rapetti (vandag 'n internasionaal gerekende konsertpianis en musikoloog) het later by die Juilliard Musiekskool in New York verder gaan studeer, waar hy klavieronderrig van die bekende klavierpedagoog, Seymour Lipkin, ontvang het. Sy studies daar het in 'n doktorsgraad gekulmineer. Tydens my besoek aan Italië gedurende September 2011, is hy op die dag van ons gesprek in kennis gestel van sy permanente aanstelling by die Cherubini Konservatorium in Firenze. Tydens verdere gesprekke met Rapetti gedurende die genoemde besoek het hy die voorkoms van die destydse woonstel aan my as haglik beskryf. Daar was byvoorbeeld geen sprake van behoorlike verhitting nie, en indien daar wel so iets beskikbaar was, kon hulle dit in elk geval nie bekostig nie. Sommige van die vertrekke het ook nie vensters gehad wat deeglik kon sluit nie. Rapetti het Bosman as enigmaties beskryf, want hy kon homself byvoorbeeld heeltemal distansieer van die slegte toestande wat hom omring en soos 'n ware 'aristokraat' daar woon en voorgee dat die situasie glad nie so onguur was nie. In hierdie tyd het baie Suid-Afrikaners van Bosman se goeie gebruik gemaak en ook daar tuisgegaan wanneer hulle Firenze besoek het. So het Jan Repko (bekende Suid-Afrikaanse violis) en Hendrik Hofmeyr op 'n tyd daar gewoon.²¹

In November 1980 skryf Bosman soos volg aan sy ouers:

Hier sit ek op my bed en voel so ryk soos môre heeldag ten spyte van my marmervloer sonder tapyt en my koue vloer wat nou hopelik bedek sal kan word met een of ander dingetjie.²²

²¹ Brief 20 Maart 1980. Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein. 21 Februarie 2010, 18 April 2010. Onderhoud met Marco Rapetti, Firenze, 26 September 2011.

²² Brief, 15 November 1980.



Afbeelding 44: Die ingang van 19 Via del Podesta, Firenze. Afbeelding 45: Die pianis Marco Rapetti in Via del Podesta.

Al het Bosman in daardie stadium vir 'n geruime tyd nie meer in Suid-Afrika gewoon nie, het hy homself steeds in die briewe aan sy ouers oor die politieke situasie in Suid-Afrika uitgespreek. Dit is duidelik dat hy geweldig krities was en dat sommige familie en vriende ook onder hom oor hul politieke standpunte deurgeloop het. Hy het veral nie gekroom om sy sê te sê teenoor diegene wat hom van advies wou bedien nie.

Ek kan doen sonder die wysrede van die Fariseërs in die dopper hemel. Wat gaan dit hulle aan? Of voel hulle bedreig in hul solidariteit? Maar, soos die Italianers sê dit skeel my nie 'n droë vy nie.²³

Met hierdie opmerking distansieer Bosman homself nie slegs van die Gereformeerde konteks nie, maar ook van sy onmiddellike familie- en vriendekring. Hiermee suggereer hy ook op sosiaal-politieke vlak iets van die tipe distansiëring waarna daar onder 2.2 verwys is (vergelyk Reed 2011:4).

²³ Sienvoetnoot 21.

Teen die middel van 1981 het Bosman skriftelike kennis ontvang waarin die Universiteit van Kaapstad bekendgemaak het dat die Harry Crossley-beurs ter waarde van R3 500,00 vir 1981/1982 aan hom toegeken is. Hierdie beurs is in twee gelyke paaie in Augustus 1981 en November 1981 aan Bosman uitbetaal.²⁴

5.6 Bosman besoek Suid-Afrika vir die eerste keer as uitvoerende kunstenaar

Aan die begin van 1981 het Arnold Bosman die geleentheid gehad om vir Suid-Afrikaners te kom demonstree wat hy daardie afgelope jaar met sy klavierstudies in die buiteland bereik het. In Januarie het Bosman as solis saam met die Kaapstadse Simfonieorke in 'n uitvoering van Chopin se *Klavierkonsert nr. 2 in f* verskyn. Hierdie konsert het op 18 Januarie 1981 in die Kaapstadse stadsaal plaasgevind met Gabriel Chmura as dirigent. Die resensent van *The Cape Argus*, Patrick Wise, het die volgende oor die spel van Bosman geskryf:

Now, at 23, he is approaching maturity of style and technique and is clearly deriving great benefit from his overseas opportunities, which are still continuing. He has a wide tonal range (occasionally a wee bit rough), a sensitive control of rubato, and a smooth-flowing bravura facility.²⁵

Johann Cilliers, die resensent van *The Cape Times*, het soos volg geskryf:

However, Bosman showed that he is not only a good technician but also a splendid artist. In the art of interpretation there are no absolutes, and Bosman realized the music through his own image, his own truth ... Even in the swiftest passages there was an admirable control of dynamic gradations while a poetic rubato evidenced itself in cantabile passages.

Sy spel is as subtiel, uitdrukkingsvol en vol verbeelding beskryf, met 'n skopus van uitdrukking wat vanaf die uiterste delikate tot werklike kragtige spel gestrek het.²⁶

²⁴ Brief, Universiteit van Kaapstad, 4 Augustus 1981.

²⁵ Resensie, *The Cape Argus*, 22 Januarie 1981, program, Kaapstadse Simfonieorke, Januarie-Februarie 1981.

²⁶ Resensie, *The Cape Times*, 20 Januarie 1981.

MUSIC



Chopin on Sunday

ARNOLD BOSMAN, above, the 23-year-old South African pianist currently studying in Italy, appears on Sunday night at the City Hall playing the Piano Concerto by Chopin with the Cape Town Symphony Orchestra under the direction of Israeli conductor Gabriel Chmura.

At UCT Bosman studied under Lamar Crowson and Laura Searle, graduating with distinction in piano at the end of 1979. Having been awarded two important bursaries for further study abroad, he entered the Royal Conservatoire in The Hague where he concentrated on the performance of 20th century music.

While in The Hague he also played in Reinbert de Leeuw's famous Contemporary Music Ensemble and was pianist with the

Netherlands Dance Theatre. (Cape Town balletomanes will remember him as the pianist in Capab Ballet's productions of 10 & 3 and Whodunnit).

Bosman, who has had master classes with Rosalyn Tureck in London, and in Vienna with Stanislaus Neuhaus of the Moscow Conservatoire, recently met the great Italian pianist Maria Tipo in London and she arranged for him to study with her husband Alessandro Specchi in Florence. There he also works in the Chamber Music Classes of Franco Rossi, cellist of the renowned Quartetto Italiano, and once a week travels to Milan for conducting lessons.

Interestingly, Bosman and former CTSO principal horn Peggy Walsh teamed up in The Hague to form a duo of ... for ... Arnold ... next week.

Apart from the Chopin Piano Concerto, Sunday's programme includes the beautiful Mother Goose Suite by Ravel and Tchaikovsky's evergreen Romeo and Juliet Fantasy Overture.

Afbeelding 46: Reklame in die plaaslike koerant voor die konsert in Kaapstad.

In die persverklaring vir die voorafgenoemde konsert wat op 13 Januarie 1981 in *The Cape Argus* verskyn het, word vir die eerste keer daarvan melding gemaak dat Bosman een maal per week na Milaan gereis het vir klasse in dirigeerkuns. Hy het reeds in 'n vroeë stadium die wens uitgespreek om te dirigeer, maar op die tydstip

toe Bosman sy skoolloopbaan in 1979 voltooi het, was daar nog nie in Suid-Afrika 'n instansie wat 'n kursus of selfs 'n diploma in dirigeerkuns aangebied het nie.²⁷

5.7 Vryskutwerk om te oorleef

Aan die begin van 1981 het Bosman homself weer by die balletskool bevind waar hy vir verskeie klasse gespeel het om geld te verdien. Hy kon in sy huis aanbly, aangesien hy 'n nuwe huurder gekry het; 'n damestudent van 29 jaar wat ook by Specchi gestudeer het. Bosman het na sy kuier by hulle gedurende Desember 1980 en Januarie 1981 sy dank herhaaldelik teenoor sy ouers uitgespreek. In 'n brief wat hy in Februarie 1981 geskryf het, maak hy melding van 'n baie belangrike besluit wat sy toekomstige loopbaan betref, naamlik dat hy dirigeerkuns as 'n ernstige opsie oorweeg het.

Ek het regtig my tyd by die huis geniet, ek is so beïndruk deur julle positivisme – hoe meer ek daaroor dink hoe meer besef ek dat julle ten spyte van die terugslae daar ryker en sterker uitgekom het. Ek het julle positiewe denke besonder nodig op die oomblik – dit is vir my swaar om 'afskeid' te neem van klavier – maar ek word al hoe meer oortuig. So ek dink in September sit ek in Wenen. Daar is 'n moontlikheid dat ek Zubin Mehta kan ontmoet en met hom gesels.²⁸

Volgens een van Bosman se verdere briewe aan sy ouers sou hy vir Zubin Mehta op 26 Mei 1981 ontmoet het. Hierdie ontmoeting is moontlik gemaak deur 'n Italiaanse vriend wat Bosman se horoskoop uitgewerk het en verstom was met die ooreenkomste tussen dié van Bosman en die horoskoop van Mehta. Hy het soos volg hieroor verder geskryf:

Dis heel interessant, volgens my horoskoop sal ek alleen in die vreemde suksesvol wees in werk en liefde en kan ek nie by of naby my familie wees nie! Verder is my gesondheid uitstekend, maar ek het die konstellasië van

²⁷ Koerantberig, *The Cape Argus*, 13 Januarie 1981. Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Februarie 2010.

²⁸ Brief, 15 Februarie 1981.

kranksinnigheid, of genialiteit en dit is die oorsaak van my depressies wat so gereeld kom en dit word blykbaar alleen maar erger!²⁹

As jong seun het Bosman reeds in sterrewiggelary belanggestel. Dus is die waarde wat hy aan die bogenoemde voorspelling geheg het glad nie vreemd nie. Die moontlikheid bestaan dat Bosman hierdie voorspellings tot 'n groot mate ter harte geneem het en dat dit onbewustelik 'n vormende invloed op sy lewenskeuses gehad het. Die onthulling teenoor sy ouers kan ook geïnterpreteer word as 'n soort voorbereiding waarin hy hulle wou inlig dat hy nie van plan was om gou na Suid-Afrika terug te keer nie. Alle korrespondensie uit hierdie tyd dui immers daarop dat Bosman uit Suid-Afrika wou padgee en wegkom van die invloed van sy familie en vriende. Dit is duidelik dat hy vasberade was om 'n toekoms vir homself in die vreemde te gaan uitbeitel.

'n Derde brief wat hy in 1981 aan sy ouers geskryf het, toon dan ook 'n duidelike waarneembare optimisme. Hierin verseker hy sy ouers dat hy baie gelukkig was in Italië, veral Firenze. In daardie stadium het daar 'n hele aantal vriende van onder andere Oostenryk en Suid-Afrika by Bosman gaan kuier. Sy sosiale lewe het geblom en dit het ook goed gegaan met sy studies. Finansiëel het hy oorleef en hy kon op uitnodiging selfs vir 'n naweek na Perugia toe gaan.³⁰

5.8 Bosman se prestasies by die Cherubini Konservatorium

Teen die einde van sy studies in Firenze in Julie 1982 is Bosman as die beste student by die Cherubini Konservatorium aangewys. Volgens Paolo Antuono, 'n vriend van beide Arnold Bosman en Marco Rapetti, was die diploma reeds aan Bosman toegeken toe die administrasie-afdeling van die Cherubini Konservatorium hom in kennis gestel het dat hy versuim het om 'n baie elementêre toelatingseksamen te skryf en dat hy verplig was om dit af te lê. Bosman het egter geweier en het dit nooit gaan skryf nie.³¹

Sy volledige solo-program wat hy vir die *Diploma di Pianoforte* aan die Cherubini Konservatorium aangebied het, was soos volg saamgestel: *Sonate opus 111* van Beethoven, *Polonaise-fantasie* van Chopin, *La Leggerezza konsert-etude* van Liszt,

²⁹ Brief, 25 Mei 1981.

³⁰ Brief, 6 Maart 1981.

³¹ Onderhoud met Marco Rapetti en Paolo Antuono, Firenze, 26 September 2011.

Prelude, aria et finale van Franck, *Sonate* van Strawinski, *Klavierkonsert nr. 2 in f* van Chopin en *Klavierkonsert nr. 3 in c* van Beethoven. In Rome het hy aan 'n kompetisie deelgeneem waar hy teen ander topstudente van die verskillende konservatoriums in Italië meegeding het. Hier het Bosman die eerste prys verower. Ongelukkig kon hy nie benoem word nie, want die beoordelaarspaneel is ingelig dat Bosman nie 'n Italianer van geboorte is nie, maar wel 'n Suid-Afrikaner. Die prys is wel aan hom toegeken – 'n kontrak vir een jaar as begeleier in meesterklasse vir sangers by die Teatro Comunale in Bologna. Bosman het dus vroeg-vroeg in Italië met die binnepolitiek in die musiekring kennis gemaak.³²

Volgens Hendrik Hofmeyr het Bosman by verskeie teaters as repetiteur aansoek gedoen. As deel van hierdie aansoek moes hy as begeleier by 'n somerskool in Italië optree, waar hy 'n lied vir 'n sanger moes leer, afrig en afrond en op grond daarvan het dit ontwikkel tot 'n volle pos by die Teatro Comunale.³³

5.9 Bosman se benarde finansiële posisie en sprake van dirigent word

Teen 29 Maart 1981 was Bosman desperaat, aangesien hy nog geen nuus ontvang het betreffende die beursgeld van die Universiteit van Kaapstad en het hy ook geen geld meer gehad het nie. Hy het aan sy ouers geskryf dat hy slegs R20,00 in die bank het en dat hy leef van die geld wat hy verdien by die Balletskool waar hy klavier gespeel het. Hy het verder gevra of hulle nie solank vir hom 'n R100,00 kan voorskiet sodat hy sy huur kan betaal nie.³⁴

³² Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 21 Februarie 2010, 28 Februarie 2010. Briewe, 10 Desember 1981, 6 Januarie 1982. Sertifikaat, Conservatorio Statale di Musica "L Cherubini", 22 September 1982.

³³ Sien voetnoot 6.

³⁴ Brief, 29 Maart 1981.



CONSERVATORIO STATALE DI MUSICA " L. CHERUBINI ,,

Piazzetta Belle Arti, 2 - Telefono 21.21.80 - 21.05.02

50122 FIRENZE

CERTIFICATO N. 1567

Si certifica che dai verbali d' esame risulta che il

Sig. **ARNOLDUS J. BOSMAN** nat. o.

in **BLOEMFONTEIN (Sud Africa)** il **31/10/1957**

quale ¹⁹ alunno ha sostenuto e superato, presso questo Istituto i

seguenti esami, riportando le votazioni come appresso :

Denominazione dell'esame	Anno scolastico	Sessione	Votazione (in decimi)
Diploma di PIANOFORTE	1981/82	estiva	NOVE,75

RILASCIARE IL PRESENTE CERTIFICATO A CHIESTA DELL'INTERESSATO PER TUTTI GLI USI CONSUETI

Firenze, li 22/9/82

IL SEGRETARIO
(Dr Vincenzo Russo)



IL DIRETTORE
(M^o Firmino Sifonia)

Alunno o privatista

Afbeelding 47: Die sertifikaat wat Arnold Bosman van die Cherubini Konservatorium ontvang het.

Die kwessie van dirigeerkuns is ook gedurende hierdie tyd weereens deur Bosman in een van sy briewe aan sy ouers genoem, wat daadwerklik daarop wys dat hy benewens bepaalde identifikasies en dis-identifikasies steeds baie ernstig was oor die skuif van konsertpianis na dirigent en dat hierdie droom geleidelik gestalte begin aanneem het. Op 17 Junie het hy vir drie weke 'n dirigeerkursus in Bologna gevolg waarna hy baie uitgesien het. In dieselfde brief het hy sy ouers ingelig dat sy eksamen by die Konservatorium volgens hom goed verloop het en dat beide hy en Specchi tevrede was.³⁵



Terwyl hy nog in Firenze gewoon het, het die Universiteit van Kaapstad Bosman per brief in kennis gestel dat hy suksesvol was in die aansoek om geldelike hulp. Die Jules Kramer-beurs en die Harry Crossley-beurs vir 1982/83 is weereens aan hom toegeken, elk met 'n waarde van R2 000,00. Hierdie geld sou in drie gelyke paaie in Desember 1982, Maart 1983 en Junie 1983 aan Bosman uitbetaal word. Hy het skynbaar die universiteit in kennis gestel dat hy die geld vroeër nodig het en gevolglik is daar besluit om die betalings in Oktober 1982, Desember 1982 en Maart 1983 te maak.³⁶

As gevolg van die tekort aan geld moes Bosman 'n hele paar van sy planne laat vaar. Hy het onder meer die somerskool wat hy in Julie 1981 in Siena wou bywoon, gekanselleer. Hy moes die gas en elektrisiteitsrekening betaal en daar was ook onverwagte loodgieterkoste.³⁷

³⁵ Brief, 4 Mei 1981.

³⁶ Briewe, Universiteit van Kaapstad, 4 Junie 1982, 15 Junie 1982, 11 Oktober 1982.

³⁷ Brief, 4 Augustus 1981.



Afbeeldings 48 en 49: Briewe van die Universiteit van Kaapstad insake die toekenning van die Harry Crossley- en Jules Kramer-beurse, 1982,

5.10 Vryskutwerk as deel van ondervinding en om te oorleef

Volgens beskikbare dokumente en programme wil dit voorkom asof van die eerste professionele optredes in Italië in Augustus 1982 plaasgevind het. Tydens hierdie optredes was Bosman (klavier) deel van die orkes van *Opera Barga* en die balletgeselskap, Aterballetto, in uitvoerings van die volgende werke van Strawinski: *Agon*, *Histoire du soldat*, *Ragtime* en *Renard*. Barga is 'n Middeleeuse Toskaanse dorpie in sentraal Italië met ongeveer tienduisend inwoners. Aterballetto het sy naam in 1979 gekry toe die choreograaf, Amedeo Amodio die geselskap gestig het en waar hy tot 1996 in die hoedanigheid werksaam was. Hierdie geselskap is gesetel in die dorpie, Reggio Emilia, noord-wes van Bologna. Die eerste uitvoerings het op 9 en 10 Augustus 1982 in die Teatro dei Differenti in Barga plaasgevind. Verdere uitvoerings

het op 13 en 14 Augustus 1982, onder andere in Tindari se Teatro Greco en Taormina se Teatro Antico, plaasgevind toe die geselskap na Sisilië getoer het.



Afbeelding 50: Buiteblad van die Opera Barga-program.

Coreografie di Amedeo Amodio
 Maestro concertatore e direttore: Angelo Cavallaro
 Scene e costumi: Emanuele Luzzati
 Disegnatore luci: Claude Tissier
 Orchestra Solisti di Opera Barga
 Maitre de ballet Sally Garbutt
 Maestro al pianoforte Kevin Darvas
 Maestro collaboratore Riccardo Leone
 Coordinatore tecnico: Blagio Raniolo
 Scenografi realizzatori: Francesco Gorgoglione, Manlio Epifania, Daniele Trevisi
 Scenografi: Anna Losaplo, Pier Luigi Puccini, Nicoletta Taranta, Giuseppe Ulian
 Attrezzeria: Bartolomeo Cavallo, Silvana Luti
 Sartoria: Fiona Clogstoun, Anna Maria Heinrich, Maria Gabriella Leuzzi, Ida Meo
 Direttore di scena: Erminio Blandolino

Strumentisti di Opera Barga

1° violino: Attilio Motzo
 2° violino: Mauro Fabbrucci
 viola: Olga Arzilli
 violoncello: Vincenzo Taroni
 contrabbasso: Fulvio Mannola
 pianoforte: Arnold Bosman
 flauti: Maurizio Bignardelli, Lorenza Summonte
 oboi: Pier Luigi Fabretti, Matteo Rossi
 clarinetti: Vincenzo Conteduca
 fagotto: Vitaliano Gallo
 corni: Sergio Boni
 tromba: Davide Simoncini
 trombone: Giovanni Pucciarmati
 percussioni: Annunziata Degli Santi, Folco Vichi

Laboratori di Opera Barga

Scenografia e attrezzeria: Luisa Bottari, Antonella Caraceni, Fabiana Carnicelli, Enza Elliotropio, M. Annunziata Fabbiano, Elise Friis, Lucy Hunt, Mirello Iacovangelo, Silvana Luti, A. Arlette Matteoni, Cinzia Ricci, Salvatore Rossello, Nicoletta Taranta

Costruzione: Nicola Ardito, Benjamin Hunt, Graziano Salis

Sartoria: Fiona Clogstoun, Giuliana Giometti, A. Maria Heinrich, Ida Meo, Maria Ruta

Elettricisti: Massimo Andreini, Stefano Corti, Alessandro Moretti, Luciano Peal

Afbeelding 51: Name van onder andere die kunstenaars betrokke by die produksie.

Hierdie uitvoerings is later op 27 en 28 November 1982 ook in die Teatro Comunale in Modena herhaal. Die repetiteur vir die balletgeselskap was Kevin Darvas. Bosman het skynbaar na afloop van die uitvoerings weer met die opera- en balletgeselskap in aanraking gekom. Op 23 September 1982 het Kevin aan Bosman 'n brief geskryf waarin dit duidelik blyk dat Bosman navraag gedoen het om as repetiteur vir die geselskap op te tree. Darvas het soos volg geskryf:

Dear Arnold

I discovered today that you rang Aterballetto recently. Both Amedeo Amodio and Roberto Giovenardi were interested when I spoke with them about you. Because the company is going on tour to E. Germany soon, and won't be back here till the 20th October, Franco Pollastri, the publicity officer, will get in contact with you about the middle of October. Will you be

able to come and visit us after the 20th to play a class, to talk ...? I am staying with the company until the 15th November so you and I will have the opportunity of seeing one another.³⁸

Daar is egter geen verdere bewyse dat Bosman later weer met hierdie balletgeselskap of opera gewerk het nie.

Op 29 Junie 1982 het Bosman tydens die finale studente konserte van die Cherubini Konservatorium opgetree. Hier het hy die sopraan Maria Gabriella Munari begelei in 'n uitvoering van Dvořák se *Zigeunerlieder*. Alhoewel Bosman die Diploma di Pianoforte op 22 September 1982 ontvang het, het dit reeds duidelik geword dat Bosman tydens sy studies in Firenze meer op kamermusiek en sangbegeleiding gefokus het. Hy het op 30 Augustus 1982 dieselfde sangeres in Ferrara begelei. Tydens hierdie fees wat as die Festival Provinciale de l'unita bekend gestaan het, het hulle werke van Gustav Mahler, Antonin Dvořák en Manuel de Falla uitgevoer. Net die volgende dag, 31 Augustus 1982, het Bosman die Suid-Afrikaanse tenoor, Frances Keeping in 'n liederuitvoering by dieselfde fees begelei.³⁹

Of Bosman in konserte as solis opgetree het, is onbekend aangesien daar nie verdere bewyse van programme bestaan nie.

In 1981 het Bosman met 'n Italianer met die naam Adriano bevriend geraak met wie hy van tyd tot tyd saam vakansie gaan hou het. 'n Brief uit vroeg 1982 dui daarop dat Bosman op Nuwejaarsdag van dieselfde jaar saam met hom na sy familie in Verona gegaan het en dat hulle later naby Trento in die Dolomitiese Alpe gaan vakansie hou het.⁴⁰

³⁸ Feste Musicali-program, 13 Augustus 1982. Omaggio a Stravinsky-program, 14 Augustus 1982. Omaggio a Stravinsky-program, 27 en 28 November 1982. Brief, 23 September 1982. Wikipedia, 30 Maart 2010.

³⁹ Program, Incontri Musicali del Conservatorio, 31 Mei-19 Junie 1982. Festival Provinciale de l'unita, Ferrara. Program, 26 Augustus-7 September 1982, 30 Augustus 1982. Sertifikaat, Conservatorio Statale di Musica "L Cherubini", 22 September 1982.

⁴⁰ Brief, 6 Januarie 1982.

HOOFSTUK 6

PENDELAAR IN EUROPA

6.1 Bosman se werk as vryskutmusikus en repetiteur, hoofsaaklik in Firenze en Bologna

1983 het vir Bosman in Firenze begin waar hy nog by dieselfde adres, naamlik die Via del Podestà 19, gewoon het. Die enigste verskil is egter dat hy nie in Firenze gewerk het nie, maar hoofsaaklik in Bologna, en wel by die Teatro Comunale as begeleier in meesterklasse vir sangers. Rekords bestaan van die moontlike eerste kontrak, gedateer 22 Februarie 1983, waarin hy as pianis in bogenoemde teater aangestel is vir die tydperk 22 Februarie 1983 tot 31 Julie 1983. Sy betaling was destyds L2 000 000.¹

Gedurende hierdie tyd in Bosman se lewe sou hy heel waarskynlik voor groter lewenskeuses te staan kom en sou daar ook baie vrae in sy gemoed ontstaan – wat weereens in die teken van vestiging en die vind van 'n eie plek sou staan. Besluite en antwoorde sou in vele opsigte deurslaggewend wees. Die vanselfsprekende vraag was natuurlik sy toekoms in die buiteland – en met name die vrae of Italië die aangewese plek was om te wees en of hy met verloop van tyd 'n werk sou kry wat vir hom genoegsame inkomste sou genereer om homself in die buiteland te onderhou. Alle dokumentasie en beskikbare feite dui egter daarop dat Bosman, soos in die geval van die meeste kunstenaars wat aan die begin van hulle loopbaan staan, 'n lewe as vryskutmusikus gevolg het. Hy was jonk, onervare en daarby onbekend en moes homself op enige moontlike wyse aan die invloedryke musikale Italiaanse burgery presenteer. As pianis was dit van die uiterste belang om in daardie stadium nie net die organiseerders en teaterbestuurders te beïndruk nie, maar ook die guns van die konsertgangers te wen.

¹ Kontrak met Teatro Comunale, Bologna, 22 Februarie 1983. Brief, 18 April 1983.

ENTE AUTONOMO
TEATRO COMUNALE
40126 BOLOGNA

*

Bologna, 22 febbraio 1983
FG/mt -

CONFERIMENTO DI INCARICO PROFESSIONALE

Con la presente scrittura privata l' ENTE AUTONOMO TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA, in esecuzione della deliberazione n. del , in considerazione dell'assoluta necessità di provvedere, in relazione alle esigenze connesse alla realizzazione del programma artistico approvato dal Consiglio d'Amministrazione con delibera n. del ed a seguito delle disposizioni impartite dal Ministero del Turismo e Spettacolo con nota 4553/TB 28 del 13/7/1975, recepita nelle deliberazioni consiliari n. 221 del 26/9/75 e n. 264 del 7/10/1975, conferisce al Sig. ARNOLDUS JOHANNES BOSMAN residente a DOM. FIRENZE, che accetta l'incarico professionale di PIANISTA dal giorno 22.2.1983 al giorno 31.7.1983, per L'attività di pianista e per le altre collaborazioni musicali relative allo svolgimento dei corsi di perfezionamento del Teatro Studio

Quale corrispettivo per l'opera professionale oggetto del presente contratto al Sig. ARNOLDUS JOHANNES BOSMAN verrà corrisposto un compenso globale lordo di f. 2.000.000,= mensili onnicomprensive.

Le parti contraenti dichiarano che con il presente conferimento di incarico professionale non si attua rapporto di lavoro subordinato.

Letto, approvato, sottoscritto

Arnold Bosman



p. E. A. TEATRO COMUNALE
IL SOVINTENDENTE

[Signature]

Afbeelding 52: Een van die eerste kontrakte by die Teatro Comunale in Bologna, 1983

Bosman se loopbaan het in hierdie jare begin as onervare begeleier, hoofsaaklik in Bologna, in verskeie klasse vir sangers, as solis in talle konserte en as pianis in kamermusiekuitvoerings. Bosman het binne 'n kort tydperk bekendheid as uitstekende begeleier verwerf. Met verloop van tyd is hy as 'n gesogte begeleier beskou en het hy wêreldbekende sangers dwarsoor die hele Italië asook buite die grense van die land

begelei. Sy werk as repetiteur by verskeie teaters, maar veral by die Teatro Comunale in Bologna, het hom tot groot voordeel gestrek. Sy fokus het stelselmatig van klavierspel na dirigeerkuns verskuif. Sy posisie as assistentdirigent vir verskeie dirigente van internasionale faam het nie alleen aan hom die nodige ondervinding verleen nie, maar mettertyd is hy ook aan sommige van die beste musici in Europa bekendgestel.

Mettertyd het Bosman 'n geweldige groot netwerk van vriende gehad, waaronder talle van die beste sangers en instrumentaliste in Europa getel het. Dit het hom in sy latere loopbaan tot groot voordeel gestrek, aangesien hy by vele geleenthede van hierdie kunstenaars gekontrakteer het vir konserte, operas en ander uitvoerings waarby hy as dirigent betrokke was. Hierdie werk het vir Bosman sekere frustrasies ingehou, maar het mettertyd vrugte afgewerp, aangesien hy toenemend gekontrakteer is om in verskeie operahuise in Italië te dirigeer. Sy groot deurbraak het in die vroeë negentigs in Milaan gekom, maar intussen, volgens verskeie briewe wat uit hierdie tydperk dateer, het 'n boheemse sukkelaarsbestaan hom in die oë gestaar. Hy het beswaarlik genoeg geld verdien om sy huur te kon betaal en in die wintermaande was daar ekstra uitgawes, soos die verhitting van die woonstel, wat hom 'n aardige bedrag uit die sak gejaag het. Soos reeds uit vorige hoofstukke geblyk het, het sy benarde finansiële posisie in talle briewe en gesprekke met sy ouers ter sprake gekom.

Die aanvanklike soektog na werk en die onsekerheid wat daarmee gepaard gegaan het, het Bosman ongetwyfeld op bepaalde wyses beïnvloed. Die geldelike ondersteuning wat hy oor 'n tydperk van ongeveer drie jaar van die Universiteit van Kaapstad vir sy oorsese studies ontvang het, het ook tot 'n einde gekom. Dus was Bosman op homself aangewese en in daardie stadium kon sy ouers hom ook nie eintlik van veel finansiële hulp wees nie. Hulle het wel met tye vir hom kleinerige bedrae geld gestuur, soos blyk uit briewe wat deur sy ouers aan hom geskryf is. Sy aanstelling by die teater in Bologna was gevolglik vir sy ouers en ander familie in Suid-Afrika 'n groot gebeurtenis en almal was baie verlig. Sy ma skryf soos volg:

Almal sê ook baie geluk vir jou met jou aanstelling by die teater in Bologna.
Hulle wens jou toe die begin van 'n lang en gelukkige en suksesvolle

loopbaan in jou rigting ... Die geld hierby ingesluit, is solank vir die telefoon, ek stuur vir jou later nog 'n tjek.²

Die feit dat Bosman nou byna daaglik tussen Firenze en Bologna moes pendel, was vir sy ouers ook 'n bekommernis. Hy is gereeld uitgevra of hy al ander verblyf gekry het sodat hy nie so ver hoef te ry nie. In 'n brief van 13 September 1983 het dit duidelik geword dat Bosman wel ander verblyf gekry het en dat hy teen die einde van September die huis in die Via del Podestà moes ontruim.³

Volgens 'n brief wat hy in 1984 aan sy ouers geskryf het, was hy steeds in dieselfde huis in Firenze woonagtig. Hy meld egter in die brief dat die eienaars hom in kennis gestel het dat hy nou werklik die huis sal moet verlaat. Hy het 'n keuse gehad:

Die eienaars van my huis wil my nou met alle geweld uit hê, dus moet ek óf die huis koop(!!!) óf 'n ander oplossing vind. Ek is dus bang ek sit in Australië terwyl hulle in Firenze my goed op straat sit! As ek die geld gehad het, het ek dadelik gekoop, aangesien alles in my voordeel is om die huis baie goedkoop te kry, ek het selfs daaraan gedink om 'n lening by Oude Meester teen 5% aan te gaan en daarmee die huis te koop!⁴

In daardie stadium het sy ouers in Canberra, Australië gewoon, waar sy pa in die diplomatieke diens werksaam was. Hulle wou graag gehad het dat Bosman vir hulle moes gaan kuier. Hy het egter die volgende redes aangevoer waarom dit nie moontlik sou wees nie:

Augustus is ek dus nog vry om te gaan kuier, maar wonder of dit regtig al die geld werd is, moet my nie verkeerd verstaan nie, ek wil ook graag vir julle sien, maar ongelukkig is dit moeilik vir my om weg te gaan sonder dat ek weet presies wat ek gaan doen as ek terugkom. Aan die ander kant is

² Brief, 18 April 1983.

³ Brief, 13 September 1983.

⁴ Brief, 18 Mei 1984.

Augustus hier ook 'n stil maand ... ek weet regtig nie, julle moet maar besluit of julle dit regtig kan bekostig!⁵

Bosman het dikwels met sy ouers oor sy finansiële situasie in Italië gepraat. In bykans elke brief aan sy ouers in 1984 is die onderwerp opgehaal. Dit is duidelik dat hy geen vaste toekomsplanne gehad het nie, maar die beperkinge wat die moontlikhede vir werk betref, was ooglopend. Verder kan afgelei word dat dit vir Bosman nie moontlik was om sonder Italiaanse burgerskap 'n werk te kry nie. Hiermee het hy ook eindelose probleme gehad. In die brief aan sy ouers gedateer 17 Junie 1984 het Bosman dit oorweeg om 'n paar konserte in Suid-Afrika te speel en moontlik ook aan die Internasionale Klavierkompetisie in Pretoria deel te neem. Volgens 'n telegram van die destydse hooforganiseerder van die klavierkompetisie en direkteur van die Musiekdepartement van UNISA, wyle prof. Hennie Joubert, het Bosman vir die kompetisie ingeskryf: "Your entry accepted officially by committee. Good luck with practising."⁶

'n Belangrike gebeurtenis wat vir Bosman tot voordeel gestrek het, was die feit dat hy uit die bloute 'n klavierleerling gekry het. Hierdie leerling was aanvanklik 'n student van een van die dosente by die konservatorium, maar nadat hy Bosman hoor speel het, het hy die besluit geneem om die konservatorium te verlaat en privaat by Bosman onderrig te ontvang. Hiervoor moes die student egter betaal. Volgens Bosman was dit 'n "feather in my cap" en ook polities van belang, want as die student uiteindelik sy eksamen sou speel (agste jaar, die grootste eksamen) sou Bosman noodwendig onder die aandag van die eksamenpaneel gekom het.⁷ Van verdere belang was sy voorbereiding van twee sangers om in La Scala te gaan optree. Hulle was Bernadette Manca di Nissa (alt) en William Matteuzzi (tenoor). Oor laasgenoemde twee sangers skryf Bosman soos volg:

Ek kan dus nou al spog met twee sangers wat ek so te sê vir La Scala voorberei het, nl. Bernadette Manca di Nissa en William Matteuzzi.⁸

⁵ Idem ditto.

⁶ Brief, 17 Junie 1984. Telegram, 2 November 1983.

⁷ Brief, 26 Mei 1984.

⁸ Idem ditto.

Sekerlik een van die grootste gebeurtenisse in Bosman se lewe as pianis in Italië in daardie stadium was sy betrokkenheid as pianis by die meesterklasse van Elisabeth Schwarzkopf by die teater in Bologna in Maart 1983. Dit was volgens sy ouers vir hom 'n wonderlike ervaring waarby hyself baie geleer het, maar ook die begin van 'n lewenslange vriendskap met die diva. Sy het ook vir hom 'n getuigskrif geskryf toe hy later aansoek gedoen het om in die dirigeerkursus opgelei te word: "Mr Arnold Bosman worked as accompanist during my master classes in Bologna in March, 1983. He proved a very able collaborator and I wish him every success in his studies to become a conductor."⁹



Afbeelding 53: Arnold as repetiteur in die meesterklasse van die bekende Elisabeth Schwarzkopf in Bologna, 1983.

⁹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 21 Februarie 2010. Getuigskrif, 17 April 1983.



Afbeelding 54: Arnold as repetiteur in die meesterklasse van die Russies-gebore mezzosopraan Zara Dolukhanova in Bologna, 1983.

6.2 Persoonlike besonderhede rondom Bosman se lewenstyl in die 1980's

Op die vlak van sy persoonlike lewe kan daar opgemerk word dat Bosman sedert sy studentedae in Kaapstad nie 'n vaste slaappatroon gehad het nie en dat hy daadwerklike probleme gehad het om te slaap. Volgens dagboekinskrywings deur Bosman self, asook briewe aan sy ouers en onderhoude met vriende, het hy graag tot laat in die nag met vriende gekuier, gesels en ook gewerk. Dit op sigself kon die rede wees vir sy slegte slaappatroon. Hy was in baie gevalle afhanklik van 'n slaapmiddel om hom te laat slaap. In 'n brief wat sy ma op 14 Julie 1976 aan hom geskryf het, het sy haar bekommernis uitgespreek, maar ook vir hom advies gegee omdat sy in daardie stadium reeds vir jare met dieselfde probleem geworstel het. Sy het die volgende voorgestel:

Ek wonder net of jy dalk een of ander manier van oefening kan kry om jou bloedsomloop goed te stimuleer en jou liggaamlik moeg te maak, sodat jy nie

met 'n oorgestimuleerde brein saans in die bed klim en dan nie lê en tob nie. Glo vir my: Pappa en ek is baie bekommerd oor jou en wens dat ons iets kon doen om jou te help.¹⁰

In 'n brief wat Bosman aan sy ouers geskryf het nadat hulle by hom in Italië gekuier het, skryf hy soos volg:

Hoop nie julle was te verveeld in Italië nie, jammer ek kon nie meer tyd met julle deurbring nie, maar ek was regtig op die rand van 'n ineenstorting, het sedertdien daarin geslaag om bietjie uit te rus, voel dus beter en slaap meer gereeld. Ek het egter weer 2x my bewussyn verloor en voel nogal ongerus daaroor.¹¹

Elon 24 Feb '84.

Arnie Wamm

Hopelik het julle al bered van julle 'drug-malicious' en 'aggressive volcanic eruption'. Hierby ingeluit uitstelt die Cubby Berberian band, wook die band via Pearl Berridge. Die quinn-gedelte is nie uitsteltend nie, die wonder is te op die wonder.

Julle was gelukkig, net na julle weg is is ons getref deur die verskiet kom en sien, nou is dit affies beter, alhoewel stakings aan die orde van die dag is en dus my lewe heel moeilik maak.

Die "Little Sweep" is ook intussen verby, het heel goed gegaan. Die week begin ons met Wamm present van Puccini.

Die man (van Wijk?) het my geheel verruit Midam versogend, heel vriendelik, sal probeer om sinder Maart daar te draai te maak.

Afbeelding 55: Een van Arnold se handgeskrewe briewe aan sy ouers, 1984.

¹⁰ Brief, 14 Julie 1976.

¹¹ Brief, 24 Februarie 1984.

Gedurende hierdie tyd in Bosman se lewe het hy byna desperaat enige werk wat na sy kant toe gekom het aangeneem, omdat werk in die eerste plek nie volop was nie en ook omdat hy finansiëel swaar gekry het. Hy is gereeld genader om begeleidings vir sangers en instrumentaliste waar te neem wat darem vir hom geld in die sak gebring het en hom ook die geleentheid gebied het om met goeie musici te werk. Hy skryf soos volg:

Verder oefen ek baie, het intussen ook werk gekry vir Junie: moet speel en sangers voorberei vir meesterklasse gehou deur o.a. Suzanne Danco, alles onder beskerming van Firenze Lyrica. So, al betaal hulle nie vreeslik baie nie, alles help en dis min werk en hier in Firenze.¹²

Volgens die kontrak is Bosman vanaf 11 Junie tot 3 Julie 1984 in die hoedanigheid aangestel en sy betaling het L800 000 beloop.¹³

Om burgerskap in Italië te verkry het Bosman met die volgende oplossing vorendag gekom:

Wat burgerskap betref, is die mees konkrete moontlikheid tot dusvêr van 'n vriendin van Bernadette, 'n skooljuffrou oujongnoui wat met my sal trou teen betaling van ± R3 000,00, waarmee sy graag vakansie mee wil gaan hou; nou ja, niemand sal dit verniet doen nie en ten minste met haar weet ek dat dit 'n ordentlike familie is wat nie later vir my probleme sal gee nie en die voordele aan so 'n kontrak is vir my van veel groter waarde. Ek sal moontlik op die manier werk in 'n konservatorium kan kry, wat beteken 'n voltydse salaris plus pensioen en vakansievoordele (3 maande per annum) vir 12 ure se werk per week!¹⁴

Hierdie geleentheidshuwelik het nooit plaasgevind nie.

¹² Sien voetnoot 4.

¹³ Kontrak, Firenze Lirica Studio, 25 Mei 1984.

¹⁴ Sien voetnoot 6.

6.3 Bosman se studies aan die Accademia Musicale Chigiana in Siena

Teen die einde van 1984 het dit bekend geword dat Bosman vir die derde Internasionale Mozart-kompetisie ingeskryf het. Hierdie kompetisie het in 1985 in Salzburg plaasgevind. Sy voorgenome program was nie op die inskrywingsvorm aangedui nie. Dit sou hy op 'n later stadium finaliseer en aanstuur.¹⁵

Die Accademia Musicale Chigiana in Siena is in 1932 deur graaf Guido Chigi Saracini gestig met die oog op gevorderde internasionale musiekstudie. Dit word vandag as een van die mees gesogte akademies in Europa beskou. Daar word op 'n gereelde basis meesterklasse vir al die hoofstroominstrumente, asook sang, dirigeerkuns en komposisie georganiseer. Gedurende die somermaande word 'n reeks konserte (Estate Musicale Chigiana) onder die slagspreuk *Micat in Vertice (It shines at the summit)* aangebied.¹⁶

In 1984 het Bosman 'n diplomakursus in kamermusiek (*Musica d'insieme*) aan hierdie Akademie in Siena voltooi. Bosman het 'n halwe beurs vir hierdie kursus van die Akademie ontvang. Sy dosent tydens hierdie somerskool was Riccardo Brengola. Om toelating tot die somerskool te verkry moes alle kandidate 'n toelatingseksamen van een belangrike werk uit die spesifieke repertorium speel. Bosman het onder andere saam met die Trio di Trieste gewerk en tydens hierdie kursus het hy besef dat hy musikaal op dieselfde vlak of selfs beter en verder ontwikkel was as van sy medestudente. Hierdie besef het volgens Bosman se ma geweldig baie vir sy selfvertroue beteken. 'n Finale konsert het op 25 Augustus 1984 by die Akademie plaasgevind, waartydens Bosman die klavesimbelparty in 'n uitvoering van 'n komposisie van Francesco Caturano met die titel, *Progetto divoliera con gatto e draghi*, vir fluit, klarinet, viool, tjello en klavesimbel gespeel het. Bosman het die *Diploma di Merito: Corsodi Perfezionamento in Seminario di Musica da Camera* ontvang.¹⁷

¹⁵ Inskrywingsvorm, Mozart-kompetisie, 28 Oktober 1984.

¹⁶ *Micat in Vertice*, program 2011-2012, Siena.

¹⁷ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 18 April 2010. Diplomasertifikaat, Siena, 30 Augustus 1984. Program, Accademia Musicale Chigiana, 25 Augustus 1984. Kursusprogram, Augustus 1984, Accademia Musicale Chigiana.

Accademia Musicale Chigiana

Attestato di Frequenza

rilasciato a
ARNOLD BOSMAN
Allievo Effettivo nel Corso di Perfezionamento in
MUSICA D'INSIEME
anno 1984

Il Direttore Artistico
Fulco Pratesi



Il Docente
R. Polyzoff

Siena. 29 AGO. 1984

Afbeelding 56: Die diploma wat Arnold ontvang het na afloop van sy studies aan die Accademia Musicale Chigiana in Siena, 1984.

6.4 Bosman se belangstelling in die musiek van Alberto Savinio

Noemenswaardige konserte waarby Bosman in 1984 betrokke was, is die uitvoerings van musiek van Alberto Savinio. Die Italianer, wie se eintlike naam Andres Francesco Alberto de Chirico is, is in 1891 in Athene gebore. Tydens sy geboorte het sy ouers as Italiaanse uitgewekenes in Griekeland gewoon waar sy vader as ingenieur vir die Griekse spoorweë gewerk het. Savinio het tuisonderrig van sy moeder ontvang en op die ouderdom van twaalf het hy aan die Konservatorium in Athene gekwalifiseer waar hy in klavieruitvoering en komposisie gespesialiseer het. Op die ouderdom van veertien is Savinio se vader oorlede. Na afloop van hierdie dramatiese gebeurtenis komponeer Savinio 'n *Requiem* ter nagedagtenis aan sy pa. Nadat sy familie vir 'n kort rukkie na Italië teruggekeer het, is hulle na Duitsland waar hulle in München gaan woon het. Tydens hierdie jare het Savinio by Max Reger klavieronderrig, asook klasse in komposisie ontvang. Teen 1911 het sy werke in populariteit toegeneem en is van sy komposisies in die publiek uitgevoer. In 1914 onder stig Savinio Sincerismo (Sincerism), 'n beweging in musiek waar polifonie en harmonie geheel en al oorboord gegooi is en waar ritme en dissonans die primêre musikale eienskappe is. In dieselfde jaar publiseer Savinio sy dramatiese gedig met klavierbegeleiding in die vorm van 'n Suite met oorspronklike illustrasies, getitel *Les chants de la mi-mort*.¹⁸

Alhoewel hoofsaaklik in Frans geskryf, is daar ook dele in Italiaans. Die werk bestaan uit een bedryf waarin daar vier tonele verskyn wat losweg aaneengeskakel is. Dit handel hoofsaaklik oor die konsep, slaap, en bevat vreemde melankoliese karakters. Dit word beskou as een van die belangrikste werke in die Surrealisme sedert 1910.¹⁹ Hierdie werk is self deur Savinio in 1914 in Parys uitgevoer en het die aandag van figure soos Apollinaire, Strawinski, Picasso en ander Franssprekende intellektuele denkers getrek. Na die aanvanklike sukses van hierdie werk het Savinio komposisie laat vaar en eers weer in die 1940's gekomponeer. Vandag word daar steeds na Savinio

¹⁸ Program, 18 Februarie 1985, Canberra School of Music.

¹⁹ Idem ditto.

verwys as die vader van Surrealisme en André Breton beskou hom as 'n belangrike voorloper van die Dada-beweging.²⁰

Een van Savinio se beste nouvelles, *Infasia di Nivasion Dolcemare* (Infancy of Nivasion Dolcemare), is in 1941 gepubliseer. Die boek handel hoofsaaklik oor kunstfilosofie. In 1950 is twee operas gepubliseer, naamlik *Orfeo vedova* en *Agenzia Fix*. Kort voor sy dood op 5 Mei 1952 in Firenze het Savinio sy vyfde en laaste opera, *Cristoforo Colombo* voltooi.²¹

Danksy die belangstelling en entoesiasme van die Italiaanse teaterregisseur, Emanuele Zanella, het daar gedurende die 1980's 'n herlewing van die musiek van Savinio in Italië plaasgevind. Hy het 'n reeks konserte van ongepubliseerde werke in samewerking met Arnold Bosman op die planke gebring. Hierdie uitvoerings is onder die titel *Soirée-Savinio* aangebied.²² Op 23 Desember 1984 was Bosman die musiekregisseur en het hy ook die klavierparty in 'n uitvoering van *Les chants de la mi-mort* behartig. Hierdie konserte het in die Bibiena-teater in Mantua plaasgevind.²³

Gedurende 1985 het Bosman en Zanella weer kragte saamgespan en op 1 Junie 1985 het daar weer 'n *Soirée Savinio* plaasgevind en wel in die Teatro Tenda op Albarella, 'n eiland suid van Venesië. Volgens Bosman was die aanbieding 'n reuse-sukses en meer as duisend mense het dit bygewoon. Die geselskap is die volgende dag uitgenooi om die program in Ferrara te herhaal. Hierdie konsert het in die Palazzo dei Diamanti, een van die belangrikste kunsgalerye in die wêreld, plaasgevind, waartydens werke van Giorgio de Chirico (Savinio se broer) uitgestal is. 'n Volgende konsert het op 9 Augustus 1985 in die Teatro Comunale in Ferrara plaasgevind. Vir laasgenoemde konsert het Bosman L450 000 ontvang.²⁴

²⁰ *Dictionary of Literary Biography* (2002) Thomson Gale, (2002).

²¹ Sien voetnoot 20.


²² Sien voetnoot 18.

²³ *Soirée-Savinio*-program, 23 Desember 1984.

²⁴ *Soirée-Savinio*-program, 1 Junie 1985. Kontrak, Teatro Comunale, Ferrara, 27 Julie 1985. Brief, 1 Julie 1985.



Comune di Mantova
Assessorato alla Cultura
TEATRO BIBIENA
Domenica 23 Dicembre 1984 ore 21.30



SOIREE - SAVINIO

LES CHANTS DE LA MI - MORT
Suite per pianoforte [Ed. Savini-Zerboni]
Chant de la NUIT
Album 1914 [Ed. Savini-Zerboni]

Serata a cura di ALDO GRAZZI

pianoforte ARNOLD BOSMAN
baritono FABRIZIO MACCIANTELLI
soprano MARIA GABRIELLA MUNARI
voce recitante CHARLES HENRY PESSO
voce recitante MICHELE RUSSO

1° direttore musicale ARNOLD BOSMAN
assistente alla regia FABRIZIO IANNEO
costumi RINALDO NOVALI


regia
EMANUELE ZANELLA

Afbeeldings 57 en 58: Een van die Savinio-konsertprogramme waarby Bosman in Mantua betrokke was, 1984.

6.5 Konserte elders in Italië waarby Bosman betrokke was

Bosman het ook in Genua saam met die pianis, Marco Rapetti, opgetree in 'n konsert bestaande uit werke van Liszt. Hierdie konsert het op 13 Desember 1984 in die Oratorium van San Filippo plaasgevind. Op 17 Mei 1985 het Bosman en Rapetti in die Hanbury-saal in Alassio opgetree met 'n program wat uit werke van Mozart, Schubert, Brahms, Schumann en Liszt bestaan het. Van Schumann het hulle *Bilder aus Osten*, opus 66 gespeel en van Liszt die *Mefisto-wals*. Opvallend is die insluiting van 'n Suid-Afrikaanse komposisie, naamlik Arnold van Wyk se *Drie improvisasies op Nederlandse volkswysies*, 'n werk wat Bosman sekerlik as student in Suid-Afrika leer ken het. Volgens Rapetti het hulle saam aan die programme beplan en het hulle baie goed saamgewerk vanweë hulle uitstekende bladleesvermoë en ook omdat hulle musikaal op dieselfde peil was.²⁵

²⁵ Natale nella Città Antica-program, 1 Desember 1984-12 Januarie 1985, Kontrak, 6 Desember 1984. Konsertprogram, 17 Mei 1985. Onderhoud met Marco Rapetti, Firenze, 26 September 2011.



Afbeelding 59: Die konsertprogram van Bosman en Rapetti op 13 Desember 1984 in Genua.

Rapetti het in die onderhoud telkens verwys na Bosman se musikale intuïsie. Dit was veral 'n uitvoering van Bach se *Italiaanse concerto*, wat 'n blywende indruk op Rapetti gemaak het. In die eerste plek was Bosman se spel baie netjies en skoon, maar daar was ook 'n ligtheid en helderheid in sy interpretasie. Wat Bosman se persoonlikheid betref, het Marco te kenne gegee dat Bosman 'n moeilike mens was. Hy het nie maklik gelag nie, alhoewel hy oor 'n skerp sin vir humor beskik het. In Rapetti se woorde: "Arnold was a powerful person with a dark side that could be quite disconcerting. He found himself mostly under the water like a crocodile and would only sometimes come to the surface."²⁶

6.6 Klavieruitvoerings in Canberra en in Sydney

Vroeg in 1985 het Bosman met die hulp van sy ouers wat in daardie stadium in Australië gewoon het, 'n klavieruitvoering in Canberra gegee. Hy het by die School of

²⁶ Onderhoud met Marco Rapetti, Firenze, 26 September 2011.

Music in Canberra opgetree in 'n program bestaande uit die volgende werke: *Chromatiese fantasie en fuga, BWV903, Italiaanse concerto, BWV971*, beide werke van J S Bach, *Sonate in F, K332* van W A Mozart, *Les chants de la mi-mort (The songs of half-death)* van Savinio en *Arch (Fantasia nr. 4, 1980)* van die kontemporêre Australiese komponis, Larry Sitsky. Laasgenoemde komponis het Bosman in Canberra ontmoet terwyl hy by sy ouers gekuier het en Bosman het besluit om een van Sitsky komposisies in sy program in te sluit. Dit was ook die Australiese première van die komposisie van Savinio tydens hierdie uitvoering. Hierdie konsert, wat op 18 Februarie 1985 plaasgevind het, is deur die Suid-Afrikaanse ambassadeur en sy vrou, mnr. en mev. Bastiaanse, aangebied. Ambassadeurs van onder andere Italië, Israel, Oostenryk en Argentinië het hierdie konsert bygewoon. Hierdie konsert is op 24 Februarie 1985 in Sydney herhaal.²⁷

Tydens hierdie besoek het Bosman sy gevoel en indrukke oor Suid-Afrika se politieke situasie aan 'n verslaggewer van die *Daily Telegraph* van Sydney meegedeel (sien 4.1).²⁸

6.7 Vryskutwerk word voortgesit, maar Bologna word as basis oorweeg

Afgesien van die werk by die Teatro Comunale in Bologna waar Bosman verantwoordelik was om verskeie operas voor te berei, het hy hoofsaaklik 'n bestaan as vryskutmusikus gevoer. Op 29 Julie 1985 sou hy en die violis, Jan Repko, 'n uitvoering in Rome gee. Hierdie uitvoering het nooit plaasgevind nie vanweë betogings en protesmarse. Volgens 'n brief wat Bosman aan sy ouers geskryf het, het hulle gehoop dat die Suid-Afrikaanse attaché in daardie jare, ene dr. Kriel, die konsert self sou afstel, maar skynbaar is Bosman en Repko self na dr. Kriel om hul situasie aan hom te verduidelik. Dr. Kriel was glo glad nie tegemoetkomend nie en het die hele saak persoonlik opgevat.²⁹

²⁷ Brief, 14 Maart 1985. Koerantartikel, *The Herald Sun*, Canberra, 24 Februarie 1985. Private dagboek van Arnold Bosman.

²⁸ *The Daily Telegraph*, Sydney, 26 Februarie 1985.

²⁹ Brief, 7 Oktober 1985.

Bosman het wel 'n uitvoering saam met die mezzosopraan, Luana Pellegrineschi, in Bologna gegee. Hierdie konsert het op 29 April 1985 plaasgevind. Werke het ingesluit *Sigeunerlieder, opus 103* van Brahms, *Sigeunerlieder, opus 55* van Dvořák en *Siete canciones populares Espanolas* van De Falla.³⁰

In die loop van 1985 het Bosman vir hom 'n huis in Bologna aangeskaf wat, alhoewel dit talle voordele ingehou het, hom ook 'n taamlike hoeveelheid geld uit die sak gejaag het. Soos in baie ander briewe aan sy ouers het Bosman ook in 1985 sy finansiële verknorsing aan die hand van die weersomstandighede in Firenze aan hulle verduidelik.

Met die lang somer wat ons het, is dit nou ook baie droog. Firenze se water is op en orals het hulle tenks neergesit en al wat leef en beef loop met emmers om te gaan water haal. Dit voel soos in die oorlog. My geldsake begin ook slegter lyk soos wat die droogte erger word, gelukkig het die noodlot vir my ook 'n tenkie kom neersit in die vorm van sangers wat vir my bel vir les – dit stop darem die dag-tot-dag gate toe! ... Verder moet ek in November my belasting betaal en dis ook redelik hoog, hoewel ek weer die grootste deel daarvan terugkry. Ek moet egter vra of julle vir my sal kan geld leen tot Junie volgende jaar? Ek sal teen die huidige wisselkoers (Aus Dollars – Rand) terugbetaal ... Laat my asseblief weet of dit vir julle moontlik is om dus vir my Aus \$2 000 te leen.³¹

Bosman se adres in Bologna was Via Broccaindosso 37. Teen die einde van 1985 het die konsertmeester van die orkes van die Teatro Comunale, Willem Blockbergen, en sy vrou, die Koreaanse konsertpianis, Wonmi Kim, tydelik saam met Bosman by hierdie adres ingetrek. Kim was swanger in hierdie tyd. Hulle seuntjie, Daniel, was Arnold se peetkind.³² Hierdie vertroue wat in Bosman gestel is, dui op sy vermoë om dieper vriendskappe aan te gaan – en ook op die vestiging van 'n soort “familieband” wat as 'n plaasvervanging sou dien vir die bande met sy Afrikaanse familie wat toenemend meer tentatief gehandhaaf is.

³⁰ Program, Musica Galvancia, 29 April 1985.

³¹ Sien voetnoot 28.

³² Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 21 Februarie 2010. Brief, 5 Desember 1985.


Gedurende 1986 is Bosman gereeld gekontrakteer om werk vir die Teatro Bologna te doen. Sy taak was hoofsaaklik om verskeie operas te help instudeer. Een van die operas was *Die towerfluit*, en wel in Italiaans. Die uitvoerings het in Ravenna plaasgevind. Bosman was nie baie beïndruk met die dirigent of die regisseur nie, soos blyk: "In Ravenna doen ek *Towerfluit*, in Italiaans, dirigent en regisseur nie te waffers nie. Maar nou ja, dis alles ondervinding."³³

Bosman was ook betrokke by 'n produksie van *Lucia di Lammermoor* wat in September 1986 uitgevoer is. Saam met die violis, Jan Repko, en tjellis, Vincenzo Taroni, het Bosman in Augustus 'n kamermusiekkursus in die Toskane bygewoon. Een van die aanbieders tydens hierdie kursus was Berl Senofsky (1926-2002), die violonderwyser van Jan Repko.³⁴ Tydens een van die konserte het Bosman die klavierparty in drie kamermusiekwerke van W A Mozart behartig. Die werke wat uitgevoer is, het die volgende ingesluit: *Sonate vir viol en klavier in e, K304*, *Klaviertrio in G, K564* en die *Klavierkwartet in g, K478*. Hierdie werke is saam met Jan Repko (viool), Ladislav Vieni (altviool) en Vincenzo Taroni (tjello) uitgevoer.³⁵

³³ Brief, 30 Junie 1986.

³⁴ Sien voetnoot 32.

³⁵ Badia a Coltibuono-program, 22 Augustus 1986.



Afbeelding 60: Konsertprogram tydens die kamermusiekkursus op 22 Augustus 1986.

6.8 Bosman se besoek aan sy ouers en die klavieruitvoering in 1986

In die brief van 8 Augustus 1986 aan sy ouers was dit duidelik dat Bosman Suid-Afrika toe sou kom om by sy ouers te kuier. Sy ouers het tydens hierdie besoeke altyd probeer om konserte vir Bosman te organiseer. Vir sy besoek in Oktober het hulle voorgestel dat

hy 'n konsert in die Preiss-saal in die Kunsmuseum van Pretoria aanbied. In die genoemde brief het Bosman onder aan die brief die volgende gesê: "'n Konsert in die kunsgalery klink 'n goeie idee, is die klavier goed? Word 'n program gedruk?"³⁶

Die voorgestelde konsert het op Woensdag 15 Oktober 1986, 'n dag nadat Bosman in Suid-Afrika aangekom het, plaasgevind. Volgens Paul Boekkooi, resensent van *Die Beeld*, was daar drie faktore wat teen Bosman getel het, naamlik die toestand van die klavier van die Kunsmuseum, die feit dat Bosman griep onder lede gehad het en dat hy die program waarskynlik hier in Suid-Afrika moes voorberei. Laasgenoemde faktor is nie waar nie, aangesien Bosman die vorige dag in Suid-Afrika aangekom het en hy nie so 'n lywige program in 'n dag sou kon voorberei het nie. Afgesien van genoemde faktore wat 'n negatiewe invloed op sy voordrag gehad het, het Bosman volgens Boekkooi en Riek van Rensburg van die *Pretoria News* 'n suksesvolle uitvoering gegee. *Die Beeld* se opskrif heet "Potensiaal" en die *Pretoria News* se opskrif vir die resensie heet "Pianist has a 'rare temperament'".³⁷

Bosman se program in die Preiss-saal het uit die volgende werke bestaan: *Rondo's nr. 1 in C en nr. 2 in G, opus 51* van Beethoven, *Sonate in C, opus 53 (Waldstein)* van Beethoven, *Drie preludes, Sopra melodie Gregoriane* van Respighi en Liszt se *Rigoletto-parafrase*. Boekkooi het soos volg geskryf:

Dit was na aanleiding van dié voordrag duidelik dat Bosman musikaal en sensitief te werk gaan, maar dat dit in sy spel nog aan volkome tegniese beheersing en 'n kragtige dinamiese ontplooiing ontbreek. Dit is ook jammer dat hy alles behalwe die Liszt van die bladmusiek afgespeel het. Dit inhibeer tog iets van die essensiële skeppende vryheid ... In die openingsdeel van die *Waldstein*-sonate het 'n mens dikwels 'n gebrek aan ware kragontwikkeling gemis, terwyl die *Adagio* in 'n heelwat meer verstilde stemming as hier voltrek kon word. In die *Finale* is nuanses in klankkleur en dinamiek skaars sterk

³⁶ Brief, 8 Augustus 1986.

³⁷ Resensies, *Die Beeld*, 18 Oktober 1986. *Pretoria News*, 17 Oktober 1986.

genoeg uitgebou, hoewel die pianis soms uit die bloute met skitterende effek na vore kan kom. Dit was opvallend in dié werk se 'oorgange'.³⁸

Die resensent van die *Pretoria News* se kommentaar oor die Beethoven-sonate was soos volg:

The second Beethoven item, the Waldstein sonata was a greater challenge and here Bosman proved his pianistic mettle combining thorough musicianship with superb pianism. Though played with classical poise and a flow it nonetheless, contained a romantically inflammable quality. The *Allegro con brio* had an electric physical immediacy but was, mercifully, void to any racing and ranting. To the *Adagio* he brought insights all his own, betokening an acute awareness of the visionary in Beethoven, but also sung with some lovely cantabile. The *Finale* had an aristocratic poise and was besides inflected with sensitivity. Gleamingly clear-cut articulation was very much in evidence. Arnold Bosman's only concert in his erstwhile home town, Pretoria (he is apparently making quite a reputation in Bologna) was marked by a variety of nuances, which points to a rare temperament and sensibility.³⁹

6.9 Die konserttoer deur Suid-Afrika in 1987

Uit 'n brief wat die destydse Musiekhoof van die Streekraad vir Uitvoerende Kunste OVS (hierna afgekort as SUKOVS), Johann Zietsman, aan Bosman geskryf het, is dit duidelik dat Arnold Bosman en Jan Repko reeds vir 'n geruime tyd met SUKOVS oor hulle beplande konserttoer in Suid-Afrika en die destydse Suidwes-Afrika onderhandel het. Zietsman het die posisie as Hoofbestuurder: Musiek vanaf 1 April 1987 beklee, 'n posisie wat voorheen deur die bekende Sheila Fox beklee is. Volgens die toerprogram sou hulle in Pretoria, Potchefstroom, Roodepoort, Kaapstad, Bloemfontein, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Durban en in Windhoek optree. Hierdie toer het vanaf 14 Mei tot 21 Junie 1987 geduur. Bosman het gemiddeld tussen R350,00 en R750,00 per

³⁸ Resensie, *Die Beeld*, 18 Oktober 1986.

³⁹ Resensie, *Pretoria News*, 17 Oktober 1986.

konsernt verdien. Vir die konserntreis in geheel het Bosman R5 418,00 ontvang nadat belasting afgetrek is.⁴⁰

Volgens die toerprogram het beide Bosman en Repko as soliste in concerto-uitvoerings saam met die verskillende simfonieorkeste opgetree sowel as in soloklavier- en viooluitvoerings.⁴¹

Die eerste van hierdie reeks konserte in Suid-Afrika was 'n viooluitvoering op Sondag 17 Mei 1987 deur Jan Repko in die Staatsteater in Pretoria. Bosman het die klavierpartye behartig in werke van Beethoven, Brahms, Stockhausen en Kreisler. Die werke wat Repko en Bosman gespeel het, het die volgende ingesluit: die *Vioolsonate in F, opus 24* (Lentesonate) van Beethoven, die *Sonate vir viool en klavier in A, opus 100* van Brahms, Stockhausen se *Sonatine vir viool* en Kreisler se *Prelude en allegro* in die styl van Pugnani. Hierdie program is later op Vrydag 19 Junie 1987 in Bloemfontein in die Ou Presidensie herhaal.⁴²

Riek van Rensburg, resensent vir die *Pretoria News*, sowel as Nicol Viljoen, resensent vir *Die Volksblad*, was dit eens dat die vennootskap van Repko en Bosman uiters suksesvol is en dat hierdie kunstenaars wat tegniese vaardigheid en musikale integriteit betref op dieselfde vlak is. In beide resensies is daar melding gemaak van stylvolle vertolkings, sensitiwiteit, elegansie en intelligente vertolkings deur beide kunstenaars. Viljoen het soos volg oor die Beethoven-sonate geskryf:

Beethoven se *Sonate in F, opus 24* (die sogenaamde Lentesonate), is met die nodige klassieke helderheid en balans wat 'n werk soos hierdie verg, uitgevoer en dit was veral die goed deurdagte en afgeronde subtile toonskakerings wat die aandag getrek het. Die stadige deel is gekenmerk deur pragtige lirie en ekspressiewe vertolking, terwyl die daaropvolgende *Scherzo* sprankelende spel opgelewer het. Interessant was die feitlike

⁴⁰ Briewe en toerprogram van SUKOVŠ, 21 April 1987, 15 Junie 1987.

⁴¹ Sien voetnoot 39.

⁴² Resensie, *Pretoria News*, Mei 1987. Ou Presidensie-program, 19 Junie 1987.

aaneenskakeling van die *Scherzo* met die laaste deel (die *Rondo-finale*) in die uitvoering.⁴³

Riek van Rensburg het soos volg oor die Brahms-sonate geskryf:

In the Brahms "Sonata no 2 in A major, Op 100" the artists' sonority was vibrant and for all their commanding weight, pellucid. They showed an impressive sense of formal structure. Tempos, though never metronomic, were controlled and well interrelated. In the most lyrical and sunny of Brahms movements, "Allegro amabile", the flow of ideas was allowed to pass between the instruments with utmost ease, always sensitive to the harmonic design, yet not over-reliant on the tricks of tone-colour to project it. In the second movement, a combination of an andante and scherzo, both artists responded readily to mood and poetry, projecting insights with telling accuracy, but also with individuality. In the *Finale*, with its predilection for the G-string of the violin, Jan Repko tapered and moulded phrases with agreeable taste, complemented by the self-effacing but immensely subtle piano accompaniment by Arnold Bosman.⁴⁴

In Bloemfontein is daar ook 'n simfoniekonsert aangebied. Hierdie uitvoering het op 5 Junie 1987 in die nuwe Sand du Plessis-teater plaasgevind met die violis, Jan Repko, as solis in die *Concerto vir viool en orkes nr. 3, K216* van Mozart. Bosman was ook deel van die konsert in dat hy die klavierparty behartig het in die werk van Stefans Grové, naamlik *Maya – 'n fantasie vir klavier, viool en strykers*. Die dirigent was Gerhard Geist.⁴⁵

Volgens Herman Fourie wat vir die resensie op Bosman se uitvoering van Mendelssohn se *Klavierkonsert nr. 2 in d, opus 40* saam met die Kaapstadse Simfonieorkes verantwoordelik was, met Piero Gamba as dirigent, was dit in sekere opsigte nie 'n geslaagde uitvoering nie. Fourie het ook veel te sê gehad oor sogenaamde ateljee-kunstenaars wat hulle hoofsaaklik op opnames toespits en dié wat openbare uitvoerings

⁴³ Resensie, *Die Volksblad*, Junie 1987.

⁴⁴ Resensie, *Pretoria News*, Mei 1987.

⁴⁵ SUKOVIS-program, 5 Junie 1987.

gee. Volgens hom is daar 'n groot mate van vertoonkuns betrokke by lewendige uitvoerings en die keuse sowel as die styl van musiek speel 'n noemenswaardige rol in die reaksie van die publiek. Die opskrif van sy resensie in *The Cape Argus* het soos volg gelui: "Gamble didn't quite pay off for Bosman." Fourie se gevolgtrekking was dat Bosman se toekoms in klavierbegeleiding gelê het aangesien hy in daardie stadium reeds 'n prysenswaardige reputasie as begeleier in die buiteland opgebou het.

The Mendelssohn is a thankless work and needed far more bravura and vigour than Bosman brought to bear on it to make it memorable. Instead he manifested a degree of diffidence which may have been musically appropriate but lessened the overall impact. The rapport between the two Italians – Bosman by adoption and Gamba by birth – was excellent and technically there was nothing to fault.⁴⁶

Die konserttoer van 1987 was in meer as een opsig van belang, aangesien dit die eerste en ook enigste landswye toer is wat Bosman ooit in Suid-Afrika onderneem het en ook die enigste wat in totaliteit deur die Kunsterade van verskillende provinsies van destyds georganiseer is. Dit was ook gedurende 'n periode waartydens die Kunsterade gefloreer het. In 'n sekere mate was hierdie konsertreis ook van politieke belang, aangesien dit Bosman se laaste uitvoerings in 'n Suid-Afrika in die sogenaamde ou bedeling was. Toe Bosman na die algemene verkiesing van 1994 pogings aangewend het om weer in Suid-Afrika te kom optree, hierdie keer in die hoedanigheid as dirigent, is hy met die politieke situasie van die "nuwe" Suid-Afrika gekonfronteer.

⁴⁶ Resensie, *The Cape Argus*, 26 Mei 1987.

Performing Arts Council OFS

Streekraad Uitvoerende Kunste ODS



Reg. nr./no. 64/00003/08 Teleks/Telex: 267145 SA

Elizabethstraat 55, Posbus 1292
Telegrafiese adres: SUKOV5

BLOEMFONTEIN 9300 TEL. (051) 77931/8
Suid-Afrika / South Africa

55 Elizabeth Street, P.O. Box 1292
Telegraphic address: SUKOV5

1987-06-15

Mnr Arnold Bosman
Theatro Comunale Bologna
Largo Respighi 1
40126 Bologna
ITALIë

Geagte Arnold

Dit was vir ons werklik baie aangenaam om julle weer in Suid Afrika, en spesifiek in Bloemfontein te hê! Alhoewel n mens baie begrip het vir die unieke stimulasie wat n kunstenaar in sy jong jare nodig het, en dat dit soms net "oorsee" gevind kan word, hoop ek nog altyd dat die "gestimmuleerdes" weer sal terugkeer (permanent!) na Suid Afrika om "stimmuleerders" te word.

Ek is net jammer dat ons nie meer van jou klavierspel kon hoor nie, miskien sal jy dit oorweeg om eendag n konserttoer deur Suid Afrika te doen?

Wat betaling betref, is dit as volg bepaal:

9 "Recitals" @ R 750 (Truk, Potch, SALK, Kruik, Cradock, P.E.)	R6 750,00
(FMburg, Durban, Windhoek)	
1 Konsert @ R 350 (Sukovs)	R 350,00
S & T (Truk, SALK)	R 192,00
	<u>R7 292,00</u>
<u>Minus voorskot (R1 000 + R750)</u>	<u>R1 750,00</u>
	<u>R5 542,00</u>
<u>Minus belasting</u>	<u>R 124,00</u>
	<u>R5 418,00</u>

Ek hoop jy het die toer geniet, en dat jy weer sal kom.

Sterkte in Italië, en vriendelike groete

Johann Zietsman
(namens) HOOFDIREKTEUR : SUKOV5

JZ/ek

MUSIEK BALLET OPERA DRAMA OPERA BALLET MUSIC

Afbeelding 61: Korrespondensie tussen Bosman en die hoofdirekteur van SUKOV5, Johann Zietsman.

STREEKRAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE, ORANJE-VRYSTAAT
 PERFORMING ARTS COUNCIL, ORANGE FREE STATE
 Reg. nr 64/00003/08

MUSIEK 1987 MUSIC 

SIMFONIEKONSERT SYMPHONY CONCERT

**SUKOVS-ORKES
 PACOFS ORCHESTRA**

Dirigent/Conductor
GERHARD GEIST


Soles/Soloist
JAN REPKO
 (Viool/Violin)

SAND DU PLESSIS-TEATER/THEATRE
5 JUNIE/JUNE 1987 — 20h00

Die is verbode om kameras en opname-apparaat in die foyers of die ouditorium te gebruik
 The use of cameras and sound equipment in the foyers and auditorium is prohibited



Afbeelding 62: Program van die simfoniekonsert op 5 Junie 1987, Bloemfontein.



ARNOLD BOSMAN, having started his piano studies with his mother, made his debut as soloist with the Johannesburg Symphony Orchestra playing Beethoven's First Piano Concerto Op. 15. As a student of Lamar Crowson and Rosalyn Tureck, he obtained several diplomas and his B.Mus-degree at the University of Cape Town. Having been awarded various study grants, he continued his studies with Theo Bruins at the Royal Conservatoire of the Netherlands where he specialized in the performance of 20th century music, working with specialists such as conductor Reinhert de Leeuw. Moving to Italy he obtained the Concert Diploma from the 'Conservatorio L. Cherubini' in Florence, under Alessandro Specchi, and participated in the chamber music classes of Franco Rossi, cellist of the famous Quartetto Italiano, with whom he also appeared in duo. He participated in the master classes of Carlo Zecchi, Paul von Schillhowsky and the Trio di Trieste at the 'Accademia Chigiana'. As soloist with orchestra he has performed works by Bach, Haydn, Mozart, Beethoven, Chopin, Schumann, Dohnanyi, Rachmaninov and Stravinsky, under conductors such as Gabriel Chinura, Brian Priestman and Marcello Panni. As accompanist he has appeared with famous singers such as Elisabeth Schwarzkopf, Rolando Panerai, Anton Dermota, Zara Doluchanova and Raina Kabalvoniska. He also recorded for the SABC and RAI-TV.

From the press:
 'Excellent performance....an event destined to be remembered' (L'Unitá)
 'Tremendous power and a fine technique' (The Cape Times)
 'Excellent performance' (Avanti!)
 'His playing was subtle, expressive and captivating, ranging from utmost delicacy to real power' (The Cape Times)
 'Unquestionable technical preparation and appreciable interpretative taste' (Il Secolo XIX)

Afbeelding 63: Bosman se curriculum vitae in die program.

PROGRAM

PROGRAMME

MAYA — A FANTASY FOR PIANO, VIOLIN AND STRINGS

Stefans Grové born 1922

Grové's Fantasy was completed in January, 1978, as a commissioned work for prof. Jack de Wet and the UPE Youth Orchestra. The concerto grosso concept of the work reflects that of the Concerto grosso for piano, violin and violincello of 1974. As a fantasy, it is cast as a single movement, though with clear subdivisions by means of tempo changes. The Hindu word Maya (= illusion) and the Afrikaans subtitle 'Ontrafeling en bevestiging' (Unraveling and establishment) can be traced to the developmental progress of two initial motives. The first, containing a short four note idea for the piano, is followed immediately by a more elaborate violin motive, characterised by the interval of the augmented fourth. Both ideas are developed, while at the same time the characteristic qualities remain recognisable. In the last part of the work the order of the two original ideas is reversed. A lengthy violin cadenza in the first half is balanced by a similar feature for the piano near the end. The string orchestra acts as background for the soloists throughout, sometimes commenting on their activities. Interesting colouristic effects like string harmonics, glissandi and quarter tones abound. Cluster chords are represented constantly.

CONCERTO NO. 3 IN G MAJOR FOR VIOLIN AND ORCHESTRA, K.V. 216

Wolfgang Amadeus Mozart 1756 — 1791

Allegro
Adagio
Rondo: Allegro

Mozart's five violin concertos form a tightly bound, coherent group. All of them were written within the same year, 1775; all are in major keys; technically they represent Mozart's 'less difficult' music for a solo instrument; all five were probably conceived for the composer's own use (Mozart was an accomplished violinist and viola player). The themes from the G major concerto are generally characterised by their rich melodic substance and playfulness. Rapid, trill-like motives and note repetition are common features of the whole work. These together with the arpeggio underlying the thematic structure, reveal the stylistic approach of the youthful master. In the slow movement Mozart's grasp of the musical *Empfindsamkeit* (= sensitivity) is illustrated excellently by the aria-like theme accompanied by muted strings throughout. The most interesting aspect of the humorous Rondo-finale is the thoroughly unexpected entrance of a totally new idea (in G minor!) near the end.

POUSE

INTERVAL

Afbeelding 64: Gedeelte van die programnotas in die program van 5 Junie 1987, Bloemfontein.

6.10 Bosman se vennootskap met die sopraan, Anna Caterina Antonacci

Teen die einde van 1987 het Bosman vir die eerste keer in die hoedanigheid as begeleier tydens een van die konserte van die Scuola di Musica di Fiesole (Musiekskool van Fiesole) in Firenze opgetree. Die konsert het op 20 Desember plaasgevind en het uitsluitlik bestaan uit musiek vir hobo en die Engelsehoring. Werke van Donizetti, Kalliwoda, Schumann en Beethoven is uitgevoer. Die studente wat tydens hierdie konsert opgetree het, was almal leerlinge van Pietro Borgonovo wat aan die musiekskool verbonde was.⁴⁷

⁴⁷ Scuola di Musica di Fiesole-program, 20 Desember 1987.

In 1988 het Bosman en die violis, Jan Repko, die program wat hulle in 1987 in Suid-Afrika aangebied het, in die Villa La Torraccia, San Domenico, herhaal. Hierdie konsert is aangebied deur die Musiekskool van Fiesole in Firenze en het op 6 Maart 1988 plaasgevind. Dieselfde werke van Beethoven, Brahms, Stockhausen en Kreisler is uitgevoer.⁴⁸

P R O G R A M M A	
G. Donizetti	SONATA PER OBOE E PIANOFORTE
	Andante
	Allegro
	FLAVIO GIULIANI oboe
	ARNOLD BOSMAN pianoforte
J.W.Kalliwoda	MORCEAU DE SALON PER OBOE E PIANOFORTE OP.228
	ANDREA FINOCCHIARO oboe
	ARNOLD BOSMAN pianoforte
R. Schumann	TRE ROMANZE OP.94 PER OBOE E PIANOFORTE
	- Nicht Schnell
	UMBERTO D'ANGELO oboe
	- Einfach Innig
	PIETRO MILELLA oboe
	- Nicht Schnell
	MARIO DANI oboe
	ARNOLD BOSMAN pianoforte
L.van Beethoven	TRIO OP.87 PER DUE OBOE E CORNO INGLESE
	Allegro
	Adagio cantabile
	Menuetto (Allegro molto)
	Finale (Presto)
	PIETRO MILELLA oboe
	UMBERTO D'ANGELO oboe
	DELFINA CADELO corno inglese

Afbeelding 65: Een van die programme van die Scuola di Musica di Fiesole waar Bosman as begeleier opgetree het, 1987.

⁴⁸ Scuola di Musica di Fiesole-program, 6 Maart 1988.

Domenica 6 Marzo 1988 - Ore 11 AUDITORIUM Villa La Torraccia - Via delle Fontanelle, 24 SAN DOMENICO		P R O G R A M M A	
JAN REPKO VIOLINO ARNOLD BOSMAN PIANOFORTE		L. van Beethoven	SONATA IN FA MAGGIORE OP.24 "Primavera" Allegro Adagio molto espressivo Scherzo: Allegro molto Rondo finale: Allegro ma non troppo
		J. Brahms	SONATA IN LA MAGGIORE OP. 100 Allegro amabile Andante tranquillo Finale: Allegretto grazioso
		K. Stockhausen	SONATINA PER VIOLINO OP.1/8
		F. Kreisler	BRANI DA SALOTTO

Afbeelding 66: Scuola di Musica di Fiesole-program waar Bosman en Repko opgetree het, 1988.

Volgens een van die eerste briewe wat Bosman in 1988 aan sy ouers geskryf het, blyk dit dat hy een van twee amptelike pianiste by die Teatro Comunale in Bologna was en dat sy kollega in daardie stadium swanger geword het. Die teater het oudisies gehou met die oog daarop om 'n ander pianis aan te stel. Die oudisies het skynbaar niemand met genoeg ondervinding opgelewer nie. Vir Bosman het dit tot 'n groot mate die gerusstelling gegee dat hy verseker van sy werk was. Dit is verder duidelik volgens die brief dat hy sy werk ernstig opgeneem het en dat hy dit nie kon bekostig om soos hy dit in die brief gestel het "te dubbel" met sy toekoms nie. Hy noem verder dat werkloosheid in daardie stadium in Italië besig was om toe te neem en dat alles baie duur geword het.⁴⁹

⁴⁹ Brief, 4 Maart 1988.

In 'n verdere brief later in die jaar het hy sy ouers in kennis gestel dat hy op kontrakbasis vir 'n periode van drie jaar by die Teatro Comunale in Bologna aangestel is. Bosman self was nie heeltemal seker of dit die regte besluit was in daardie stadium nie, maar die voordeel aan so 'n kontrak was dat hy steeds kon rondbeweeg en in ander teaters elders in Italië kon werk. Hy noem verder dat sy inkomste darem ook effe meer sou wees.⁵⁰

Hierdie besluit het vir Bosman inderdaad tot voordeel gestrek aangesien baie werk hieruit voortgevloei het en hy ook voortdurend blootgestel was aan musici van wêreldgehalte. In 1988 was Bosman een van die repetiteurs vir die CD-opname van Verdi se opera *Rigoletto* wat deur die Teatro Comunale di Bologna-operageselskap en orkes op die planke gebring is. Riccardo Chailly was die dirigent, met Luciano Pavarotti, Shirley Verrett, June Anderson, Leo Nucci en Anna Caterina Antonacci as soliste. Hierdie opname is in Junie 1988 in Bologna opgeneem en is kommersieel vrygestel.⁵¹

Teen die einde van 1988 het Bosman as begeleier vir die sopraan Anna Caterina Antonacci opgetree. Hierdie vennootskap het tot 'n hegte vriendskap ontwikkel wat oor jare gestrek het. Een van die eerste optredes saam met haar was in Ferrara op 29 Oktober 1988 tydens die Concerto vocale di musiche operistiche. 'n Verdere optrede het op 24 November 1988 in Bologna gevolg. Sy het werke van Beethoven gesing asook arias uit *La donna del lago* van Rossini en *Il pirata* van Bellini.⁵²

Antonacci het in 1985 haar sangstudies aan die G B Martini Konservatorium in Bologna voltooi nadat sy vir meer as tien jaar in die operakoor van die Teatro Comunale in Bologna gesing het. Gedurende hierdie periode toe beide by die teater gewerk het, het Bosman en Antonacci mekaar ontmoet. Antonacci het in 1985 die eerste prys in die *Boncidi Cesena*-kompetisie gewen en in dieselfde jaar haar debuut as Pallade in die opera *Paride ed Elena* van Gluck gemaak. Sedertdien het sy internasionale sukses as

⁵⁰ Brief, 4 Mei 1988.

⁵¹ Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 6 Julie 2011. CD, Junie 1988.

⁵² Konsertprogramme, 29 Oktober 1988, 24 November 1988.

operasangeres behaal en het in bykans al die groot operahuse in die wêreld gesing. Sy is reeds deur sommige kritici as die "nuwe" Callas beskryf.⁵³



Afbeelding 67: Die sopraan Anna Caterina Antonacci met wie Bosman gereeld saamgewerk het.

⁵³ Konsertprogram, 26 Februarie 1987.



CM LXXXVII

Alma Mater Studiorum
Sæcularia Nona

Concerto

DI

ANNA CATERINA ANTONACCI
soprano

TRIO BRAHMS

PIERPAOLO MAURIZZI
pianoforte

GABRIELE RASPANTI
violino

MICHELE BALLARINI
violoncello

ARNOLD BOSMAN
pianoforte

in occasione

del

X Congresso Nazionale della Società Italiana
per lo studio dell'Emostasi e della Trombosi
Bologna 21-24 Novembre 1988

SALA VASARI
ISTITUTI ORTOPEDICI RIZZOLI

24 Novembre 1988
ore 21.30

Afbeelding 68: Een van die programme waar Bosman en Antonacci saam opgetree het in Bologna, 1988.

Op 25 Februarie 1989 het Bosman en Antonacci in die Rossini-teater in Lugo opgetree. Sy het werke van Scarlatti, Lotti, Caldara, Vivaldi, Rossini en Bellini gesing.⁵⁴

Op 19 Junie 1989 het Antonacci en Bosman weereens kragte saamgespan in 'n uitvoering in Bologna in 'n reeks konserte getitel *La Grande Musica per Santo Stefano* wat deur die Kultuurvereniging van Bologna moontlik gemaak is. Hierdie konserte het in die klooster plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid het Antonacci werke van onder andere Rontani, Cesti, Caldara, Marcello, Vivaldi, Cimarosa, Mozart en Rossini gesing. Van Rossini het sy arias uit die volgende operas gesing: *Otello*, *Armida*, *Zelmira* en *La donna el lago*.⁵⁵

Antonacci en Bosman het in 1992 ook 'n paar konserte gegee. Op 14 April het hulle in Casa Lauro opgetree en op 16 en 18 April in die Teatro Municipale Valli. Die eerste helfte van die program is onverander by al drie konserte aangebied. Dit het bestaan uit onder andere werke van Caccini, Cesti, Vivaldi en Handel. Die tweede helfte van die program het in al drie gevalle uit werke van Rossini bestaan. Bekende werke wat sy gesing het, het ingesluit *Rejoice greatly* uit die *Messias* van Handel, *Ombra mai fu* uit die opera, *Xerxes*, van Handel en dan arias uit onder andere die opera *La donna del lago* van Rossini.⁵⁶

6.11 Bosman se betrokkenheid by kamermusiekuitvoerings en as begeleier

Vroeg in 1989 het Bosman as begeleier in 'n konsert opgetree waar hy twee sangers begelei het. Hierdie konsert het op 27 Januarie 1989 in die Mozart-saal van die Filharmoniese Akademie plaasgevind. Hierdie konsert het in samewerking met die Musica Viva-vereniging ter herdenking aan Mozart se geboorte 233 jaar gelede plaasgevind. Die sangers wat opgetree het, was William Matteuzzi (tenoor) en Luciana Serra (sopraan). Eersgenoemde is een van die sangers wat Bosman in 1984 vir La Scala voorberei het.⁵⁷

⁵⁴ Concerto Lirico, program, 25 Februarie 1989.

⁵⁵ *La Grande Musica per Santo Stefano*, program, 16-19-30 Junie 1989.

⁵⁶ Konsertprogramme, 14, 16 en 18 April 1992.

⁵⁷ Piccola Accademia Musicale Mozartiana, program, 27 Januarie 1989.

Gedurende die tydperk wat Bosman by die teater in Bologna gewerk het, is hy in verskeie hoedanighede aangestel. In die meeste gevalle het hy as assistentdirigent en repetiteur vir die onderskeie operaproduksies opgetree. Hy was ook verantwoordelik vir die *basso continuo* in verskeie produksies asook die solo-klavierparty in sommige produksies. Hy het ook die celesta in die produksie van *Die towerfluit* van Mozart gespeel. Alhoewel Bosman in hierdie stadium nog nie self enige operaproduksies gedirigeer het nie, was hy in 'n posisie om gereeld saam met wêreldklasdirigente te werk.⁵⁸

Terwyl Bosman in Bologna aan die teater verbonde was, het hy ook as solis in 'n uitvoering van Beethoven se *Koorfantasie in c, opus 80* opgetree. Hierdie uitvoering het op 6 Junie 1989 in die Teatro Comunale di Bologna plaasgevind met Hubert Soudant as dirigent.⁵⁹

Bosman se dienste as begeleier was gesog en hy is gereeld genader om in dié hoedanigheid op te tree. In Junie 1990 het Bosman as amptelike begeleier vir die eerste Internasionale Sangkompetisie in Oviedo, Spanje, opgetree.⁶⁰

Op 17 en 18 Oktober 1990 het Bosman een van die vier klavierpartye in *Les noces* van Strawinski gespeel. Die ander werk op hierdie program wat in die Teatro Comunale di Bologna plaasgevind het, was die kantate vir mezzosopraan, koor en orkes, *Aleksander Nevskij* van Prokofiëf. Die dirigent tydens hierdie konsert was Romano Gandolfi.⁶¹

⁵⁸ Kontrakte, Teatro Comunale di Bologna, 7 Julie 1986, 1 Oktober 1986, 30 Maart 1990, 4 April 1990, 21 November 1990.

⁵⁹ Program, Feste Musicali III, Stagione 1988/1989.

⁶⁰ La Nueva España, 13 en 15 Junie 1990. *Die Volksblad*, 6 Junie 1990.

⁶¹ Program, Teatro Comunale di Bologna, 17 en 18 Oktober 1990.



Afbeelding 69: Publiciteitsfoto in die *Koorfantasie*-program, Bosman as negentienjarige.



TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA

ENTE AUTONOMO

CONCERTI
SINFONICI
1988/1989

FESTE MUSICALI

MARTEDI 6 GIUGNO 1989 • ORE 20.30 TURNI A e B

TEATRO COMUNALE

CARL MARIA VON WEBER

DER ERSTE TON

musica drammatica in uno spazio di Johann Friedrich Benda
per una orchestra, coro e solista
Modulazione dei manoscritti originali a cura di Franco Sebastiani

*Adagio, Allegro
Allegretto
Allegro assai, Allegretto
Largo*

LUDWIG VAN BEETHOVEN

FANTASIA IN DO MINORE OP. 80

per pianoforte, coro e solista

*Adagio
Finale: Allegro
Allegretto, ma non troppo (quasi andante con moto)
Presto*

WELLINGTONS SIEG ODER DIE SCHLACHT BEI VITTORIA
IN MI BEMOLLE MAGGIORE OP. 91

per orchestra

*I. Parte: La battaglia
II. Parte: Sinfonia della vittoria*

ARNOLD BOSMAN
pianoforte

AUGUSTA GORI
voce recitante

HUBERT SOUDANT

DIRETTORE

ORCHESTRA DEL TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA
CORO DEGLI ALLIEVI DEL CORSO DI FORMAZIONE PROFESSIONALE
DEL TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA
diretto da FRANCO SEBASTIANI

Afbeelding 70: Die *Koorfantasie*-program waar Bosman die solis was in Bologna, 1989.

Verdere optredes in La Scala het in 1991 in produksies van Strawinski se *Les noces* en Orff se *Catulli Carmina* gevolg. In beide hierdie produksies het Bosman die eerste van vier klavierpartyte behartig. Hierdie konsert het op 12 Junie 1991 plaasgevind. Op 18 Junie 1991 was Bosman weereens die assistentdirigent vir 'n produksie van *La Bohème* van Puccini. Die dirigent was die bekende Gianandrea Gavazzeni, wat vanaf 1949 tot 1968 die hoofdirigent en artistieke direkteur van La Scala was.⁶³

In 1991 het Bosman vir verskeie operaproduksies in Bologna as repetiteur en assistentdirigent opgetree. Operas waarby hy in die hoedanigheid betrokke was, sluit die volgende in: *I Medici* van Leoncavallo, *Capriccio* van Richard Strauss en *Werther* van Massenet. Hy was ook deel van die fees in Ravenna waar hy in dieselfde hoedanigheid werksaam was. In 1991 tydens die operafees in Oviedo in Spanje was Bosman die assistentdirigent vir twee operas, naamlik *La Traviata* van Verdi en *La cenerentola* van Rossini. Hierdie operas is onderskeidelik op 22 en 24 September en 8 en 10 Oktober in die Teatro Campoamor op die planke gebring.⁶⁴

6.13 Verdere uitvoerings as solis, kamermusiekkonserte en opera-aanbiedings

Orkeslede van die teater in Bologna het ook in ander konserte saamgespan. Op 12 Februarie 1991 was Bosman deel van 'n ensemble wat transkripsies van Johann Strauss jr. in die Teatro Antoniano uitgevoer is. Hierdie transkripsies was deur onder andere Arnold Schoenberg, Anton Webern, Alban Berg en Joseph Strauss. 'n Verdere optrede van 'n soortgelyke ensemble het op 25 Februarie 1991, ook in die Teatro Antoniano plaasgevind. Tydens hierdie konsert is die *Septet in E-mol, opus 20* van Beethoven en die *Septet* van Strawinski uitgevoer. Bosman het die klavierparty in laasgenoemde werk gespeel.⁶⁵

⁶³ Plakkate, La Scala, 12 Junie 1991 en 18 Junie 1991. Program, La Scala, 12 Junie 1991.

⁶⁴ Kontrakte, Teatro Comunale di Bologna, 21 Februarie 1991, 22 Maart 1991, 21 Junie 1991. Program, Festival de Opera, Oviedo, 1991.

⁶⁵ Konsertprogramme, 12 Februarie 1991, 25 Februarie 1991.



TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA

DIRETTORE AUTONOMO

Bologna,
18/10

CONFERIMENTO DI INCARICO PROFESSIONALE

Premesso che al Sig. BOSMAN ARNOLDUS JOHANNES è stato offerto un contratto di lavoro subordinato e che lo stesso si è dichiarato disponibile solo per un rapporto di lavoro autonomo, con la presente scrittura privata l'ENTE AUTONOMO TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA, in esecuzione della deliberazione n. _____ del _____, in considerazione dell'assoluta necessità di provvedere, in relazione alle esigenze connesse alla realizzazione del programma artistico approvato dal Consiglio di Amministrazione con delibera n. _____ del _____ ed a seguito delle disposizioni impartite dal Ministero del Turismo e Spettacolo con nota 4553/TB 28 del 26.9.1975 e 264 del 7.10.1975, conferisce al Sig. BOSMAN ARNOLDUS JOHANNES residente a BOLOGNA che accetta l'incarico professionale di MAESTRO COLLABORATORE DI SALA E PALCOSCENICO CON OBBLIGO LUCI - Gr.A Liv.2EX dal giorno 29 OTTOBRE 1991 al giorno 21 DICEMBRE 1991 per Esigenza di produzione e di organico (STAGIONE SINFONICA e Opera "WERTHER") in attesa dell'espletamento di concorso, accordo sindacale Legge 56/87 art. 23

Quale corrispettivo per l'opera professionale oggetto del presente contratto al Sig. BOSMAN ARNOLDUS JOHANNES verrà corrisposto un compenso ~~globale~~/mensile lordo di £. 5.450.000,- (cinquantunomilquattrocentocinquanta mila)


Le parti contraenti si danno atto che il compenso ~~globale~~/mensile lordo stabilito dal presente contratto è superiore ai limiti minimi contrattuali previsti dal C.C.N.L. per il personale dipendente da Enti Lirici e Sinfonici e che detto compenso è comprensivo delle diverse indennità stabilite dai contratti integrativi aziendali, nonchè della 13ma e della 14ma mensilità, del premio di produzione e delle prestazioni straordinarie.

Le parti contraenti dichiarano che con il presente conferimento di incarico professionale non si attua rapporto di lavoro subordinato.

Letto, approvato, sottoscritto


Arnold Bosman

p. E.A. TEATRO COMUNALE
IL SOVRINTENDENTE

 S. G.

Afbeelding 72: Voorbeeld van een van die talle kontrakte van die Teatro Comunale in Bologna.

Op 24 April 1992 het van die musici twee kamermusiekwerke, naamlik die *Kwintet opus 57* van Sjostakowitsj en die *Trio in B-mol, D897* van Schubert uitgevoer. Hierdie uitvoering het in die Rossini-foyer van die Bologna-teater plaasgevind. Die musici wat saam met Bosman opgetree het, was Willem Blockbergen (viool), Elena Maury (viool), Marcello Defant (altviool) en Franca Bruni (tjello).⁶⁶



TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA
1792 - 1992

Foyer Rossini
Venerdi 24 aprile 1992 - ore 10.30 - Scuole

DMITRIJ SCIOSTAKOVIC

QUINTETTO OP. 57
per pianoforte e archi
Preludio - Fuga - Scherzo - Intermezzo - Finale

FRANZ SCHUBERT

TRIO IN MI BEMOLLE MAGGIORE D897 (NOTTURNO)
in un solo movimento
per pianoforte, violino, violoncello

STRUMENTISTI
DEL TEATRO COMUNALE DI BOLOGNA

WILLEM BLOKBERGEN	violino
ELENA MAURY	violino
MARCELLO DEFANT	viola
FRANCA BRUNI	violoncello
ARNOLD BOSMAN	pianoforte

Comunale Scuola
CASSA DI RISPARMIO IN BOLOGNA

Afbeelding 73: Kamermusiekprogram waarby Bosman betrokke was in Bologna, 1992.

⁶⁶ Konsertprogram, 24 April 1992.

Vir die periode 1 tot 28 Maart 1991 was Bosman in Venesië werksaam by die Teatro La Fenice waar hy as assistentdirigent werksaam was aan die opera, *Semele*, van Handel.⁶⁷

6.14 Bosman se klavieruitvoerings in Noorweë en in Hongarye

In 1991 het Bosman sy vlerke nog verder gesprei met solo-uitvoerings in Noorweë en Hongarye. Die uitvoering in Oslo het plaasgevind toe sy pa in 1988 eers as konsul-generaal en later vanaf 1990 tot die einde van 1992 as ambassadeur daar gestasioneer was. In Oslo het sy konsert op 19 Augustus 1992 plaasgevind. Werke van onder andere D Scarlatti, J S Bach, F J Haydn, L van Beethoven, F Liszt, G Rossini en F Chopin was in die program ingesluit. Van die werke op die program het ingesluit Bach se *Italiaanse concerto*, Beethoven se *Ses variasies op nel cor più non mi sento* (Paisiello) en Chopin se *Nocturne in c-kruis, opus post.*, *Souvenir de Paganini, opus post.* en die *Tarantelle, opus 43*.⁶⁸

Die konsert in Hongarye het op 30 September 1992 plaasgevind. Bosman het dieselfde program aangebied.⁶⁹

6.15 Verdere werk as assistentdirigent

Volgens die program van die operaproduksie *El imposible mayor en amor le vence Amor* van Sebastián Durón (1660-1716), was Bosman die assistentdirigent. Hierdie komiese opera in twee bedrywe is in die dorpie Avilés in die provinsie Asturias in die noorde van Spanje op 14, 15 en 16 November 1992 uitgevoer. Hier het Bosman die voorreg gehad om saam met die bekende Duitse dirigent en komponis, Lukas Foss, te werk.⁷⁰

⁶⁷ Kontrak, Teatro La Fenice, 1 Maart 1991.

⁶⁸ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010. Konsertprogram, 19 Augustus 1992.

⁶⁹ Konsertprogram, 30 September 1992.

⁷⁰ *El imposible mayor en amor le vence Amor*, program, 14, 15 en 16 November 1992.

Den Gamle Logen

Arnold Bosman

KLAVER



Onsdag 19. august 1992
kl 19.30

Afbeelding 74: Omslag van die konsertprogram in Oslo, 1992.

ITERINARIO ROSSINIANO PROGRAMME

D. Scarlatti (1685 - 1757)
Sonata in C K.452 - *Vivo*
Sonata in C K.513 Pastorale - *Moderato -
Molto allegro - Presto*
Sonata in A K.404 - *Andante*

J. S. Bach (1685 - 1750)
Concerto nach Italienischen Gusto BWV 971
(*Allegro*) - *Andante - Presto*

F. J. Haydn (1732 - 1809)
Sonata no. 56 Hoboken XVI / no. 42 in D
Andante con espressione - Vivace assai

L. van Beethoven (1770 - 1827)
Sechs Variationen über das Duett
Nel cor piu non mi sento aus der Oper *La
Molinara* von Giovanni Paisiello (1795)

F. Liszt (1811 - 1886)
Sept Variations Brillantes pour piano sur un
theme de Rossini, de l'opera *Ermione* SW 149

G. Rossini (1792 - 1868)
Peches de Vieillesse circa 1860
A: From *Quelques Riens pour Album*
Un rien *Allegretto*
Un rien *Allegretto moderato*
Un rien *Andantino mosso*
Un rien *Andantino sostenuto*
Un rien sur le mode enharmonique -
Adagio - Andantino mosso
B: From *Album pour les enfants degourdis*
Memento homo - *Andantino maestoso*

F. Chopin (1810 - 1849)
Nocturne in C sharp min (Opus posth.)
*For my sister Ludwika to practise, before she starts
playing my second concerto*
Lento con gran espressione
Souvenir de Paganini (Opus posth.)
Tarentelle Opus 43 *Presto*

As assistentdirigent by die Teatro Comunale in Bologna in 1992 was Bosman onder andere betrokke by die volgende operaproduksies, *Luisa Miller* (Verdi) in Maart en April, by die Ravenna-fees in Junie en Julie waar *Poliuto* van Donizetti en *Il matrimonio segreto* van Cimarosa uitgevoer is, asook in Desember 1992 tot Februarie 1993 toe *L'incoronazione di Poppea* van Monteverdi en *Amor rendesagace* van Cimarosa aangebied is. Bosman was ook verantwoordelik om die soliste vir hul verskillende rolle voor te berei.⁷¹

6.16 Bosman het sekerheid oor sy loopbaan en die moontlike posisie as Musiekhoof by TRUK

In hierdie stadium van sy lewe blyk dit dat Bosman tot 'n groot mate sekerheid gehad het wat sy toekoms betref. Hy wou dirigeer. Die geleentheid om as dirigent in Italië op te tree was egter nie volop nie, alhoewel hy as assistentdirigent saam met beroemde dirigente gewerk het. Die drang om self te dirigeer was so groot dat Bosman teen die middel van 1992 dit sterk oorweeg het om na Suid-Afrika terug te keer as Musiekhoof by die destydse Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (bekend as TRUK) in Pretoria. Dit sou beteken het dat hy 'n sewemaandekontrak by La Scala moes laat vaar asook 'n verdere driemaandekontrak by die teater in Bologna. In die briefwisseling tussen Bosman en die destydse Artistieke Direkteur: Opera, George Kok, het Bosman die redes vir sy aansoek soos volg uiteengesit:

The reason is that Mo Franci whom I respect very highly, suggested that the State Theatre may give me the opportunity to gain more experience in opera conducting that I so urgently need at this stage of my career. So, I want it to be clearly understood that I am willing to undertake the duties of Head of Music Staff and put my considerable experience in coaching at your disposal, only in return for some opportunities to conduct (of course under the jurisdiction of Mo Franci).⁷²

⁷¹ Kontrakte, Teatro Comunale di Bologna, 31 Maart 1992, 8 Junie 1992, 1 Desember 1992.

⁷² Brief, 19 Junie 1992.

Volgens George Kok was dit egter belangrik dat die bogenoemde posisie eers na deeglike oorweging gevul sou kon word. Hy het verder ook genoem dat hierdie posisie nie noodwendig die geleentheid om as dirigent op te tree daarstel nie, maar dat die moontlikheid wel bestaan om saam met die destydse pas aangestelde dirigent, Carlo Franci, te werk. Verder blyk dit dat die voorgestelde salaris heelwat minder was as wat Bosman in Italië verdien het. Per jaar sou Bosman R50 000,00 verdien in vergelyking met ongeveer R27 650,00 as assistentdirigent per produksie en R12 470,00 om die sangers voor te berei. Verder het Bosman ongeveer R9 216,00 per konsert as pianis verdien. As in ag geneem word dat daar per jaar alleen tot vyf operaproduksies by die Teatro Comunale di Bologna aangebied is, kan afgelei word dat Bosman werklik desperaat was om self te kon dirigeer, aangesien hy dit oorweeg het en bereid was om na Suid-Afrika terug te keer teen soveel minder vergoeding.⁷³

Dit is duidelik dat Bosman deurentyd op hoogte gebly het van verwickelinge in Suid-Afrika, veral wat betref die aktiwiteite by die verskillende kunsterade. Bogenoemde aansoek om 'n permanente posisie in Suid-Afrika te beklee ten spyte daarvan dat hy in hierdie stadium homself tot 'n groot mate in Italië gevestig het, is 'n bewys dat dit dalk nog glad nie goed gegaan het met sy loopbaan in Italië nie en hy nog altyd onder die indruk verkeer het dat dit dalk beter sou wees om soortgelyke loopbaan in sy vaderland te volg. In daardie stadium was daar reeds bewyse dat alles nie pluis was by sommige van die Kunsterade nie en dat teaterproduksies, veral die aanbieding van operas en Westerse kunsmusiek, reeds drasties ingekort is. 'n Ander motief vir hierdie aansoek was, dat as Suid-Afrikaner, hy gedink het hy met die buitelandse ondervinding agter sy naam 'n baie goeie kans gehad het om in hierdie posisie aangestel te word en hy sodoende ook die geleentheid gegun sou word om op gereelde basis te kon dirigeer. Wat ook al die redes, Bosman is nooit in hierdie posisie aangestel nie en in die daaropvolgende jare het soortgelyke posisies in Suid-Afrika hulself nie voorgedoen nie. Baie jare sou verloop alvorens Bosman eers in 1999 die geleentheid sou kry om in Suid-Afrika as dirigent op te tree.

⁷³ Brief, 24 Junie 1992.

6.17 Bosman sluit 'n kontrak met die Oper der Stadt Bonn

In 1993 het hy 'n kontrak met die Oper der Stadt Bonn gesluit. Hierdie kontrak was geldig vanaf 1 Augustus 1993 tot 31 Julie 1995. Bosman se posbeskrywing het soos volg gelui: Solorepetitor mit Dirigiervpflichtung (Solorepetiteur met dirigeerverpligtinge). Bosman het egter nie kans gesien om vir die volle duur van die kontrak in Bonn te werk nie. Die direkteur in daardie stadium was die bekende Gian-Carlo del Monaco met wie Bosman nie 'n goeie werksverhouding gehad het nie. Verder het Bosman aangevoer dat hy die Italianers te veel mis en dat hy glad nie met die arrogante Duitsers oor die weg kon kom nie.⁷⁴

In 'n brief aan sy ouers het Bosman te kenne gegee dat die teaters in Duitsland net soos fabrieke is aangesien hulle bykans elke aand 'n opera of ballet aangebied het. In Italië sou slegs ses of sewe uitvoerings van elke opera aangebied word, sodat elke uitvoering iets besonder sou wees. Hy noem verder dat Del Monaco oneerlik is en dat mens hom nie op sy woord kan neem nie. Bosman het hom soos volg beskryf:

Ek verstaan nou hoekom hy nie in Italië 'n loopbaan kon maak nie. Hy is 'n klein diktator wat mense wil gebruik vir sy eie doeleindes sonder enige konsiderasie vir die beswil van die teater. Omdat hy 'n goeie pianis nodig het (die standaard van die repetiteurs is baie laag in Duitsland) hou hy my aan 'n lyntjie met die dirigeeremoontlikheid sonder om iets definitiefs aan te bied – en dit terwyl ek myself reeds voor almal bewys het as dirigent gedurende die voorbereiding van die *Fanciulla del West*.⁷⁵

Verder het Bosman sy afkeur uitgespreek oor hoe die Duitse operahuise bestuur word. Indien hy wel 'n kans sou kry om te dirigeer sou dit dalk die tiende herhaling van 'n operas wees sonder repetisies en sonder die teenwoordigheid van enige pers. Op 2 Februarie 1994 het hy die kontrak met die Oper der Stadt Bonn beëindig.⁷⁶

⁷⁴ Dienskontrak, 1 Julie 1993, Brief, 19 Desember 1993.

⁷⁵ Brief, 19 Desember 1993.

⁷⁶ Aflosbrief, Oper der Stadt Bonn, 9 Maart 1994, Brief, 19 Desember 1993.

In 1993 het Bosman weereens in Milaan gewerk. Hy was assistentdirigent vir onder andere *Fedora*, 'n opera deur Umberto Giordani, wat op 27 April 1993 by La Scala geopen het. Die dirigent was Gianandrea Gavazzeni, wat in daardie stadium reeds 83 jaar oud was. Bosman het ook sy slag as toneelspeler in die opera gewys, naamlik in die rol van die pianis Lazinski. Wêreldberoemde sangers het rolle in dié opera vertolk, naamlik Mirella Freni in die hoofrol saam met José Carreras en Plácido Domingo. Laasgenoemde twee sangers het die manlike hoofrol vir die seisoen gedeel.⁷⁷

⁷⁷ Brief, 6 April 1993, La Scala-plakkate, 27 April 1993, 29 Mei 1993. Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 8 Julie 2011.

HOOFSTUK 7

UITEINDELIK MILAAN

7.1 Milaan as nuwe tuiste vir Bosman

Uit die talle onderhoude met Bosman se ouers asook die briefwisseling tussen hom en sy ouers blyk dit duidelik dat Bosman vanaf 1992 stelselmatig al hoe meer in Milaan gewerk het – aanvanklik hoofsaaklik as assistentdirigent en repetiteur by La Scala. Later sou daar 'n ingrypende wending in sy lewe kom toe hy aan Musica Rara bekendgestel is. Musica Rara is 'n musiekvereniging in Milaan wat hoofsaaklik in die uitvoering van die meer onbekende komposisies van die groot meesters spesialiseer. Soos wat sy ouers vertel, het hy gedurende hierdie jare steeds tussen Bologna en Milaan gependel, en aanvanklik in hotele tuisgegaan.¹ Bosman het later in 1995 by Via dei Ciclamini 33 gewoon, en teen April 1995 het hy by Piazza Napoli 34 by ene Giuliano Finessi ingetrek, op daardie stadium die president van Musica Rara in Milaan – 'n posisie wat hy tans steeds beklee.²


7.2 Musiekdirekteur van Musica Rara

In 'n onlangse artikel oor biografie as metode skryf Ann Oakley (2010:425) dat biografieskrywing deur sommige outeurs aan die hand van die metafore van portretskildering en beeldhouwerk beskryf word. In beide gevalle gaan dit oor die daarstel van 'n intense “tekening” van 'n persoonlikheid wat nie alleen duidelik herkenbaar is nie, maar wat ook die innerlike “wese” van die persoon uitstraal.

In die geval van my studie oor Arnold Bosman was dit uit die staanspoor duidelik dat sy lewe deur sekere gebeure gestuur is; op talle punte in hierdie manuskrip is daar ook reeds aangedoen by temas van “tyd” en “plek”.

¹ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Maart 2010, 4 April 2010.

² Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 20 Desember 2010.



Afbeelding 76: Giuliano Finessi, president van Musica Rara.

Bosman se aanstelling by Musica Rara verteenwoordig 'n belangwekkende gebeurtenis binne hierdie konteks. Soos wat Oakley (2010:429) dit stel, "lees" die biograaf deurentyd die subjek se lewensverloop as 'n bepaalde ontwikkeling, wat soms deur "breuke" gekenmerk word – maar, meer dikwels, progressiewe ontwikkeling, soos geskets deur ander persone wat verder beïnvloed is deur "tyd" en "plek".

Dit is in hierdie opsig dat Bosman se aanstelling by Musica Rara as 'n soort kulminasie gesien kan word in sy stryd om 'n eie plek en identiteit te vind. Die blote "andersheid" van die ensemble se samestelling en oogmerke het Bosman uitermate goed gepas, en het dit vir hom moontlik gemaak om hom op 'n besonder produktiewe wyse binne hierdie eksklusiewe konteks uit te leef.

Bosman se aanstelling by Musica Rara het tot 'n vennootskap gelei wat 'n besondere wisselwerking tussen Bosman en Finessi tot gevolg gehad het. Aan die een kant was daar Musica Rara wat na 'n dirigent op soek was wat die musiekvereniging se aktiwiteite in 'n nuwe rigting kon stuur, en aan die ander kant was daar Arnold Bosman – 'n jong, energieke en besonder talentvolle dirigent – op soek na die geleentheid om sy passie uit te leef.

Musica Rara is in 1980 deur Italo Lo Vetere gestig, wat tot sy dood in 1994 die dirigent van die ensemble was. Vetere was 'n bedrywige pianis, komponis, onderwyser en navorser wat grootliks tot die sukses van die ensemble bygedra het. Aanvanklik het die orkes uit jong musici bestaan en het dit as die Youth Ensemble Ambrosiano bekendgestaan. Later in 1987 het hulle naam verander na die Ensemble Ambrosiano. Arnold Bosman is na Vetere se dood in 1993 as musiekdirekteur van Musica Rara aangestel. Dit was veral onder sy leiding dat hierdie groep begin spesialiseer het in die minder bekende werke van die agtiende eeu. Musikoloë het belangstelling in die aktiwiteite van die ensemble getoon en gaandeweg het hulle vertolkings gehore al hoe meer gefassineer. Dit wil voorkom asof Bosman reeds in 1993 'n konsert van die ensemble bygewoon het, naamlik op 3 en 4 April 1993 in die Sacrestia Bramantesca di

Santa Maria delle Grazie. Italo Lo Vetere was die dirigent tydens hierdie konsert waar werke van Bonporti, Wassenaer en Pergolesi uitgevoer is.³

Op 25 Maart 1994 het Musica Rara 'n konsert in die paleis van die gravin Morosini in Milaan aangebied ter nagedagtenis aan die pas oorlede musiekdirekteur, Italo Lo Vetere. Morosini het die posisie as president van Musica Rara beklee voordat Giuliano Finessi aangestel is. Tydens hierdie konsert is drie werke uitgevoer, naamlik *Twee liedere vir alt, altviool en klavier, opus 91* van Brahms, die *Klavierkwartet in g, K478* van Mozart en *Die herder op die rots, opus 129* van Schubert. Bosman het die klavierparty in al drie die werke behartig.⁴

7.3 Eerste volwaardige optrede as dirigent

Die groot deurbraak vir Bosman het gekom toe hy vir die eerste keer as dirigent van die Ensemble Ambrosiano opgetree het. In 'n brief van sy ouers gedateer 14 Junie 1994 het hulle hul seun gelukgewens met sy debuut op die podium vir Musica Rara. Dit was in vele opsigte 'n spesiale gebeurtenis, aangesien hierdie optrede op sy ma se verjaarsdag, naamlik 11 Junie plaasgevind het.⁵ Tydens hierdie konsert het Bosman werke van Vivaldi en Bach gedirigeer. Die program het die volgende werke ingesluit: *Concerto vir twee viole in a, RV522, Nisi Dominus (Psalm 126), RV608* vir mezzosopraan van Vivaldi, en die *Concerto vir twee viole in d, BWV1043*, asook die kantate, *Jauchzet Gott in allen Landen, BWV51* van Bach. Hierdie konsert het buite Milaan naby Pavia plaasgevind.⁶

³ Musica Rara-program, 3, 4 April 1993. Programnotas DVD, Ascanio in Alba, 2006. Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 9 Julie 2011.

⁴ Musica Rara-program, 25 Maart 1994. Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Maart 2010.

⁵ Brief, 14 Junie 1994

⁶ Brief, 13 Maart 1994, 26 April 1994, 13 Junie 1994.



AMICI DI MUSICA RARA

Concerto in memoria del Maestro ITALO LO VETERE

Casa MOROSINI - Via Legione Romane, 55 Milano

VENERDI' 25 MARZO 1994 - ORE 21.00

PROGRAMMA

- J. BRAHMS (1833 - 1897) - Due canzoni op. 91 per
contralto, viola e
pianoforte.
- W. A. MOZART (1756 - 1791) - Quartetto con pianoforte in
sol min. K 478.
- F.P. SCHUBERT (1797 - 1828) - Der Hirt auf dem Felsen
op.129, Lied per soprano,
clarinetto e pianoforte.

Svetla KRASTEVA	- Soprano
Ilia ARAMAIO SANDIVARI	- Mezzosoprano
Michelangelo CAGNETTA	- Violino
Giuseppe AMBROSINI	- Viola
Gabriele GAROFANO	- Violoncello
Ivano BRAMBILLA	- Clarinetto
Arnold BOSMAN	- Pianoforte

Afbeelding 77: Die herdenkingskonsertprogram van 25 Maart 1994.

Volgens Winet Vermaak, 'n baie goeie vriendin van Bosman wat tans in Kaapstad woonagtig is, maar voorheen vir baie jare in Italië gewoon het, was Bosman die persoon wat aan Musica Rara 'n nuwe dimensie gegee het. Die sukses van hierdie ensemble was grootliks te danke aan die toewyding en inspirasie van Bosman, wat die

werksaamhede van hierdie groep musici in 'n nuwe rigting gestuur het, naamlik die vertolking van minder bekende komposisies van die groot meesters wat spesifiek 'n verbintenis met Milaan gehad het. Hy het 'n diepgaande studie van hierdie musiek begin maak en algaande bekendheid verwerf met sy unieke vertolkings.⁷ Tydens 'n gesprek met Finessi in Milaan het dit aan die lig gekom dat Bosman se artistieke persoonlikheid, veral as pianis, dirigent en musikoloog, ten volle ontwikkel is tydens sy werk met Musica Rara vanaf 1994 tot 2004.⁸

Gedurende 'n onderhoud met Emma Toppi in Julie 2011 in Milaan, het hierdie bekende pianis en musikoloog vertel hoe sy tydens 'n uitvoering waartydens Bosman die *Brandenburg concertos nr. 1-6* van Bach gedirigeer het besef het dat hy 'n merkwaardige gawe het om hierdie werke te vertolk soos wat sy haar voorstel Bach dit graag sou wou hê. Dit was veral die ornamentasie wat haar opgeval het. Bosman en Toppi het mekaar in 1995 in Milaan na afloop van 'n uitvoering ontmoet toe Bosman die *Simfonie nr. 29 in A, K201* van Mozart in die Sacrestia di San Marco gedirigeer het. 'n Hegte vriendskap het tussen hulle ontstaan en hulle het later selfs saamgewerk. Aangesien Toppi en Bosman 'n passie vir vroeë musiek gedeel het, het sy hom bygestaan met die transkribering van musiek. Sy het hom ook gehelp om van die kore vir sekere uitvoeringsvoor te berei. Volgens haar was Bosman 'n vriendelike persoon wat met groot deeglikheid, maar ook met simpatie sy werk en mede-musici benader het.⁹

7.4 Bosman se verpligtinge as assistentdirigent in die 1990's by La Scala asook sy bydrae as begeleier

Afgesien van Bosman se kontrakte by Musica Rara het hy steeds by La Scala as assistentdirigent gewerk. In Oktober het hy saam met die wêreldberoemde Alberto Zedda gewerk en was ook verantwoordelik om 27 sangers voor te berei vir Monteverdi se opera *L'incoronazione di Poppea*.¹⁰ Volgens Bosman was dit geen maklike taak nie. In 'n brief aan sy ouers gedateer 23 September 1994 skryf hy soos volg: "Ek is al van

⁷ Telefoongesprek met Winet Vermaak, 17 Desember 2010.

⁸ Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 23 September 2011.

⁹ Onderhoud met Emma Toppi, Milaan, 6 Julie 2011.

¹⁰ Brief, 30 Oktober 1994. Plakkaat, La Scala, 19 Oktober 1994.

die 19de in Cremona ('n uur-en-'n-half se ry van Milaan) met die *Poppea*, en die spanning loop maar hoog; 27 sangers wat almal voorberei moet word en Riccardo Muti is nie 'n maklike mens om mee saam te werk nie.”

Volgens 'n aanstellingsbrief van La Scala gedateer 26 Julie 1994 is Bosman tot 27 April 1995 as assistentdirigent aangestel. In 'n brief aan sy ouers blyk dit dat hy vir 'n verdere termyn tot Junie 1995 as repetiteur en assistentdirigent by La Scala aangestel is. In hierdie tyd was hy die pianis vir die instudeer van Strauss se opera, *Elektra*, met Giuseppe Sinopoli as dirigent. Bosman was self baie opgewonde oor die verloop van sake by La Scala, aangesien Sinopoli te kenne gegee het dat hy slegs vir Bosman as pianis wou hê vir al die operas wat hy by La Scala gedirigeer het.¹¹

Op 15 Julie 1994 het Bosman saam met Robert Kettelson die begeleiding verskaf vir 'n Liederuitvoering deur verskeie sangers en sangeresse in Ferrara tydens die Aterforum-fees. Hierdie konsert het in die Palazzo Paradiso plaasgevind waartydens werke van Brahms, Strauss, Schubert, Wagner en Wolf gesing is. 'n Interessante werk op die program was die *Liebeslieder Wälzer, opus 52* vir kwartet met klavierduetbegeleiding. Volgens die program is dit egter nie duidelik watter van die ander werke Bosman begelei het nie.¹²

In 1995 het Bosman en Antonacci 'n uitvoering in Bologna gegee. Tydens die konsert wat op 10 Oktober plaasgevind het, het hulle werke van Handel, Vivaldi, Rossini, Mozart, Chausson, Poulenc, Ravel en Bizet uitgevoer.¹³

7.5 Bosman se finansiële posisie en sy ouma se vleuelklavier

In 1994 het Bosman se ouers opnuut bewus geraak van hul seun se benarde finansiële posisie en die feit dat hy, soos dikwels in die verlede, op soek was na ander verblyf – hierdie keer in Milaan. Verder was daar ander insidente wat 'n ingrypende invloed op sy finansiële posisie gehad het. Hy was onder andere in twee motorongelukke waarvoor die versekering geweier het om die skadevergoeding uit te betaal. Dit alles het bygedra

¹¹ Brief, 26 Julie 1994, 3 Julie 1994.

¹² Aterforum-feesprogram, 15 Julie 1994.

¹³ Konsertprogram, 10 Oktober 1995.

tot 'n oortrokke bankrekening waarop Bosman geweldige hoë rente moes betaal. Sy ouers was werklik bekommerd oor hom en wou so ver gaan om 'n polis af te koop en aan hom die geld stuur. Die polis se waarde was op daardie stadium ongeveer R18 000,00. Daarvoor sou hy L7 740 000 kry. Die Rand se waarde het sodanig gedaal aangesien Bosman 'n maand tevore vir dieselfde bedrag in Rand, L360 000 meer sou kon kry. Verder was daar ook die oneindige twis oor die Steinway-vleuelklavier van Bosman se ouma Alice (Alys) aan vaderskant van die familie. Die feit dat Bosman in Italië gewoon het, het die saak vererger, want alle onderhandelings moes noodwendig per brief gedoen word. Hierdie vete het geweldig spanning in sy ouers se huis veroorsaak aangesien dit die hele familie geraak het.¹⁴

Baie jare gelede het Bosman se oupa 'n Steinway-vleuelklavier vir sy ouma gekoop. Volgens sy ouma Alys het haar man die klavier tydens 'n wêreldtentoonstelling in Brussel gekoop. Sy was buitengewoon geheg aan die instrument en vir baie jare mag niemand op die instrument gespeel het nie. In 'n stadium het Bosman te kenne gegee dat hy werklik 'n goeie klavier nodig gehad het om op te oefen. Op 'n dag het Bosman se ouma al haar kinders bymekaar laat kom met die oog om die toekoms van die klavier aan hulle bekend te maak, aangesien sy weens haar hoë ouderdom haar huis moes verlaat en daar nie plek in die aftreeoord vir die Steinway was nie. Sy het gesê dat die klavier na Bosman moet gaan, met die voorwaarde dat die instrument nie die land mag verlaat nie. Dit was absoluut 'n sinnelose besluit, aangesien Bosman in daardie stadium reeds in Italië woonagtig was en hy geen planne gehad het om na Suid-Afrika terug te keer nie.¹⁵

Hierdie gebeure het plaasgevind in 'n tyd toe dit finansiële ook nie baie goed met Bosman se ouers gegaan het nie. Om hulle inkomste aan te vul het Heleen private klavierlesse by hulle huis gegee. Sy het nie 'n goeie instrument gehad nie en moes 'n instrument huur, aangesien hulle nie oor die finansies vir die koop van 'n klavier beskik het nie. Willem se ma kon nie verstaan hoekom hulle 'n klavier moes huur nie en het haar afkeur ten sterkste uitgespreek. Om alles te kroon het Alys besluit dat die klavier

¹⁴ Brief, 3 Julie 1994, 6 Julie 1994.

¹⁵ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010.

na Willem se broer, wat ook as Nollie bekend gestaan het, moes gaan. Hy en sy vrou het glo kinders gehad wat 'n belangstelling in klavierspel getoon het. Volgens Heleen, Bosman se ma, het die kinders nooit regtig belanggestel nie en ook nooit verder as die basiese beginstadium gevorder nie. Toe Bosman direk met sy ouma oor die klavier begin onderhandel het en hy haar selfs wou betaal, het sy steeds geweier en verder genoem dat sy haar kleinkinders nie die geleentheid wou ontnem om 'n goeie klavier tot hulle beskikking te hê waarop hulle kon oefen nie. Dus het die klavier steeds in Suid-Afrika gebly. Eers na Bosman se ouma se dood asook die dood van Willem se broer Nollie se vrou, is die klavier na Willem en Heleen se huis geneem.¹⁶

Intussen het Willem vir Heleen 'n Yamaha-vleuel gekoop wat hulle later weer verkoop het toe hulle 'n goeie tweedehandse Steinway in die hande kon kry. Bosman se ouers het later hierdie klavier na Italië laat verskeep, waar Bosman dit laat opgradeer en ook laat diens het.

Dit wil voorkom asof Bosman se ouma se Steinway as't ware gedoem was. Willem en Heleen moes later besluit watter een van die twee klaviere hulle gaan hou en watter een hulle sou verkoop. Op die ou end is besluit om die Steinway van Bosman se ouma te verkoop. Hierdie instrument is uiteindelik verkoop aan 'n man wat in Pretoria woon. Die klavier is deur 'n professionele meubelvervoermaatskappy vanaf Bloemfontein na Pretoria vervoer. Toe die klavier afgelaai is, het die personeel dit per ongeluk laat val en is onherstelbare skade aangerig. Die persoon aan wie die klavier verkoop, is wou aanvanklik nie die geld wat aan Willem en Heleen verskuldig was, betaal nie en die saak het bykans 'n draai in die hof gaan maak.¹⁷

7.6 Willem en Heleen Bosman se besoeke aan Arnold in Italië en die konflik wat daar tussen hulle bestaan het

In 1995 het Bosman se ouers twee keer vir hom in Italië gaan kuier. Hulle eerste besoek het teen die einde van April plaasgevind en was moontlik omdat Bosman se pa aan die begin van Mei in Oslo moes wees in verband met sy werk as diplomaat. In

¹⁶ Idem ditto.

¹⁷ Ditto.

Milaan het Bosman vir sy ouers kaartjies gekoop sodat hulle 'n uitvoering van Richard Stauss se opera, *Salomé*, in La Scala kon bywoon. Bosman self was as repetiteur betrokke by die opera. Die dirigent was Myung-Whun Chung. Bosman se ouers is verder na Brussel en hulle het ook 'n besoek aan Londen afgelê. Daar het hulle in 'n luukse woonstel van 'n vriendin van Bosman, naamlik die contessa Morosini, tuisgegaan.¹⁸

Willem en Heleen Bosman se volgende besoek het in Oktober 1995 plaasgevind toe Willem weer in Brussel moes wees vir sy werk. Alhoewel hierdie besoeke aan Bosman in Italië baie spesiaal vir sy ouers was, het hulle tog gevoel dat hulle tot 'n mate gemarginaliseer is. Dit het hulle geweldig ontstel, aangesien hulle gevoel het dat daar al hoe meer verwydering tussen hulle en Bosman plaasgevind het. 'n Ander ontstellende gebeurtenis was dat Bosman telkens vir sy ouers laat verstaan het dat hy vir hulle in Suid-Afrika gaan kom kuier, om dan op die laaste oomblik hulle in kennis te stel dat hy nie meer sou kom nie. So 'n insident het teen die einde van 1995 gebeur waarop sy ouers heftig en uitgesproke hulle gevoelens in 'n brief aan Bosman bekend gemaak het.

Ons is egter albei baie seer oor die teleurstelling wat ons weereens moet verwerk. Dis die tweede keer hierdie jaar wat ons met opgewondenheid op 'n besoek van jou wag en maar net op die laaste oomblik moet aanvaar dat daar ander dinge is wat vir jou belangriker is. Ons is nie daartoe geneig om hoë eise aan jou te stel en die onmoontlike van jou te verwag nie. Wat ons egter hinder, is die feit dat jy ondernemings teenoor ons maak en vir ons 'n rat voor die oë draai, om dan op die laaste nippertjie, nadat ons al fisies en geestelik vir ons op jou besoek voorberei het, vir ons ewe ongeërg probeer verduidelik dat dinge nie uitgewerk net nie, of dat jy ander dinge gekry het wat vir jou belangriker was.¹⁹

Bosman het dadelik op die faks gereageer om aan sy ouers te verduidelik hoekom hy sy besoek aan Suid-Afrika gekanselleer het. Een van die redes was dat die reisagentskap waardeur Bosman gewerk het op die laaste oomblik vir hom plek op die

¹⁸ Briewe, 6 Februarie 1995, 16 Februarie 1995, 6 Maart 1995, 15 April 1995, 21 Mei 1995.

¹⁹ Brief, 26 Desember 1995.

vliegtuig gekry het. Aangesien Jan Repko en Marisa Vitali hom oortuig het dat hy nie sy hoop op 'n kaartjie moet plaas nie, het hy reeds ander verantwoordelikhede aanvaar wat in daardie laat stadium nie verander of gekanselleer kon word nie. 'n Ander gebeurtenis was dat die regisseur van die operafees in Martina Franca vir Bosman gekontak het en hom gevra het of hy nie sal help met die instudeer en voorbereiding van 'n opera vir die somerseisoen aldaar nie. Bosman skryf verder soos volg in die faks van 26 Desember 1995:

Toe hy hoor dat ek vry is vir die somer het hy dadelik vir my werk aangebied. Dit lyk vir my na meer as toeval en hoe kan ek nee dankie sê vir 'n geleentheid wat ook my dirigeerloopbaan gunstig kan beïnvloed? My loopbaan is in sekere opsigte soos 'n boerdery: voordat dinge nie werklik goed gevestig is nie kan 'n boer mos nie weg van sy plaas af nie. Julle het self gesien hoe ek vooruitbeplan om my tyd aan julle op te dra gedurende julle besoeke en dat dinge opduik waarvoor ek nie nee kan sê sonder om skade te ly nie.

Bosman het egter verder gegaan en belowe dat wanneer hy ten minste tien dae vry het hy dadelik 'n plan sal maak om wel sy ouers in Suid-Afrika te besoek. Die aanvanklike werk in Martina Franca het vrugte afgewerp, want in 1998 het Bosman nie net gehelp met die instudeer van 'n opera nie, maar self sy plek op die podium ingeneem tydens die aanbieding van die oorspronklike 1823-uitgawe van die Donizetti-opera, *Il fortunato Inganno*. Die opera is op 27 Julie 1998 as deel van die Festival Valle d'Itria in Martina Franca uitgevoer en ook opgeneem. Die CD is op 4 Januarie 1999 onder die *Dynamic*-etiket vrygestel. Volgens die resensent van die *Corriere del Giorno*, José Minervini, het Bosman 'n uitstekende begrip vir die gees en karakter van Donizetti-opera getoon.²⁰

Alhoewel daar duidelike bewyse bestaan dat daar deur die jare gereelde briefwisseling tussen Bosman en sy ouers plaasgevind het, het die onvermydelike tog gebeur. Hoe langer Bosman homself in Italië bevind het, hoe groter het die "skeiding" tussen hom en sy ouers geword. Ten spyte van sy ouers se besoeke aan hom in Italië, het daar in vele

²⁰ Brief, 26 Desember 1995. Resensie, *Corriere del Giorno*, 29 Julie 1998.

opsigte 'n sekere mate van vervreemding tussen hom en sy ouers plaasgevind. Bosman het homself al meer in Italië ingeburger wat sy verblyf, maar veral ook sy werk betref. Hy was in die beginstadium van sy loopbaan en het elke moontlike geleentheid om as dirigent op te tree aangegryp. Hy het homself as't ware heeltemal in sy werk en die opbou van sy loopbaan verdiep en het Suid-Afrika selde besoek. Engels het hy weinig gepraat en van Afrikaans was daar eintlik geen sprake nie. Hierdie "vervreemding" het in Bosman se geval baie natuurlik plaasgevind. Dieselfde kan egter nie van sy ouers gesê word nie. Volgens alle bewyse het hulle hierdie proses baie moeilik aanvaar en kon hulle dit tot sy dood en ook daarna beswaarlik verwerk. Hy het talle vriende in Italië gemaak, almal natuurlik Italiaanssprekend, en verder het hy homself in 'n verhouding met 'n Italianer bevind, alles bydraende faktore tot die "skeiding".

7.7 Bosman en Giuliano Finessi se besoek aan Suid-Afrika in Augustus 1996 en die samesprekinge in verband met moontlike optredes as dirigent in Pretoria

In Augustus 1996 het Bosman sy belofte gestand gedoen en het hy saam met Giuliano Finessi in Augustus vir sy ouers kom kuier. Dit was sy eerste Suid-Afrikaanse besoek sedert 1987. Tydens hierdie besoek het Bosman by die Staatsteater in Pretoria aangedoen. Hy het met Johan Maré, die destydse administratiewe hoof: Opera, samesprekings gevoer met voorstelle van moontlike produksies in Suid-Afrika, onder andere die opera *Il barbiere di Siviglia* van Rossini. Die veronderstelling was dat Bosman as gasdirigent in Pretoria sou optree. Bosman het ook die wens uitgespreek om 'n produksie van die musiekblyspel, *Lost in the stars* van Kurt Weill, in Suid-Afrika op die planke te bring. Die werk is gebaseer op die boek, *Cry the beloved country*, deur Alan Paton en die libretto is deur Maxwell Anderson.²¹

In 1997 het bogenoemde samesprekings voortgegaan. In 'n brief het Johan Maré aan Bosman verduidelik dat hulle op 'n baie laat stadium goedkeuring vir hulle voorgenome program vir die jaar gekry het. Verder het hulle op daardie stadium ook nog nie

²¹ Briewe, 19 April 1996, 16 Augustus 1996, 6 September 1996

sekerheid gehad het watter produksies deur Gérard Korsten gedirigeer sou word nie en vir welke produksies 'n dirigent benodig sou word nie.²²

Bosman het in 1997 ook weer kontak met Angelo Gobbato, KRUIK se destydse direkteur: Opera, gemaak in 'n poging om in Kaapstad te dirigeer. Gobbato se antwoord in 'n brief van 7 April 1997 het soos volg gelui:

At present I have nothing concrete to offer but I assure you that I shall contact you as soon as the right opportunity arises. One major problem is that our plans are always made at such a late stage that the kind of notice I may be able to give you would probably be too short for you.²³

Buiten die enkele klavieruitvoerings wat Bosman tot op daardie stadium in Suid-Afrika gegee het asook die konserttoer van 1987, het geleentheid om in sy vaderland op te tree sigself weinig voorgedoen. Hoe langer Bosman in Italië gewoon het, hoe meer gekompliseerd het sy verhouding met Suid-Afrika geword. Ten spyte van sy suksesse as dirigent in Italië, en ofskoon hy homself al meer as 'n Italianer beskou het, was die behoefte steeds by hom teenwoordig om in sy vaderland te kom optree – nou in die hoedanigheid as dirigent. Hy het gereeld met die verskillende Streeksrade van destyds kontak gemaak. Hierdie samesprekings het egter in die meeste gevalle niks konkreets opgelewer nie. Dit het Bosman geweldig gekwel en hy het hierdie onderwerp gereeld met sy vriende en kollegas in Italië bespreek.

7.8 Musica Rara se aktiwiteite in 1995 met Bosman as dirigent en pianis

In September het Bosman saam met die opera- en balletgeselskap van La Scala na Tokio getoer. Altesaam vyf produksies is tydens hierdie toer uitgevoer, naamlik *La Traviata* en *Falstaff* van Verdi en Puccini se opera, *La fanciulla del West*, asook die ballet, *Die slapende skoonheid*, van Tsjajkofski en die *Messa di Requiem* van Verdi. Hierdie produksies is deur Riccardo Muti gedirigeer. Dit is egter nie heeltemal duidelik wat Bosman se betrokkenheid by hierdie produksies was nie, maar daar kan

²² Brief, 3 Februarie 1997.

²³ Brief, 7 April 1997.

aangeneem word dat hy weereens as repetiteur tydens die instudeer van die operas opgetree het.²⁴

Teen hierdie tyd het Bosman se verantwoordelikhede as musiekdirekteur by Musica Rara geweldig toegeneem. In Januarie, Februarie, Maart, April en Junie 1995 was daar konserte wat in die Sacrestia di San Marco plaasgevind het. Uiteenlopende werke is tydens hierdie konserte aangebied en elke program is twee keer aangebied. Bosman was die dirigent vir al hierdie konserte. Van die werke wat uitgevoer is, het die volgende ingesluit: *Brandenburg concerto's 1-6* van Bach, *Sinfonia in g* van Sammartini, *Kantate BWV66 – Erfreut euch, ihr Herzen* van Bach, *Salve Regina* van Hasse en *Simfonie in A nr. 29, K201* en die *Sinfonia concertante in E-mol, K364 vir viool en altviool* van Mozart. Verder was daar ook minder bekende werke van Hindemith en Britten op van die programme ingesluit.²⁵

²⁴ Brief, La Scala, 23 September 1995, program, Tokio-toer, 6 September tot 2 Oktober 1995.

²⁵ Musica Rara-konsertprogram, 1995.

Associazione "Musica Rara"
Stagione concertistica 1994 - 1995
Sacrestia vecchia di San Marco -Piazza San Marco 2

17 giugno ore 21
18 giugno ore 16

Concerto

Ensemble Ambrosiano
direttore **Arnold Bosman**

Solisti

Gianni Biocotino, flauto
Arnold Bosman, fortepiano
Filippo Ravizza, clavicembalo
Luca Torciani, violino

Programma

Johann Sebastian Bach

Concerto brandeburghese n.5 in re maggiore BWV 1050
Suite n. 2 in si minore per orchestra BWV 1067

G. B. Sammartini

Sinfonia in fa maggiore

C. Ph. E. Bach

Concerto in mi bemolle maggiore per fortepiano e clavicembalo

W. A. Mozart

Sinfonia n. 21 in la maggiore K 134

Associazione "Musica Rara"
a Milano
Concerto di presentazione della Stagione concertistica 1995-96

Societa' del Giardino
via S. Paolo 10
Milano
ore 21
Arnold Bosman, pianoforte

Programma

Johann Sebastian Bach (1685-1750)
Fantasia cromatica in do minore BWV 919
Concerto italiano BWV 971 in fa maggiore
(|Allegro| - Adagio - Allegro)

Wolfgang Amadeus Mozart (1756-1791)
Fantasia in re minore K 397
Sonata in fa maggiore K 280
(Allegro assai - Adagio - Presto)

Franz Liszt (1811-1886)
Valse oubliée n.1
Consolation n.3
Polacca n.2 in mi maggiore

Frederik Chopin (1810-1849)
Valzer n. 15 in mi maggiore op. post.
Valzer n. 14 in mi minore op. post.
Andante spianato e grande polacca brillante op. 22

Afbeelding 79: Die program van Arnold Bosman se klavieruitvoering op 3 Desember 1995, Milaan.

Onder die beskerming van Musica Rara het Bosman op 3 Desember 1995 'n klavieruitvoering in die Societa' del Giardino in Milaan gegee. Van Bach het hy die *Chromatiese fantasie, BWV919* en die *Italiaanse concerto, BWV971* gespeel, van Mozart die *Fantasie in D, K397* en die *Sonate in F, K280*, van Liszt die *Valse oubliee nr. 1, Consolation nr. 3* en die *Polonaise nr. 2 in E*, van Chopin die *Wals nr. 14 in e, opus post. en nr. 15 in E, opus post.*, met ten slotte die *Andante spianato e grande polonaise brillante, opus 22.*²⁶

<p>Arnold Bosman, nato in Sudafrica, è attualmente direttore assistente presso il Teatro alla Scala di Milano. Iniziato lo studio del pianoforte all'età di dodici anni, si diploma a Cape Town sotto la guida di Lamar Crowson (pianoforte) e Peter Klatzow (composizione). Perfeziona successivamente la sua preparazione in Inghilterra (Royal Academy of Music), Olanda (Conservatorio Reale dell'Aja) e Italia (Accademia Musicale Chigiana di Siena).</p> <p>Dopo aver lavorato presso l'Opera Studio del Teatro Comunale di Bologna guidato da Wladimir Delman, viene scritturato dallo stesso teatro come maestro collaboratore. Da allora si presenta come pianista accanto ad alcuni dei più famosi cantanti del panorama internazionale e come collaboratore di prestigiosi direttori d'orchestra presso numerosi teatri e festivals, affrontando un repertorio di oltre ottanta titoli.</p> <p>Nel 1992, nella veste di assistente di Lukas Foss, cura ad Avila in Spagna la revisione e l'orchestrazione di un'opera del compositore barocco Sebastian Duron; nel 1994 partecipa alle celebrazioni monteverdiane di Cremona come assistente musicale e clavicembalista in orchestra nella edizione dell'<i>Incoronazione di Poppea</i> allestita in coproduzione alla Scala e dirige al Rossini Opera Festival la produzione di <i>Pensa alla Patria</i> firmata dal regista Ugo Gregoretti.</p> <p>Nel 1995, invece, è impegnato al Festival di Bayreuth come assistente di Giuseppe Sinopoli. Recentemente esegue come solista il <i>Capriccio</i> per pianoforte ed orchestra di Stravinsky con l'Orchestra della Scala ed accompagna in diversi <i>recitals</i> i soprani Raina Kabaivanska e Anna Caterina Antonacci.</p> <p>Dal 1994, dopo la prematura scomparsa del suo fondatore Italo Lo Vetere, assume l'incarico di direttore musicale dell'Ensemble Ambrosiano, una delle più prestigiose formazioni cameristiche milanesi.</p> <p>Nel mese di febbraio ha diretto al Comunale di Firenze Il Piccolo Spazzacamino di B. Britton, ottenendo lusinghieri consensi di pubblico e di critica.</p>	<p style="text-align: center;">PROGRAMMA</p> <p style="text-align: center;"><i>L. Van BEETHOVEN (1770 - 1827)</i></p> <p style="text-align: center;">Rondò in Do-maggiore Op. 51 n. 1</p> <p style="text-align: center;">Rondò in Sol-maggiore Op. 51 n. 2</p> <p style="text-align: center;">Sonata in Do-minore Op. 13 "Patetica"</p> <p style="text-align: center;">1. Grave - Allegro di molto con brio 2. Adagio cantabile 3. Rondò - Allegro</p> <p style="text-align: center;">*****</p> <p style="text-align: center;"><i>F. CHOPIN (1810 - 1849)</i></p> <p style="text-align: center;">Ballata in Sol-minore Op. 23</p> <p style="text-align: center;">2 Valses Op. Postuma</p> <p style="text-align: center;">Andante Spianato e Grande Polacca Brillante Op. 22</p>
---	---

Afbeelding 80: Die program wat Arnold Bosman op 24 Maart 1996 in Lodi aangebied het.

²⁶ Musica Rara-konsertprogram, 3 Desember 1995.

In hierdie stadium is dit duidelik dat Bosman al meer op dirigeerkuns gefokus het. Hy het in 1996 weer 'n klavieruitvoering gegee en wel op 24 Maart 1996 in die Aula Magna del Liceo in 'n dorpie met die naam Lodi, suid van Milaan. Bosman se program het uitsluitlik uit werke van Beethoven en Chopin bestaan. Die eerste helfte het soos volg daaruit gesien: *Rondo nr. 1 in C* en *nr. 2 in G, opus 51* asook die *Sonate nr. 8 in c, opus 13 (Pathétique)*. Die tweede helfte van die program het bestaan uit die *Ballade nr. 1 in g, opus 23*, *Twee walse nr. 14* en *nr. 15 in E, opus post.*, asook die *Andante spianato e grande polonaise brillante, opus 22*.²⁷

In hierdie tyd toe Bosman al meer gedirigeer het, en Giuliano Finessi aan hom gevra het waarom hy sy klavierspel nou nie heeltemal laat vaar nie, was sy antwoord soos volg:

I am too curious to sit at the piano because of the relationship that you can build with it . . . you are there . . . and nothing more . . . on the contrary, when you are in front of an orchestra you have all the members of the orchestra in front of you. And the orchestra becomes your tool epiphanies and you have to make the orchestra with which you are working do its best, even beter than what its members thought they could do before coming together, each of them can overcome his own limit. The same happens between the director and the orchestra.²⁸

Op 12 Desember 1995 het Bosman die laaste konsert vir 1995 van Musica Rara gedirigeer waar die volgende werke uitgevoer is: *Sinfonia in E-mol* van Sammartini, *Concerto vir orrel en orkes nr. 3, opus 4* van Handel en die *Gloria in G vir soliste, koor en orkes* van Johann Christian Bach. Hierdie konsert het in die Chiesa di Santa Maria plaasgevind.²⁹

²⁷ Konsertprogram, 24 Maart 1996. Brief, 7 April 1996.

²⁸ Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 23 September 2011.

²⁹ Musica Rara-konsertprogram, 1995-1996.

Daar het ook in 1995 sanguitvoerings in die Sacrestia di San Marco plaasgevind wat deur Musica Rara aangebied is en waartydens Bosman die klavierbegeleidings waargeneem het. Konserte is op 28 Januarie, 25 Maart en 2 Junie van hierdie jaar aangebied. Die kunstenaars wat by die onderskeie konserte opgetree het, was Anna Caterina Antonacci (sopraan), Iliá Aramayo Sandivari (mezzosopraan) en Roberto Frontali (bariton). Antonacci het werke van Ravel, Duparc en Poulenc gesing, Sandivari het werke van De Falla en Granados aangebied en Frontali het werke van Tosti, Wolf-Ferrari en 'n seleksie Amerikaanse komposisies gesing.³⁰

Concerti di Canto
Sacrestia di San Marco

28 Gennaio 1995 ore 21.00

Anna Caterina Antonacci
Soprano

Musiche di: Ravel, Duparc, Poulenc

Arnold Bosman
Pianoforte

25 Marzo 1995 ore 21.00

Iliá Aramayo Sandivari
Mezzosoprano

Musiche di: De Falla, Granados

Arnold Bosman
Pianoforte

2 Giugno 1995 ore 21.00

Roberto Frontali
Baritono

Musiche di: Tosti, Wolf-Ferrari, compositori americani

Arnold Bosman
Pianoforte

Afbeelding 81: Sanguitvoerings onder die beskerming van Musica Rara waarby Bosman betrokke was.

³⁰ Musica Rara-konsertprogram, 1995.

Die klavier waarop Bosman tydens die konserte gespeel het, is 'n Fabbrini Steinway. Hierdie klaviere verskil van die gewone Steinway-klavier in die sin dat 'n Italiaanse klavierteknikus Steinways vanuit die Hamburg-ateljee koop en dan klein aanpassings maak om 'n klavier daar te stel waarvan die klank vergelyk kan word met dié van die vroeë Blüthner-klaviere.³¹

7.9 Bosman en Giuseppe Sinopoli se verbintenis

Een van die besondere gebeurtenisse in Bosman se loopbaan is die aanstelling as assistentdirigent vir Giuseppe Sinopoli in Julie 1995 by die Bayreuth-fees in Duitsland. Hy was betrokke by die repetisies van die opera, *Parsifal*. Alhoewel Sinopoli geweldige waardering vir Bosman se werk gehad het, is hy egter nie weer in hierdie hoedanigheid aangestel nie. Hy het wel later in 1999 (Hoofstuk 8) as Sinopoli se assistent opgetree in 'n produksie van *Lohengrin* van Wagner. In 'n brief van Sinopoli se persoonlike bestuurder, Hannelore Tschöpe, het sy vir Bosman ingelig dat sy dienste nie vir die fees van 1996 benodig sal word nie. Die volgende redes daarvoor is aangevoer:

On behalf of Maestro Sinopoli I would like to inform you that he will not have you as his assistant in Bayreuth next summer. The only reason for this decision is the fact that he needs someone who is absolutely well acquainted with German opera – also regarding the language. The reason why he will keep Ingrid Surgenor is the fact that she has been his long-term assistant in Bayreuth.³²

Wat na 'n oënskynlik onbeduidende gebeurtenis teen die einde van 1996 gelyk het, het later verreikende gevolge vir Bosman sowel as vir 'n jong Suid-Afrikaans-gebore sopraan ingehou. In 1996 is Bosman, te danke aan sy ouers, aan Sibongile Mngoma voorgestel. Sy was slegs 25 jaar oud toe Willem en Heleen haar op 30 November in 'n uitvoering van die *Stabat Mater* van Rossini in die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein gehoor het. Hulle was duidelik baie beïndruk met haar vertolking asook

³¹ Musica Rara-konsertprogram, 1995-1996.

³² Repetisieskedule Festspiele, 8, 10 en 12 Julie 1995. Brief, 20 Desember 1995.

met haar stemkwaliteit, want hulle het spoedig daarna 'n koerantuitknipsel aan Bosman in Italië gestuur met die volgende nota:

Ons het haar op 30 November in Bloemfontein gehoor in die Sand, toe hulle *Stabat Mater* opgevoer het. Sy mag dalk goed doen in Italië want sy het 'n pragtige stem en 'n sterk persoonlikheid. Liefde Pappa.³³

Heelwat later het hulle paaie wel gekruis toe Bosman in 1999 in Suid-Afrika kom dirigeer het, asook in sy hoedanigheid as musiekdirekteur van die Teatro Petruzzelli toe hy in Desember 2001 Mngoma gekontrakteer het om die hoofrol in Piccinni se opera, *Didon*, te sing. Mngoma is in Soweto gebore en het haar opleiding aan die Universiteit van Kaapstad by onder andere Sarita Stern en Angelo Gobbato ontvang.³⁴

7.10 Musica Rara se konserte gedurende 1996

Die eerste konsert van Musica Rara in 1996 het op 20 en 21 Januarie 1996 in die Salone degli Affreschi van die Societa' Umanitaria (Hall of Frescoes of the Humanity Society) in Milaan plaasgevind. Uit die program wat aangebied is, blyk dit reeds duidelik dat Bosman homself op die minder bekende musiek van die groot meesters gefokus het. Sy programkeuse vir genoemde konsert is besonder insiggewend, aangesien dit die eerste van baie geleenthede was waar hy nie net gedirigeer het nie, maar ook as klaviersolis in 'n concerto opgetree het. 'n Verdere opvallende tendens was die invoeging van musiek uit die vroeë Klassieke periode, bekend as die Rokoko-styl. Die program wat aangebied is, het uit die volgende werke bestaan: *Concerto vir trompet en orkes* van Leopold Mozart, *Sinfonia nr. 6 in g, opus 6* van J C Bach, *Concerto vir klavier en orkes in E-mol, K449* van Mozart en die *Sinfonia nr. 1 in D, opus 3* van Pleyel.³⁵

Die tweede konsert is, soos die eerste, op twee agtereenvolgende dae aangebied, naamlik op 3 en 4 Februarie 1996. Bosman het die program soos volg saamgestel: *Concerto vir trompet en orkes in D* van Telemann, *Sinfonia in D nr. 4, opus 12* van Boccherini en *La danza* van Gluck. Laasgenoemde is 'n kort opera bestaande uit een

³³ Brief, 3 Desember 1996.

³⁴ Resensie, *Die Burger*, 10 April 1999. Program, *Didon*, 21-23 Desember 2001.

³⁵ Musica Rara-konsertprogram, 20 en 21 Januarie 1996.

bedryf en slegs resitatiewe, arias en duette vir sopraan en tenoor insluit. Verdere konserte het op 20 en 21 April 1996 en 11 en 12 Mei 1996 plaasgevind. Werke van Hasse, Sammartini, Telemann en Alessandro Scarlatti is uitgevoer met Bosman as dirigent. Al hierdie konserte het in die Salone degli Affreschi plaasgevind.³⁶

Op 21 Mei 1996 het Musica Rara 'n uitvoering in die vakansiedorp Riva del Garda gegee tydens die 18th International Symposium on Capillary Chromatography. Tydens hierdie konsert is die volgende werke gespeel: *Divertimento in D, K136* van Mozart, *Concerto vir viol, tjello en strykers, RV547* van Vivaldi, *Concerto vir klavesimbel en strykers in f* van W F Bach, *Simfonie in F vir strykers* van Sammartini en die *Serenade vir strykers in G, K525 (Eine kleine Nachtmusik)* van Mozart. Die soliste tydens hierdie konsert was Luca Torciani (viol), Claudio Giacomazzi (tjello) en Filippo Ravizza (klavesimbel). Al drie die soliste was lede van Musica Rara. Dit wil voorkom asof die meeste van die instrumentiste van die Musica Rara-ensemble musici van hoogstaande gehalte was en kon Bosman hulle op 'n gereelde basis as soliste in concerto's gebruik.³⁷

³⁶ Musica Rara-konsertprogramme, 3 en 4 Februarie 1996, 20 en 21 April 1996, 11 en 12 Mei 1996.

³⁷ Konsertprogram, 21 Mei 1996.

18th International Symposium on Capillary Chromatography

Riva del Garda

Palazzo dei Congressi

Tuesday, 21 May 1996, 9.00 p.m.

CONCERT

Ensemble

MUSICA RARA

Conductor: Arnold Bosman

Soloists: Luca Torciani - *Violin*

Claudio Giacomazzi - *Violoncello*

Filippo Ravizza - *Harpsichord*

PROGRAMME

W.A. Mozart

Divertimento in D major KV 136

A. Vivaldi

Concerto for Violin, Violoncello, Strings and Continuo RV 547

W.F. Bach

Concerto for Harpsichord and Strings in F minor

G.B. Sammartini

Symphony in F major for Strings

W.A. Mozart

*"Eine Kleine Nachtmusik" Serenade for Strings
in G major K 525*

Afbeelding 82: Die Musica Rara-konsertprogram op 21 Mei 1996, in Riva del Garda.

7.11 Bosman se vennootskap met die legendariese sopraan, Raina Kabaivanska

Ten einde die lewe van Bosman so volledig en objektief moontlik op te teken het ek Italië in 2011 twee keer besoek. Tydens die navorsing daar het ek talle plekke van belang besoek asook met baie kollegas en vriende van Bosman onderhoude gevoer. Bykans al die kunstenaars met wie ek in gesprek getree het, het 'n professionele loopbaan as musikus gevolg en die meeste van hulle was internasionaal bekend. Hierdie musici was dit eens dat Bosman 'n uitsonderlike musikus was en hulle het met groot lof van hom gepraat het. Hulle het hom as uiters professioneel beskryf, sensitief en ook baie eerlik in sy optrede as dirigent. Deur die bank is sy dood as 'n geweldige verlies vir die musiekwêreld en spesifiek Italië bestempel.

Op 6 Oktober 2011 het ek die voorreg gehad om een van die wêreld se grootste operasangeresse in Modena, Italië, te ontmoet. As sangeres het sy vir meer as 55 jaar aktief in operas gesing, in onder andere meer as 400 produksies van beide *Tosca* en *Madama Butterfly* van Puccini. Sy is tans professor in sang aan die Istituto Musicale Orazio Vecchio in Modena en gee vir twee maande van die jaar klas by die Accademia Musicale Chigiana in Siena. Een van haar studente wat tans groot opgang in Europa maak is die bekende Suid-Afrikaanse sangeres, Pretty Yende, wat in Julie 2011 die rol van Elvira in Rossini se opera, *L'Italiana in Algeri*, met groot sukses in La Scala vertolk het. Ekself het op 9 Julie 'n uitvoering van hierdie opera in Milaan bygewoon. Tydens ons gesprek het dit onmiddellik opgeval dat Raina Kabaivanska, oorspronklik van Bulgaarse herkoms, en Arnold Bosman 'n besondere verhouding gehad het. Volgens Kabaivanska het hulle mekaar in Bologna ontmoet en uit die staanspoor was die belofte van 'n lang en buitengewone vennootskap reeds waarneembaar. Sy het Bosman as 'n "outstanding musician" met 'n "incredible musical culture" beskryf. In dieselfde asem het sy egter gepraat van sy oneindige lyding as gevolg van die feit dat sy familie nooit sy homoseksualiteit aanvaar het nie. Hierdie sogenaamde "suffering" het volgens Kabaivanska 'n geweldige diepte aan sy kuns en musisering gegee. "The only veritas –

he was suffering. And he made music with this suffering." Bosman het tot met die einde van sy lewe gevoel dat hy grotendeels deur sy familie verwerp is.³⁸

In die tweede helfte van 1996 was Bosman instrumenteel in die organisasie van drie konserte saam met die bekende Kabaivanska. In al die konserte was Bosman die dirigent van die ensemble Musica Rara en het hy ook as pianis sommige van die begeleidings waargeneem. Die eerste konsert het op 27 Oktober 1996 in die *Teatro Comunale del Giglio* in Lucca plaasgevind. Die musici wat saam met Bosman opgetree het, was Gianni Biocotino (fluit) en Vincenzo Taroni (tjello). Kabaivanska se program het die volgende werke ingesluit: die *Élégie* uit Massenet se *Manon*, twee arias uit *La Bohème* van Puccini, *Claire de lune* van Saint-Saëns, *Senza mamma* uit *Suor Angelica* van Puccini, Ravel se *Trois Chansons Madé casses*, *Vissi d'arte* uit *Tosca*, *Addio mio dolce amor* uit *Edgar*, beide van Puccini, en Chausson se *Chanson perpetuele*.³⁹

Die tweede konsert het op 2 November 1996 in die *Teatro Comunale Garibaldi* in die Toskaanse dorpie Figline Valdarno plaasgevind. Tydens hierdie konsert was daar ook twee violiste, by name Luca Falasca en Grazia Raimondi, en 'n altviolis, Emilio Eria, wat deel van die ensemble uitgemaak het. Kabaivanska het die werke van Massenet, Ravel en Chausson gesing, asook die *Sewe romanses op gedigte van Alexander Blok vir sopraan en klaviertrio, opus 127* van Dmitri Sjostakowitsj. Dieselfde program is op 8 November 1996 by die *Accademia Nazionale di Santa Cecilia* in Rome herhaal. Op 5 Desember 1997 is dieselfde program in die *Teatro Comunale di Bologna* en ook die volgende jaar op 9 Januarie in die *Teatro Comunale di Modena* en wel in die *Teatro Storchi*. Tydens laasgenoemde twee konserte het die musici wat deel uitgemaak het van die instrumentale ensemble egter verander. Willem Blokbergen het een van die vioolpartye behartig, Burt Wath en het altviool gespeel, Vincenzo Taroni die tjello, en Gianni Biocotino die fluit.⁴⁰

³⁸ Onderhoud met Raina Kabaivanska, Modena, 6 Oktober 2011.

³⁹ Konsertprogram, 27 Oktober 1996.

⁴⁰ Konsertprogramme, 2 November 1996, 8 November 1996, 5 Desember 1997, 9 Januarie 1998.



Afbeelding 83: Johan Cromhout saam met die operasangeres, Raina Kabaivanska, 6 Oktober 2011, Modena.



Afbeelding 84: Raina Kabaivanska in die fleur van haar lewe.

Presidenza del Consiglio dei Ministri - Dipartimento dello Spettacolo Regione Toscana A.P.T.
Cassa di Risparmio di Lucca Comune di Lucca Provincia di Lucca Banca del Monte di Lucca

ASSOCIAZIONE MUSICALE LUCCHESE

XXXII Stagione 1996 - Ventisettesima Manifestazione - (DCCLIV dalla fondazione)

Teatro Comunale del Giglio

Lucca, domenica 27 ottobre 1996 - ore 21,15

Raina KABAIVANSKA *soprano*

Arnold BOSMAN *pianoforte*

Gianni Biocotino *flauto* **Vincenzo Taroni** *violoncello*

PROGRAMMA

Jules Massenet (Montaud, Saint-Étienne, 1842 - Parigi, 1912)

MANON, Atto II: «Adieu, notre petite table»

ELEGIE

Giacomo Puccini (Lucca, 1858 - Bruxelles, 1924)

LA BOHÈME, Atto I: «Sì, mi chiamano Mimì»

LA BOHÈME, Atto III: «Dove lieta uscì»

SOLE E AMORE, lirica per canto e pianoforte

Camille Saint-Saëns (Parigi, 1835 - Algeri, 1921)

CLAIRE DE LUNE

Giacomo Puccini

SUOR ANGELICA: «Senza mamma»

INTERVALLO

Maurice Ravel (Ciboure, 1875 - Parigi, 1937)

TROIS CHANSONS MADÉCASSES, per soprano, flauto, violoncello e pianoforte

Giacomo Puccini

TOSCA, Atto II: «Vissi d'arte»

Gabriel Fauré (Pamiers, Ariège, 1845 - Parigi, 1924)

APRÈS UN RÊVE

Ernest Chausson (Parigi, 1855 - Limay, 1899)

CHANSON PERPÉTUELLE

Giacomo Puccini

EDGAR, Atto III: «Addio mio dolce amor»

Pianoforte della Ditta Bussotti e Fabbrini, Firenze

La prossima manifestazione è prevista per lunedì 4 novembre p.v. alle ore 21,15 a Palazzo Arnolfini, Lucca. Per il ciclo «Ricerca Musica», realizzato in collaborazione con il Conventus Lucensis, Remo Pieri (clarinetto) e Riccardo Cecchetti (pianoforte) eseguiranno musiche di C. M. von Weber, R. Schumann e J. Brahms.

Questo concerto è organizzato con la collaborazione di

BALDINI VERNICI
Protagonisti del colore


L'attività dell'AML
è sponsorizzata da



ISTITUTI SCOLASTICI
ESEDRA
LEGALMENTE RICONOSCIUTI

Città di Figline Valdarno

Teatro Comunale Garibaldi



AMICI DELLA MUSICA
FIRENZE

Stagione Concertistica 1996 - '97

RAINA KABAIVANSKA, *soprano*

ENSEMBLE MUSICA RARA

Arnold Bosman, direzione musicale

Sabato 2 Novembre - ore 21

Assessorato alla Cultura



CASSA DI RISPARMIO DI FIRENZE

Afbeelding 86: Buiteblad van Kabaivanska se konsert saam met Musica Rara op 2 November 1996 in Firenze.

PROGRAMMA

D. ŠOSTAKOVIČ : Sette poesie di Alexander Blok per
(1906 - 1975) soprano, pianoforte, violino e violoncello

J. MASSENET : Elégie
(1842 - 1912)

M. RAVEL : Chansons Madécasses per soprano, flauto,
(1875 - 1937) pianoforte e violoncello

E. CHAUSSON : Chanson perpetuelle per soprano e
(1855 - 1899) quartetto d'archi

Op 16 Januarie 1998 is daar 'n CD-opname gemaak van die meeste werke wat tydens bogenoemde konserte gesing is. Volgens Kabaivanska was Bosman instrumenteel in die samestelling en beplanning van hierdie projek. Dit was ook te danke aan hom dat sy meer op werke van die twintigste eeu begin fokus het. Kabaivanska het haar eie loopbaan in drie dele verdeel, naamlik die eerste deel as die Verdi- en Bellini-era, daarna die Puccini-era, met laastens die sogenaamde Bosman-era waar hy haar aan die werke van Janáček, Britten en Sjostakowitsj bekend gestel het. Sy het onder andere *Jenůfa* en *The Makropulos affair* van Janáček en Britten se *The turn of the screw* met die hulp van Bosman ingestudeer. Met laasgenoemde opera het Kabaivanska 'n wêreldtoer onderneem. Sy het die volgende van Bosman gesê:

Arnold gave me the big gift of the love for 20th-century music. Thanks to him that I sang these beautiful operas. Making music together was like a relationship of giving love and receiving love. That is the kind of relationship I had with Arnold. He had a lot of love to give.⁴¹

Ten spyte van Bosman se komplekse verhouding met sy ouers asook met Suid-Afrika het dit uit bykans al die gesprekke en veral tydens die bogenoemde onderhoud met Kabaivanska geblyk dat Bosman se "liefde" weliswaar veel verder as sy familie gestrek het. Hierdie "liefde" waarvan Kabaivanska praat was een wat geen grense geken het nie en dat hy kunstenaars en ander musici met wie hy in Italië gewerk het, byna soos sy eie familie liefgehad het.

Hierdie opname is in samewerking met die Accademia Nazionale di Santa Cecilia gemaak en in die Teatro Comunale Amilcare Ponchielli in Cremona opgeneem. Die werke wat opgeneem is sluit die volgende in: *Élégie* van Massenet, *Chanson perpetuele* van Chausson, *Chansons madé casses* van Ravel, *Les chemins de l'amour* van Poulenc en die *Sewe romanses op gedigte van Alexander Blok vir sopraan en klaviertrio, opus 127* van Sjostakowitsj. Instrumentaliste wat saam met Bosman en Kabaivanska op hierdie CD optree, is Luca Falasca en Grazia Raimondi (viool), Burt

⁴¹ Onderhoud met Raina Kabaivanska, Modena, 6 Oktober 2011.

Wathen (altviool), Vincenzo Taroni (tjello) en Gianni Biocotino (fluit). Hierdie opname is deur *Fonè* in die kommersiële mark versprei.⁴²

7.12 Bosman dirigeer by die Rossini-operafees in Pesaro

Bosman het ook sy buiging as dirigent by die Rossini-operafees in Pesaro gemaak. In 1996 was Bosman die pianis en dirigent in 'n uitvoering van 'n aangepaste werk deur Philip Gossett met die titel *All'idea di quel Metallo*. Hierdie uitvoerings het op 12, 15 en 20 Augustus 1996 in die Teatro Sperimentale in Pesaro plaasgevind. As agtergrond tot hierdie werk word daar vertel dat Rossini sy operas binne 'n bepaalde sosiale en kommersiële struktuur gekomponeer het: die wêreld van teaters, impresario's, uitgewers en patronate. Rossini het betaling verwag vir sy moeite en pogings om operas te skryf in 'n tyd toe geld nie volop was nie. Hy moes gou leer om sy geniale talent te gebruik om te kon oorleef. In hierdie opsig is dit maklik om die komponis en sy bekendste karakter, Figaro met mekaar te vergelyk; Figaro wie se genialiteit ook baie maklik deur die fantastiese woordjie, goud, gestimuleer kon word, soos hy vir die graaf te kenne gee: "At the idea of that metal, full of portent, omnipotent, my mind begins to explode like a volcano."⁴³

⁴² Onderhoud met Raina Kabaivanska, Modena, 6 Oktober 2011. CD-opname, *Omaggio alla Carriera*, Raina Kabaivanska, 1998.

⁴³ Program, Rossini-operafees, 1996.



SCAVOLINI
SPONSOR

TEATRO SPERIMENTALE
LUNEDÌ 12, GIOVEDÌ 15, MARTEDÌ 20 AGOSTO - ORE 18.00

ALL'IDEA DI QUEL METALLO

Zibaldone rossiniano a tema, raccolto da **Philip Gossett**
e portato in scena da **Fabio Sparvoli**

Musiche di
GIOACHINO ROSSINI

Interpreti
GEMMA BERTAGNOLLI, soprano
DANIELA BARCELLONA, mezzosoprano
ROBERT LEE, tenore
FABIO SARTORI, tenore
MASSIMILIANO GAGLIARDO, baritono
MAURO UTZERI, baritono
CARLO LEPORE, basso
ISABELLE BIRARELLI, chitarra

Pianista e concertatore
ARNOLD BOSMAN

Regia
FABIO SPARVOLI

Impianto scenico e costumi
GIORGIO RICCHELLI

Conduce
PHILIP GOSSETT

Capo macchinisti
MAURO BRECCIAROLI

Scenografo realizzatore
RENALDO RINALDI

Scenico
**LABORATORIO
DEL FESTIVAL**

Costumi
**LABORATORIO
DEL FESTIVAL**

Registrazioni, ripresa
e impianto televisivo
**FABRIZIO COLONNESI
VIDEO PRODUZIONI,
Pesaro**

Capo elettricisti
MARCO CITTADONI

Responsabile di sartoria
FAGIA MARIANI

Attrezzatura
**LABORATORIO
DEL FESTIVAL**

Calzature
**LCP POMPEI,
Roma**

Direttore di scena
NORA VENEZI

Afbeelding 88: Die program by die Rossini-fees in 1996 waar Bosman gedirigeer het.



SCAVOLINI
SPONSOR

Sotto l'Alto Patronato del Presidente della Repubblica



TEATRO ROSSINI

LUNEDÌ 11. MARTEDÌ 19 AGOSTO - ORE 21.00

Gioachino Rossini

PETITE MESSE SOLENNELLE

per soli, coro, due pianoforti e harmonium

Versione 1864 a cura della Fondazione Rossini di Pesaro

CARMELA REMIGIO, soprano
MARIANA PENTCHEVA, contralto
JUAN DIEGO FLOREZ, tenore
MICHELE PERTUSI, basso

Concertatore e primo pianoforte
ARNOLD BOSMAN

Secondo pianoforte
ROSETTA CUCCHI

Harmonium
FEDERICA IANNELLA

CORO DA CAMERA DI PRAGA
Maestro del Coro **Lubomír Mátl**

Afbeelding 89: Die program by die Rossini-fees in 1997 waar Bosman gedirigeer het.

Op 11 en 19 Augustus 1997 het Bosman uitvoerings van Rossini se *Petite messe solennelle* in die Teatro Rossini in Pesaro gedirigeer. Hy het ook die eerste klavierparty behartig. Die tweede klavier is deur Rosetta Cucchi gespeel en die harmonium deur Federica Iannella. Die Kamerkoor van Praag het opgetree en is deur Lubomír Mátl voorberei. Die soliste in hierdie uitvoering was Carmela Remigio (sopraan), Mariana Pentcheva (alt), Juan Diego Florez (tenoor) en Michele Pertusi (bas). Florez, afkomstig van Peru, is tans een van die wêreld se voorste tenore. Op 9 Oktober 2011 het ek 'n sanguitvoering deur hom in La Scala in Milaan bygewoon.⁴⁴

Dit is duidelik dat Bosman alle geleenthede gebruik het om soveel as moontlik te dirigeer. Sy dirigeerwerk het hom na verskillende dorpe en stede in Italië geneem. Dit was uit die aard van sy loopbaan baie belangrik aangesien hy soveel as moontlike blootstelling regoor Italië wou hê. Dit het die weer die voordeel ingehou dat meer operahuse en teaterbestuurders sowel as regisseurs van Bosman en sy werk bewus geraak het en mettertyd is hy steeds meer vir werk genader. Verder het Bosman sy repertorium baie vinnig uitgebrei wat uiteindelik baie voordelig sou wees wanneer hy by operahuse in ander dele van Europa en die wêreld sou wou dirigeer.

7.13 Die temas “plek” en “tyd” se besondere betekenis in Bosman se benadering tot sy werk

In 1997 het dit aan die lig gekom dat Musica Rara onder leiding van Bosman een van Mozart se vroegste operas in Milaan sou aanbied. Volgens Giuliano Finessi was dit een van die doelstellings van Musica Rara om onder die leiding van Bosman die meer onbekende werke van die jong Mozart te 'herontdek' en aan die publiek bekend te stel. Die keuse naamlik die pastorale *Festa teatrale, Ascanio in Alba, K111* is in meer as een opsig beduidend aangesien Mozart as jong vyftienjarige seun hierdie *Serenata* in Milaan geskryf het tydens sy tweede reis deur Italië vanaf 13 Augustus tot 16 Desember 1771. Mozart het nog 'n derde reis in 1772 na Italië onderneem. As gevolg van sy sukses bo dié van Hasse wat in daardie stadium ook in Milaan gewoon en gewerk het, en ook Maria Theresa se gunstelingkomponis was, was dit heel waarskynlik die rede

⁴⁴ Program, Rossini-operafees, 1997.

waarom sy so vyandig teenoor Mozart opgetree het en wat haar heel moontlik daartoe gedryf het om haar seun, aartshertog Ferdinand te oorreed om nie vir Mozart in diens te neem nie. Mozart het Italië teen die einde van Januarie 1773 verlaat om nooit weer daarheen terug te keer nie. Die libretto is deur 'n jong Milanese digter, Giuseppi Parini, geskryf. Mozart skryf aan sy suster Nannerl op 21 September 1771 soos volg: "Only two arias are wanting to the *Serenata* and then I shall have finished."⁴⁵

Verder is hierdie opera vir die eerste keer op 17 Oktober 1771 in Milaan in die Teatro Regio Ducale opgevoer. Die *Il Giornio* het in 1997 positief oor die uitvoering berig en Lorenzo Arruga het die publiek verseker dat, afgesien daarvan dat 'n konsertweergawe van die werk aangebied gaan word en dat daar sommige onvanpaste dele weggelaat is, dit steeds 'n uitvoering van uitsonderlike gehalte sou wees, kenmerkend van Musica Rara. Hierdie aanbieding wat in Mei plaasgevind het, was heel besonders, aangesien dit in die binnehof van die agtiende-eeuse Palazzo Melzi d'Eril in Via Manin 23 in Milaan plaasgevind het. Die eienaar van hierdie woning, Grazione Falcone, is self 'n belangrike figuur in die finansiële en sakesektor in Milaan en het ook in hierdie hoedanigheid Musica Rara en hulle aktiwiteite ruim ondersteun. Dit was te danke aan Falcone se versoek aan Bosman of die ruimte omskep sou kon word vir die uitvoering van 'n opera dat Bosman onmiddellik ondersoek ingestel het en uiteindelik besluit het dat so iets wel moontlik sou wees. Volgens Giuliano Finessi was dit 'n heel unieke uitvoering en die ganse Milaan kon vir weke lank nie uitgepraat raak nie oor die spesiale en uitsonderlike gebeurtenis.⁴⁶ In terme van die "plasing" van die uitvoering, is dit belangrik om daarop te let dat Bosman hom beywer het om "rare" werke in "bekende" of "gepaste" kontekste uit te voer. Musikologies is hierdie en soortgelyke latere uitvoerings dus van besondere belang.

⁴⁵ Artikel, *Il Giornio*, 13 Mei 1997. *Letters of Wolfgang Amadeus Mozart*, Mersmann, 1972. Programnotas DVD, Ascanio in Alba, 2006. Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 23 September 2011.

⁴⁶ Idem ditto.

Hoofrolle is deur Alla Simonishvili (Venere), Gianluca Belfiori Doro (Ascanio) en Patrizia Zanardi (Silvia) vertolk. Daar is ook 'n DVD-opname met dieselfde soliste van hierdie *Serenata* op 7 Mei 1997 gemaak wat later in 2006 deur Musica Rara versprei is.⁴⁷

So is daar ook gekonsentreer op twee ander komponiste se werk wat ook sterk bande met Milaan gehad het. Hulle was Johann Adolph Hasse en Johann Christian Bach. Op 27 Februarie 1997 het Musica Rara onder Bosman se leiding 'n uitvoering in die *Basilica San Satiro* van werke van Sammartini, Cherubini en Hasse gegee. Van Sammartini het hulle die *Sinfonia in E-mol, JC26*, asook 'n kantate vir sopraan, alt, tenoor en orkes getitel, *L'addolorata divina madre e desolatissima nella sole dad*. Die *Ave Maria in F* vir sopraan, *cor anglais* en strykers van Cherubini en die *Salve Regina in E-mol* vir sopraan, alt en orkes van Hasse het die program volgemaak. Laasgenoemde werk is self deur Bosman in 1996 hersien en is weer vir hierdie uitvoering gebruik. Soliste het ingesluit Svetla Krasteva (sopraan), Iliia Aramayo Sandivari (mezzosopraan), Satoshi Chubachi (tenoor), Andrea Saccarola (cor anglais), Andrea Cavuoto (tjello) en Filippo Ravizza (klavesimbel).⁴⁸

In hierdie stadium is dit van belang om te noem dat alhoewel Bosman se uitvoeringspraktyk nie altyd streng outentiek was nie, die herredigering daarvan deur hom van talle komposisies wat self ook deur hom gedirigeer is, daarop gemik was om hierdie werke in 'n meer resente epog uit te voer. Uit talle resensies in die Italiaanse nuusblaaie blyk dit duidelik dat Bosman uiters goed daarin geslaag het om die bykans vergete komposisies op innoverende wyse aan die publiek bekend te stel. Dit is in hierdie opsig soos dit by vele van die latere uitvoerings blyk dat hierdie werkswyse onder veral die musikoloë en musiekpuriste in Italië van geweldige belang was (sien 8.9).

⁴⁷ Programnotas DVD, *Ascanio in Alba*, 2006. Artikel, *Avvenire*, 14 Mei 1997.

⁴⁸ Musica Rara-konsertprogram, 27 Februarie 1997.

PROGRAMMA

GIOVAN BATTISTA SAMMARTINI (1700-1775)

Sinfonia in mi bemolle maggiore (JC 26)
(Allegro assai- Allegrino- Allegrissimo)

LUIGI CHERUBINI (1760-1842)

Ave Maria in fa maggiore per soprano, corno inglese e archi

JOHANN ADOLPH HASSE (1699-1783)

Salve Regina in mi bemolle maggiore per soprano, contralto e stromenti

Revisione critica sull'autografo di Arnold Bosman (1996)

GIOVAN BATTISTA SAMMARTINI (1700-1775)

L'addolorata Divina Madre e Desolatissima nella Soledad

Cantata Sacra per soprano, contralto, tenore,
orchestra e basso continuo

Revisione critica di Marina Vaccarini (1993)

1. Sinfonia (Moderato)
2. Recitativo ed Aria di Maria Maddalena (*Non bastò l'immenso affanno*) - tenore
3. Recitativo ed Aria di Maria Cleofe (*Ben lo predisse*) - Soprano
4. Recitativo ed Aria di Maria Salome (*Non così d'Alpe in cima*) - Mezzosoprano
5. Recitativo di Maria Maddalena/ Maria Cleofe/ Maria Salome
(*Tronchiam gl'indugi/ Fisse nell'alma / Agli aurei suoi precetti*)
6. Finale a tre (Coro) *Madre purissima.*

Soprano-, Svetla Krasteva

Mezzosoprano - Ilia Aramayo Sandivari

Tenore Satoshi Chubachi

Corno inglese - Andrea Saccarola

Violoncello - Andrea Cavuoto

Clavicembalo - Filippo Ravizza

Direttore - ARNOLD BOSMAN

Afbeelding 90: Die Musica Rara-program van 27 Februarie 1997.

In April 1998 het Bosman met Musica Rara in Milaan in die Basilica San Satiro asook in 'n dorpje met die naam Chiavenna, ongeveer 100 km noord van Milaan, uitvoerings van *Il cantico de' tre fanciulli* van Hasse uitgevoer het. In Chiavenna het die uitvoering in die Chiesa San Fedele plaasgevind. Carlo Mola van die *La Provincia* het na afloop van die uitvoering in Chiavenna berig dat Bosman baie moeite gedoen het om die liriese skoonheid van die musiek korrek te verstaan en te interpreteer. Buiten die aandag wat aan die orkes se spel gegee is, het die sangers nie teleurgestel nie. Almal was in staat om hierdie spesifieke styl te hanteer met resitatiewe eie aan die agtiende eeu. Die

onderskeie rolle is deur Giovanni Donadini, Alla Simonishvili, Gianluca Belfiori Doro, Antonio de Gobbi en Ilia Aramayo Sandivari vertolk. Vir hierdie uitvoerings het Bosman die bestaande uitgawe self geredigeer. Later in 1999 is daar 'n opname van hierdie oratorium gemaak (sien 8.4).⁴⁹

In Junie 1998 het Musica Rara onder die leiding van Bosman 'n interessante werk van Haydn aangebied. Hierdie komedie, *L'infedeltà delusa* met twee bedrywe waarvan die teks deur Marco Coltellini verskaf is, is op 26 Julie 1773 vir die eerste keer by die Esterházy-paleis uitgevoer. Dit is op 26 Junie ook in die Palazzo Melzi d'Eril in Milaan uitgevoer. Hoofrolle is deur Giovanna Donadini (sopraan), Patrizia Zanardi (sopraan), Vito Martino (tenoor), Nicola Pamio (tenoor) en Demetrio Colaci (bariton) gesing. Die regisseur was Valerio Finessi en Maurizio Magni was Bosman se assistent.⁵⁰

Magni is tans die repetiteur by La Scala en het vir Bosman reeds in die jare tagtig ontmoet. Hulle het mekaar beter leer ken toe Bosman na Milaan verhuis het en hy by Maurizio vir 'n ruk lank gewoon het toe hy nie verblyf gehad het nie. In daardie stadium was hulle kollegas by La Scala. In 'n onderhoud met Magni in September 2011 kon hy nie uitgepraat raak oor die besondere klankkwaliteit wat Bosman as pianis kon produseer nie. Magni het Bosman ook beny vanweë sy uitstaande bladleesvermoë en veelsydigheid aangesien Bosman ewe suksesvol as solis, begeleier en kamermusikus kon optree. Hy het verder gesê dat Bosman aanvanklik nie so gemaklik voor die orkes voorgekom het nie, maar dat dit stelselmatig verbeter het. Wat Magni veral opgeval het, was Bosman se voortdurende soeke na die perfekte klankresultaat. Hy het Bosman as 'n entoesiastiese persoonlikheid beskryf en met hierdie entoesiasme kon hy met gemak kommunikeer. Magni was daarvan oortuig dat Bosman se ondervinding as assistentdirigent vir van die groot dirigente oor soveel jare hom in 'n posisie geplaas het om met fyn aanvoeling die perfekte balans tussen orkes en sangers te verkry. Hy het verder genoem dat dit bewonderenswaardig is dat Bosman so goeie begrip vir die Europese kultuur – veral die Italiaanse operas geopenbaar het.⁵¹

⁴⁹ Artikel, *Il Girono*, 8 April 1998. Resensie, *Avvenire*, 4 April 1998, *La Provincia*, 7 April 1998.

⁵⁰ Musica Rara-konsertprogram, 26 Junie 1998.

⁵¹ Onderhoud met Maurizio Magni, Milaan, 24 September 2011.



Afbeelding 91: Johan Cromhout in gesprek met die pianis, Maurizio Magni, op 24 September 2011, Milaan.

"L'infedeltà delusa"

**Burletta in musica di Franz Joseph Haydn
su libretto di Marco Coltellini**

Personaggi e interpreti:

Vespina	Giovanna Donadini, soprano
Sandrina	Patrizia Zanardi, soprano
Nencio	Vito Martino, tenore
Filippo	Nicola Pamio, tenore
Nanni	Demetrio Colaci, baritono

Ensemble Musica Rara

**Concertatore e direttore d'orchestra
Arnold Bosman**

**Regia
Valerio Finessi**

**Assistente Musicale
Maurizio Magni**

**Maestro al cembalo
Filippo Ravizza**

**Violoncello
Sokol Koka**

**Costumi e realizzazioni sceniche
Cristina Boli Carla Ricotti**

**Sartoria
Vassiliki Giannopulu**

**Luci
Enrico Brocchetta**

Afbeelding 92: Die program van *L'infedeltà delusa* wat op 26 Junie 1998 deur Musica Rara aangebied is.

In 1994 het Bosman se pad gekruis met die van die bekende Italiaanse film- en operaregisseur, Marina Bianchi. Sy het in Milaan gestudeer en vir 17 jaar as regisseur by La Scala gewerk. Die regie in die aanbieding van die kinderopera, *The little sweep*, opus 45 van Benjamin Britten is deur haar hanteer. Hierdie uitvoering het op 9 en 10 Maart in die San Fedele-ouditorium onder die beskerming van Musica Rara plaasgevind. Hierdie werk bestaan uit een bedryf en twee tonele. Die eerste is in verhalende vorm waar die operageselskap besig is met voorbereidings om die opera, *The little sweep*, op die planke te bring.⁵²

Emma Toppi en Maurizio Magni het as assistente vir Bosman opgetree en was ook behulpsaam met die afrig van die koor. Volgens Bianchi was dit Bosman se Anglo-Saksiese agtergrond wat die inspirasie was om hierdie kinderopera aan te bied en kinders op so wyse aan teater en nuwe musiek bekend te stel. Bosman moes met kinders uit verskillende sosiale vlakke werk en het volgens Bianchi 'n besondere vermoë gehad om dit te doen. Sy het verder genoem dat Bosman se aanslag met die kinders dieselfde as dié met die volwassenes was en dat die kinders nooit in enige stadium bang was nie. Hulle het geweet dat hulle op hulle gemak ten volle op hom kon vertrou.⁵³

Vanaf 20 tot 29 Februarie 1996 het Bosman weer hierdie interessante werk van Britten tydens die 59ste Maggio Musicale Fiorentino in die Piccolo Teatro in Firenze gedirigeer.⁵⁴

⁵² Onderhoud met Marina Bianchi, Milaan, 21 September 2011. Program, Musica Rara, 9 en 10 Maart 1994.

⁵³ Onderhoud met Marina Bianchi, Milaan, 21 September 2011.

⁵⁴ Maggio Musicale Fiorentino program, 1995-1996. Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 23 September 2011.

Associazione Musica Rara
Sabato 9 marzo, ore 21 - Domenica 10 marzo, ore 21
presso l'Auditorium San Fedele, via Hoepli 3/B
Presenta

FACCIAMO UN'OPERA
trattenimento per giovani in due parti comprendente

IL PICCOLO SPAZZACAMINO
opera per bambini di Eric Crozier
musica di Benjamin Britten (1913 - 1976)

Regia: **Marina Bianchi**
Scene: **Leila Fteita**
Aiuto Regia: **Luciana Castellani**
Direttore di scena: **Paolo Merlini**
Organizzazione: **Marta Dall'Acqua**
Direttori d'orchestra: **Ivano Brambilla**
Arnold Bosman
[9,10]

Si ringraziano le scuole medie "F. D'Assisi", "Meda Ferrarin" per aver ospitato le prove e per la collaborazione il TEATRO ALLA SCALA, il PICCOLO TEATRO DI MILANO.

*4, 5, 6, 7 e 8 marzo, spettacolo per le scuole (ore 10)
9 e 10 marzo spettacolo benefico per Telefono Azzurro (ore 21)*

Personaggi e interpreti:
Beatrice/Sig.ra Bracco:
Pamela/Rosa:
Roberto/Nerone/Tommaso
Massimo/Clementino/Alfredo
Anna/Giulietta

Giovanni/Sem

Monica/Sofia

Pietro/Gianni

Bruno/Gaio

Colomba/Rodolfo/Ugo, Tina, gemelli

Nella Verri
Svella Krasteva
Alberto Paccagnini
Anthony Norton
Caterina Rappoccolo
[4,6,8,10]
Laura Volpi [5,7,9]
Paola Passerello
[4,6,8,10]
Marco Pirisi [5,7,9]
Alice Prati [4,6,8]
Katuscia Grippa
[5,7,9,10]
Claudio Maderna
[4,7,8,10]
Giovanni Zevi [5,6,9]
Matteo Cavallini
[4,6,7,9]
Cristian Iudica [5,8,10]
Federica Corradi
[4,5,7,8,10]
Paola Insolia
[4,6,7,9,10]
Valeria Summo
[4,5,6,8,9]
Alice Bisagni
[5,6,7,8,9,10]

Organico strumentale

Violini: Luca Torciani - Roberto Zara

Viole: Marco Bianchi

Violoncelli: Claudio Giacomazzi

Pianoforte: Maurizio Magni - Paolo Berrino

Percussioni: Antonio Scottillo

Maestri collaboratori: Emma Toppi - Maurizio Magni

Cori: "I Minipolifonici della Città di Milano", direttore Nicola Conci
[4,9,10]. Scuola Media "F. D'Assisi" - "Meda Ferrarin" [5,6,7,8]

Afbeelding 93: Die program van die Britten-opera, *The little sweep*, waaraan Bosman en Bianchi saamgewerk het.

7.14 Assistentdirigent vir verskeie internasionaal-bekende dirigente

In 1996 het Bosman as assistent vir sir Colin Davis opgetree tydens die La Scala-produksie van Berlioz se opera, *Les Troyens*. Hierdie uitvoerings het in April plaasgevind.⁵⁵

Cesare Mazzonis, wat aanvanklik die posisie van artistieke direkteur by La Scala beklee het en vir Bosman daar aangestel het, het vanaf 1992 tot 2002 dieselfde posisie by die

⁵⁵ Kontrak, La Scala, 8 Maart 1996.

Teatro Comunale in Firenze beklee toe hy vir Bosman weereens in dieselfde hoedanigheid vanaf April tot Julie 1996 en September tot Desember 1996 in Firenze aangestel het. Bosman het as assistentdirigent vir onder andere Zubin Mehta en Zoltán Peskó opgetree. Operas waarby hy betrokke was, het *Idomeneo* (Mozart), *Lucia di Lammermoor* (Donizetti), *Il prigioniero* (Dallapiccola), *Aïda* (Verdi), *Cavalleria Rusticana* (Mascagni) en *Zanetto* (Mascagni), *Madama Butterfly* (Puccini), *Die towerfluit* (Mozart) en *La Traviata* (Verdi) wat in Parys uitgevoer is, ingesluit.⁵⁶

Peskó het ook na Japan getoer met die produksies *Lucia di Lammermoor* en *Aïda*.⁵⁷

Tydens die 60ste Maggio Musicale Fiorentino in Firenze het Bosman weereens as assistentdirigent vir Mehta opgetree en wel in uitvoerings van Richard Strauss se *Ariadne auf Naxos*. Hierdie uitvoerings het op 14, 16, 18, 21 en 25 Junie 1997 in die Teatro della Pergola plaasgevind. Laura Aikin, met wie Bosman later gereeld saamgewerk het, het die rol van Zerbinetta vertolk.⁵⁸

In 1998 was Bosman betrokke as assistentdirigent vir Zubin Mehta by produksies van *Wozzeck* van Berg en *Turandot* van Puccini. Laasgenoemde produksie is ook in Beijing uitgevoer. Hierdie uitvoerings het vanaf 5 tot 13 September van daardie jaar plaasgevind en groot opslae wêreldwyd gemaak. In 1980 het Herbert von Karajan sonder enige sukses probeer om *Turandot* in Beijing, die *Forbidden city*, uit te voer. Hierdie besondere gebeurtenis het in die buitelug voor die paleis wat vandag as die People's Cultural Palace bekendstaan, plaasgevind.⁵⁹

⁵⁶ Kontrakte, Maggio Musicale Fiorentino, Firenze, 17 April 1996. Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 21 September 2011.

⁵⁷ Kontrak, Maggio Musicale Fiorentino, Firenze.

⁵⁸ Maggio Musicale Fiorentino-program, *Ariadne auf Naxos*, 1997.

⁵⁹ Brief, 10 Maart 1998, Kontrak, Maggio Musicale Fiorentino, Firenze, 16 April 1998.



Afbeelding 94: Die buiteblad van die operaprogram van *Ariadne auf Naxos*, waar Bosman assistentdirigent was.

<i>Il maggiordomo / Brighella</i>	Heinz Zednik
<i>Un ufficiale</i>	Romano Emili
<i>Un Maestro di musica</i>	Wolfgang Brendel
<i>Il Compositore</i>	Ildiko Komlosi
<i>Il tenore / Bacco</i>	Thomas Moser [14] / Jon Villars [16, 18, 21] / Michael Pabst [25]
<i>Un Maestro di ballo</i>	Max René Cosotti
<i>Un parrucchiere</i>	Carlo Di Cristoforo
<i>Un lacché</i>	Enrico Turco
<i>Zerbinetta</i>	Laura Aikin
<i>Prima Donna / Arianna</i>	Elisabeth Meyer-Topsoe
<i>Arlecchino</i>	Ludwig Wolfrum
<i>Scaramuccio</i>	Sergio Bertocchi
<i>Truffaldino</i>	Julian Rodescu
<i>Najade</i>	Alessandra Ruffini
<i>Driade</i>	Laura Polverelli
<i>Eco</i>	Elisabetta Scano

ORCHESTRA DEL MAGGIO MUSICALE FIORENTINO

<i>Maestro concertatore e direttore</i>	Zubin Mehta
<i>Regia</i>	Jonathan Miller
<i>Assistente alla regia</i>	Gianfranco Ventura
<i>Scene e costumi</i>	Mark Bailey
<i>Coreografia</i>	Terry John Bates
<i>Luci</i>	Guido Levi
<i>Direttore dell'allestimento</i>	Raffaele Del Savio

Assistente musicale: Arnold Bosman
 Maestri collaboratori di sala: Andrea Severi, Massimiliano Murrari
 Maestro collaboratore di palcoscenico: Luigi Baccianti
 Maestro collaboratore alle luci: Paolo Bellocci

Direttore di produzione: Stefano Campolmi
 Direttore di scena: Ferdinando Massarelli - Aiuto regista: Franco Barlozzetti
 Capo servizio scenografia: Giuseppe Bottaro - Scenografo realizzatore: Adnan Alzubadi
 Capo dei servizi elettrici: Alfredo Magnanelli - Capo reparto costruzioni: Enzo Vangelisti
 Capo reparto macchinisti: Roberto Pastorini
 Responsabile sartoria, attrezzeria, calzoleria: Cesare Coli - Responsabile fonia: Luigi Maccari
 Scene: Laboratorio Scenografico del Teatro Comunale di Firenze
 Costumi: Arrigo, Milano - Attrezzeria: Teatro Comunale di Firenze
 Calzature: Sacchi, Firenze - Parrucche: Audello, Torino

Afbeelding 95: Die inligtingsblad aan die binnekant van dieselfde program waarby Bosman betrokke was,

In Maart 1998 is Bosman uitgenooi om aan die oudisies te gaan deelneem vir die posisie van residentdirigent van die Haifa-simfonieorkes. Dit het aan die lig gekom toe Bosman 'n brief aan Cynthia Meister, die sekretaresse van Zubin Mehta, geskryf het, waarin hy gevra het dat sy vir Mehta moes nader vir 'n getuigskrif vir hom wat Bosman was. In daardie stadium was Bosman steeds die assistentdirigent vir Mehta in Florence.⁶⁰ Op 19 Maart 1998 het Mehta soos volg geskryf:

My collaboration for the last two seasons with Mr. Arnold Bosman has been one that has given me immense pleasure. He is a true artist in every sense, a wonderful personality, and a conductor and pianist of great talent. I would recommend him most highly to join forces with your organization, as I know he will be very successful.⁶¹

Teen die einde van 1996 het dit aan die lig gekom dat die bekende Suid-Afrikaanse komponis, Hans Huysen, wat in daardie stadium in München gewoon het, met Arnold Bosman kontak gemaak het. Hy het navraag gedoen aangaande Musica Rara in Milaan en wou weet of Bosman belang sou stel om van sy nuwe werke uit te voer. Volgens Huysen het hy 'n aantal van sy komposisies aan Bosman gestuur, maar die voorgenome vennootskap het nooit verder gevorder nie.⁶² In Junie 1997 het Willem en Heleen vir ongeveer twee weke vir Bosman gaan kuier. Dit is deels moontlik gemaak deurdat Willem vir werksverpligtinge in Brussel moes wees. Verder blyk dit asof Bosman in daardie stadium in Firenze was, aangesien hulle afgespreek het om mekaar daar te ontmoet.⁶³

7.15 Bosman se dirigeerverpligtinge begin toeneem, asook 'n belangstelling in *Entartete Musik*

In Oktober 1997 het Bosman Gluck se *L'isola di Merlin* in Florence gedirigeer. Die resensent van *La Nazione*, Leonardo Pinzauti, was nie baie beïndruk met die produksie nie, maar het Bosman se hantering van die musiek gekomplimenteer. Die orkes tot sy

⁶⁰ Brief, 10 Maart 1998.

⁶¹ Brief, 19 Maart 1998.

⁶² Brief, 12 Desember 1996. E-pos, 14 Februarie 2011.

⁶³ Brief, 18 Mei 1997.

beskikking het uit 'n klein groepie jong musici bestaan wat onder die leiding van Bosman grootliks bygedra het tot die sukses van veral die sang.⁶⁴

In 1997 het dit ook aan die lig gekom dat Bosman in die sogenaamde *Entartete Musik* belanggestel het. Hierdie naam is rondom 1930 deur die Nazi-regering in Duitsland aan musiek gegee wat volgens hulle 'n skadelike uitwerking op die samelewing gehad het. Die vrees vir kuns in die algemeen wat degenerereer, was deel van die groot plan van die Nazi-regime om sulke kuns te isoleer en uiteindelik heeltemal uit Duitsland te verban. Komponiste met 'n Joodse agtergrond of wie se sieninge die Nazi-regime geopponeer het, is in Duitsland verbied, onder andere Schoenberg, Schreker, Korngold, Weill en Krása, om slegs enkeles te noem. In 1990 het die platemaatskappy Decca 'n projek van stapel gestuur waar hulle 'n reeks opnames in die kommersiële mark beskikbaar gestel het met die titel, *Entartete Musik*. In Februarie 1997 het Bosman 'n uitvoering van Kurt Weill se *Das Berliner Requiem* en die kinderopera *Brundibar*, van Hans Krása by die Maggio Musicale Fiorentino in Florence gedirigeer. Die werk van Weill word beskou as 'n kantate vir tenoor, bariton, mannekoor en blaasorkes. *Brundibar* is tydens die Tweede Wêreldoorlog gekomponeer toe Krása as gevangene in die konsentrasiekamp by Terezin aangehou is. Op 23 September 1943 het die eerste uitvoering van die hersiene en finale weergawe van *Brundibar* in die ghetto van Terezin plaasgevind. Die werk is glo vyf-en-vyftig keer in hierdie konsentrasiekamp uitgevoer met oud en jonk wat daaraan deelgeneem het. Daar bestaan ook 'n DVD-opname van hierdie werk wat deur Musica Rara opgeneem en versprei is. Bosman het met Michael Haas, die uitvoerende produksieleier van Decca, in verbinding getree met die oog op 'n gesamentlike projek met die artistieke direkteur van die Teatro Comunale in Florence, Cesare Mazzonis. Volgens Bosman sou dit die ideale geleentheid wees waardeur Decca-platemaatskappy hulle *Entartete Musik* in Italië kon bemark. Volgens briefwisseling tussen Haas en Bosman is dit duidelik dat Decca in daardie stadium nie in so projek belanggestel het nie, aangesien hulle reeds opnames van ander musiek gefinaliseer het. Haas het egter

⁶⁴ Resensie, *La Nazione*, 25 Oktober 1997.

te kenne gegee dat *Entartete Musik* in die nabye toekoms 'n wêreldwye herlewing gaan ondergaan en dat Italië beslis deel daarvan sou uitmaak.⁶⁵

'n Besondere eer het Bosman te beurt geval toe hy gevra is om in 1998 die Arturo Toscanini-gedenkkonsert in Parma te dirigeer. Hierdie konsert het op 16 Januarie, Toscanini se sterfdag, plaasgevind.⁶⁶

7.16 Bosman se gekompliseerde verhouding met Suid-Afrika

Alhoewel Bosman teen hierdie tyd homself behoorlik in Italië ingeburger het, het hy gereeld sy Suid-Afrikaanse bande versterk deur hier te kom optree of om vir sy ouers te kom kuier. Daar bestaan duidelike bewyse dat hy na Suid-Afrika sou terugkeer indien daar vir hom werkseleenthede hier was. Sy ouers was ook van mening dat hy heeltemaal te beskeie was en dat hy meer aandag aan sy beeld na die media en pers moet gee. As voorbeeld het sy ouers Niel Immelman genoem, wat wyd bekendheid in Suid-Afrika geniet het en ook veel meer publisiteit gekry het omdat hy op 'n gereelde basis inligting wat sy loopbaan betref aan sy ma gestuur het. Sy ma, die bekende klavierpedagoog, Nettie Immelman (sien 3.2), het dit dan aan die plaaslike pers versprei.⁶⁷

⁶⁵ Briewe, 8 Januarie 1997, 26 en 27 Januarie 1997, *Vuka*-tydskrif, vol. 2 nr. 1, 1997. DVD, *Brundibar*, Musica Rara, 2011.

⁶⁶ Brief, 16 Januarie 1997.

⁶⁷ Brief, 21 April 1997.

Czech poet Rilke on the potential of a bow and arrow: 'When you put them together, each overcomes its restrictions. It is the same with the conductor and the orchestra.'

He himself often conducts and plays simultaneously. 'Some people sneer at this, but composers like Mozart did the same. When I play the piano, it means that there are times when I can't use my hands to conduct. The orchestra members then have to listen more closely, which implies that there must be a more intimate, empathetic working relationship.'

According to Bosman his repertoire as conductor is 'a bit specialised'. He left out the Romantic pieces, and works with the pre-Romantic era (Baroque and Classic) and the historic twentieth century – everything that is not *avant garde*. 'I don't have a great liking for the Surrealists. I think Shostakovich is the greatest composer of the twentieth century.'

Bosman lives in Milan, which is about 280 km from Florence where he works as Mehta's assistant. From 1990 to April 1996 he worked on a freelance basis at La Scala, often as assistant for major conductors, including the late Herbert von Karajan.

Bosman has also been given the opportunity to conduct at various of the big European music festivals, including the ones in Bayreuth, Salzburg and Pesero (where he wielded the baton during Rossini festivals on two occasions).

In 1993 he was asked to help prepare opera singers for the big Monteverdi Festival in Cremona commemorating the composer's death 350 years ago. All participants of the actual performance of *L'incoronazione di Poppea* were Italians. It can be regarded as a great honour that a South African was asked to help.

Bosman's ties with Florence can in future be to his advantage, because this city is preparing itself for the commemoration of opera's 400th birthday in 1999.

In 1997 Bosman will conduct an interesting opera in Florence. *Brundibar* was composed during the Second World War by the Czech Hans Krasa while he was in a concentration camp. It was performed fifty times in the camp – with young and old participating. In 1944 the finale of the opera was filmed for Hitler's propaganda film *Der Führer schenkt die Juden einer Stadt*. Apparently Hitler didn't realise that the message of the opera was anti-Nazi. Since the war, the opera has only been performed in Israel and Czechoslovakia.

While pursuing a career as conductor, Bosman's per-

forming career as pianist continues... 'why should I stop playing?' A highlight was his performance as soloist at La Scala, where he played Stravinsky's *Capriccio for Piano and Orchestra*.

His orchestra in Milan, the Musicarara, has twenty to sixty members, depending on the work performed. Only two people, of which Bosman is one, is responsible for the orchestra's administration. The members are not full-time, but the orchestra annually performs a complete concert series. They then concentrate on composers native to Milan.

The orchestra also does a lot to involve schools, and thus young people, by devising programmes specifically for young people. During a performance, aspects of the orchestra or the performed works are discussed, analysed and explained.

Bosman worked as a *répétiteur* for a few years, but now

works mostly with singers with whom he has formed ties – he helps them in their preparation for concerts. Singers he has worked with, include Kabaiwanska, Mirella Freni, Luciano Pavarotti and Plácido Domingo.

'I love the human voice. It's where all music comes from. Faustus said the voice and music is like the nude figure in art – it catches the eye. I think any musician should make a study of the human voice, including the importance of breathing.

All art is based on breathing, which is again related to rhythm, which comes from man's heartbeat.'


Bosman has strong views on the future of the performing arts in South Africa. 'I don't like the argument of Eurocentrism. Why can people dress in a suit, which comes from a specific world culture, but they cannot accept art which originated in

Europe and is now accepted as world culture.

'Eastern countries accepted the Western culture, but at the same time treasured and developed their own culture. In Tokyo *kabuki* (a classical form of drama) is still very popular, but opera also draws full theatres, and that at most expensive tickets.'

South Africans may have the chance to see Bosman conduct in future, as he expressed his wish to 'give something back to the country'.

In the meanwhile, living in Italy resulted in him starting to think in Italian. He says the Italians do not have any problem in pronouncing his name. He in fact discovered that there are about 60 Italian Bosmans living in Rome.



Bosman with one of the publicity posters of a performance in which he accompanied a singer at La Scala.

*Such is the rapport
between the two artists,
that Mehta left it to
Bosman to check the
master recording*

V

In 1997 het die *Vuka*-tydskrif 'n breedvoerige artikel oor Bosman se lewe en werk in Italië gepubliseer. In daardie stadium was hy reeds vyftien jaar in Italië woonagtig. Uit hierdie artikel het dit duidelik geword dat Bosman in daardie stadium reeds vir twee jaar as assistentdirigent vir die bekroonde Zubin Mehta opgetree het. Vir die eerste keer kom dit aan die lig dat Bosman se tutor in die dirigeerkuns die bekende Vladimir Delman was. Volgens Bosman was hy nie in Suid-Afrika bekend nie, omdat hy nie ten gunste van opnames was nie. Delman is in 1923 in Leningrad gebore. Hy het in 1974 die Sowjetunie verlaat, homself in Italië gevestig en later 'n Italiaanse burger geword. In 1993 het hy die Milaanse simfonieorkes gestig en in Augustus 1994 is hy aan kanker oorlede. Volgens Giuliano Finessi het Bosman en Delman mekaar een aand op die Piazza della Scala ontmoet. Hulle het net daar aan die praat geraak en veral oor Sjostakowitsj en sy musiek 'n indringende gesprek gevoer, aangesien Bosman op daardie stadium besig was om musiek van die komponis in te studeer.⁶⁸

In dieselfde artikel beskryf Bosman sy repertorium as dirigent as effe gespesialiseerd. Hy het gefokus op die musiek van die Barok- en Klassieke periode asook van die historiese twintigste eeu – alles behalwe avant-garde. In sy eie woorde het hy te kenne gegee: "I don't have a great liking for the Surrealists. I think Shostakovich is the greatest composer of the twentieth century." Volgens Carien Fourie, die skrywer van die artikel, het die moontlikheid bestaan dat die Suid-Afrikaanse publiek vir Bosman in lewende lywe as dirigent sou sien, aangesien hy sy wens soos volg uitgespreek het: "... give something back to the country."⁶⁹

⁶⁸ *Vuka*-tydskrif, vol. 2, nr. 1, 1997. Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 23 September 2011.

⁶⁹ Sien voetnoot 66.

HOOFSTUK 8

DIRIGENT UIT EIE REG

8.1 Bosman se deurbraak in Suid-Afrika

Na al Bosman se pogings om in Suid-Afrika te kom dirigeer, het hy sy groot deurbraak oor hierdie aangeleentheid in 1999 gemaak toe hy 'n simfoniekonsert en twee operas in Suid-Afrika gedirigeer het. Die simfoniekonsert het op 27 Februarie van daardie jaar in die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein plaasgevind, terwyl die een opera by die Oude Libertas-amfiteater in Stellenbosch, en die ander opera in die Nico Malan-teater in Kaapstad uitgevoer is. Die reëlings vir die simfoniekonsert in Suid-Afrika is deur Anton Els van Music Maestro's in Groenpunt, Kaapstad, gehanteer. 'n Interessante aspek van hierdie uitvoerings is dat die simfoniekonsert en beide operas aan die musiek van Mozart gewy is, terwyl Bosman as jong student en pianis nie eintlik in die musiek van Mozart belanggestel of dit gespeel het nie. Hy was gedurende daardie tydperk van sy lewe meer daarop ingestel om die musiek van Beethoven, Prokofiëf en Chopin te vertolk. Sy besondere belangstelling om in hierdie spesifieke stadium van sy loopbaan vergete werke deur agtiende-eeuse komponiste onder die publiek se aandag te bring blyk egter duidelik uit die programsamestelling vir die Bloemfonteinse konsert.¹

8.2 Die simfoniekonsert in Bloemfontein en die operaproduksies in Stellenbosch en Kaapstad

Die program vir die simfoniekonsert is deur Bosman self opgestel en op 25 Januarie 1999 aan Els gestuur. Daar het egter 'n wysiging plaasgevind wat die voorgestelde Simfonie betref. Aanvanklik sou die *Simfonie nr. 40 in g, K550* uitgevoer word, maar volgens die konsertprogram is die *Simfonie nr. 35 in D, K385* (die *Haffner*) uitgevoer. 'n Verdere opvallende aspek is dat Bosman tydens hierdie konsert ook as klaviersolis in Mozart se *Klavierkonsert nr. 20 in d, K466* opgetree het, 'n gebruik wat in Italië op hierdie stadium reeds algemeen was. Die ander werke op die program

¹ Konsertprogram, SUKOVS, 27 Februarie 1999, Onderhoud met Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 27 Mei 2010.

het ingesluit die betreklik onbekende *Mars in C, K408* en die balletmusiek, *Le petits riens K App. 10*.²

Alice Boshoff, resensent van *Die Volksblad* (skuilnaam "CAB") belig positiewe sowel as negatiewe aspekte van die konsert. Sy meld dat die klavierkonsert die ooglopende hoogtepunt van die aand was. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die aanskoulikheid van 'n pianis wat as solis vanaf die klavier ook as dirigent optree, iets wat aan Bloemfonteinse en tot 'n groot mate Suid-Afrikaanse gehore onbekend was. Haar kommentaar oor Bosman as dirigent het soos volg gelui:

Dirigent Arnold Bosman het 'n ongekompliseerde en duidelike, verstaanbare dirigeerstyl, dus moet die ongelykhede in die orkes se spel aan 'n gebrek aan konsentrasie toegeskryf word.

Wat die klavierkonsert betref, het sy soos volg geskryf:

Bosman se klavierklank is klokhelder en hy speel baie suiwer en netjies. Die geheel ontbreek egter in 'n groot mate aan die sprankel en vitaliteit wat met Mozart vereenselwig word. Bosman oefen goeie beheer uit oor die orkes vanaf die klavier en het vir mooi momente gesorg.³

Dit blyk verder duidelik uit die resensie dat die orkeslede hulle in baie gevalle skuldig gemaak het aan slordige, ongelyke en onsimpatieke spel. Volgens die resensent was die orkes se spel tot 'n groot mate nie op peil nie. Sy het egter haar waardering teenoor die groot gehoor uitgespreek, wat hierdie uitvoering besonder entoesiasies ontvang het.

² Brief, 25, 27 Januarie 1999. Konsertprogram, SUKOVS, 27 Februarie 1999.

³ Resensie, *Die Volksblad*, 1 Maart 1999.



Afbeelding 97: Buiteblad van die konsertprogram op 27 Februarie 1999, Bloemfontein.

SUKOVŠ 1999 PACOFS

SIMFONIEKONSERT
SYMPHONY CONCERT

Dirigent/Conductor

ARNOLD BOSMAN

Solis/Soloist

ARNOLD BOSMAN (klavier/piano)

SUKOVŠ SIMFONIEORKES
PACOFS SYMPHONY ORCHESTRA

27 Februarie / February 1999

Sand du Plessisteater/Theatre

19:30

Afbeelding 98: Die program van 27 Februarie 1999 in Bloemfontein waartydens Bosman as solis en dirigent opgetree het.

Pieter Kooij, resensent van *Die Burger*, het die uitvoering van Mozart se opera, *Die Entführung aus dem Serail*, K384, wat op 18, 21, 23 en 25 Maart 1999 plaasgevind het, tot 'n groot mate gekomplimenteer. Wat die soliste se sang betref, het Kooij soos volg verslag gedoen:

Die Duitse sopraan, Julia Rempe het 'n mooi stem en aanvallige voorkoms in die rol van Constanze getoon. Sy het 'n goeie koloratuur, maar nog groter soepelheid en fyner ritmiese kontrole sou haar suksesfaktor verder verhoog het. Die sjarmante Pauline du Plessis was 'n bekoorlik snipperige Blondchen en haar helder stem het welluidend in die aandlig uitgestyg. Jannie Moolman het 'n aantreklike tenoorstem en sy sang en toneelspel in die rol van die Spaanse edelman, Belmonte, was heel suksesvol. Jammer dat die een duet met Julia Rempe ontspoor het. Marcus Desando het as die bediende Pedrillo lewenslustig en energiek toneelgespeel en sy mooi tenoorstem goed vertoon, maar ook hy had 'n eersteaand geheueglips met die eerste vers van sy serenade. Oliver Picker was 'n liggewig-Osmin en sy wraak-aria was byvoorbeeld sonder diep musikale uitdrukkingsvermoë.

Die koor se aandeel was klein, maar goed, en Bosman se goeie kontrole oor die orkes en uitstekende musikale aanvoeling word in die resensie uitgelig. Die regisseur vir die produksie was Michael Williams.⁴

Kooij was ook die resensent vir die uitvoering van *Le nozze di Figaro*, K492 wat op 7, 9, 11, 13, 15 en 18 April plaasgevind het. Sibongile Mngoma in die rol van gravin Almaviva het beïndruk en volgens Pieter Kooij het sy 'n pragtige soet stem met 'n treffende kwaliteit, eienskappe wat Bosman se pa, Willem Bosman, reeds teen die einde van 1996 in haar sang opgemerk en aan Bosman genoem het.⁵ In daardie stadium het dit met Mngoma op persoonlike sowel as emosionele vlak nie goed gegaan nie en was sy op die punt om haar sangloopbaan te staak. Sy het egter produktief met Bosman saamgewerk en hy het haar uitgenooi om na hom in Italië te gaan om met intensiewe stemontwikkeling en sangstudies te begin. Oor haar bekentenis wat haar sangloopbaan betref het Bosman die volgende gesê: "If you

⁴ Resensie, *Die Burger*, 20 Maart 1999. Program, *Entführung aus dem Serail*, 18, 21, 23 en 25 Maart 1999.

⁵ Resensie, *Die Burger*, 10 April 1999.

want to quit singing you come and do it by me in Italy." Mngoma het vanaf Desember 2000 tot 2003 in Italië deurgebring waar sy onder andere deur Bosman onderrig is. Vandag sê sy onomwonde dat Arnold Bosman ongetwyfeld die rede is dat sy vandag nog sing.⁶

Kooij se kommentaar oor Bosman as dirigent was soos volg:

Die dirigent, Arnold Bosman, het goeie klank uit die Kaapstadse Filharmoniese orkes verkry. Die samewerking met die sangers was meestal goed, met net twee opvallende uitsonderings: die koor en John Eagar kon nie die dirigent se rustige tempi hanteer nie en het soms vooruit gejaag. Bosman het in Kaapstad studeer, maar woon reeds jare in Italië. Sy polsslag-aanduidings is stewig sonder om stram te wees en hy musiseer met musikaliteit en styl. Daar was net enkele onidiomaties lang aangehoue note in die musiek van die naamrol. Ek vermoed dat Robert Gierlach wat dié rol gesing het, sy hoë note wou vertoon.⁷

Uit bogenoemde resensies is dit voor die hand liggend dat Bosman op hierdie stadium 'n uiters bekwame dirigent was, wat met 'n natuurlike aanvoeling en uitsonderlike musikale insig die musiek benader en gedirigeer het. Hierdie kenmerke van Bosman as musikus en dirigent is deur Hendrik Hofmeyr, die bekende Suid-Afrikaanse komponis en dosent van Kaapstad, beaam. Hofmeyr het ook aangedui dat wanneer Bosman gedirigeer het, daar werklik iets magies met die orkes gebeur het. Hy het verder genoem dat hy destyds die idee gekry het dat die wyse waarop Bosman die musiek en operas van Mozart benader en vertolk het, 'n baie getroue weergawe daargestel het hoe dit oorspronklik gekonsipieer was.⁸

8.3 Verdere pogings om in ander dele van die wêreld te dirigeer

Soos die geval is met vryskutmusici moes Bosman op 'n deurlopende basis verseker dat invloedryke dirigente en musiekdirekteure van sy dirigeerloopbaan bewus is. Hy het gereeld met verskeie operahuise in Europa kontak gemaak in die hoop dat hy uitgenooi sou word om daar te dirigeer. In 'n brief aan die musiekdirekteur van die Duitse Opera in Berlyn, Christian Thielemann, het Bosman te kenne gegee dat hy

⁶ Onderhoud met Sibongile Mngoma, Bloemfontein, 13 Maart 2011.

⁷ Resensie, *Die Burger*, 10 April 1999.

⁸ Onderhoud met Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 27 Mei 2010.

baie graag in Berlyn sou wou dirigeer en dat sy loopbaan beslis 'n positiewe wending geneem het. "In the meantime my career has taken off, slowly but surely, and I hoping to find a little niche in the musical world here in Italy, which, as you know is not easy."⁹

In dieselfde brief het Bosman sy tevredenheid oor die twee operas wat hy in Suid-Afrika gedirigeer het, soos volg uitgespreek:

Earlier this year I went back to Cape Town (for the first time in 13 years!) to conduct *Le nozze di Figaro* and *Entführung*, both went very well and I was especially happy that the audience response was so good, all performances sold out! It was a long time since that happened, and for classical music to survive in South Africa they certainly need public support.¹⁰

⁹ Brief, 18 Augustus 1999.

¹⁰ Idem ditto.

ARNOLD BOSMAN

Milano, 18 agosto 1999

Der Generalmusikdirektor,
Herr Christian Thielemann
Deutsche Oper Berlin

Dear Christian,

You are coming so rarely to Italy that too much time has passed since we last saw each other. Nonetheless I am very happy to read so often about your successes all over the world, which I'm sure you deserve!

In the meantime my career has taken off, slowly but surely, and I am hoping to find a little niche in the musical world here in Italy, which, as you know is not easy. Especially now with the transformation of the old 'Enti lirici' into foundations, nobody wants to take any risks and the agencies are having the best of it, as always.

Earlier this year I went back to Cape Town (for the first time in 13 years!) to conduct 'Le Nozze di Figaro' and 'Entführung', both went very well and I was especially happy that the audience response was so good, all performances sold out! It was a long time since that happened, and for classical music to survive in South Africa they certainly need public support.

In the autumn I'll conduct Rihm's 'Jacob Lenz' in Florence at the Maggio, it would be an immense pleasure for me to invite you, although I imagine your time-table to be absolutely full! I often speak to people in the orchestra who remember you with much admiration.

Dear Christian, I am taking the liberty to send you some press material of the most recent things I did, and would be very honoured if you would take a small interest in my career. My agent in Germany is Lore Schulz in Munich. As soon as it will be possible for me I hope to come to Berlin!

Very warm regards also from Giuliano, he would very much like to see you as well.

With my best wishes,

PIAZZA NAPOLI 34, 20146 MILANO TEL. 02 425482 FAX. 02 4232784

Afbeelding 99: Afskrif van die brief van Bosman aan Thielemann in Berlyn.

Buiten dat Bosman in September 1999 as dirigent opgetree het tydens die produksie van Wolfgang Rihm se opera, *Jacob Lenz*, tydens die Maggio Musicale Fiorentino in Firenze, was hy ook assistentdirigent in Oktober en November van dieselfde jaar tydens die produksie van *Lohengrin* van Wagner in Firenze. Die dirigent was Giuseppe Sinopoli.¹¹

8.4 CD-opname van Johann Adolph Hasse se *Il canto de' tre fanciulli*

Teen die einde van 1999 het Bosman 'n CD-opname van Hasse se opera, *Il cantico de' tre fanciulli* gemaak. Hierdie opname is op 4 en 5 Desember in die Basilica di Santa Maria Presso San Satiro gemaak met Bosman as dirigent van Musica Rara en die Ars Cantica-koor. Die soliste op die opname is Silvia Bossa, Stefania Donzelli, Gianluca Belfiori Doro, Ilia Aramayo Sandivari en Alan Ewing. Na afloop van die opnames het een van die soliste, by name Alan Ewing wat die bas-rol gesing het, sy ontevredenheid oor die opname in 'n brief aan Bosman uitgespreek. Hy het soos volg geskryf:

As you were aware, I think, I was totally dissatisfied with the way I was recorded at the first Milan concert and the impression it gave of my work I found deeply depressing and certainly didn't help me in the second performance. I can't believe that what was recorded on Sunday can have been much of an improvement from a technical point of view and with regard to my work, I am experienced enough to know that I absolutely do not want this released and cannot give my consent to it ever being released in any form.

To hope to make a commercially or artistically acceptable recording without a balance session or a patch session would seem to me fairly impossible. If you feel I'm overstating my case, I apologise, but I have made over 40 CD's during the last ten years (EMI, Virgin and Deutsche Harmonis Mundi), 8 in the last two years (Erato, Telarc, Teldec and Chandos) and indeed the day after I left Milan, began recording Billy Budd

¹¹ Kontrak met Teatro Comunale, Firenze, 16 Oktober 1999. Brief, 18 Augustus 1999.

with the Londen Symphony Orchestra for Chandos with results that showed me that my opinion of the Don Giovanni recording is not wrong.¹²

Dit is tog interessant dat volgens Robert Levine, resensent van *Classics Today*, Ewing se sang op die spesifieke opname in 'n positiewe lig gesien het: "The bad Babylonian, with one exception, has only accompanied recitatives, and Alan Ewing's expressive bass voice makes the most of the role."¹³

8.5 Bosman in 2000 terug in Suid-Afrika om te dirigeer

Vroeg in 2000 was Bosman terug in Suid-Afrika en wel in Stellenbosch waar hy dirigent was in die tragiese eenbedryfopera van Rimski-Korsakof, naamlik *Mozart and Salieri*. Hierdie opera is op 27, 29 Januarie, 2 en 4 Februarie by die Oude Libertas-amfiteater aangebied. Die opera is voorafgegaan deur Poesjkin se drama met dieselfde titel waarin Bosman ook as pianis opgetree het in die *Klavierkonsert nr. 20 in d, K466*. Volgens die resensent, Fiona Chisholm, was Bosman uitstekend agter die klavier vanwaar hy ook die orkes gedirigeer het. Volgens haar was die rolverdeling vir die opera minder suksesvol. André Howard het die rol van Salieri vertolk en Hilton Marlton dié van Mozart. Sy skryf soos volg: "Howard in particular needs to strengthen his interpretation. He is short on feeling and venom for anyone to believe that he would poison a colleague in cold blood. Marlton as Mozart bears no resemblance in age, build, looks or dress to the actors and with the opera sung in Russian there must have been people who were initially baffled by their appearance."¹⁴

Chisholm se kommentaar oor Bosman was soos volg:

Bosman, now conducting the CTPO from the front, gave good support to the singers in an opera, which was not easy to appreciate on first hearing. But taken as a whole the evening was commendable for its unusual concept, elegant presentation and musical content – especially Bosman's piano playing.¹⁵

¹² Brief, 17 Desember 1999.

¹³ Classics Today.com, Your online guide to Classical recordings, 27 Julie 2001. Kopie beskikbaar in die Bosman-versameling.

¹⁴ Resensie, *The Cape Times*.

¹⁵ Idem ditto.

Die opskrif van Danie Botha se resensie in die *Perspektief* lui soos volg: "Mozart-opvoering verfyn en nugter." Hy gaan verder deur te sê dat die aanbieding 'n geslaagde teatereksperiment is. In sy kommentaar vergelyk hy die toneelstuk met die eenbedryfopera en meld dat André Howard in 'n mate emosionele intensiteit verkry wat Lawson nie in dieselfde toneel bereik nie, maar wel elders. Hy noem ook dat die sangers nie so beweeglik soos die akteurs is nie. Daar word niks van Bosman se bydrae in die resensie melding gemaak nie; slegs dat dit 'n verfynde produksie is wat nie die toehoorder se emosie rondpluk nie.¹⁶

Wilhelm Grütter van *Die Burger* het die aanbieding as besonder geslaagd beskou en het met groot lof daaroor berig. Die werke is uiters suksesvol sonder 'n pouse agtereenvolgens aangebied. Hy maak melding van die sjarmante inkleding van die regisseur, Mark Graham, en Bosman se noukeurigheid, wat die hantering van die musiek betref, sodat dit deurgaans in die styl van salonsjarme gehandhaaf is. Hy sluit sy resensie soos volg: "So word die twee bewerkings van die gegewe, die dramatiese en die musikale, vernuftig met mekaar vervleg en gekoppel en die geheel is werklik 'n genotvolle geval van groter as die dele."¹⁷

Op 8, 10, 12 en 14 Maart 2000 het Bosman weereens by die Oude Libertas-amfiteater gedirigeer en wel Gluck se opera, *Orfeo ed Euridice*. Hierdie produksie is in samewerking met Music Maestro's en die Nasionale Kunsteraad aangebied. Die regisseur was die bekende Marthinus Basson, wat ook vir die stel- en beligtingsontwerp verantwoordelik was. Die hoofrolle is gesing deur die Suid-Afrikaanse sopraan, Sanet Allen (Euridice), en die Italiaanse kontratenoor, Gianluca Belfiori Doro (Orfeo).¹⁸

¹⁶ Resensie, *Perspektief*, 30 Januarie 2000.

¹⁷ Resensie, *Die Burger*, 29 Januarie 2000.

¹⁸ Program, Oude Libertas, *Orfeo ed Euridice*, 8-14 Maart 2000.

ORFEO ed EURIDICE

Orfeo ed Euridice

Komponis/Composer:
Christoph Willibald Gluck

Librettis/Libretto:
Raniero De' Calzabigi

Dirigent/Conductor:
Arnold Bosman

Regisseur/Stel- en Beligtingsontwerper/
 Director/Set and Lighting Designer:
Marthinus Basson

Choreograaf/Choreographer:
Jackie Job

Koormeester/Chorus Master:
Vetta Wise

Konsertmeester/Concert Master:
Lucia Scott

8/10/12/14 Maart 2000
Oude Libertas Amfiteater
 in samewerking met
Music Maestro's
 moontlik gemaak deur die finansiële
 steun van die **National Arts Council**

Afbeelding 100: Program van *Orfeo ed Euridice*, Stellenbosch.

'n Interessante aspek van die Oude Libertas-produksie was, volgens Bosman, dat daar besluit is op die bondige of verkorte weergawe van die opera, ook bekend as die "Weense" of "Italiaanse" weergawe van 1762, waar daar gebruik gemaak word van 'n kontratenoor vir die rol van *Orfeo*. Vir die weergawe wat Gluck vir Parys (1774) voorberei het, is die rol van *Orfeo* herskryf vir tenoor en is daar ook heelwat nuwe musiek bygevoeg. Volgens Bosman is dit moeilik om die pragtige musiek van die latere weergawe heeltemal te ignoreer en kon hy nie anders as om die *Ballo*

delle Furie en die wonderskone fluitsolo uit die *Ballo degli Spiriti Beati* vir hierdie produksie in te voeg nie.¹⁹

Die gevierde kritikus van *Die Burger*, Pieter Kooij, het na afloop van die openingsaand soos volg oor die produksie berig:

Ná die openingsaand van *Orfeo* het ek wyd-uiteenlopende menings oor die opvoering gehoor. Dit het gewissel van “briljant” en “interessant” tot “’n tipiese Marthinus Basson uitspattigheid”, “’n bespotlike konsert” en “net soos ’n Kampsbaai amateuropvoering.

Volgens Kooij was dit ’n voorstelling met tipiese Basson-kreatiwiteit vir maksimum visuele impak. Die buitengewone visuele effekte het die musiek soms nadelig beïnvloed en die bekende aria, *Che faro senza Euridice*, is byvoorbeeld deur die behepthed met visuele truuks bederf. Die sanger moes glo op ’n tydstip op sy maag lê en sing, wat nie alleen die klank belemmer het nie, maar ook ’n hele aantal vals note tot gevolg gehad het. Dramatiese passasies het dikwels ook nie tot hul reg gekom nie. Na pouse het die toneelkuns vir ’n paar minute heeltemal oorgeneem – so asof Gluck se musiek nie die nodige trefkrag besit het om atmosfeer te skep nie. Oor die soliste het Kooij gemengde kommentaar gelewer. Wat Sanet Allen se *Euridice* betref, was Kooij baie beïndruk: “Sanet Allen se Euridice was gevoelvol en sy het die personasie se sensualiteit effektief in haar feitlik foutlose vokale bydrae oorgedra.” Die koor was uitstekend, maar hulle het te ver van mekaar gestaan, “soos in ’n oefenklas by ’n gimnasium”, en het tot gevolg gehad dat die koorklank nie altyd na wens was nie. Hy was ook van mening dat enkele van die soprane moontlik oorgretig was. Sy kommentaar wat Bosman se leiding betref, is soos volg:

Elke keer wat die dirigent Arnold Bosman hier optree, is ek méér geïmponeer. Daar was ’n dringendheid in sy leiding en hy toon baie goeie beheer oor die orkes, die koor en die soliste. Die musiek se dramatiese wese is intelligent en in goeie musikale smaak oorgedra – al was die tempokeuses (net soos die hele opvoering) soms buitengewoon.²⁰

¹⁹ Sien voetnoot 18.


²⁰ Resensie, *Die Burger*, 11 Maart 2000.

In September en Oktober 2000 het Bosman weereens in die Kaap gedirigeer. Op 30 September en 4, 6, 8 en 10 Oktober het hy *Don Giovanni* van Mozart in die Nico Malan-teater gedirigeer. Bekende Suid-Afrikaanse operasangers het van die hoofrolle vertolk. Sibongile Mngoma in die rol van Donna Elvira, Kobie van Rensburg as Don Ottavio en Rouel Beukes as Il Commendatore. Die Bulgaars-gebore Violina Anguelov, wat nou in Suid-Afrika woon en gestudeer het, het die rol van Zerlina vertolk.²¹


Bosman se vergoedingspakket vir sy werk in Suid-Afrika het soos volg daaruit gesien: R5 000,00 vir elke uitvoering, 'n retoervlug (ekonomiese klas) en verblyf, met toelaes vir etes ingesluit.²²

²¹ Program, *Don Giovanni*, 30 September, 4-10 Oktober 2000.

²² Brief, 23 Junie 2000.



Afbeelding 101: Buiteblad van die *Don Giovanni*-operaprogram, Oktober 2000, Kaapstad.



Cape Town Opera in collaboration
with Artscape, supported by
Western Cape Provincial Government,
presents

Don Giovanni

Opera in Three Acts, in Italian,
with English surtitles

Libretto	Lorenzo da Ponte
Conductor	Arnold Bosman
Director	Michael Williams after Sonja Frisell
Design	Peter Cazalet
Lighting	Malcolm Hurrell
Choreographer	Samantha Stewart

CAPE TOWN OPERA CHORUS

Chorus Master Günter Wallner

CAPE TOWN OPERA FESTIVAL ORCHESTRA

Concert Master Ludmila Ignatieva

Don Giovanni was first performed
at the Nostic Theatre,
Prague, on 29 October 1787

First production at the
NICO Theatre Centre,
Cape Town, on 24 August 1991

Cast subject to alteration without notice.
Patrons are kindly requested to ensure
that cellular telephones are switched off.
The use of cameras or recording
equipment is not allowed in the auditorium.

Cape Town Opera Festival 2000

Afbeelding 102: Binneblad van die operaprogram waartydens Arnold Bosman gedirigeer het, Kaapstad.

Vroeg in 2000 het Bosman begin werk maak van die moontlikheid van 'n aanbieding van Kurt Weill se musiekblyspel van 1949, *Lost in the Stars* (sien 7.7). Hierdie werk

bestaan uit twee bedrywe en is gebaseer op Alan Paton se roman, *Cry the beloved country*. Bosman het sy planne met die artistieke direkteur van La Scala, dr. Cesare Mazzonis, breedvoerig bespreek, maar ongelukkig is hierdie voorgenome produksie nooit deurgevoer nie.²³ Nietemin dui die voorgemelde optredes daarop dat Bosman bande met sy vaderland wou versterk. Ten spyte van sy selfgekose en selferkende “vervreemding”, wou Bosman homself nooit van sy plaaslike wortels losmaak nie. Hiervan spreek verdere Suid-Afrikaanse optredes tot en met sy laaste optrede in Bloemfontein; op 1 Februarie 2003 ’n simfoniekonsert waarby Bosman as dirigent betrokke was. Soos wat dit in die onderstaande afdelings blyk, kan dit egter nie ontken word dat die kern van Bosman se werk – en die volvoering van sy interpretatiewe ideale – toenemend in sy rol as dirigent in Italië bereik kon word nie.

8.6 Bosman se ouers vestig hulself in Bloemfontein

In die tweede helfte van 1999 het Bosman se ouers besluit om hulle in Bloemfontein te vestig. Een van die redes was omdat Willem (jr.) in die Nasorgsentrum in Bloemfontein tuisgegaan het. Dit was vir Willem en Heleen belangrik om nader aan Willem (jr.) te wees. Op Arnold se verjaarsdag, naamlik 31 Oktober 1999, skryf sy ouers aan hom soos volg: “Ons trek nou teen die einde van Januarie na Deanelaan en ek dink ons telefoonnommer sal dieselfde bly as wat die Schoombies op die oomblik het ...” Hulle het ook ’n foto van die huis aan Bosman gestuur sodat hy ’n idee kon kry hoe die huis min of meer lyk. Dit is duidelik waarneembaar dat Bosman se ouers opgewonde was oor die verhuising na Bloemfontein, want daar is in briewe allerlei planne voorgestel en met Bosman bespreek hoe die groot erf in Deanelaan onderverdeel kan word en dat hulle dan ’n kleiner plekkie vir hulself kan bou. Die plan was dat Bosman ook vir hom ’n klein woonstelletjie by die oorspronklike huis kon inrig vir wanneer hy in die toekoms na Suid-Afrika vir werk sou kom. Die plan vir die onderverdeling van die erf en die bou van ’n ander huis is deurgevoer, en dit is vandag steeds die tuiste van Willem, Heleen en Willem (jr.).²⁴

²³ Brief, 8 Januarie 2000.

²⁴ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 7 Maart 2010, Briewe, 19 September 1999, 31 Oktober 1999.

8.7 Bosman steeds aktief as vryskutmusikusk asook 'n uitvoering met Raina Kabaivanska in Bari

Dit blyk duidelik dat Bosman gedurende hierdie jare deurentyd as vryskutdirigent regoor Italië werksaam was. Behalwe sy aanstelling by Musica Rara, met wie hy baie getoer en verskeie konserte in ander stede aangebied het, het Bosman nooit 'n permanente aanstelling gehad nie en het hy Italië en ander dele van Europa letterlik deurkruis van een konsert na die ander. Een van die eerste konserte in 2001 waarby Bosman betrokke was, is die sanguitvoering van Raina Kabaivanska, met wie hy reeds in 1996 saamgewerk het. Tydens hierdie uitvoering wat in die Teatro Comunale Piccinni in Bari plaasgevind het, het Bosman weereens as haar begeleier opgetree. Hierdie konsert het op 23 Januarie 2001 plaasgevind. Sy het werke van Rubinstein, Dvořák, Verdi, Puccini, Massenet, Poulenc en Cilea gesing.²⁵ Hierdie gebeurtenis is van besondere belang, aangesien dit heel moontlik die weg gebaan het vir Bosman se aanstelling en sukses in Bari as artistieke direkteur van die Fondazione Petruzzelli. Aangesien Kabaivanska in daardie stadium in Italië groot aanhang geniet het en ook in Bari baie bekend was, het Bosman spesifiek vir haar gevra vir hierdie konsert om sodoende 'n groot en sterk impak in Bari te maak.²⁶

Nicola Sbisa, die resensent van *La Gazzetta del Mezzogiorno*, het Kabaivanska se sang as hartroerend en opreg beskryf. Bosman is gekomplimenteer met sy voorbeeldige begeleiding.²⁷ In die *La Repubblica* het Kabaivanska Bosman beskryf as 'n wonderlike mens, baie talentvol en met 'n magdom van kennis. In dieselfde koerant het dit bekend geword dat Bosman aan die hoof sou staan vir die volgende operaseisoen in Bari. Hierop het Kabaivanska die hoop uitgespreek dat Bosman die geleentheid gegun sou word om op die groot taak te fokus. Hierdie was ook die laaste konsert waarin Bosman en Kabaivanska saam opgetree het.²⁸

²⁵ Konsertprogram, 23 Januarie 2001.

²⁶ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 28 Februarie 2010. Onderhoud met Raina Kabaivanska, Modena, 6 Oktober 2011.

²⁷ Resensie, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, n.d.

²⁸ Resensie, *La Repubblica*, 23 Januarie 2001.



COMUNE DI BARI



Città di Bari
Assessorato Cultura e Turismo
per il Mediterraneo



Recital

Raina

Kabaivanska

Pianista

Arnold Bosman

Teatro Comunale Piccinni - Bari

Martedì 23 gennaio 2001 - ore 21.00

Afbeelding 103: Buiteblad van die Bari-konsertprogram waartydens Bosman vir Kabaivanska begelei het.




COMUNE DI BARI



Città di Bari
Assessorato Cultura e Turismo
per il Mediterraneo

Stagione Lirica di Tradizione "Teatro Petruzzelli"



Programma

- | | |
|------------------------------------|-------------------------------------|
| A. RUBINSTEIN (1829-1894) | "Notte" |
| A. DVORÀK (1841-1904) | "Melodia zigana" |
| G. VERDI (1813-1901) | "Pietà Signor" |
| | "Otello" |
| | Atto IV: "Ave Maria" |
| J. MASSENET (1842-1912) | Elegie |
| | "Manon" |
| | "Adieu, notre petit tablè" |
| G. VERDI (1813-1901) | La Traviata |
| | Atto III: scena ed aria di Violetta |
| | "Addio del passato" |
| <hr/> | |
| G. PUCCINI (1858-1924) | "Sole e Amore" |
| | "La Bohème" |
| | Atto III: "Donde lieta uscì" |
| F. SCO P. TOSTI (1846-1916) | "Le chanson de l'adieu" |
| | "Avucchella" |
| E. SATIE (1866-1925) | "Je te veux" |
| F. POULENC (1899-1963) | "Les Chemins de l'amour" |
| F. CILEA (1866-1950) | Adriana Lecouvreur |
| | "Ecco... respiro appena..." |
| | Io sono l'umile ancella" |

Impresa Lirica "IL PALCOSCENICO" di A. Travaglio
Coordinatore Artistico: M^{re} Paolo LEPORE

Afbeelding 104: Die program wat Kabaivanska en Bosman op 23 Januarie 2001 aangebied het, Bari.

8.8 Dirigent, begeleier en kamermusikus tegelyk

Afgesien van al Bosman se dirigeerverpligtinge, het hy steeds as begeleier en pianis opgetree. Op 31 Oktober 2001 het Bosman weereens saam met 'n sopraan opgetree, naamlik Eva Mei. Hulle uitvoering het in die Kennedy-teater in Fasano, 'n klein dorpie in die Suide van Italië plaasgevind. Vir hierdie uitvoering het Bosman L4000 000 as betaling ontvang. Mei het 'n program uitsluitlik met arias van Bellini, Mozart en Verdi aangebied. Operas wat op die program verteenwoordig was, het ingesluit *I Puritani*, *La sonnambula*, *Don Giovanni*, *Le nozze di Figaro*, *I Vespri siciliano* en *La Traviata*.²⁹



The poster is framed with a decorative border. At the top, the text 'Fasano musica' is written in a stylized, cursive font. Below this, the organizing institutions are listed in a formal, sans-serif font: 'MINISTERO PER I BENI E LE ATTIVITÀ CULTURALI', 'REGIONE PUGLIA', 'AMMINISTRAZIONE PROVINCIALE DI BRINDISI', 'ASSESSORATO ALLA CULTURA', 'COMUNE DI FASANO', and 'ASSESSORATO ALLA CULTURA'. A central graphic features the number '19' in a large, bold font, with a violin and bow positioned behind it. Below the graphic, the text 'Concerto inaugurale' is written in a serif font. Further down, the occasion is noted: 'Nel bicentenario della nascita di Vincenzo Bellini'. The performers are listed as 'Soprano EVA MEI' and 'Pianista ARNOLD BOSMAN'. At the bottom, the date and location are given: 'Mercoledì 31 Ottobre 2001', 'Teatro Kennedy - Fasano', and the start time: 'Porta ore 20,30 - Inizio ore 21,00'.

Afbeelding 105: Die program van Eva Mei en Arnold Bosman.

²⁹

Program, Fasano Musica, 31 Oktober 2001. Kontrak 30 Oktober 2001.

PROGRAMMA

VINCENZO BELLINI

Vaga Luna che inargenti

Qui la voce sua soave
da "I Puritani"

Per pietà bell'idol mio

Ah non credea mirarti
da "La sonnambula"

WOLFGANG A. MOZART

Batti, batti bel Masetto

da "Don Giovanni"

Porgi Amor

da "Le nozze di Figaro"

GIUSEPPE VERDI

Arrigo! Ah! parli a un core

da "I Vespri siciliani"

È strano, è strano

da "La traviata"

Afbeelding 106: Die program wat Mei en Bosman op 31 Oktober 2001 aangebied het.

Die violis, Yehezkel Yerushalmi, is die leier van die simfonieorkester van die Teatro Comunale in Firenze en het in 1996 vir Arnold Bosman ontmoet. Op 16 Augustus

2001 was Bosman die pianis in 'n trio saam met Yehezkel Yerushalmi (viool) en Franco Maggio Ormezowski (tjello). Hulle het werke van Schubert en Brahms gespeel. Hierdie uitvoering het in Alghero in die noordweste van Sardinië in die Chioistro St. Francesco plaasgevind. Volgens Yerushalmi was Bosman 'n persoon met 'n besondere kwaliteit, en was hy 'n baie ernstige musikus met 'n diepgaande kennis. 'n Kenmerk wat Yerushalmi altyd sal onthou, is die mate van respek waarmee Bosman sy mede-musici behandel het. In die onderhoud wat ek tydens my tweede besoek in 2011 aan Italië met Yerushalmi gehad het, was hy daarvan oortuig dat Bosman vandag een van Europa se groot dirigente sou wees. Op 18 Augustus en 8 November van dieselfde jaar het Bosman twee konserte saam met die Sardiniese pianis, Barbara Lunetta, in Sardinië gegee. Hulle program vir beide konserte het bestaan uit werke vir twee klaviere, naamlik die *Variasies op 'n tema van Haydn, opus 56B* van Brahms, *Inleiding en Rondo Capriccioso, opus 28* van Saint-Saëns (transkripsie vir twee klaviere deur Debussy), *Paganini-variasies* van Lutoslafski en *Scaramouche* van Milhaud. Hierdie uitvoerings het in onder andere Alghero en in Cagliari in die Aula Magna (Great Hall) van die Liceo Classico, 'n skool wat in 1852 gestig is, plaasgevind. Bosman se vergoeding vir die twee konserte in Sardinië het na die aftrekkings L5 625 000 beloop.³⁰


Tussen 30 Januarie en 10 Februarie 2001 was Bosman werksaam in Firenze waar hy 'n produksie van Cimarosa se eenbedryfopera met die titel, *Il maestro di cappella* gedirigeer het. Dit word as 'n opera-intermezzo in die vorm van 'n monodrama beskryf waarin die basbariton die orkes gerepeteer het en van tyd tot tyd die klanke van die instrumente van die orkes met sy stem naboots. Hierdie twintigminuut-opera is vir skoliere aangebied.³¹

Vanaf 8 tot 20 Mei 2001 is Bosman weer gekontrakteer om as assistentdirigent vir Zubin Mehta by die Maggio Musicale Fiorentino in Firenze op te tree. Sy betaling vir die werk was L3 440 640, ongeveer €1 770.³²

³⁰ Plakkaat, Estate musicale internazionale di Alghero 2001. Program, Associazione Serate Musicali in Sardegna, 8 November 2001. Kontrakte met Serate Musicali in Sardegna, 14 Augustus 2001, 30 Desember 2001. Onderhoud met Yehezkel Yerushalmi, Firenze, 27 September 2011.

³¹ Kontrak, Teatro Comunale di Firenze, 19 Januarie 2001.

³² Kontrak, Teatro Comunale di Firenze, 7 Mei 2001. Betalingsdaries, Teatro Comunale di Firenze, 22 Mei 2001.

 <p>ENTE AUTONOMO LIRICO TEATRO COMUNALE DI FIRENZE MAGGIO MUSICALE FIORENTINO via Sallustiana 15 - 50123 FIRENZE tel. 055/27781 fax 055/239854 tel. 574117 MAGARISI I - Cod. Fisc. e Part. IVA 00427750484</p>	<p>CONTRATTO DI SCRITTURA</p>
	<p>ARTISTA: <u>M° ARNOLD BOSMAN</u> QUALIFICA: <u>ASSISTENTE DIRETTORE</u> <u>D'ORCHESTRA PER CONCERTO</u> <u>M° ZUBIN MEHTA</u></p>

Tr. l'Ente Autonomo Lirico TEATRO COMUNALE DI FIRENZE, di seguito denominato "TEATRO", rappresentato dal proprio Sovrintendente pro tempore, e:

il M° Arnold Bosman

di seguito denominato "ARTISTA", di cui si precisano generalità e dati necessari ai fini del contratto:

luogo e data di nascita _____
 domicilio _____
 residenza fiscale _____
 Codice Fiscale _____ Partita IVA _____
 N° matricola ENPALS _____ nazionalità _____
 documento d'identità (tipo) _____ n° _____
 rilasciato a _____

SI CONVIENE QUANTO SEGUE

ARTICOLO 1 - Oggetto e durata della prestazione

1 - L'ARTISTA si impegna a prestare la propria opera in via esclusiva per il TEATRO in qualità di Assistente Direttore d'orchestra per il Concerto M° Zubin Mehta

dal mattino del giorno 8.5.2001 _____ al tutto il giorno 20.5.2001 _____

per lo spettacolo Concerto M° Zubin Mehta

(o altri del proprio repertorio) in programma nella Stagione del TEATRO Maggio Musicale Fiorentino 2001

per un minimo di recite _____

da realizzarsi alle date che il TEATRO ha la facoltà di stabilire

2 - L'impegno come sopra previsto coincide con il periodo di preparazione ed esecuzione dello spettacolo o degli spettacoli cui l'ARTISTA si impegna a partecipare

ARTICOLO 2 - Obblighi dell'Artista

L'ARTISTA si obbliga a:

- presentarsi in TEATRO entro le ore dieci del giorno di inizio del contratto; in caso di ritardo il compenso globale convenuto verrà ridotto in proporzione, rispetto al totale dei giorni di durata del contratto, computando la frazione di giorno per un giorno intero; in caso di ritardo superiore ad un giorno il TEATRO ha la facoltà di considerare risolto di diritto il contratto, ai sensi dell'articolo 1.456 del Codice Civile;
- prestare la propria opera nelle parti per le quali è scritturato, anche se nel corso della Stagione tali parti siano affidate ad altri per una o più recite;
- prendere parte con ogni cura e disciplina, nel rispetto degli orari stabiliti, a tutte le prove programmate dal TEATRO, vestendosi e truccandosi alle prove in costume al pianoforte, alle prove antegenereali con orchestra e alle prove generali, come se si trattasse di recite;
- non assentarsi da Firenze nel periodo contrattuale senza l'autorizzazione del TEATRO, garantendo sempre la propria reperibilità per ogni necessità del TEATRO agli indirizzi e ai numeri telefonici che sarà sua cura segnalare tempestivamente e con chiarezza a personale qualificato del TEATRO; non prodursi in teatri, sale di concerto e altri luoghi pubblici o privati, ancorché gratuitamente, né prestarsi a radiotrasmissioni, teletrasmissioni, incisioni di dischi o riprese di film per tutta la durata del presente impegno, senza autorizzazione scritta del TEATRO;
- non prodursi in teatri, sale di concerto e altri luoghi pubblici o privati, ancorché gratuitamente, entro un raggio di trenta chilometri dal centro di Firenze, senza autorizzazione scritta del TEATRO, dalla data della firma del presente contratto e fino all'inizio dello stesso;
- accettare, a richiesta del TEATRO, la sostituzione dello spettacolo o degli spettacoli per i quali è impegnato con altri del proprio repertorio, qualora gli spettacoli programmati non potessero essere rappresentati per cause indipendenti dalla volontà del TEATRO;
- portare tempestivamente a conoscenza del TEATRO eventuali malattie o indisposizioni che non gli consentano di adempiere agli obblighi previsti dal presente contratto, e comunque - nei giorni in cui siano previste prove antegenereali, generali o recite - entro le ore tredici del giorno stesso;
- se cittadino di un paese della Comunità Economica Europea, comunicare al TEATRO - ai fini del rilascio del prescritto nulla osta - gli estremi della propria iscrizione all'Ufficio Speciale di Collocamento dei Lavoratori dello Spettacolo, se di cittadinanza extracomunitaria, adempiere a tutte le formalità necessarie per ottenere il permesso di soggiorno per motivi di lavoro in Italia;
- rispettare il regolamento interno del TEATRO e le disposizioni straordinarie di volta in volta emanate dalla Direzione del TEATRO.

ARTICOLO 3 - Compenso

1 - In corrispettivo delle suddette prestazioni il TEATRO si impegna a corrispondere all'ARTISTA un compenso NETTO di Lire 350.000=, (trecentocinquantamila=) lordo al giorno.

L'ARTISTA nulla avrà da pretendere per eventuali prove generali aperte al pubblico, anche con biglietto di ingresso a pagamento.

2 - All'ARTISTA saranno rimborsate le spese di viaggio, con le modalità di cui all'articolo 4, comma 1, come segue:

- corresponsione della somma forfettaria di Lire _____ (_____) a loro totale copertura,
- corresponsione di un importo pari al costo del biglietto di viaggio (se aereo, in classe turistica) per il percorso A/R da una città italiana a Firenze,
- presentazione del biglietto di viaggio.

Afbeelding 107: Een van die kontrakte waar Bosman as assistentdirigent aangestel is.

8.9 Bosman begin hom toespits op die vergeete werke van die Barok en vroeg Klassieke komponiste met uitvoerings hoofsaaklik in Milaan

Vanaf 2001 het Bosman se werksaamhede by Musica Rara geweldig toegeneem en het hy hom werklik verdiep in die vergeete werke van sekere Barok en vroeg Klassieke komponiste. Op 12 Junie 2001 het Bosman die opera, *Catone in Utica*, van Johann Christian Bach in die Verdi-saal by die Konservatorium van Milaan gedirigeer. Dit is interessant dat die teks van die opera deur Pietro Metastasio deur

verskeie komponiste, onder andere Leonardo Vinci en Antonio Vivaldi vir hulle operas met dieselfde titel gebruik is. Bach se weergawe van hierdie opera dateer egter uit 1761 en is vir die eerste keer in Napels uitgevoer. Die uitvoering op 12 Junie was 'n konsertweergawe van die werk waarin die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, die rol van Arbace gesing het. Op dieselfde dag is daar ook 'n CD-opname van hierdie uitvoering gemaak.³³

Op 14 Junie 2001 het Bosman nog 'n uitvoering van 'n werk van Johann Christian Bach in die Basilica di Santa Maria Presso San Satiro gedirigeer en wel die *Messa e Vespri per la Festa di San Giovanni Nepomuceno*. In beide uitvoerings het Bosman die Ensemble Musica Rara gedirigeer en het in samewerking met I Concerti del Quartetto plaasgevind.³⁴ Hierdie werk is weer op 22 November 2001 in die Basilica di San Ambrogio in samewerking met Le Botteghe di San Ambrogio uitgevoer. Laasgenoemde is 'n bekende antikwaar wat hulle daarop roem om die antieke geskiedenis in Milaan te bevorder en te beskerm. Dit was ook Bosman se eerste optrede van vele saam met Musica Rara in hierdie kerk. Die soliste tydens hierdie uitvoering was Stefania Donzelli (sopraan), Manuela Custer (alt), Mark Milhofer (tenoor) en Christian Senn (bas). Die Musica Laudantes-koor wat deur Riccardo Doni afgerig is, het saam met die ensemble Musica Rara opgetree.³⁵

³³ Program, Catone in Utica, 12 Junie 2001.

³⁴ Idem ditto.

³⁵ Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 8 Julie 2011. Program, Musica Rara, 22 November 2001. Artikel, La Repubblica, 22 November 2001.

CATONE IN UTICA

Dramma per musica in tre atti di Pietro Metastasio

Musica di
Johann Christian Bach

Prima esecuzione assoluta in epoca moderna
Edizione critica di Ernest Warburton
(Esecuzione in forma di concerto)

Personaggi

Catone
Marzia
Cesare
Emilia
Arbace
Fulvio

Interpreti

Davide Livermore
Silvia Bossa
Stefania Donzelli
Barbara Vignudelli
Sibongile Mngoma
Ricardo Mirabelli

ENSEMBLE MUSICA RARA

Maestro concertatore e direttore d'orchestra
Arnold Bosman

Violoncello continuo - Alberto Drufuca

Maestro di sala - Maurizio Magni

STAGIONE CONCERTISTICA XXI 2000-2001
Sala Verdi - Conservatorio di Milano
Martedì 12 giugno 2001 ore 20.30

Afbeelding 108: Die program van *Catone in Utica* waartydens Bosman gedirigeer het, 2001, Milaan.

ASSOCIAZIONE
MUSICA RARA




In collaborazione con
LE BOTTEGHE DI S. AMBROGIO

JOHANN CHRISTIAN,
IL BACH MILANESE

VESPRI PER LA FESTA DI S. GIOVANNI NEPOMUCENO

di Johann Christian Bach



Soprano **Stefania Donzelli**
Contralto **Manuela Custer**
Tenore **Mark Milhofer**
Basso **Christian Senn**
Gruppo Corale "Musica Laudantes"
Direttore **Riccardo Doni**
Ensemble Musica Rara
Direttore **ARNOLD BOSMAN**



LE BOTTEGHE
DI
S. AMBROGIO

GIOVEDÌ 22 NOVEMBRE 2001 - ORE 21

BASILICA DI S. AMBROGIO - P.ZZA S. AMBROGIO - MILANO

Afbeelding 109: Die program van die Musica Rara-aanbieding op 22 November 2001, Milaan.

Volgens Giuliano Finessi, die president van *Musica Rara*, is die optrede van Bosman in die Basilica di San Ambrogio van besondere belang, aangesien dit die kerk is wat na die Heilige van Milaan vernoem is en waarvan sy oorsprong tot sover as 386 AD

nagespoor kan word. Dit is ook die enigste kerk in die wêreld wat twee kloktorings het, die een hoë as die ander. Die lae een dateer uit die twaalfde eeu en die hoër een is in 1128 gebou. Binne-in die kerkgebou is daar verskeie waardevolle en belangrike kunsskatte. Verder is hierdie konsert in samewerking met die Le Botteghe di San Ambrogio aangebied, wat daarop ingestel is om die ou antieke kultuur van Milaan te bewaar. Daar bestaan dus 'n noue verband tussen die antikwaar en Musica Rara, wat daarop fokus om byna vergete meesterkomposisies weer aan die publiek bekend te stel.³⁶

In Julie 2001 het Bosman weereens sy verskyning by die operafees in Martina Franca gemaak – hierdie keer as dirigent in 'n produksie van Donizetti se opera, *La zingara*. Wat Bosman se taak as dirigent betref, was die kommentaar van wisselende aard. In die *Corriere del Giorno* het die resesent, José Minervini, sy resensie soos volg begin: In prima esecuzione assoluta in tempi moderni. Una gitana affettuosa briccona e beffarda ... "First ever performance in modern times. A loving, flirting teasing gypsy." In hierdie resensie word Bosman gekomplimenteer met sy intelligente benadering tot die werk en die Internasionale Simfonieorkes van Italië se spel word geprys.³⁷ Volgens die berig in *La voce di Rimini* het Bosman daarin geslaag om die musiek van Donizetti met uitmuntende musikale afronding en goeie smaak weer te gee. Die soliste was egter minder suksesvol.³⁸ Alfredo Tarallo, die resesent van die nuusblad, *Il Mattino*, het ook opgemerk dat van die soliste as onervare voorgekom het en dat daar talle onsekere momente sigbaar was. Hy gaan verder deur te noem dat selfs Bosman se gebare as dirigent in sommige gevalle nie baie duidelik was nie en tot gevolg gehad het dat die orkes met tye nie altyd seker was van invalle nie en dat veral daar in opera grootliks gesteun word op die aanduidings en gebare van die dirigent.³⁹ Paolo Gallarati van *La Stampa* maak in sy resensie melding dat, ofskoon hierdie opera nie een van Donizetti se meesterwerke is nie, die sangers nie 'n maklike taak het om dit uit te voer nie. Hy verwys na die onsuiver intonasie teenwoordig by van die soliste, wat weinig ondersteuning van Bosman ontvang het. Hy het Bosman se dirigeerstyl as onseker beskryf.⁴⁰ In die

³⁶ Cultura and Shopping nell'antica "Mediolanum". Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 8 Julie 2011.

³⁷ Resensie, *Corriere del Giorno*, 24 Julie 2001.

³⁸ Resensie, *La voce di Rimini*, 5 Augustus 2001.

³⁹ Resensie, *Il Mattino*, 27 Julie 2001.

⁴⁰ Resensie, *La Stampa*, 30 Julie 2001.

Financial Times van 8 Augustus 2001 het Luciano Chianese die volgende van Bosman as dirigent gemeld:

Thanks to his experience of early 19th century repertoire, the South African conductor Arnold Bosman was well suited to handle Donizetti's score, both in its virtuoso orchestral passages and its delicate lyricism. It was a pity, though, that the protagonists forced him to play down the forte passages.

Een van Italië se invloedrykste musiekkritici, Paolo Isotta, se opskrif in die *Corriere della Sera* van 30 Julie 2001 het soos volg gelui: "Una zingara in grande forma." ("The gypsy in good form").

8.10 Die rol van die stad Bari in die lewe van Arnold Bosman

Tydens my besoek aan Bari in Oktober 2011 en na vele gesprekke met verskeie persone, het dit duidelik geword dat politiek 'n geweldige rol in die kulturele lewe van hierdie stad speel. Toe Bosman as artistieke direkteur van die Fondazione Petruzzelli aangestel was, was die Teatro Petruzzelli steeds nie toeganklik om enige operas daar aan te bied nie. Die rede hiervoor is dat die operahuis in Oktober 1991 afgebrand het. In daardie stadium het die operahuis aan die Messeni Nemagna-familie behoort. Talle hofsake het hierna gevolg en uiteindelik het die operahuis in 2006 die eiendom van die munisipaliteit van Bari geword. Volgens 'n hofbevel in 2008 is die teater weereens aan die Nemagna-familie oorhandig weens 'n gebrek aan die vereistes aan "extraordinary need and urgency" wat betref die beplande onteieningsproses. Weens die verbreking van die ooreenkoms volgens artikel 5 van die kontrak, gedateer 29 Januarie 1896, tussen die munisipaliteit van Bari en Antonio Onofrio en Petruzzelli, is die teater in 2008 in geheel met openbare geld gerestoureer, in September 2009 aan die stad Bari teruggegee. Na agtien jaar, op 4 Oktober 2009, is die teater weer amptelik geopen en wel met 'n uitvoering van Beethoven se *Simfonie nr. 9 in d, opus 129* met die simfonieorkester van die Bari-provinsie. Die dirigent was Fabio Mastrangelo. Later, op 6 Desember 2009, is die teater ingewy met die eerste operavoorvoering, naamlik *Turandot* van Puccini. Renato Palumbo was die dirigent. Die superintendent van die Teatro Petruzzelli van 2001-2004 was Angela Filipponio, wat volgens baie mense 'n politieke aanstelling was. In 'n onderhoud met haar het sy vertel dat dit haar taak was om 'n geskikte persoon te

vind om Bari se operalewe en veral die naam van die Petruzzelli-teater in ere te herstel. Een van die bekendste musiekkritici in Italië het Filipponio ooreed dat Arnold Bosman die aangewese persoon vir daardie werk was. So is Bosman in 2001 as die nuwe musiekdirekteur van die Fondazione Lirico Sinfonica Petruzzelli e Teatri di Bari aangestel.⁴¹

8.11 Bosman dirigeer *Didon* van Piccinni in die Teatro Piccinni in Bari

Bosman was instrumenteel in die beplanning en uitvoering op 23 Desember 2001 van die opera *Didon* van Niccoló Piccinni in Bari. Hierdie produksie was weens verskeie redes besonder belangwekkend. Piccinni, die komponis van die opera, was in die eerste plek van Barinese afkoms; die teater waarin dit uitgevoer is, is die oudste in Bari en is in 1854 voltooi en in 1855 na dié komponis vernoem. Sedert die vernietiging van die Teatro Petruzzelli deur 'n brand in 1991 het die Piccinni-teater 'n sleutelrol in die kultuurlewe van Bari vervul. Verder was Piccinni in daardie stadium pas 200 jaar oorlede. Dit was ook die eerste keer in 165 jaar dat die opera in Italiaans gesing is. Die uitgawe wat gebruik vir hierdie uitvoering is, was gedeeltelik hersien deur die wêreldbekende Britse musikoloog, Ernest Warburton. Dit was 'n kritiese uitgawe gebaseer op oorspronklike materiaal wat in Parys gevind is. Bosman het die redigering voltooi. Sibongile Mngoma, met wie Bosman in daardie stadium reeds 'n lang en hegte band gevorm het, het die naamrol in die opera vertolk.⁴²

Bosman se vergoeding vir bogenoemde produksie het L25 000 000 beloop.⁴³

⁴¹ Onderhoud met Angela Filipponio, Bari, 4 Oktober 2011. Onderhoud met Elio Oricuolo, Bari, 4 Oktober 2011.

⁴² Program, *Didon*, 23 Desember 2001, *Corriere della Sera*, 18 Desember 2001.

⁴³ Kontrak, Stagione Lirica di Tradizione del Teatro Petruzzelli, 7 November 2001.

Ministero per i Beni e le Attività Culturali
Dipartimento dello Spettacolo



Stagione Lirica di Tradizione 2001
Teatro Petruzzelli

Assessorato alla Cultura e
Turismo per il Mediterraneo

TEATRO PICCINNI

Venerdì 21 h. 21.00 - Domenica 23 Dicembre h. 17.00
Giovedì 20 Dicembre h. 19.00 ANTEPRIMA
(promozionale per studenti e anziani)

DIDON

di Niccolò Piccinni
libretto di Jean-François Marmontel
edizione critica a cura di Ernest Warburton

Didon Sibongile Mngoma
Énée Daniel Galvez-Vallejo
Iarbe Davide Damiani
Elise Teresa Di Bari
Phénice Angelica Girardi
Araspe/Ombra Antonio Signorile

maestro concertatore e direttore
ARNOLD BOSMAN

regia e impianto scenico
PIER PAOLO PACINI

costumi Tommaso Lagattola
maestro del coro Elio Orciuolo
coreografie Mimmo Iannone
direttore degli allestimenti Giovanni Pastoressa


ORCHESTRA DEL TEATRO PETRUZZELLI
CORO DEL TEATRO PETRUZZELLI
COMPAGNIA ALTRADANZA

Produzione della Stagione Lirica 2001
del Comune di Bari

Afbeelding 110: Program van die operaproduksie, *Didon*, in Desember 2001, Bari.



Afbeelding 111: Die Teatro Piccinni in Bari waar Bosman gereeld as dirigent opgetree het.



Afbeelding 112: Die interieur van die Teatro Piccinni met die podium in die voorgrond waar Bosman homself gereeld bevind het.

Op hierdie punt is dit moontlik gerade om geskiedkundig op die opera se oorsprong terug te gaan. Piccinni het in Napels gewoon, waar hy beduidende sukses bereik

het. Sy eerste Franse opera met die titel, *Roland*, is in 1778 gekomponeer en uitgevoer toe die vete tussen Gluck en Piccinni op sy vurigste was. Op daardie stadium was daar in Parys 'n groep operaondersteuners wat veral die operas van Gluck aangehang het en, teenoor hulle, 'n groep wat 'n voorliefde vir die operas van Piccinni gehad het. Op aandrang van die Paryse Opera het beide Gluck en Piccinni opdrag gekry om aan die opera, *Iphigénie en Tauride*, te werk. Alhoewel Piccinni belowe is dat sy weergawe voor Gluck se meesterstuk uitgevoer sou word, is dit egter eers in 1781, sowat twee jaar na die Gluck-première uitgevoer. Piccinni het eers in 1783 werklike sukses behaal met sy weergawe van *Didon*.⁴⁴

In een van die plaaslike koerante, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, het Nicola Sbisá die sluier gelig op die taak wat Bosman gehad het om die Warburton-uitgawe te voltooi. Een van Warburton se laaste opdragte aan sy vrou, Jenny, was om slegs aan Bosman toestemming en toegang tot sy musiek en rekenaar te verleen. Volgens Bosman se ouers was dit vir hom 'n geweldige eer en voorreg.⁴⁵ Die hele projek is voorgelê aan 'n komitee wat bestaan het uit onder andere Angela Filipponio, Guido Pagliaro, die direkteurgeneraal van die Bari-opera, Bosman, asook die regisseur, Pier Paolo Pacini. Volgens die berig was dit vir Bosman moontlik om die redigering te voltooi met alle fasette van die opera in ag genome, soos Piccinni dit wou hê, en kon hy dit in perspektief stel. Bosman het te kenne gegee dat dit 'n moeilike taak was om gepaste protagoniste vir Piccinni se komplekse teksture te vind. Die eindproduk was egter volgens Bosman suksesvol en hy was ook oortuig daarvan dat daar genoegsame bewyse in die soliste se sang sou wees wat bewys kon lewer van hulle begrip en waardering vir die werk. Hy het verder gegaan en genoem dat die regisseur, Paolo Pacini, 'n diepgaande psigologiese kennis van elke karakter het en dat die dekorstel klassiek en misleidend eenvoudig voorkom, maar dat daar eintlik baie simboliek en suggestie vervat is.⁴⁶

Alessandro Romanelli van die *Corriere del Mezzogiorno* wou ook van Bosman weet of die kritiese uitgawe van Warburton wat deur Bosman voltooi is, enigsins verband hou met die destydse Paryse uitgawe. Bosman het te kenne gegee dat hy wel so dink en dat dit verteenwoordigend is van 'n opera van baie jare gelede, amper

⁴⁴ *The Concise Oxford Dictionary of Music*, Michael Kennedy, 1980.

⁴⁵ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Maart 2010.

⁴⁶ Koerantartikels, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 22 Desember 2001, *Corriere del Mezzogiorno*, 20 Desember 2001.

heeltemal vergete. Hy het dit beskryf soos om eienaarskap te neem van 'n amper vergete familielid se erflating. Die doelwit was egter om die atmosfeer en musikale uitdrukking soos dit oorspronklik bedoel was so goed as moontlik te rekonstrueer. Volgens Bosman het Warburton 'n uitstekende werk met entoesiasme en nederigheid gedoen. *Didon* was die laaste uitgawe waaraan hy gewerk het voor sy dood op 7 Augustus 2001 in Londen. Warburton is veral bekend vir sy kennis van die werke van Johann Christian Bach en het in sy leeftyd 'n 48-volume uitgawe van al die werke van hierdie komponis laat publiseer asook 22 CD's van die orkeswerke van J C Bach. Hierdie uitgawe het in Junie 1999 verskyn. Warburton was ook nou betrokke by die Britse uitsaaidiens. Een van sy grootste projekte tydens sy verblyf in Manchester was onder andere die uitsending van Wagner se eerste drie operas, naamlik *Die Feen*, *Das Liebesverbot* en *Rienzi*. Hierdie uitsending waarvan hy die produksieleier was, is in samewerking met die dirigent van die destydse BBC Northern Orchestra, nou bekend as die BBC Philharmonic, sir Edward Downes uitgesaai. In 1977 het hy na Londen verhuis toe hy as musiekhoof van die BBC aangestel is. In 1986 word hy aangestel as External Services Music Organiser by die World Service van die BBC. Hy was hier werksaam tot met sy aftrede in 1995. Ernest Warburton is op 7 Augustus 2001 in Londen oorlede.⁴⁷

Op 'n vraag van Romanelli aan Bosman waarin hy wou weet watter probleme ervaar is om aan al die vereistes van die opera te voldoen het Bosman gesê dat: "... dit altyd moeilik is om 'n opera op te voer. 'n Mens kan jou self baie bevoorreg ag indien jy onder perfekte omstandighede kan werk, maar selfs dan word mens met probleme gekonfronteer."⁴⁸ Nietemin dui Bosman se objektiewe rondom die uitvoering weereens op sy interessante en belangrike fassinatie met "tyd" en "plek" – soos hier in terme van musikale uitvoering vergestalt en verklank.

Volgens Nicola Sbisá van die *La Gazzetta del Mezzogiorno* van 22 Desember 2001 was die toekoms van opera in Bari in die hande van Guido Pagliaro en die baie bekwame musikus, Arnold Bosman. Hy het die hoop uitgespreek dat opera in Bari nou vooruit sou gaan.⁴⁹ Alessandro Romanelli van die *Corriere del Mezzogiorno* het in sy resensie bekend gemaak dat *Didon* vanuit 'n musikale oogpunt uitstekend

⁴⁷ Koerantartikels, *Corriere del Mezzogiorno*, 20 Desember 2001, *The Guardian*, 29 September 2001, *The Independent*, 29 Augustus 2001, *The Daily Telegraph*, 11 September 2001.

⁴⁸ Koerantartikel, *Corriere del Mezzogiorno*, 20 Desember 2001. Vrye vertaling vanuit Italiaans my eie.

⁴⁹ Resensie, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 22 Desember 2001.

uitgevoer is en dat Bosman se interpretasie uitmuntend was. Hy het spesiale melding van die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, en die Italiaanse bariton, Davide Damiani, gemaak. Die resensent van die *Corriere della Sera* het te kenne gegee dat Bosman effe onbetrokke voorgekom het en nie werklik die gees van die hoogs dramatiese werk vasgevang het nie. Volgens die resensent was Bosman se interpretasie goed, maar sonder enige groot momente. 'n Aangename verrassing volgens die resensent was Sibongile Mngoma se sang en interpretasie van die naamrol, *Didon* en ook Davide Damiani se vertolking van die rol, Iarbe.⁵⁰

8.12 Bosman dirigeer weereens in sy geboortestad, Bloemfontein

Op 9 Maart 2002 was Bosman terug in Bloemfontein waar hy weereens as dirigent en solis in die Sand du Plessis-teater saam met die Vrystaatse Simfonieorke opgetree het. Volgens die resensent van die konsert, Martina Viljoen, het daar pas vantevore 'n artikel in die plaaslike Bloemfonteinse nuusblad, *Die Volksblad*, verskyn waarin daar melding gemaak is hoe moeilik dit is vir goed opgeleide Suid-Afrikaanse musici om plaaslik 'n sinvolle bestaan te maak. Dus was die optrede van Bosman wat reeds aansienlike sukses in die buiteland verwerf het, van besondere belang. Die resensent het verder gegaan deur te sê dat dit wel moontlik is vir musici om in die buiteland uit te styg en sukses te behaal en ook dan later terug te keer na Suid-Afrika om hulle kennis en talente met plaaslike musici en gehore te deel, waarvan Bosman 'n uitmuntende voorbeeld is. "Die aanslag van die relatief jong dirigent het ook duidelik gemaak dat 'n soortgelyke pad slegs afgelê kan word deur groot begaafdheid, intensiewe opleiding en algehele toewyding aan die kuns." (Viljoen, 11 Maart 2002). Die program het uit werke van Wagner, Mozart, Smetana en Schubert bestaan.⁵¹

Viljoen het verder gegaan en Bosman as 'n besondere vakman beskou:

Van die openingsakkoorde van Wagner se *Prelude tot Die Meistersinger* was dit duidelik dat die orkes onder die leiding van 'n bedrewe vakman staan. Die musikale konsep waarop die vertolking gegrond is, is gerugsteun deur 'n forse, homogene klank.

⁵⁰ Resensies, *Corriere del Mezzogiorno*, 23 Desember 2001, *Corriere della Sera*, 21 Desember 2001.

⁵¹ Resensie, *Die Volksblad*, 11 Maart 2002.

In Mozart se *Klavierkonsert nr. 16 in D, K451* het Bosman as solis én dirigent opgetree. Mozart se orkespartye vir sy klavierkonserte is berug vir hul moeilikheidsgraad. Tog is die deursigtige lyne hier uitstekend gehanteer. 'n Mens het soms gewens dat die dinamiese graderings effens sagter spel kon insluit, veral in die lig van Bosman se konseptualisering van die werk wat delikaat (en effens aan die objektiewe kant) was. Nietemin was dit 'n uiters bevredigende uitvoering van 'n wonderskone komposisie.

Net so het *Die Moldau* uit Smetana se simfoniese toondig, *Ma Vlast*, 'n uitstekende kleurvolle vertolking van die verskillende programmatiese gegewens gelewer.

Die hoogtepunt was egter 'n subtiële en stylvolle weergawe van Schubert se *Simfonie nr. 8 in b (Die onvoltooide)*. Dié uiters ernstige vertolking het veral in die tweede deel aan die meer ervare soliste die kans gegee om hul interpretasievermoë te toon – en in dié verband verdien die subtiële wisselwerking tussen die houtblasers, veral die klarinetspel, spesiale vermelding.⁵²

Bosman se betaling vir bogenoemde konsert was R6 000,00.⁵³

In die daaropvolgende periode het Bosman meer gereeld as pianis en dirigent in Suid-Afrika as kom werk. Na 'n lang afwesigheid (1987) het hy in 1999 in Bloemfontein, Stellenbosch en Kaapstad opgetree. In 2000 het hy twee keer by die Oude Libertas-teater en in Kaapstad gedirigeer. Uit die bogenoemde resensie is dit duidelik dat Bosman as solis en dirigent uiters geslaagd was. Dit wil tog ook voorkom asof sy ervaring as dirigent oor die jare in die buiteland hom geweldig tot voordeel gestrek het en dat verskeie Suid-Afrikaanse filharmoniese verenigings en operageselskappe in daardie stadium deeglik bewus was van die omvang en kwaliteit van sy werk in dié verband.

⁵² Idem ditto.

⁵³ E-pos-korrespondensie tussen Arnold Bosman en Andrea Erasmus, 21 Januarie 2002

8.13 Bosman dirigeer *Idomeneo* by die Oude Libertas-teater in Stellenbosch

Op Woensdag 20 en Saterdag 23 Maart 2002 het Bosman weereens sy verskyning op die podium by die Oude Libertas-amfiteater in Stellenbosch gemaak en wel in die Italiaanse konsertweergawe van Mozart se opera, *Idomeneo, re di Creta*. Die rolle van *Idomeneo* en *Idamante* is onderskeidelik deur Paul McNamara en Violina Anguelov gesing. Pieter Kooij, resensent van *Die Burger*, het grotendeels positief oor die uitvoering verslag gedoen. Volgens Kooij kon mens nie help om die keurvors Karel Theodor se woorde "Manjifieke Musiek!" te beaam tydens die uitvoering van hierdie weinig-gehoorde meesterwerk nie. Hy gaan verder deur te sê dat met die konsertweergawe daar meer op die musiek gekonsentreer kon word en dat die storielyn inderdaad weinig saak gemaak het. Vir hom was die mees dramatiese aspek van die uitvoering die koorgedeelte. Hy komplimenteer die Kaapstadse Operakoor met hul uitstekende en kragtige sang dat dit selfs in die opelug baie trefkrag gehad het. Die orkes se spel onder die leiding van Bosman is soos volg beskryf:

Die viole van die Kaapse Filharmonie het aanvanklik yl geklink (die opelug is nie ideaal vir strykers nie) en soms het die intonasies verdag geraak, maar Arnold Bosman het met groot insig en fyn aanvoeling gedirigeer en die musiek laat leef. Tempi was in die kol en teksture so goed as waarvoor 'n mens in 'n opelugteater kan hoop.⁵⁴

Die resensent van die Wes-Kaapse plaaslike koerant, *Tonight*, was dit eens dat die konsertweergawe van hierdie Mozart-opera geensins aan dramatiese intensiteit tekortgeskiet het nie. Beverley Brommert het te kenne gegee dat die verhoog van die Oude Libertas-amfiteater uiters geskik was om 'n werk van hierdie aard met sukses aan te bied. In die resensie het sy al die soliste, die koor en die orkes gekomplimenteer met hulle uiters suksesvolle sang en spel. Die opskrif van die resensie som haar beleving op: "Compelling opera minus frills". Sy het egter nie spesifiek oor Bosman as dirigent kommentaar gelewer nie, maar het wel die volgende gesê: "With chorus, soloists and musicians continuously before the

⁵⁴ Resensie, *Die Burger*, 23 Maart 2002. Program, Oude Libertas, *Idomeneo*, 2001/2002.

audience, one is aware of unanimous artistic endeavour – and in this case, it proves impressive.”⁵⁵

Oude Libertas Amphitheatre and Cape Town Opera present
Oude Libertas Amfiteater en Kaapstad Opera bied aan

MOZART
IDOMENEEO

Concert version in Italian
Konsertweergawe in Italiaans

Conductor/Dirigent: Arnold Bosman

Cape Philharmonic
Kaapse Filharmonie

Cape Town Opera Chorus
Kaapstad Opera-koor

*'Gentle blowing breezes,
O fly to my beloved,
And tell him that
I adore him'*

Afbeelding 113: Die program van *Idomeneo* wat Bosman by die Oude Libertas-amfiteater gedirigeer het.

8.14 Bosman se verpligtinge as artistieke direkteur in Bari in 2002

Met sy aanstelling as musiekdirekteur van die Bari-opera was dit Bosman se verantwoordelikheid om saam met die artistieke direkteur, Guido Pagliaro, die

⁵⁵ Resensie, *Tonight*, 22 Maart 2002.

program vir die 2002-seisoen saam te stel. Daar moes belangrike besluite geneem word betreffende watter operas uitgevoer sou word, asook wie as dirigente en regisseurs aangestel moes word. Bosman was ook verantwoordelik om met verskillende sangers te onderhandel om geskikte soliste vir die verskillende rolle te bevestig. Hierdie aanstelling was vir hom geweldig belangrik, aangesien hy reeds vir etlike jare na soortgelyke posisies in die operawêreld gestreef het. In hierdie stadium was dit vir Bosman nie moontlik om na Bari te verhuis nie, aangesien hy steeds verpligtinge in Milaan by Musica Rara gehad het. Hy was soos in die verlede, weer genoodsaak om tussen Milaan en Bari te pendel. Aanvanklik het Bosman in die Hotel Zodiacus in Bari gebly en later ook tydelik in 'n woonstel gewoon wat 'n argiteksvriend aan hom beskikbaar gestel het. In Oktober 2004 het Bosman egter besluit om na Bari te verhuis.⁵⁶

Vir die 2002-operaseisoen is daar op die volgende operas besluit: *Idomeneo, re di Creta* van Mozart, *L'Elisir d'Amoré* van Donzetti, *I Capuletti e i Montecchi* van Bellini en *Madama Butterfly* van Puccini. Bosman was die dirigent vir die Mozart- en Bellini-operas. Besoekende dirigente is vir die oorblywende operas aangestel. *Idomeneo* het op 9, 11 en 13 Oktober 2002 plaasgevind en *I Capuletti e i Montecchi* is op 4, 6 en 8 Desember 2002 uitgevoer. Al bogenoemde produksies het in die Teatro Piccinni plaasgevind.⁵⁷

⁵⁶ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 14 Maart 2010.

⁵⁷ Program, *Stagione Lirica di Tradizione*, 2002.

Programma

WOLFGANG AMADEUS MOZART

Idomeneo, re di Creta

mer. 9 ottobre ore 20,45 turno A

ven. 11 ottobre ore 20,45 turno B

dom. 13 ottobre 2002 ore 17,30

LUN. 7 OTTOBRE 2002 ORE 19,30 ANTEPRIMA PROMOZIONALE PER STUDENTI

GAETANO DONIZETTI

L'Elisir d'Amore

mer. 30 ottobre ore 20,45 turno A

ven. 1° novembre ore 20,45 turno B

dom. 3 novembre 2002 ore 17,30

LUN. 28 OTTOBRE 2002 ORE 19,30 ANTEPRIMA PROMOZIONALE PER STUDENTI

La Traviata allo Specchio

UN PROGETTO DI TEATROPERA

DI MARIA GRAZIA PANI

MUSICA DI GIUSEPPE VERDI

ven. 15 novembre ore 20,45 turno A

dom. 17 novembre 2002 ore 17,30 turno B

VINCENZO BELLINI

I Capuleti e i Montecchi

mer. 4 dicembre ore 20,45 turno A

ven. 6 dicembre ore 20,45 turno B

dom. 8 dicembre 2002 ore 17,30

LUN. 2 DICEMBRE 2002 ORE 19,30 ANTEPRIMA PROMOZIONALE PER STUDENTI

Concerto Lirico Sinfonico

CON LA PARTECIPAZIONE DEL SOPRANO EVA MEI

sab. 14 dicembre ore 20,45 turno A

dom. 15 dicembre 2002 ore 17,30 turno B

GIACOMO PUCCINI

Madama Butterfly

produzione Ente Lirico Concertistico Pugliese

gio. 16 gennaio ore 20,45 turno A

ven. 17 gennaio ore 20,45

sab. 18 gennaio ore 20,45 turno B

dom. 19 gennaio ore 17,30

lun. 20 gennaio 2003 ore 20,45

MER. 15 GENNAIO 2003 ORE 19,30 ANTEPRIMA PROMOZIONALE PER STUDENTI

Afbeelding 114: Die operaseizoen asook die sanguitvoering van Eva Mei vir 2002, Bari.

WOLFGANG AMADEUS MOZART

Idomeneo, re di Creta

dramma per musica in tre atti
libretto di Giambattista Varesco
Ed. Bärenreiter-Kassel, rapp. Casa Musicale Sonzogno

Domenico Ghegghi *Idomeneo, re di Creta*
Sibongile Mngoma *Idamante, suo figlio*
Patrizia Cigna *Ilia, principessa troiana figlia di Priamo*
Alla Simoni *Elettra, principessa figlia di Agamennone re di Argo*
Mark Milhofer *Arbace, confidente del re*
Nicola Sette *Gran Sacerdote di Nettuno*
Domenico Colaianni *La voce*
Tiziana Portoghese, Maria Luisa Di Turi *Donne cretesi*
Vittorio Bari, Giuseppe Cacciapaglia *Troiani*

Arnold Bosman *maestro concertatore e direttore*
Nicolas Trees *regia*

Nicola Delli Carri *scene*
Tommaso Lagattola *costumi*
Ello Orcluolo *maestro del coro*
Mimmo Iannone *coreografia*
Giovanni Pastorella *direttore degli allestimenti*

ISTITUZIONE CONCERTISTICO ORCHESTRALE
DELLA PROVINCIA DI BARI
CORO DEL TEATRO PETRUZZELLI
COMPAGNIA ALTRADANZA

Gregorio Goffredo, Piero Cassano,
Gianluca Altomare *maestri collaboratori*
Emanuela Aymone *maestro suggeritore*
Giuseppe Ruggiero *direttore delle luci*
Rosanna Amati *assistente alla regia*
Giacomo Colafelice *direttore di palcoscenico*
Luigi Travaglio *maestro alle luci*
Maria Cavallo *assistente costumista*
Giovanna Tornese *responsabile sartoria*

Laboratorio Leonardo Parma *scene*
Atelier Nicolao Venezia *costumi*
Raet Bari *luci*
Rubechini Firenze *attrezzeria*
Sacchi Firenze *calzature*
Audello Torino *parrucche*

NUOVA PRODUZIONE DELLA STAGIONE LIRICA 2002
COMUNE DI BARI ASSESSORATO ALLA CULTURA

mercoledì 9 ottobre ore 20,45 turno A
venerdì 11 ottobre ore 20,45 turno B
domenica 13 ottobre 2002 ore 17,30
lunedì 7 ottobre 2002 anteprima promozionale riservata agli studenti

Afbeelding 115: *Idomeneo* van Mozart wat Bosman gedirigeer het en waarin die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, die rol van Idamante gesing het.

In Junie 2002 het Bosman met die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, onderhandel rondom die rol van Idamante in *Idomeneo* van Mozart. Dit was duidelik

dat sy in die rol belanggestel het, maar sy was nietemin besorg oor haar betaling vir die rol. Sy was nie van plan om vir dieselfde tipe vergoeding te sing as wat sy in 2001 vir haar rol in die opera *Didon* gekry het nie. Bosman het haar meegedeel dat hy nie die onderhandelings doen wat betaling betref nie en dat sy dit self met Pagliaro sal moet reel. Bosman het haar egter die versekering gegee dat sy dieselfde vergoeding as die tenoor in die Donizetti-opera sou kry en dat hierdie sanger reeds 'n groot naam in Europa is. In die e-pos van 11 Junie 2002 het Bosman soos volg geskryf:

Dear Bongi, I am very happy that you like the role of Idamante, that was what I was thinking too, but I didn't want to influence you. Idamante is absolutely right for you, and I think you'll do it wonderfully. The dates are 20 September to 13 October 2002, three performances (9, 11 and 13th), fee as for *Didon*. Let me know if it's ok and I'll get Guido to fax you. The director is Swiss, I think.⁵⁸

Die regisseur vir die spesifieke opera was inderdaad 'n Switser met die naam Nicolas Trees, wat sy opleiding aan die Universität für Musik und darstellende Kunst in Wenen ontvang het. Sy professionele loopbaan het 'n aanvang geneem as assistentregisseur by die Rossini-operafees in Pesaro waar Bosman ook soms gewerk het. Interessant is dat hy, soos in die geval van Bosman, ook in meer onbekende operas en in musikologiese navorsing daaraan verbonde belangstel.

Teen 6 en 7 Junie 2002 het daar talle artikels in verskeie koerante verskyn waarin die program vir die komende operaseisoen in Bari bekendgestel is. Opskrifte soos die volgende het in die nuusblaaie verskyn: Stagione lirica d'autunno a Bari con sei titoli da Mozart a Bellini en Il Petruzzelli presenta la sua stagione lirica. "Autumn opera season with six titles in Bari from Mozart to Bellini. The Petruzzelli presents its opera season."⁵⁹

Op 7 Oktober 2002 het daar weer 'n artikel in die *La Gazzetta del Mezzogiorno* verskyn waar Nicola Sbisá se opskrif soos volg gelui het: "Al via con Mozart. Stasera per gli studenti. E mercoledì l'attesa prima dell'Idomeneo re di Creta. La garanzia-Bosman. Ma il botteghino per ora langue." 'n Vertaling hiervan lui min of meer soos

⁵⁸ E-pos-korrespondensie tussen Arnold Bosman en Sibongile Mngoma, 11 en 13 Junie 2002.

⁵⁹ Artikels, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 6 Junie 2002, Bari Sera, 6 en 7 Junie 2002.

volg: "Op pad met Mozart. Vanaand vir studente. En Woensdag die eerste uitvoering van *Idomeneo, Koning van Kreta*. Die waarborg-Bosman, maar die kaartjieverkope verflou of verswak."⁶⁰

Paolo Isotta se opskrif in die *Corriere della Sera* na afloop van *Idomeneo* het soos volg gelui: "Opera in die Piccinni-teater. 'n Ambisieuse voorstelling met Arnold Bosman as dirigent. *Idomeneo* en die hartseer van die jong Mozart." Volgens Isotta het Bosman aandag aan alle detail gegee met 'n kragtige dramatiese dirigeerstyl. 'n Verdere geheim van Bosman volgens Isotta is sy vermoë om die korrekte protagoniste vir die verskillende rolle te kies. Hy het Domenico Ghegghi uitgesonder in die rol van *Idomeneo*. Ghegghi, 'n tenoor afkomstig van Palermo, word hier geloof vir sy duidelike diksie en 'n timbre wat herinner aan dié van Nicolai Gedda.⁶¹

Patrizia Cigna, een van Italië se jong opkomende soprane, wat die rol van Ilia in hierdie produksie gesing het, was van mening dat hierdie rol een van die hoogtepunte van haar loopbaan was. Uit die gesprek met hierdie borrelende sangeres van Firenze was daar geen twyfel nie dat sy die grootste bewondering vir Bosman as musikus en dirigent gehad het. Volgens haar was dit maklik om met Bosman saam te werk en dat hulle dieselfde idees gedeel het wat haar rol betref. Cigna het verder gesê dat Bosman 'n wonderlike eienskap geopenbaar het, naamlik dat hy altyd toeganklik vir nuwe idees was solank dit tot voordeel van die musiek gestrek het. Sy het ook melding gemaak van sy bewonderenswaardige intellek.⁶²

Bosman en Cigna het mekaar ongeveer in 2000 in Firenze tydens 'n fees ontmoet waar hulle die *Koffiekantate* van Bach uitgevoer het. Bosman was die dirigent tydens hierdie konsert. Cigna was baie verras toe Bosman haar later weer gekontak het, aangesien sy nog betreklik aan die begin van haar loopbaan was en Bosman tydens hulle vorige kontak nie baie beïndruk voorgekom het nie en ook nie veel emosie getoon het nie. Hierna het hulle wel saamgewerk aan 'n konsert waarin Musica Rara 'n kantate van Bach uitgevoer het. Vervolgens het die rol in die bogemelde opera gevolg en in 2004 het Cigna die rol van Zerbinetta in Strauss se opera, *Ariadne auf Naxos*, in Bari gesing. Sy was aanvanklik huiwerig om die rol te sing omdat sy gevoel het dat die moeilike aria nie heeltemal binne haar stemomvang gelê het nie.

⁶⁰ Artikel, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 7 Oktober 2002. Vrye vertaling uit Italiaans my eie.

⁶¹ Resensie, *Corriere della Sera*, 12 Oktober 2002.

⁶² Onderhoud met Patrizia Cigna, Firenze, 27 September 2011.

Bosman was egter baie positief en wou graag hê dat sy die rol moet sing. Bosman het voorgestel dat hulle eers die aria in Milaan deurwerk. Sy was geweldig dankbaar oor die wyse waarop hy haar ondersteun het, haar aangemoedig het en in haar as kunstenaar geglo het dat sy wel die rol kon sing. Die resultaat was dat sy die rol met groot sukses gesing het. Bosman se latere dood was vir haar 'n geweldige skok, aangesien hy volgens haar 'n geweldige rol in haar sangloopbaan gespeel het. Na Bosman se dood tree sy steeds as solis in konserte van Musica Rara op, en was sy by talle van die herdenkingskonserte in Milaan betrokke, onder andere in 2007 toe sy Mozart-arias gesing het en ook in 2008 toe sy as solis in uitvoerings van Pergolesi se *Salve Regina in c* en in die *Gloria* van Handel verskyn het. Op 26 Januarie 2005 was sy die solis in een van die laaste konserte van Musica Rara voor Bosman se dood. Hy was in hierdie stadium reeds baie siek in Bari. Sy was die solis in die motet, *Si nocte tenebroso*, van J C Bach en Mozart se *Exultate, jubilate, K165*. Die dirigent was Michele Brescia.⁶³

Nicola Sbisá maak in sy artikel melding van Bosman wat self sy plek by die klavesimbel ingeneem het om die resitatiewe te begelei. Hy komplimenteer Bosman verder vir die deeglikheid waarmee hy die inhoud van die partituur benader het en dat hy deeglik bewus was van wat die sangers moes doen, asook vertrouwd was met fisiologiese aspekte van hul asemhaling.⁶⁴

Op 29 November 2002 het daar 'n artikel in die *Corriere del Mezzogiorno* verskyn waarin Alessandro Romanelli 'n paar vrae aan Bosman gevra het rondom die aanbidding van *I Capuleti e i Montecchi* van Bellini. Bosman het te kenne gegee dat 'n uitgawe van Claudio Toscani gebruik gaan word wat in 2001 by die Bellini-teater in Catania tydens die operaseisoen met die tweehonderdjaarse van sy geboorte gebruik is. Volgens Bosman het hulle ook gepoog om presies daar te stel wat die komponis in gedagte gehad het, behalwe enkele irrelevante gedeeltes wat in die tweede bedryf weggelaat is. Hierdie weglatings is in samewerking met die regisseur, Pier Paolo Pacini, en die twee dekorontwerpers, Fiorella Mariani en Ray Jackson, gedoen. Romanelli wou ook van Bosman weet hoe dit met die repetisies gaan. Hierop het Bosman gesê dat dit goed gaan, maar dat daar definitief nog nie genoeg gerepeteer is nie en dat hulle nog veel meer tyd in die teater sou moes deurbring. Hy

⁶³ Idem ditto.

⁶⁴ Resensie, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 10 Oktober 2002.

het verder gegaan en genoem dat daar oor die algemeen 'n goeie atmosfeer en 'n groot mate van kalmte heers. Romanelli wou ook van Bosman weet hoe hy voel oor die afgelope operaseisoen, waarop Bosman gesê het dat hy nie nou kan reageer nie aangesien dit nog te vroeg is, maar dat hy reeds opgemerk het dat daar 'n lewendige belangstelling onder veral die jonger mense te bespeur is.⁶⁵

Na afloop van hierdie produksie het daar verskeie resensies in die plaaslike nuusblaaie verskyn. Volgens al die resensente was hierdie opera-aanbieding van besondere hoe gehalte. Die resensent van die *La Repubblica-Bari* het *I Capuleti e Montecchi* as een van die mooiste operas beskryf wat in die afgelope jare in Bari aangebied is. Verder is daar waardering daarvoor uitgespreek dat Bosman steeds voortgegaan het om onbekende werke, insluitende onbekende operas na Bari te bring. Die orkes is gekomplimenteer vir hulle fyn waarneming en sensitiewe spel wat werklik die virtuositeit van die eerste deel van die opera beklemtoon het. Dit blyk verder duidelik in hierdie resensie dat die regisseur, Pier Paolo Pacini, en Bosman baie goed saamgewerk het, aangesien die twee saam 'n bykans perfekte aanbieding op die planke gebring het. Hulle perfeksionisme is reeds in 2001 in die aanbieding van die opera *Didon* waargeneem.⁶⁶

Volgens Alessandro Romanelli was Bosman se sukses met hierdie opera die produk van 'n uiters noukeurige realisering van die partituur. Hy beskryf Bosman se dirigeerkuns as duidelik, helder en lig. Romanelli het so ver gegaan om te sê dat daar heel moontlik van die kwaliteite van die groot operadirigente soos Tullio Serafin, Vittorio Gui en Antonino Votto in Bosman gevind is. Die orkes se spel word gekomplimenteer met spesifieke verwysing na die tjello's en horings. Die koor van die Teatro Petruzzelli onder die leiding van Elio Orciuolo was volgens die resensent uiters goed voorberei en het deurgaans afgeronde sang gelewer.⁶⁷ Bosman moes werklik iets heel besonders met die orkes en sangers bewerkstellig het, aangesien 'n stelling soos dié deur Romanelli veelbesproke is, omdat die dirigente waarmee Bosman vergelyk word, tans as van die heel grootste Italiaanse operadirigente ter wêreld beskou word.

⁶⁵ Onderhoud, *Corriere del Mezzogiorno*, 29 November 2002.

⁶⁶ Resensie, *La Repubblica-Bari*, 5 Desember 2002.

⁶⁷ Resensie, *Corriere del Mezzogiorno*, 6 Desember 2002.

8.15 Die rol van Elio Orciuolo in die lewe van Arnold Bosman

My navorsing in Italië en spesifiek in Bari was baie insiggewend en van groot waarde aangesien dit die stad is waar Bosman hom teen die einde van sy lewe bevind het en waar hy werklik as dirigent tot sy reg gekom het. Orciuolo is sedert 1988 as assistentdirigent betrokke by die Teatro Petruzzelli in Bari. Sedertdien het hy groot sukses in Oostenryk, Kroasië, Frankryk, Spanje, België, Amerika en Hong Kong met verskeie operas behaal. Hier het hy met van die beste sangers en regisseurs gewerk het. In 2004 het hy ook in Kaïro sy debuut gemaak en wel met die opera *Un ballo in maschera* van Verdi. In Desember van dieselfde jaar is Orciuolo teruggenooi om 'n produksie van *Aïda* te dirigeer. In 'n onderhoud met Orciuolo het hy met die grootste respek van Bosman as mens en musikus gepraat. Hulle het in Bari aan vele produksies saamgewerk, Bosman as dirigent en Orciuolo as koorleier. Dit was reeds in Egipte waar Elio besef het dat Bosman werklik baie siek was. Bosman was bespreek om 'n produksie van *Così fan tutte* van Mozart in Kaïro te dirigeer net nadat Orciuolo met *Aïda* klaargemaak het. Orciuolo het dit goedgevind om vir Bosman 'n dag vroeër na Kaïro te nooi, aangesien hy baie graag wou hê dat Bosman 'n aanbieding van *Aïda* moes sien en hoor. Ten spyte van Bosman se ernstige toestand het hy tog vroeër na Kaïro gegaan. Volgens Orciuolo was Bosman baie beïndruk deur die eerste bedryf, maar het gedurende pouse na Orciuolo se kleedkamer gegaan en gesê dat hy nie in staat is om verder na die opera te luister nie. Die volgende oggend tydens ontbyt het Elio besef dat daar groot fout met Bosman is en onmiddellik die bestuur van die Teatro Petruzzelli gebel en gepleit dat hulle iemand moes stuur om vir Bosman te kom haal.⁶⁸

'n Ander resensent, Franco Chieco, het Bosman gekomplimenteer vir sy fyn aanvoeling met die keuse van die soliste. Volgens Chieco het Bosman gefokus op die soetklinkende resitatiewe en die arias van die hoof protagoniste. Sy fyn hantering van die libretto en musiek word deurgaans geprys.⁶⁹

⁶⁸ Onderhoud met Elio Orciuolo, Bari, 4 Oktober 2011.

⁶⁹ Resensie, *Contrapunti*, Desember 2002.

8.16 Die Arnold Bosman en Eva Mei-vennootskap word in 2002 voortgesit met konserte in Italië, Spanje en Switserland

Bietjie meer as 'n jaar later teen die einde van 2002 en wel op 14 en 15 Desember het Bosman weer saam met die sopraan Eva Mei 'n uitvoering in die Teatro Piccinni gegee. Hierdie konsert was deel van die konsertseisoen van die Stagione Lirica del Teatro Petruzzelli waarvoor Bosman hoofsaaklik verantwoordelik was. Die program het geopen met die *Ouverture tot Le nozze di Figaro*, waarna Mei twee arias uit dieselfde opera gesing het. Die eerste helfte van die program is afgesluit met Mozart se *Klavierkonsert nr. 22 in B-mol, K482* met Bosman as solis. Die tweede helfte is geopen met die *Der Rosenkavalier Suite* van Richard Strauss waarna Mei drie arias uit operas van Puccini gesing het, naamlik *La Bohème*, *La rondine* en *Gianni Schicchi*. Die program is afgesluit met *Du bist mein ganzes Herz* van Léhar. By dié geleentheid het Bosman die Istituzione Concertistico Orchestrale della Provinci di Bari gedirigeer.⁷⁰

⁷⁰ Konsertprogram, 14 en 15 Desember 2002.



Comune di Bari Assessorato alla Cultura
STAGIONE LIRICA 2002
DEL TEATRO PETRUZZELLI
al Teatro Piccinni

Concerto Lirico Sinfonico

soprano

Eva Mei

direttore e pianista

Arnold Bosman

ISTITUZIONE CONCERTISTICO ORCHESTRALE
DELLA PROVINCIA DI BARI

Programma

PRIMA PARTE

Wolfgang Amadeus Mozart

Le Nozze di Figaro: Ouverture

Le Nozze di Figaro: Atto II, Aria di Susanna "Un moto di gioia"

Le Nozze di Figaro: Atto III, Recitativo e Aria della Contessa "Dove son i bei momenti"

Concerto per pianoforte e orchestra N. 22 in Mi bemolle KV 482

(cadenze di Benjamin Britten)

SECONDA PARTE

Richard Strauss

Der Rosenkavalier: Suite

Giacomo Puccini

La Bohème: Valse di Musetta "Quando men vo"

La Rondine: "Il sogno di Doretta"

Gianni Schicchi: "Oh! mio babbino caro" – Lauletta

Franz Léhar

Il paese del sorriso: "Du bist mein ganzes Herz" ("Tu che m'hai preso il cor")

sabato 14 dicembre 2002 ore 20,45 turno A
domenica 15 dicembre 2002 ore 17,30 turno B

Afbeelding 116: Die program van Eva Mei en Arnold Bosman in 2002, Bari.

Nicola Sbisá, resensent van die *La Gazzetta del Mezzogiorno*, se kommentaar wat hierdie konsert betref was in die meeste gevalle positief. In die opskrif van die resensie word Bosman se klavierspel as afgerond bestempel. Hy word gekomplimenteer wat sy rol as dirigent betref, veral in die uitvoering van die *Klavierkonsert nr. 22 in B-mol, K482* van Mozart, waar hy beide as solis en dirigent opgetree het. Sy klavierspel is as verheffend beskryf en sy interpretasie van die

Andante is uitgesonder waar hy die besondere atmosfeer en intimiteit van hierdie deel gerealiseer het. Verder is melding gemaak van sy uitstekende realisering van die cadenza wat deur Benjamin Britten voorsien is. Bosman is voorts gekomplimenteer met sy interpretasie van die *Der Rosenkavalier Suite* van Richard Strauss wat volgens Sbisá selde op konsertprogramme ingesluit word. Hierdie program het as uitstekende maatstaf vir die orkes gediens aangesien hulle besonder kleurvolle musiek moes uitvoer gevul met vurige energie en sensualiteit. Hy sluit sy resensie af deur te sê dat hierdie nie net 'n ervaring vir die publiek was nie, maar ook vir die orkes, aangesien 'n wye repertorium aangebied is. Bosman se dirigeerkuns is besonder hoog aangeprys. Eva Mei se sang is in die meeste gevalle positief ontvang en Sbisá het die hoop uitgespreek dat die Bari-gehoor in die toekoms die geleentheid en voorreg sou hê waar hulle vir Eva Mei in 'n vollengte opera kon hoor.⁷¹

Die resensent van die *Corriere del Mezzogiorno*, Alessandro Romanelli, was van mening dat dit in hierdie geval beter sou wees om twee konserte aan te bied, een waarin Eva Mei opgetree het en een vir die ander werke op die program. Volgens hom het die publiek 'n sanguitvoering verwag, maar was grootliks teleurgesteld omdat sy slegs ses werke gesing het. Volgens Romanelli was dit Bosman se idee om die gehoor terug te voer na 'n uitvoering wat strek vanaf die agtiende eeu tot die middel van die twintigste eeu. Hy was dit eens dat dit 'n baie interessante program was, maar dat dit min ruimte gelaat het vir die hoogstaande gehalte sang van iemand soos Eva Mei. Sbisá het die konsert as uiters suksesvol beskryf en spesifiek melding van Bosman se bekwame klavierspel en dirigeerkuns gemaak word. Eva Mei het nie teleurgestel nie en het sy as toegif *Oh mio babbino caro* en *Casta Diva* van Puccini en Bellini onderskeidelik gesing.⁷²

In 2003 het Bosman en Mei op 27 Maart, 4 April en 17 April uitvoerings gegee. Die uitvoering op 27 Maart het in die Auditorio de Galicia plaasgevind. Mei het werke van Schumann, Brahms, Richard Strauss, Verdi en Rossini gesing. Die konsert van 4 April het in Zürich in die Hotel Baur au Lac tydens 'n galageleentheid aangebied deur die Accenture-maatskappy plaasgevind. Sy het werke van Rossini, Paisiello, Puccini

⁷¹ Resensie, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 17 Desember 2002.

⁷² Resensie, *Corriere del Mezzogiorno*, 17 Desember 2002, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 17 Desember 2002.

en Verdi gesing. Tydens die laasgenoemde konsert in die Teatro Argentina het Eva Mei werke van Paisiello, Rossini, Donizetti, Massenet en Gounod gesing. Bosman het die begeleiding tydens al drie konserte waargeneem en het ook 'n solo tydens die laaste konsert gespeel, naamlik Beethoven se *Variazioni per pianoforte sull'aria "Nel cor più non mi sento" di Paisiello*.⁷³

8.17 Bosman dirigeer in Firenze en Musica Rara-konserte gedurende 2003

In 2002 het Bosman, ten spyte van sy nuwe aanstelling en werksverpligtinge in Bari, by die 65ste Maggio Musicale Fiorentino gedirigeer. Hy is gekontrakteer om vyf uitvoerings van Pergolesi se opera buffa, *La serva padrona* te dirigeer. Dit is 'n kort opera in twee dele wat oorspronklik gebruik is as intermezzo tussen twee bedrywe van 'n reeds vergete groter opera seria van dieselfde komponis met die titel, *Il prigioner superbo*. Hierdie uitvoerings het op 5, 8, 10, 12 en 14 November in Firenze plaasgevind. Sy vergoeding vir hierdie werk het destyds €1 040 beloop.⁷⁴

Afgesien van Bosman se druk program in Bari het hy steeds met toewyding sy dirigeerverpligtinge by Musica Rara nagekom. Op 7 en 9 Junie 2002 het hy die oratorium, *La caduta di Gerico* van Hasse in die Basilica di San Vittore al Corpo gedirigeer. Hierdie was dan ook die eerste moderne uitvoering van hierdie werk wat self deur Bosman geredigeer is. Daar is ook CD-opnames van hierdie produksie gemaak wat deur Musica Rara self versprei is.⁷⁵

Volgens Bosman dateer die werk uit 1745. Dit is in Dresden gekomponeer terwyl Hasse daar as kapelmeester gewerk het. Die libretto is uit die Ou Testament geneem waar Joshua in die proses is om die stad Jerigo binne te val en waar die mure inmekaartuimel danksy die geklank van trompette. Hierdie uiters rare komposisie het bykans in vergetelheid geraak en die oorspronklike manuskrip is vernietig. Gelukkig is daar 'n kopie van die werk in die biblioteek van die Musiekkonservatorium in Milaan ontdek.⁷⁶

Soos in 2001 en 2002 het Bosman ook in 2003 konserte met Musica Rara aangebied. Een van die konserte van belang in 2003 het op 19 Januarie in die

⁷³ Konsertprogramme, 27 Maart 2003, 4 April 2003 en 17 April 2003.

⁷⁴ Kontrak, Teatro Comunale, Firenze, 26 April 2002, Addendum, 2 November 2002.

⁷⁵ Musica Rara-program, 7 en 9 Junie 2002.

⁷⁶ Artikel, *Il Giorno*, 7 Junie 2002.

Sagrestia del Bramante in die Basilica di Santa Maria delle Grazie plaasgevind. Hierdie program is in geheel aan werke van Handel gewy. Werke op die program het ingesluit: *Concerto grosso nr. 3 in G, opus 3 vir fluit en strykers*, *Concerto grosso nr. 1 in G, opus 6*, asook die kantate, *Apollo e Dafne*, vir sopraan, bas en ensemble, *HWV122*. Die sangers tydens hierdie uitvoering was Laura Aikin (sopraan) en Randal Turner (bas). Volgens die resensent Carlo Mola, is hierdie uitvoering in Milaan verwelkom, juis omdat die kantate in sy oorspronklike vorm aangebied is en die uitvoering in alle opsigte oortuigend het. Beide soliste se sang is geprys en onvergeetlike arias het ingesluit: *Ardi, ardori, preghi invano* (Aikin) en *Cara pianta co'miei pianti* (Turner). Bosman se aandag aan detail en veral die uitlig van cantabile-lyne, sonder om die belangrikheid van kontrapunt uit die oog te verloor en sy strewe na 'n skoon klank met musikale frasering word deur die resensent aangeprys.⁷⁷

⁷⁷ Konsertprogram, Musica Rara, 19 Januarie 2003. Resensie, *La Provincia*, 26 Januarie 2003.

FONDAZIONE LUISA FANTI MELLONI

Lunedì 21 luglio 2003

Programma

Concerto grosso Op. 3 n. 3 in Sol Maggiore per archi e flauto

Michele Brescia **Carlo Lazzeroni**

Flauto *Violino*

•

Apollo e Dafne

Cantata per soprano e basso con strumenti (HWV 122)

Alla Simoni **Randal Turner**

Soprano *Basso*

•

Concerto grosso Op. 6 n. 1 in Sol Maggiore

Carlo Lazzeroni - Rossella Borsoni

Violini

Alberto Druluca

Violoncello

ENSEMBLE MUSICA RARA

ARNOLD BOSMAN

Direttore

in collaborazione con il
CENTRO DELLA VOCE
BOLOGNA



ALMA MATER STUDIORUM - UNIVERSITÀ DI BOLOGNA

Afbeelding 117: Die program van die konsert wat op 21 Julie 2003 deur Musica Rara in Bologna aangebied is.

ASSOCIAZIONE MUSICA RARA
www.musicarara.com



XXIIIma STAGIONE CONCERTISTICA 2003
“NON SOLO OPERA”

Omaggio a Hugo Wolf nel centenario della morte

VENERDÌ 12 DICEMBRE ALLE ORE 21.00

Sagrestia del Bramante
Basilica di Santa Maria delle Grazie

Ingresso Via Caradosso 1 (ang. Corso Magenta) Milano

Hugo WOLF (1860-1903)
Italienisches Liederbuch (Il canzoniere italiano)

Soprano Roswitha Müller –
Baritono Randal Turner
Pianista Arnold Bosman

Afbeelding 118: Die Musica Rara-konsertprogram op 12 Desember 2003 in die Santa Maria delle Grazie, Milaan.

Op 21 Julie het Bosman hierdie konsert in Bologna herhaal. Musica Rara het op 3, 4 en 5 Julie 2003 konserte aangebied waar werke van Mozart, Haydn en Rossini

uitgevoer is. Van Mozart is die *Divertimento in D, K136, Divertimento in F, K138* en die *Serenata, K525 (Eine kleine Nachtmusik)* gespeel. Haydn se *Concerto vir viool en strykers nr. 4 in G, Hob VIIa* en Rossini se *Sonata vir strykers in D* het die res van die program uitgemaak. 'n Ander konsert het op 12 Desember 2003 in die Basilica di Santa Maria delle Grazie plaasgevind waartydens Wolf se *Italienisches Liederbuch* deur Roswitha Müller (sopraan), Randal Turner (bariton) en Bosman (klavier) uitgevoer is.⁷⁸

8.18 Die 600ste verjaarsdagviering van die Cappella Musicale del Duomo di Milaan

In 2003 het 'n besondere eer vir Bosman te beurt geval toe hy as artistieke direkteur vir die 600ste verjaarsdagviering van die Cappella Musicale del Duomo di Milaan (Musiekkapel van die Duomo in Milaan) aangestel is. Bosman was verantwoordelik om nege konserte se beplanning te doen. Die feesviering het vanaf 26 Mei tot 6 Junie geduur en die meeste uitvoerings is in die Duomo self aangebied. Party konserte het in die Basilica di San Ambrogio en die Basilica di Santa Maria delle Grazie plaasgevind. Programme moes gekies word, kunstenaars moes gekontrakteer word en dirigente moes aangestel word. Bosman het self twee van die konserte gedirigeer. Hierdie programme het uitsluitlik gewyde werke bevat, van koorsang tot solosang met orkesbegeleiding. Die eerste konsert het op 26 Mei in die Duomo plaasgevind waartydens die wêreldbekende sopraan Barbara Hendricks saam met die Gustaf Sjökvist-kamerkoor van Swede opgetree het. Sjökvist was self die dirigent in werke van Mozart, Schubert, Gounod, Schoenberg en Rossini. Die Musica Rara-ensemble het die begeleiding verskaf. Hendricks het onder andere *Laudate Dominum* uit die *Vesperae solennes de Confessore, K339* en *Laudamus te* uit die *Mis in c, K427* van Mozart gesing, asook die *Ave Maria* van Schubert. Van Rossini is die bekende *Stabat Mater* uitgevoer. Sy het ook 'n aantal gospelliedere gesing wat onder andere die volgende ingesluit het: *Great day, Steal away, Lord, I want to be a Christian, Sometimes I feel like a motherless child* en *Didn't my Lord deliver Daniel*.⁷⁹

⁷⁸ Konsertprogramme, *Musica Rara*, 21 Julie 2003, 3, 4 en 5 Julie 2003, 12 Desember 2003. Artikel, *Hallo Milaan*, Desember 2003

⁷⁹ Program, *La Cattedrale della Musica*, 26 Mei - 6 Junie 2003.


Die tweede konsert het op 27 Mei plaasgevind waartydens die Magdalen College Choir van Oxford onder leiding van Bill Ives opgetree het met werke van Palestrina en Byrd. Die derde konsert wat op 29 Mei plaasgevind het, is deur homself gedirigeer. Die Musica Rara-ensemble en die Musica Laudantes-koor saam met soliste het die *Messa e Vespri per la Festa di San Giovanni Nepomuceno* van Johann Christian Bach uitgevoer. Hierdie werk het Bosman in 2001 saam met dieselfde ensemble uitgevoer. Die Ensemble Vocale di Napoli onder leiding van Antonio Spagnolo het werke van Scarlatti, Leo, Bruckner en Poulenc tydens die vierde en vyfde konserte gesing. Hierdie uitvoerings het op 31 Mei en 1 Junie plaasgevind. Nog 'n koor uit Italiaanse bodem naamlik die Cappella Musicale del Duomo di Milaan was verantwoordelik vir die sesde en agste uitvoerings op 2 en 5 Junie. Hulle dirigent was Claudio Riva en die begeleiding is op die orrel deur Luigi Benedetti waargeneem. By hierdie konserte is werke van Desprez, Gaffurio, Turati, Gabrieli, Fioroni, Sarti, Goller, Perosi, Ramella en Bossi uitgevoer. Die Britse vokale ensemble, The Tallis Scholars onder leiding van die stigter van die groep, naamlik Peter Phillips, het tydens die sewende konsert op 4 Junie opgetree in werke van Palestrina en Da Venosa. Die laaste konsert is deur Bosman gedirigeer en het op 6 Junie plaasgevind. Tydens hierdie konsert het hy die Italiaanse Radio- en TV-orkester gedirigeer. Respighi se *Concerto Gregoriano vir viol en orkester*, Hindemith se *Das Marienleben opus 27* en 6 *Lieder vir sopraan en orkester*, asook Szymanowski se *Stabat Mater opus 53* is uitgevoer. Soliste tydens die konsert was Alla Simonishvili (sopraan), Violetta Radomirska (alt), Randal Turner (bariton) en Roberto Ranfaldi (viool). Die Coro Filharmonico Ruggero Maghini onder leiding van Claudio Chivazza het opgetree.⁸⁰

⁸⁰ Idem ditto.

LA CATTEDRALE DELLA MUSICA

I SEICENTO ANNI DELLA CAPPELLA MUSICALE DEL DUOMO DI MILANO

26 MAGGIO - 6 GIUGNO 2003



PROGRAMMA DEI CONCERTI

STORIA DELLA CAPPELLA MUSICALE



VENERANDA FABBRICA
DEL DUOMO

Afbeelding 119: Die feesprogram vir die 600ste verjaarsdagviering van die Duomo in Milaan waarvoor Bosman as artistieke direkteur aangestel is en ook van die konserte gedirigeer het.

Tydens my twee navorsingsbesoeke aan Italië het ek die geleentheid gehad om met Claudio Riva 'n onderhoud te hê. Hy beklee tans die pos as musiekdirekteur by die

Scuola Franchino Gaffurio in Milaan se juniorafdeling en is onder andere verantwoordelik vir die afrig van die koor. Hierdie koor is vir die sang in die Duomo in Milaan verantwoordelik. Vanaf 1983-1998 het Riva die pos van assistentorrelis by die Duomo gehad en vanaf 1998-2004 is hy as Maestro di Capella aangestel. Hy en Bosman se paaie het in 2003 gekruis toe hulle gesamentlik aan sekere bogenoemde programme moes werk. Volgens Claudio Riva het Bosman die kontrak as artistieke direkteur vir die *Duomo*-konserte gekry aangesien hy in daardie stadium in Italië welbekend was vir die uitvoer van die tipe gewyde repertorium wat die Veneranda Fabbrica ingedagte gehad het. Bosman het verder ook 'n wye netwerk van musici in ander dele van die wêreld geken wat genader kon word om deel te wees van hierdie feesvieringe. Riva was dit eens dat Bosman 'n hoogs professionele musikus was, maar dat dit nie altyd maklik was om saam met hom te werk nie. Wanneer Bosman 'n programkeuse gemaak het, het hy moeilik daarvan afgesien en is hy nie maklik oortuig om alternatiewe te oorweeg nie. Die twee konserte wat Bosman gedirigeer het, het nie in die Duomo plaasgevind nie, maar met rede in onder andere die Basilica di San Ambrogio en in die Basilica di Santa Maria delle Grazie. Volgens Riva het die Duomo 'n 14-sekonde nagalm wanneer die gebou leeg is. Akoesties was dit nie aangewese om die werke waarvan Bosman die dirigent was daar uit te voer nie en dus is die uitvoerings na ander katedrale geskuif. 'n Ander rede volgens Riva is dat die Fabbrica van die Duomo ook van hierdie geleentheid gebruik wou maak om aan die res van Europa twee van die oudste en mees imposante katedrale van Milaan te wys. Riva en Bosman het na afloop van hierdie konserte oor toekomstige projekte gepraat, maar Bosman se skielike dood het veroorsaak dat niks van die voorgenome planne tot uitvoer gekom het nie.⁸¹

8.19 Bosman se laaste optrede in Bloemfontein

Bosman het in 2003 ook in Suid-Afrika kom dirigeer en wel tydens 'n Simfoniekonsert wat op 1 Februarie in die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein plaasgevind het. Die program is in geheel aan die musiek van Tsjajkofski gewy en is ingelui met die *Capriccio Italien, opus 45* gevolg deur die gewilde *Concerto vir viool*

⁸¹ Onderhoud met Claudio Riva, Milaan, 23 September 2011.

en orkes in *D, opus 35* met Mikhail Ovrutsky as solis. Die program is afgesluit met die *Simfonie nr. 5 in e, opus 64*.⁸²

8.20 *Ariadne auf Naxos* en *Don Giovanni* in die Teatro Piccinni in Bari

Op 1, 3, 5 en 7 Maart 2004 het Bosman 'n produksie van *Ariadne auf Naxos* van Richard Strauss gedirigeer en op 6, 8, 10 en 12 Oktober *Don Giovanni* van Mozart. Beide hierdie operas is in die Teatro Piccinni opgevoer. In *Don Giovanni* het die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, die rol van Donna Elvira vertolk. In April 2004 het Bosman vir die eerste keer Mozart se *Così fan tutte* in Bari gedirigeer. In 'n koerantartikel wat in die *Corriere del Mezzogiorno* verskyn het, word daar melding gemaak dat hy wel etlike jare gelede hierdie opera tydens die Mozart-fees in Rovereto gedirigeer het. Alessandro Romanelli beskryf *Così fan tutte* as een van Mozart se misterieuse operas waarin onderlinge menslike verhoudinge op 'n betekenisvolle wyse ondersoek word. Hoofrolle is onder andere gesing deur Mark Milhofer (Ferrando), Nicolas Rivenq (Guglielmo), Janet Perry (Despina), Eteri Gvazava (Fiordiligi) en Francesca Provvionato (Dorabella). Volgens Romanelli se resensie was dit 'n uiters geslaagde uitvoering en het Bosman as 'n "careful" en "faithful" interpreteerder van Mozart beskryf.⁸³


8.21 Liederprogramme in Bari met werke van Brahms, Liszt en Wolf

In Maart 2004 het Bosman die begeleiding in twee Lieder-programme in die Vallisa-ouditorium in Bari waargeneem. Hy was ook verantwoordelik vir die program samestelling. Op 4 Maart is werke van Brahms, Liszt en Wolf deur die bariton Davide Damiani uitgevoer. Die voorleser tydens die konsert was Sandra Damiani Schider. Van Brahms is onder andere *opus 63 nr. 3 en 5, O wüsst' ich doch den Weg* en *Meine Liebe ist grün* gesing, asook *opus 105 nr. 1, Wie Melodien zieht es mir* en *opus 84 nr. 4, Vergebliches Ständchen*. Verder is die *Vier ernste Gesänge opus 121 nr. 1-4* gesing. Van Liszt is die *Tre Sonetti di Petrarca* uitgevoer en die *Drei Gedichte von Michelangelo* van Wolf. Die uitvoering op 6 Maart 2004 is in geheel aan die musiek van Wolf gewy. Sy *Italienisches Liederbuch* is deur Roswitha Müller (mezzosopraan) en Randal Turner (bariton) uitgevoer. Die voorleser in hierdie geval

⁸² Program, Simfoniekonsert, 1 Februarie 2003.

⁸³ Artikels, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 4 Maart 2004, *Corriere del Mezzogiorno*, 9 Oktober 2004. Artikel, *Corriere del Mezzogiorno*, 1 April 2004. Resensie, *Corriere del Mezzogiorno*, 3 April 2004.

was Paolo Panaro. Die eerste volume het Wolf tussen 25 September 1890 en 23 Desember 1891 gekomponeer, waarvan meer as helfte daarvan in Desember voltooi is na 'n taamlike lang onproduktiewe tyd as gevolg van depressie. Die liedere in die tweede volume het tussen 25 Maart en 1 Augustus 1896 verskyn. Hierdie liedere, waarvan die meeste liefdesliedere is, se teks is uit 'n anonieme Italiaanse versameling gedigte geneem wat deur Paul Heyse in Duits vertaal is.⁸⁴

HUGO WOLF	Auditorium Vallisa giovedì 4 marzo 2004 ore 21	Auditorium Vallisa sabato 6 marzo 2004 ore 21
	<i>baritono</i> Davide Damiani	<i>mezzosoprano</i> Roswitha Müller
	<i>voce recitante</i> Sandra Damiani Schider	<i>baritono</i> Randal Turner
	<i>pianoforte</i> Arnold Bosman	<i>voce recitante</i> Paolo Panaro
	<i>pianoforte</i> Arnold Bosman	
	JOHANNES BRAHMS (1833-1897)	HUGO WOLF (1860-1903)
	Da: Lieder Op. 63, n. 3 e n.5 <i>O wüsst' ich doch den Weg Meine Liebe ist grün</i> Da: Lieder Op. 105, n. 1 <i>Wie Melodien zieht es mir</i> Da: Lieder Op. 84, n. 4 <i>Vergebliches Ständchen</i>	Italianisches Liederbuch (Il canzoniere italiano)
	Vier ernste Gesänge (Quattro Canti Seri) Op. 121, N. 1-4 I <i>Denn es gehet dem Menschen</i> II <i>Ich wandte mich und sahe</i> III <i>O Tod, wie bitter bist du</i> IV <i>Wenn ich mit Menschenzungen</i>	
	FRANZ LISZT (1811-1886)	
	Tre Sonetti di Petrarca (seconda versione, 1883) <i>Benedetto sia il giorno Pace non trovo l' vidi in terra</i>	
	HUGO WOLF (1860-1903)	
	Prometheus Drei Gedichte von Michelangelo (Tre poesie di Michelangelo) <i>Wohl denk' ich oft Alles endet, was entstehet Fühlt meine Seele</i>	

Afbeelding 120: Die twee programme waar musiek van Brahms, Liszt en Wolf uitgevoer is, Bari 2004.

⁸⁴ Program, Stagione Lirica 2003/2004 del Teatro Petruzzelli, 4-6 Maart 2004. Artikel, *La Repubblica*, 6 Maart 2004.

8.22 Simfoniekonsert in Bologna en Musica Rara-konserte in Milaan

'n Ander simfoniekonsert in 2004 waarby Bosman betrokke was, het op 9 April in die Teatro Comunale in Bologna plaasgevind waar hy as dirigent in 'n Mozart-program opgetree het. Giorgio Zagnoni was die solis in die *Concerto vir fluit en orkes in G K313*. Die ander werk op die program was die *Requiem in d K626*. Soliste tydens hierdie optrede het ingesluit: Alla Simonishvili (sopraan), Elena Belfiore (mezzosopraan), Stefano Ferrari (tenoor) en Andrea Patucelli (bas).⁸⁵

Later in 2004, van 27 September tot 3 Oktober, het die Ensemble Musica Rara met Bosman as dirigent in konserte tydens die Duitse Kultuurweek in Milaan opgetree. Op 30 September 2004 het die ensemble 'n aantal gewyde motette van Johann Adolf Hasse en Johann Christian Bach uitgevoer. Hierdie aanbieding het in die Cappella San Giovanni Bono in die Duomo di Milaan plaasgevind. Op 2 en 3 Oktober 2004 was Bosman die dirigent in uitvoerings van die *Marc' Antonio e Cleopatra Serenata* vir sopraan en mezzosopraan van Hasse wat in die Sala delle Colonne in die Museo del Duomo di Milaan plaasgevind het. Hierdie konsertweergawe was getitel, *Messaggero della musica italiana in Europa*, in Engels vertaal, "Messenger of Italian music in Europe".⁸⁶

8.23 Bosman se laaste optredes as dirigent in Bari

In sy hoedanigheid as musiekdirekteur het Bosman weereens 'n reuse-aandeel in die beplanning en uitvoer van die 2004-2005 Bari-operaseisoen gehad. Hierdie beplanning is gedoen in samewerking met die superintendent, Angela Filipponio (2001-2004) en die artistieke direkteur, Guido Pagliaro. Hierdie seisoen het gestrek vanaf Oktober 2004 tot April 2005. Verskeie operas, oratoria en simfoniekonserte is in hierdie beplanning ingesluit. Die eerste opera, naamlik *Orfeo ed Euridice* van Gluck is op 8, 10 en 12 Oktober 2004 in die Teatro Piccinni aangebied. Bosman was die dirigent en die regie is deur Antonio Latella waargeneem. Die koor vir die produksie is deur Elio Orciuolo afgerig.⁸⁷

⁸⁵ Artikel, *Bologna Giorno e notte*, 9 April 2004).

⁸⁶ Program, *Settima della Cultura Tedesca*, 27 September – 3 Oktober 2004.

⁸⁷ Program, *Orfeo ed Euridice*, 8, 10, 12 Oktober 2004.

Johann Adolf Hasse (1699-1783)

E' una figura di grande rilievo per la storia musicale fra l'Italia e la Germania del Settecento, specialmente nel campo dell'opera, ma anche in quello della musica sacra, dell'oratorio e della musica strumentale.

Famosissimo come compositore e direttore d'orchestra, conobbe i primi successi ad Amburgo e Braunschweig, nella Germania settentrionale, da dove partì poco più che ventenne alla volta dell'Italia per perfezionarsi in Composizione a Napoli con Alessandro Scarlatti. I teatri di Roma, Torino e Venezia gli commissionarono numerose opere. A Venezia sposò la celebre cantante Faustina Bordoni, che lo accompagnò a Dresda quando Hasse ebbe l'incarico di direttore musicale alla corte di Federico Augusto II di Sassonia. Per trent'anni Hasse diede la sua impronta alla vita musicale di Dresda.

Dopo la guerra dei Sette Anni, che devastò Dresda, dal 1760 Hasse si trasferì a Vienna, accanto a Metastasio, e fu colmato di onori e di commissioni dalla Corte Austriaca. Nel 1773 Hasse e Faustina si ritirarono a Venezia e qui trascorsero gli ultimi anni della loro vita.

Questo musicista veramente europeo in senso moderno, famosissimo in vita, cadde in oblio nell'Ottocento per il mutare della concezione dell'opera e dei gusti musicali. Oggi se ne riscopre il valore di squisito melodista, di sapiente orchestratore, dallo stile nobile ed espressivo che impronta anche le sue composizioni sacre (oratori, messe, mottetti).

◀◀◀◀◀

„Johann Adolf Hasse - Vita ed opere (1699-1783)“

Mostra documentaria

a cura di Klaus Müller e Klaus Schmidt
per le Società Hasse di Bergedorf (Amburgo)
e Monaco di Baviera

Introduzione di Mariangela Donà

27 settembre - 3 ottobre 2004

Inaugurazione:

lunedì 27 settembre, ore 17.30

Orario d'ingresso: 10.00-13.15 / 15.00-18.00

6,00 €, ridotti 3,00 €

Sala delle Colonne
Museo del Duomo di Milano
Piazza Duomo 14, Milano

In occasione dell'inaugurazione della mostra verrà presentato
il libro di Raffaele Mellace

Johann Adolf Hasse, L'Epos, Palermo 2004

Interverranno:

Giovanni Carli Ballola, Università degli Studi di Lecce,
Vittorio Coletti, Università degli Studi di Genova
e Francesco Degrada, Università degli Studi di Milano

J.A. Hasse - J.Ch. Bach: Mottetti Sacri

Concerto

30 settembre 2004

ore 21.00

Johann Adolf Hasse (1699-1783)

Johann Christian Bach (1735-1782)

Mottetti sacri

Soprano, mezzosoprano e orchestra

Ensemble Musica Rara

Direttore Arnold Bosman

Ingresso su invito

Cappella San Giovanni Bono

Duomo di Milano

Milano

◀◀◀◀◀

Serenata „Marc'Antonio e Cleopatra“

di Johann Adolf Hasse

Concerto

2 ottobre 2004

ore 17.00

3 ottobre 2004

ore 17.00

Marc'Antonio e Cleopatra - *Serenata*

Libretto di Francesco Ricciardi

Soprano, mezzosoprano e orchestra d'archi

Ensemble Musica Rara

Direttore Arnold Bosman

Ingresso libero

Sala delle Colonne

Museo del Duomo di Milano

Piazza Duomo 14

Milano

Afbeelding 121: Die konsertprogram van 2004 waarin hoofsaaklik musiek van Hasse uitgevoer is, Milaan.

Die opskrif van die resensie deur Francesco Mazzotta wat na afloop van die openingsaand van *Orfeo ed Euridice* in die *Corriere del Mezzogiorno* verskyn het, het uit die staanspoor dit duidelik gestel dat die orkes se spel onder die leiding van Bosman slordige spel opgelewer het. Hy het verder gegaan deur te sê dat al was die voorstelling op die verhoog oortuigend en verruklik, die onakkurate spel deur die orkes opgeval het. 'n Verdere opspraakwekkende gebeurtenis tydens die openingsaand was dat Bosman nie sy buiging op die verhoog gemaak het na afloop

van die operavitvoering nie. Die kan volgens die resensent aan een van twee redes toegeskryf word, naamlik dat Bosman met hierdie optrede sy ontevredenheid met die spel van die orkes wou beklemtoon en nie erkenning as dirigent wou ontvang nie, of dat hy uit 'n daad van "ridderskap" die glans aan die regisseur Antonio Latella oorgelaat het, aangesien dit die eerste keer is dat hy as bekende in eksperimentele teater afkomstig uit Napels as regisseur van 'n opera in Italië opgetree het. Volgens die resensent is sy moderne benadering ten opsigte van die ou mite met groot waardering in Bari ontvang. Hy sluit sy resensie deur te sê dat die aanbieding wat in baie gevalle vol nuwe inisiatiewe was, suksesvol kon wees, maar dat die "bitter" nasmaak egter verhoed het dat die werk as 'n geheel geslaag het.⁸⁸

'n Ander baie belangrike feit moet in hierdie stadium nie uit die oog verloor word nie en dit is dat Bosman teen hierdie tyd reeds baie siek was, iets wat nie op daardie stadium openbare kennis was nie. Die erns van sy siektetoestand het eers later in Desember 2004 en Januarie 2005 ten volle onder die aandag van sy kollegas en vriende gekom. Dus kan bespiegel word dat bogenoemde gedrag dalk toegeskryf kan word aan die feit dat Bosman reeds in daardie stadium nie meer rasioneel kon dink nie.

⁸⁸ Resensie, *Corriere del Mezzogiorno*, 10 Oktober 2004.

**FONDAZIONE LIRICO SINFONICA
PETRUZZELLI E TEATRI DI BARI**

Consiglio di Amministrazione

Sovrintendente
Angela Filipponio

Presidente

Michele Emiliano
Sindaco di Bari

Direttore Artistico
Guido Pagliaro

Vicepresidente

Mario Carrieri

Direttore Musicale
Arnold Bosman

Consiglieri

Salvo Nastasi
Onofrio Sisto

Collegio revisori dei conti

Presidente

Francesco Perrone

Membri effettivi

Marco Aldo Amoruso
Ruggiero Pierno

Membro supplente

Concetta Longo

Soci della Fondazione

Ministero per i Beni
e le Attività Culturali
Comune di Bari
Provincia di Bari
Regione Puglia

Afbeelding 122: Binneblad van die *Orfeo*-program met die name van die raadslede van die Petruzzelli Opera.

<i>direttore</i> Arnold Bosman	<i>maestri collaboratori</i> Gregorio Goffredo Giuseppe La Malfa, Giovanni Farina
<i>regia</i> Antonio Latella	<i>maestro suggeritore</i> Emanuela Aymono
<i>coreografia</i> Deda Cristina Colonna	<i>direttore di scena</i> Rosanna Amati
<i>scene e costumi</i> Emanuela Pischedda	<i>maestro alle luci</i> Luigi Travaglio
<i>maestro del coro</i> Elio Orciuolo	<i>elettrici</i> Sabino Ruggiero, Giuseppe Ruggiero Michele Santo, Giuseppe Biseaglia
<i>Orfeo</i> Silvia Tro Santafè	<i>macchinisti</i> Bartolomeo Telegrafo, Franco Giuliani Mario Valerio, Crescenzo Manzari Emanuele Pastoressa
<i>Euridice</i> Teresa Di Bari	<i>responsabile di sartoria</i> Giovanna Tornese
<i>Amore</i> Stefania Donzelli	<i>sarta</i> Vincenza Tisci
<i>danzatori</i> Massimo Arbarello, Fabio Bellitti Silvia Casadio, Giovanni Franzoni Nicole Kehrberger, Alessandro Mor Erika Rombaldoni, Barbara Schroerer Alice Serra, Mario Torella	<i>responsabile trucco</i> Anna Costanzo
<i>light designer</i> Giorgio Cervesi Ripa	<i>truccatori e parrucchieri</i> Giuseppe Chimenti, Teresa Camilleri
<i>direttore degli allestimenti</i> Giovanni Pastoressa	<i>scene</i> Laboratorio Musiquarium Genova
<i>assistente alla regia</i> Stefano Laguni	<i>costumi</i> Sartoria Alessandro Genova
<i>assistente scenografa e costumista</i> Neva Viale	<i>luci</i> Ruel Bari
Orchestra della Provincia di Bari Coro Ente Artistico l'Opera	Nuovo allestimento della Fondazione Lirico Sinfonica Petruzzelli e Teatri di Bari

Afbeelding 123: Die program van *Orfeo* met die name van al die sleutelrolspelers in die opera.

Op 1, 3 en 5 Desember 2004 was Bosman die dirigent in uitvoerings van Mozart se opera, *Le nozze di Figaro* in die Teatro Piccinni in Bari. Maurizio Scaparro was die regisseur en die operakoor is weer deur Elio Orciuolo voorberei. Kabaivanska was in hierdie stadium ook geweldig bekommerd oor Bosman. Die sopraan, Eugenia Braynova wat die rol van Susanna gesing het en ook 'n student van Kabaivanska was, het haar deurentyd op hoogte gehou oor die toestand van sy gesondheid. Sy lewenskragte het sodanig afgeneem en het hy met moeite sy arms opgelig om te kon dirigeer. Die resesent, Nicola Sbisà, het Bosman se voorkoms op die podium as stroef beskryf alhoewel sy hantering van die partituur en aandag aan detail

gekomplimenteer is. Verder is 'n meer energieke en vrye benadering aanbeveel om die komiese karakter van die opera meer te beklemtoon.⁸⁹



Afbeelding 124: Buiteblad van *Le nozze di Figaro*, Bari 2004.

⁸⁹ Onderhoud met Raina Kabaivanska, Modena, 6 Oktober 2011. Program, *Le Nozze di Figaro*, 2004/2005. Resensie, *Corriere del Mezzogiorno*, 3 Desember 2004.

<p><i>direttore</i> Arnold Bosman</p> <p><i>regia</i> Maurizio Scaparro</p> <p><i>scene</i> Emanuele Luzzati, Roberto Rebaudengo</p> <p><i>costumi</i> Santuzza Cali</p> <p><i>maestro del coro</i> Elio Orciuolo</p> <p>Davide Damiani <i>Il Conte d'Almaviva</i> Eleri Gvazava <i>La Contessa d'Almaviva</i> Eugenia Braynova <i>Susanna</i> Wojtek Gierlach <i>Figaro</i> Gabriella Sborgi <i>Cherubino</i> Valeria Lombardi <i>Marcellina</i> Pietro Naviglio <i>Bartolo</i> Gianluca Moschetti <i>Basilio</i> Vittorio Bari <i>Don Curzio</i> Angelica Girardi <i>Barbarina</i> Claudio Sgura <i>Antonio</i> Lucilla Bottalico <i>Prima contadina</i> Maria Pia L'Abbate <i>Seconda contadina</i></p> <p><i>regista collaboratore</i> Susy Attendoli</p> <p><i>movimenti coreografici</i> Bruno Vescovo</p> <p><i>direttore degli allestimenti</i> Giovanni Pastoressa</p> <p><i>progetto luci</i> Giuseppe Ruggiero</p> <p><i>costumista assistente</i> Paola Casillo</p> <p>Orchestra della Provincia di Bari Coro Associazione l'Opera</p> <p><i>Nuovo allestimento coprodotto da</i> Fondazione Lirico Sinfonica Petruzzelli e Teatri di Bari Teatri S.p.A. - Teatro Comunale di Treviso</p>	<p><i>assistente musicale</i> Michele Brescia</p> <p><i>maestri collaboratori</i> Giuseppe La Malfa, Giovanni Farina, Rossella Perrone</p> <p><i>maestro suggeritore</i> Emanuela Aymone</p> <p><i>direttore di scena</i> Giacomo Colafelice</p> <p><i>assistente alla regia</i> Rosanna Amati</p> <p><i>maestro alle luci</i> Luigi Travaglio</p> <p><i>elettricisti</i> Sabino Ruggiero, Giuseppe Ruggiero, Michele Santo, Domenico Pisani</p> <p><i>marchinisti</i> Bartolomeo Telegrafo, Franco Giuliani, Mario Valerio Crescenzo Manzari, Emanuele Pastoressa</p> <p><i>attrezzista</i> Gennaro Rafraeschieri</p> <p><i>responsabile di sartoria</i> Giovanna Tornese</p> <p><i>sarte</i> Vincenza Tisci, Isabella Cardinale</p> <p><i>responsabile trucco</i> Anna Costanzo</p> <p><i>truccatori e parrucchieri</i> Giuseppe Chimenti, Teresa Camilleri</p> <p><i>scene</i> La Bottega Veneziana, Treviso</p> <p><i>costumi</i> Farani, Roma</p> <p><i>culture</i> Pompei, Roma</p> <p><i>attrezzeria</i> Rancati, Guidonia</p> <p><i>parrucche</i> Pablo Bergamo, Trieste</p> <p><i>luci</i> Raet Bari</p>
---	---

Afbeelding 125: Die program van *Le nozze di Figaro* met die name van al die sleutelrolspelers in die opera.

Op 4 November 2004 het 'n droom van beide Bosman en Orciuolo bewaarheid geword toe *Die Skepping* van Haydn in Bari uitgevoer is. In my gesprek met Orciuolo het hy my meegedeel dat hy en Bosman baie graag hierdie oratorium in Bari wou uitvoer. Dit was ook die eerste keer dat Bosman hierdie werk gedirigeer het en volgens Elio was dit werklik 'n hoogtepunt vir hom en Bosman. In die seisoenprogram is dit aangedui dat die gevierde Suid-Afrikaanse tenoor, Deon van der Walt (1958-2005), die tenoorrol sou sing. Uit die program blyk dit egter dat Cesare Ruta die tenoorparty behartig het. Die sopraan was Laura Aikin, 'n sangeres met wie Bosman in die laaste paar jaar van sy lewe gereeld saamgewerk het. Die koor is weereens deur Elio Orciuolo voorberei.⁹⁰

⁹⁰ Program, Fondazione Lirico Sinfonica, Stagione 2004/2005. Program, *La Creazione*, 4 November 2004. Onderhoud met Elio Orciuolo, Bari, 4 Oktober 2011.



FONDAZIONE LIRICO SINFONICA
PETRUZZELLI E TEATRI DI BARI

Stagione 2004/2005

Ministero per i Beni e le Attività Culturali
Comune di Bari, Provincia di Bari, Regione Puglia



Franz Joseph Haydn

LA CREAZIONE

edizione Casa Musicale Sonzogno

giovedì 4 novembre - ore 21

Basilica di San Nicola

Afbeelding 126: Buiteblad van *Die Skepping*, 4 November 2004, Bari.

Laasgenoemde opera en oratoria is dan ook die laaste uitvoerings in Bari voor Bosman se tragiese dood, waartydens hy as dirigent op die podium verskyn het in

die Teatro Piccinni en die Basilica di San Nicola. Min het die publiek, spesifiek van Bari, of sy familie of sy vriende, in daardie stadium geweet dat Bosman binne twee maande na hierdie uitvoerings sou sterf en dat sy begrafnisdiens in die kerk sou plaasvind waar hy die laaste keer gedirigeer het.



Afbeelding 127: Buiteblad van die program van *Così fan tutte*, 23 September tot 3 Oktober 2004, Rome.

Wolfgang Amadeus Mozart

Così fan tutte

uno spettacolo di Giorgio Strehler

Roma Teatro Quirino

23 settembre 2004

Dramma giocoso in due atti su libretto
di Lorenzo Da Ponte

Musica di Wolfgang Amadeus Mozart

(edizione per l'Italia Bärenreiter-Verlag Kassel rappresentante
per l'Italia Casa Musicale Sonzogno di Piero Ostali, Milano)

Maestro concertatore e direttore
d'orchestra Arnold Bosman
Regia Carlo Battistoni
Messa in scena Gianpaolo Corti

Scene Ezio Frigerio
Costumi Franca Squarciarino
Luci Gerardo Modica
Collaborazione alla regia Marise Flach

Personaggi

Fiordiligi
Dorabella
Ferrando
Guglielmo
Despina
Don Alfonso

Interpreti

Fiorella Burato
Terese Cullen
Pavol Breslik
Gabriele Ribis
Janet Perry
Alexander Malta

Servi Suonatori

Massimiliano Afferi, Fabrizio Fallacara,
Luigi Marco Guglielmo, Paolo Lorusso,
Luca Molino, Damiano Nirchio,
Gabriele Patruno, Saverio Pescechera,
Stefano Ricco

Orchestra Società dei Concerti di Bari
Coro Ente Artistico l'Opera di Bari

Maestro del coro Elio Orciuolo
Maestro preparatore, maestro al cembalo
Harriet Lawson

Assistente alle scene Leila Fteita

Maestri collaboratori
Gianluca Altomare, Piero Cassano
Giacomo Colafelice, Giuseppe La Malfa
Maestro alle luci Dario Grandini

Afbeelding 128: Binneblad van die *Così fan tutte*-program met die name van die sleutelrolspelers, Rome.

MINISTRY OF CULTURE
NATIONAL OPERA CENTRE
CAIRO OPERA HOUSE




Così fan tutte

Musica di W. A. Mozart

Uno spettacolo di Giorgio Strehler

con la Cairo Symphony Orchestra

Direttore Arnold Bosman



Afbeelding 129: Buiteblad van die program van *Così fan tutte*, 22 en 23 Desember 2004, Kaïro.

Wolfgang Amadeus Mozart

Così fan tutte

Uno spettacolo di Giorgio Strehler

“Dramma giocoso” in due atti

su libretto di **Lorenzo Da Ponte**

Musica di **Wolfgang Amadeus Mozart**

(*Bärenreiter - Verlag Kassel, rappresentante per l'Italia Casa Musicale Sonzogno di Piero Ostali, Milano*)

Maestro concertatore e direttore

d'orchestra **Arnold Bosman**

Regia di **Carlo Battistoni**

Messa in scena da **Gianpaolo Corti**

Scene **Ezio Frigerio**

Costumi **Franca Squarciapino**

Luci **Gerardo Modica**

Collaborazione alla regia **Marise Flach**

Personaggi

Fioriligi

Dorabella

Ferrando

Guglielmo

Despina

Don Alfonso

Interpreti

Eugenia Braynova

Terese Cullen

Mark Milhofer

Nicolas Rivenq

Janet Perry

Alexander Malta

Orchestra Sinfonica dell'Opera del Cairo

Coro della Fondazione Lirico Sinfonica Petruzzelli e Teatri di Bari

Maestro del coro **Elio Orciuolo**



Afbeelding 130: Binneblad van die *Così fan tutte*-program, 2004 – die produksie wat Bosman nooit gedirigeer het nie, Kairo.

8.24 'n Wêreldtoer met *Così fan tutte*

Vanaf die middel van 2004 het Bosman met die operageselskap van die Fondazione Lirico Sinfonica Petruzzelli e Teatro di Bari 'n uitgebreide toer deur Europa onderneem. Die keuse het geval op Mozart se *Così fan tutte*, een van Bosman se gunstelingoperas. Bosman was veral beïndruk deur die bekende regisseur, Giorgio Strehler, se produksie wat in 1997 in die nuwe Teatro Piccolo in Milaan geopen het. Die produksies wat deur Bosman gedirigeer is, het op 1 April 2004 in Bari geopen. Al hierdie uitvoerings is in samewerking met die Piccolo Teatro di Milaan – Teatro d'Europa aangebied. Daarna het 'n uitvoering op 16 April 2004 in Verona gevolg waarna die toer in Junie in Spanje voortgesit is met uitvoerings vanaf 18 tot 27 Junie in die Teatro Español in Madrid. Op 7 Julie 2004 het daar 'n uitvoering in Istanbul plaasgevind, en vanaf 23 September tot 3 Oktober in die Roma Teatro Quirino in Rome. Daarna is die geselskap terug na Spanje met uitvoerings op 17 en 18 November in die Teatro Arriaga in Bilbao en 23 en 24 November in die Auditorio Baluarte in Pamplona ook in Spanje. Die toer het op 17 Desember in Egipte geëindig met uitvoerings in die Teatro Sayed Darwish in Alexandria en op 22 en 23 Desember 2004 in die Teatro dell' Opera in Kaïro. Tydens laasgenoemde uitvoering het die simfonieorkes van Kaïro ook onder Bosman se leiding gestaan.⁹¹

In Kaïro het Bosman se siektetoestand vererger en het simptome van duiseligheid en tonnelvisie na vore gekom. Hy het selfs sy bewussyn verloor en kollegas het ook bevestig dat sy persoonlikheid van tyd tot tyd heeltemal verander het. Tydens my besoek aan Bari het Orciuolo bekend gemaak dat Bosman se toestand tot so 'n mate agteruitgegaan het dat hy glad nie in staat was om die twee operaproduksies in Kaïro te dirigeer nie. Die dirigent, Giuseppe Lamalfa, is na Kaïro en het in Bosman se plek die twee uitvoerings gedirigeer. Bosman is na Bari teruggevlieg waar hy na sy woonstel geneem is, wat hy so onlangs soos Oktober 2004 betrek het, om te herstel. Hy het die woonstel saam met 'n ene Ray Jackson gedeel in wie se sorg hy ook geplaas is. Die bestuur van die Fondazione Petruzzelli was baie bekommerd oor Bosman se toestand en tydens 'n besoek aan hom in sy woonstel was hulle geweldig geskok oor die toestand waarin Bosman verkeer het en het hulle daarop aangedring dat hy gehospitaliseer word. Aanvanklik is hy in isolasie geplaas

⁹¹ Program, *Così fan tutte*, 18 -27 Junie 2004, 23 September-3 Oktober 2004, 17-18 November 2004, 23-24 November 2004, 17, 22 en 23 Desember 2004.

aangesien die medici gedink het dat hy een of ander virus opgedoen het. Na vele ondersoek en verskeie medikasie is daar besluit om 'n breinskandering te doen. Tydens hierdie ondersoek het hulle tot die skokbesef gekom dat daar 'n reuse gewas aan die breinstam teenwoordig was. Daar was ook heelwat vog teenwoordig, wat met behulp van 'n dreineringsstoestel verwyder is. Dit het die drukking op die brein aanvanklik verlig.⁹²

As gevolg van verskeie faktore asook 'n ongewenste verhouding wat Bosman in daardie stadium met ene Ray Jackson gehad het, was daar nie 'n oop kommunikasiekanaal tussen Bosman en sy ouers nie. Op 10 Januarie het Arnold en sy vader vir die laaste keer per telefoon gekommunikeer. Tydens hierdie gesprek het sy pa aan hom gevra of hulle na Bari toe moet gaan, waarop Bosman die volgende geantwoord het: "Nee, dit is nie nodig nie, alles is nog reg." Op 28 Januarie het Willem en Heleen Bosman in Milaan aangekom waarna hulle na Bari vertrek het. Bosman was in daardie stadium reeds in 'n koma en die dokters wou 'n breinoperasie op hom uitvoer. Voordat dit kon geskied, moes hulle eers toestemming by sy ouers kry. Na vele oorweging en nadat die dokters geen belofte kon maak dat Bosman na die operasie normaal sou wees en sy toestand sou verbeter nie, het Bosman se pa toestemming geweier dat die operasie uitgevoer mag word. In die woorde van Willem Bosman: "Ek het net gesê dat hulle hom moet los dat Arnold rustig sterf."⁹³

Vanaf Januarie 2005 was Arnold se toestand kritiek en volgens Giuliano Finessi het Bosman vanaf 26 Januarie in 'n koma verval. Op 30 Januarie het Giuliano en Arnold se ma, Heleen 'n kort telefoniese gesprek gehad waarin hy aan haar gesê het dat Bosman op sy einde is. In die vroeë oggendure op 4 Februarie 2005 is Arnold Bosman oorlede.⁹⁴

⁹² Onderhoud met Willem Bosman, Bloemfontein, 28 Augustus 2011. Onderhoud met Elio Orciuolo, Bari, 4 Oktober 2011.

⁹³ Onderhoud met Willem Bosman, Bloemfontein, 28 Augustus 2011.

⁹⁴ Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 8 Julie 2011.

HOOFSTUK 9

BOSMAN SE DOOD EN DAARNA

9.1 Reaksie direk na die dood van Bosman en die begrafnismis in Bari

Bosman se afsterwe was 'n geweldige openbare skok, aangesien daar nie werklik enige uiterlike tekens van sy siekte sigbaar was nie. Alhoewel daar in sy nabye vriendekring en by kollegas sprake was dat sy persoonlikheid in die laaste ses maande voor sy dood verander het, was daar nie fisies enige aanduidings van die erns van sy toestand nie. Soms het hy gekla van tonnelvisie, maar andersins het hy nooit te kenne gegee dat hy ernstig siek was nie. Selfs voor sy vertrek in Oktober 2004 uit Milaan na Bari het alles in orde voorgekom. In hierdie tyd het Bosman met 'n Amerikaner, Ray Jackson, bevriend geraak. Hy het uiteindelik vir Bosman oorreed om na Bari te verhuis. Op Bosman se aandrang moes Jackson sy siekte geheim hou, want indien dit bekend sou raak, dit toekomstige kontrakte in gevaar stel en 'n geweldige nadelige invloed op sy loopbaan hê. Gevolglik was sy hospitalisasie en skielike dood nie verwag nie. Nadat Bosman se afsterwe in die vroeë oggendure op Vrydag 4 Februarie 2005 in Bari bekend geword het, was die grootste deel van Italië se musici en musiek liefhebbers in rou gedompel. Uit talle oorde is berigte ontvang waarin mense hulle ontsteltenis uitgespreek het, en boodskappe van medelye is uit bykans alle uithoeke van die wêreld ontvang.

Reeds op 5 Februarie het koerantberigte van Bosman se dood verskyn. In die *Corriere del Mezzogiorno*, een van Suid-Italië se belangrikste koerante, het die volgende opskrif verskyn: "E'morto Bosman, autore del rilancio della lirica barese." Die Afrikaanse vertaling lui soos volg: "Bosman oorlede – die man wat verantwoordelik was vir die herlewing van opera in Bari." Op 4 Februarie 2005 het die eerste uitvoering van Monteverdi se opera *Il ritorno d'Ulisse in patria* in die Teatro Piccinni in Bari plaasgevind. Tydens hierdie uitvoering het die stampvol teater hulde aan Bosman gebring deur staande vir 'n baie lang periode hande te klap.¹

¹ Koerantartikel, *Corriere del Mezzogiorno*, 5 Februarie 2005.



Afbeelding 131: Een van die laaste foto's van Arnold saam met sy ouers, Willem en Heleen Bosman, Milaan, 2003.

Een van die boodskappe wat aan Bosman se ouers gerig is, het gekom van dr. Mariangela Doná, 'n musiekwetenskaplike in Italië wat ook verantwoordelik was vir talle programnotas in konsertprogramme en CD-opnames waarby Bosman betrokke was. Dit het as volg gelui:

I warmly share your sorrow for the death of Arnold. During many years I had the chance of following from close up his activity as conductor and pianist at Musica Rara, as I was charged to write the commentary notes to his programmes. I could appreciate his extraordinary talent as conductor and performer and his fine taste and great culture. I grieve for the loss of a true artist and of a dear friend.²

² Brief, Mariangela Dona, Milaan, 7 Februarie 2005. Onderhoud met Willem Bosman, Bloemfontein, 28 Augustus 2011.

'n Volgende berig is deur twee pianiste, Elena Fiorentini en Emma Toppi, gestuur. Toppi was aan Bosman bekend, aangesien hulle verskeie kere saam aanproduksies gewerk het en Bosman het ook hulp verleen aan die beplanning van Fiorentini en Toppi se klavierduet-program wat hulle onder die beskerming van Musica Rara aangebied het.

With anguish I give you the news that our dear Arnold Bosman left us this night at 03:00. He has been in his last agony since more than one month. The illness struck him while he was in Egypt on the conclusion of a tour which included Turkey, some Arab countries and the last stage was just Egypt.

He was in the prime of his life and profession. He was an extraordinary interpreter: director of orchestra and pianist. An intense life dedicated to study and work, at the present time he had the office of Artistic Director of Theatre Petruzzelli in Bari and of Musical Association of Rare Music for Milano.

Besides being a piano virtuoso, it has been important his contribution to the world of music and culture in re-proposing forgotten pieces of music, bringing them to light with unforgettable interpretations. In Milano he achieved the theatre representation of the opera "Brundibar", composed by Hans Kraza in the camp of Terezin.

I remember my emotion, although I already knew him, when I saw him among the audience of our piano duo at the Royal Palace in Milano. Further on we owed him the discovery of the very beautiful "Legends" of Dvořák and he encouraged us always to go to play.³

Carla Ridella, wat vanaf 2001 tot 2008 vir Musica Rara as sekretaresse en assistent vir Giuliano Finessi gewerk het, het onder andere soos volg oor Bosman geskryf:

Now I know that I can call friendship the stretch of the road that we walked together. Me extrovert almost meddler, you reserved hardly ever showing


³ Brief, 4 Februarie 2005.

your emotions, but never cold or arrogant ... Your last birthday, your 47th birthday, in your new house in Bari (but already sorry and regretting leaving Milan) after conducting the Creation by Haydn, whom you so loved, in that enchanting barren church of San Nicola. Your gesture was that of always, but I was struck with the tired appearance of your body and the sunken passionate look in your face, a kind of fevered torment.⁴

Bloemfontein se bekendste plaaslike nuusblad, *Die Volksblad*, het op Maandag 7 Februarie 2005 'n uitgebreide artikel op die voorblad geplaas met die opskrif: "Bekende musikus (47) sterf aan breingewas". In hierdie berig het die verslaggeefster Jeanne-Marie Versluis gepoog om die leser in te lig wie Bosman was asook wat hy gedoen het en die suksesse wat hy in sy kort loopbaan in Europa en spesifiek in Italië behaal het. Bosman se tante, mev. Adri Coetzee van Marquard, het die meeste van die inligting vir die artikel verskaf.⁵

⁴ In Memoriam, Carla Ridella.

⁵ Koerantartikel, *Die Volksblad*, 7 Februarie 2005.



Afbeelding 132: San Nicola Basilica met Arnold se kis duidelik sigbaar, 8 Februarie 2005, Bari.



Afbeelding 133: Die Basilica di San Nicola, Bari.

Bosman se liggaam het op Dinsdag 8 Februarie 2005 die hele dag in staatsie in die Basilica di San Nicola in Bari gelê, waarna daar op dieselfde aand 'n mis gehou is. Bosman se ouers was ook teenwoordig tydens hierdie geleentheid. Hy is op die Woensdag in Salerno veras en sy oorskot is na Suid-Afrika teruggebring.

Op 12 Maart 2005 het daar 'n uitgebreide artikel deur Hendrik Hofmeyr in *Die Burger* verskyn. Die opskrif van die artikel lui soos volg: "Afrika is 'n vreemde wêreld. 'n Flits van 'n sekonde meen jy, jy verstaan alles, maar dan skielik verstaan jy net mooi niks." Volgens Hofmeyr het Suid-Afrika een van sy bekwaamste jonger dirigente verloor met die heengaan van Arnold Bosman.⁶

In November 2005 het daar 'n uitvoering van die opera, *Marc' Antonio e Cleopatra* van Hasse, in Bari plaasgevind. Hierdie uitvoering was 'n gedenkuitvoering ter herinnering aan Bosman met dieselfde soliste en ensemble as die vorige jaar toe hy in 2004 self die dirigent was in die eerste uitvoering van hierdie werk in Milaan. Francesca Provvionato en Laura Aikin het as solis saam met die Ensemble Musica Rara opgetree. Volgens Nicola Sbisá was dit 'n uiters geskikte huldeblyk. Die dirigent was Massimiliano Toni.⁷

9.2 Bosman se geboortestad in rou na sy skielike dood en die gedenkdiens wat in Bloemfontein ter nagedagtenis gehou is

In sy geboortestad, Bloemfontein, het daar op 23 Maart 2005 'n gedenkdiens ter nagedagtenis van Bosman plaasgevind. Die diens is in die Nederduits Gereformeerde Kerk Berg-en-Dal in die voorstad Dan Pienaar gehou. Die diens is deur ds. Madder Steyn gelei en die orrelis by hierdie geleentheid was Leonore Kloppers. Die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, met wie Bosman gereeld in Italië en in Suid-Afrika saamgewerk het, het as solis opgetree. Beriggewing van hierdie gedenkdiens het prominent in die plaaslike nuusblad *Die Volksblad* verskyn.⁸

⁶ Koerantartikel, *Die Burger*, 12 Maart 2005.

⁷ Koerantartikel, *La Gazzetta del Mezzogiorno*, 5 November 2005.

⁸ *Die Volksblad*, 23 Maart 2005. *Gedenkdiensprogram*, 23 Maart 2005.

As voorspele het Kloppers die volgende werke gespeel: Drie variasies op *Christus het opgestaan* van J S Bach, *Dank, Vader, dank vir U genade* van Jacobus Kloppers, 'n koraalvoorspel op *Here, hoeveel blye dae* en twee variasies op *Na ons bestaan in tyd en ruimte*, beide komposisies van J S Bach. Mngoma het twee werke uit Handel se oratorio *Messias* gesing, naamlik *Come unto Him* en *I know that my Redeemer liveth*, asook die aria, *Io son l'umile ancella*, uit die opera, *Adriana Lecouvreur*, van Francesco Cilèa.⁹

⁹ Gedenkdienstprogram, 23 Maart 2005. Video-opname van dieselfde diens.

Gedenkdien: Arnold Bosman

23 Maart 2005 in die NG Kerk Berg-en-Dal

Gelei deur ds. G Madder Steyn

Orrel - Leonore Kloppers

"Christus het Opgestaan" Drie Variasies
J.S. Bach

Koraalvoorspel op "Dank, Vader, dank vir U genade"
- Jakobus Kloppers

Koraalvoorspel op "Here, hoeveel Blye Dae"
J.S. Bach

"Na ons bestaan in tyd en ruimte" Twee variasies
J.S. Bach

(Woorde in Program)

Samesang: Psalm 146: 1 en 3

Skriflesing: Jacobus 1:1 - 12

Boodskap aan die hand van Johannes 14:1
"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in my."

Samesang: Lied 571: 1 en 2

Gebed

Samesang: Lied 562: 3 en 4

Seënbede

Tribute by Sibongile Mngoma (Soprano)

Bedankings

Ave Verum van Mozart

soos uitgevoer op 6 Junie 2003
deur die Italiaanse Radio en Televisie Koor en Orkes
onder leiding van Arnold Bosman
in die Santa Maria della Grazie, Milaan

Afbeelding 134: Die gedenkdienprogram vir Arnold Bosman op 23 Maart 2005, Bloemfontein.



Afbeelding 135: Heleen, Willem (sr.) en Willem (jr.) Bosman tydens die gedenkdiens in 2005, Bloemfontein.



Afbeelding 136: Willem Bosman, Sibongile Mngoma en Heleen Bosman tydens die gedenkdiens in 2005, Bloemfontein.



Afbeelding 137: Heleen Bosman en Leonore Kloppers tydens die gedenkdiens in 2005, Bloemfontein.

9.3 Huldigingskonserte in Bloemfontein ter nagedagtenis aan Bosman

Sedert 2010 is daar elke jaar 'n huldigingskonsert vir Bosman in Bloemfontein aangebied. Hierdie konserte is deur die Odeion Skool vir Musiek georganiseer. Die geleentheid word so ná as moontlik aan Bosman se datum van sterfte (4 Februarie 2005) georganiseer. Hierdie datum hang alles af van die beskikbaarheid van musici asook 'n geskikte saal of kerk. Die konsert van 2010 het op 6 Februarie in die Anglikaanse Katedraal van St Andrew en St Michael plaasgevind. Hierdie konsert het hoofsaaklik uit vokale werke bestaan. Kunstenaars het ingesluit: Deidré Blignaut (sopraan), Lance Phillip (tenoor), Willie Viljoen (kontratenoor), Human Coetzee (tjello), John Reid Coulter (fortepiano), Nicol Viljoen (fortepiano en orrel) en Jan Beukes (orrel). Die groep is bygestaan deur die Ars Nova Consort onder leiding van Lance Phillip. Werke op die program het ingesluit: *Erbarm dich mein, O Herre Gott, BWV721* van J S Bach/D Buxtehude, *Et misericordia* uit die *Magnificat, BWV243* van J S Bach, *Sonate nr. 1, opus 5* vir fortepiano van J C Bach, *Litanei, D343*, *Ellen's Gesang III, opus 52 nr. 6, D839* en *An die Musik, opus 88 nr. 4, D547* van F Schubert. Verder was daar verskeie werke van Mozart op die program en na pouse is die *Requiem, opus 48* van Fauré uitgevoer. Die begeleiding is deur Jan Beukes en Nicol Viljoen op die orrel behartig. Die orrelduetweergawe was dié van Malcolm Binney. Die soliste tydens die uitvoering van die *Requiem* was Matildie Thom Wium (sopraan), Willie Viljoen (bariton) en Carmi Viljoen (viool).¹⁰

Die volgende gedenkkonsert het op 12 Maart 2011 in die Odeion op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat plaasgevind. Die kunstenaars tydens hierdie konsert was Nicol Viljoen (klavier), Claudia Strauss (klavier), Brigitte Botha (klavier), Johan Cromhout (klavier), die sopraan, Sibongile Mngoma, asook die Odeion-koor onder leiding van Lance Phillip. Viljoen het Mozart se *Sonate vir klavier in F, K332* gespeel, 'n werk wat Bosman self in 1985 op 'n program ingesluit het vir 'n konsert in Canberra, Australië. Cromhout en Botha het werke gespeel wat Bosman en Marco Rapetti as duopaar in 1985 uitgevoer het, naamlik Schumann se *Bilder aus Osten nr. 1, 4, 5 en 6, opus 66*, asook *Twelve pieces for four hands for big and small children, opus 85 nr. 3 –*

¹⁰ Gedenkprogram, 6 Februarie 2010.

Gartenmelodie, 9 – *Am Springbrunnen*, 10 – *Versteckens* en 12 – *Abendlied*. Mngoma het *Io son l'umile ancella* uit *Adriana Lecouvreur* van Cilea gesing, asook *Donde lieta usci al tuo grido d'amore* uit *La Bohème* van Puccini en *A fuggi il traditor* uit *Don Giovanni* van Mozart. Claudia Strauss het die begeleiding waargeneem. Die koor het *Ave verum corpus* van Mozart gesing, 'n werk wat Bosman self in sy leeftyd gedirigeer het. Verder was daar werke van Stanford en Tavener op die program.¹¹

Die derde gedenkkonsert het op 4 Februarie 2012 weer in die Anglikaanse Katedraal in Bloemfontein plaasgevind. Die konsert is in geheel aan koormusiek gewy wat werke van Purcell, Tavener, Stanford, Mozart en Fauré ingesluit het. Van Purcell is *Thou knowest, Lord, the secrets of our hearts* uitgevoer, van Tavener die *Funeral Ikos*, die *Magnificat* en *Nunc dimittis in B-mol*, asook die *Te deum in B-mol* van Stanford. Die laaste werk voor pouse was Mozart se *Missa brevis in D, K194*. Na pouse is Fauré se *Requiem, opus 48* weereens uitgevoer. Musici wat tydens hierdie konsert opgetree het, het ingesluit die Odeion koor, die koor van die Anglikaanse katedraal, Maretha Krige, Lourie Coetzee, Jan Beukes en Nicol Viljoen (orrel), asook 'n ad hoc-groep instrumentiste wat vir hierdie konsert byeengebring is. Lance Phillip het as dirigent opgetree. Voor die aanvang van die konsert het Johan Cromhout die gehoor kortliks toegelig oor Arnold Bosman se lewe en werk.¹²

9.4 Die toekoms van Musica Rara na die dood van Bosman

Dit is duidelik dat Bosman die groot stukrag agter al die aktiwiteite van Musica Rara was. Gedurende die tyd toe Bosman die artistieke direkteur was, het daar gereeld uitvoerings in Milaan en in ander dele van Italië plaasgevind. Tans is Giuliano Finessi steeds die president van hierdie vereniging, maar daar vind aansienlik minder konserte plaas. Tydens die vele gesprekke wat ek gedurende my navorsingsbesoek in Italië met hom gehad het, het dit geblyk dat Bosman se afsterwe 'n geweldige leemte in die organisasie van hierdie vereniging gelaat het. Hy het ook laat blyk dat verdere konserte en opera-aanbiedings nie noodwendig op die onbekende musiek van die bekende

¹¹ Gedenkprogram, 12 Maart 2011. Konsertprogram, 17 Mei 1985. Koerantartikel, *The Herald Sun*, Canberra, 24 Februarie 1985.

¹² Gedenkprogram, 4 Februarie 2012.

meesters sou fokus nie. Verder het Finessi daarop klem gelê dat finansies 'n groot rol in die voortbestaan van hierdie vereniging speel. Aangesien daar op die finansiële steun van private instansies staatgemaak word, kan daar slegs uitvoerings aangebied word wanneer daar genoegsame fondse beskikbaar is.¹³

¹³ Onderhoud met Giuliano Finessi, Milaan, 9 Julie 2011.



UV Departement Musiek bied aan

Arnold Bosman

Gedenkkonsert

Ars Nova Consort o.l.v. Lance Phillip
Deirdré Blignaut (sopraan)
Lance Phillip (tenoor)
Willie Viljoen (kontratenoer)
Human Coetzee (tjello)
John Reid Coulter (fortepiano)
Nicol Viljoen (fortepiano & orrel)
Jan Beukes (orrel)



6 Februarie 2010, 19:00

Anglikaanse Katedraal

Toegang: **GRATIS**

Afbeelding 138: Die program van die eerste Arnold Bosman gedenkkonsert in 2010, Bloemfontein.

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV
HUMANITIES
GEESTESWETENSAPPE

Arnold Bosman

Memorial Concert

Gedenkkonsert

Nicol Viljoen

klavier / piano

Sibongile Mngoma

sopraan / soprano

Claudia Strauss

klavier / piano

Brigitte Botha

klavier / piano

Johan Cromhout

klavier / piano

Odeion Koor / Choir

Lance Phillip *dirigent / conductor*

Jan Beukes *orrel / organ*

12 Maart / March 2011

ODEION

19:30



Toegang: GRATIS
Admission: FREE

Afbeelding 139: Die program van die tweede Arnold Bosman gedenkkonsert in 2011, Bloemfontein.

Arnold Bosman Memorial Concert



4 February 2012
Anglican Cathedral
19:30

T: 051 401 2504 pretoriusn@ufs.ac.za www.ufs.ac.za/music

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV

HUMANITIES
GEESTESWETENSAPPE
—
OORHOI SKOOL OF MUSIC
OORHOI SKOOL VIR MUSIEK

Abbeelding 140: Die program van die derde Arnold Bosman gedenkkonsert in 2012, Bloemfontein.

Ontslape Bfn-musikus gedenk

Elretha Britz

ARNOLD BOSMAN, die ontslape Bloemfonteinse musikus wie se loopbaan in Italië wasdom bereik het, word vanjaar die derde keer in 'n gedenkkonsert gehuldig.

Die program bestaan hierdie keer uit koormusiek en orrelspel. Jan Beukes, Maretha Krieger, Lourie Coetzee en Nicol Viljoen tree as soliste op en Lance Phillip sal die Odelonkoor, Cathedral Singers en Cathedral Mozart Players dirigeer in Fauré se *Requiem*, Mozart se *Missa Brevis in D majeur* en Stanford se *Evening Canticles* en *Te Deum in B mol majeur*.

Bosman is in 2005 oorlede en

het veral in die laaste dekade van sy lewe tot 'n veelsydige en toonaangewende musiekkunstenaar ontwikkel.

Hy was as pianis 'n gesogte begeleier vir sangers, maar het later die klavier vir die dirigeerstok verruil.

As musikoloog en historikus het hy 'n belangrike bydrae tot die bewaring van Westerse kunsmusiek gelewer en hom veral as musiekdirekteur van die Musica Rara-orke in Milaan uitgeleef.

Hy het talle vergete meesterstukke van komponiste soos J.C. Bach, Hasse, Samartini, Mozart en Haydn opgediep en herskryf, wat dan deur dié orke uitgevoer is.



Arnold Bosman

Bosman se pa, dr. Willem Bosman van Bloemfontein, het met die eerste gedenkkonsert in 2010 Bosman se musieknalenskap aan die Universiteit van die Vrystaat geskenk.

Die optrede is op 4 Februarie om 19:30 in die Anglikaanse katedraal. Toegang is gratis.

Afbeelding 141: Plaaslike beriggewing in *Die Volksblad* van die Arnold Bosman gedenkkonsert in 2012, Bloemfontein.

9.5 Bosman se oorskot word tot rus gelê in sy ouers se tuin in Bloemfontein

Ná Bosman se afsterwe het sy ouers besluit om hul tuin in Bloemfontein in 'n Italiaanse tuin te omskep. Die oorwegende rede vir hierdie besluit was die feit dat Bosman vir die grootste gedeelte van sy lewe in Italië gewoon het en ook daar gewerk het. Bosman het 'n voorliefde vir die musiek en kuns van die Barokperiode gekoester en hy het ook 'n diepgaande kennis van genoemde periode se musiek gehad. Daarom het Willem en Heleen besluit om 'n werktipe uit die Barokperiode, naamlik die fuga, as model vir die ontwerp van die tuin te gebruik. Werk aan hierdie projek het in September 2006 na afloop van 'n oorsese reis wat hulle na Noorweë onderneem het 'n aanvang geneem. Die projek is aan die begin van 2007 voltooi.¹⁴

Buiten die eerstehandse kennis van Italiaanse tuine en tuinuitleg wat Heleen en Willem tydens hul besoeke aan Italië opgedoen het, moes hulle talle boeke raadpleeg om die

¹⁴ Onderhoud met Willem en Heleen Bosman, Bloemfontein, 22 Junie 2012.

korrekte plantkeuses te maak. Heleen het gesê dat sy ook baie goeie idees uit die Engelse *Home and Garden*-tydskrifte gekry het. In die proses is hulle met baie probleme gekonfronteer wat sekere beperkinge ingehou het. Een daarvan was die feit dat die tuin geweldig baie rotse en klip bevat het omdat die huis teen 'n koppie geleë is; 'n ander probleem was die baie skadukolle in die tuin aangesien daar reeds baie bome op die perseel was. Dus moes daar besluit word op plante wat hoofsaaklik in die skaduwee groei. Twee plante wat oorvloedig gebruik is, is die tipiese Italiaanse konifere en verskeie variëteite van die viburnum. Ander Italiaanse elemente wat in die tuin vervat is, sluit in argitektoniese tuinontwerpe wat die werkstyl van die bekende Italiaanse argitek Andrea di Pietro (1508-1580), beter bekend as Palladio, in herinnering roep.¹⁵




Afbeelding 142: 'n Gedeelte van die Italiaanse tuin van die Bosmans.¹⁶

¹⁵ Idem ditto.

¹⁶ Met erkenning aan Media24.

Verder is daar ook 'n "geheime tuin" waar al die blomplante saam gegroeper is – 'n tipiese eienskap van Italiaanse tuine. Ander belangrike fokuspunte in die tuin is die knoop- of striktuin wat uit verskillende struik bestaan asook die gedenkfontein. By hierdie fontein het Arnold se oorskot op 4 Februarie 2007 finaal tot rus gekom tydens 'n seremonie wat deur ds. Gert Terblanche, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk Berg-en-Dal in Dan Pienaar, Bloemfontein, gelei is.¹⁷



Afbeelding 143: Die gedenkfontein en die nis waar Bosman se as op 4 Februarie 2007 weggebêre is, Deanelaan 11, Bloemfontein.

¹⁷ Sien voetnoot 14.



Afbeelding 144: Willem (jr.) met die oorskot van sy broer, Arnold, en ds. Gert Terblanche, 4 Februarie 2007, Bloemfontein.



Afbeelding 145: Willem (jr.) plaas die kisse met Arnold se as in die nis by die gedenkfontein, 4 Februarie 2007, Bloemfontein.

Soos wat daar in die openingshoofstuk van hierdie studie aangevoer is, maak die navorsing wat hier aangebied word nie daarop aanspraak om Arnold Bosman se lewe as 'n enigste of finale waarheid te skryf nie, maar is daar eerder gepoog om sy kleurvolle en komplekse persona betekenisvol vanuit feitelike gegewens, sowel as vanuit die meer onsekere bronne van anekdote en geheue te rekonstrueer. Bosman se volgehoue soeke na 'n eie identiteit en "plek" in die wêreld blyk in hierdie opsig 'n deurslaggewende tema van sy lewensverhaal te wees. Vanuit hierdie perspektief blyk "plek" geen objektief-materiële spasio te wees nie, maar verkry dit binne die tydsbestek waarin die lewensverhaal afspeel, 'n subjektiewe en kontekstueel-gekonstrueerde gestalte.

In die skryf van hierdie lewe lei "tyd" as bepalende faktor nie alleen tot 'n produktiewe gebruik van retrospeksie as metodologiese rugsteun nie, maar verkry die begrippe "tyd" en "plek" 'n metaforiese betekenis waarby die lewensverhaal dieper dimensies van Bosman as "vreemde" musikus verken. Hierdie strategie sluit aan by resente benaderings soos dié van Israel (2010:5) wat die belang van narratief in biografie as metode beklemtoon, en hiermee saam ook die rol van die interpretasie van die trope, metafoor of simbool. Israel (2010:7) redeneer naamlik dat die biograaf se "raaklees" van 'n "groter" metaforiese geskiedenis soos vergestalt in die enkele voorval, moment of *vignette*, geen "oortreding" is nie, maar eerder 'n belangrike sleutel tot die verlede en tot die konstruksie of re-konstruksie van identiteit mag inhou.

In hierdie opsig is bepaalde deurslaggewende "lewensmomente" van Arnold Bosman binne die lewensverhaal wat hier aangebied word sodanig gelees dat hy nooit as 'n mitiese figuur geteken is nie, maar eerder as 'n komplekse, soms gebroke, dikwels teenstrydige, en altyd soekende artistieke figuur. "Tyd" en "plek" het nie alleen Bosman se latere lewe en werk daadwerklik gerig nie, maar die genoemde temas het reeds so vroeg as sy tienerjare 'n besondere impak op sy lewe en sy persoonlikheid gehad. Sekere polities-geïnspireerde gebeure gedurende sy skooljare wat hom direk geraak het asook die ideologie en apartheidspolitiek van die destydse Nasionale party het ongetwyfeld Bosman se denke en persoonlikheid gevorm. Die worsteling in sy soeke na 'n eie identiteit asook 'n "plek" veral gedurende sy studentejare binne die betreklik

konserwatiewe tydsgees in Suid-Afrika kom duidelik aan die lig. Hierdie soeke tesame met die geweldige drang om homself uiteindelik as dirigent in die buiteland en spesifiek in Italië te gaan vestig, is op verskillende stadiums deur die temas van “tyd” en “plek” beïnvloed. Uit die aard van die nou werkverband wat tussen Bosman en die groot en beroemde dirigente ontstaan het tydens die 1980's toe hy gereeld as assistentdirigent werksaam was, is hy nie alleen deur hulle werkswyse en denkprosesse beïnvloed nie, maar het hy in 'n kritiese dog simpatieke musikus ontwikkel. “Tyd” en “plek” was ook in hierdie opsig onlosmaaklik deel van Arnold Bosman se lewe en werk.

Omdat Bosman homself dus méér en méér op 'n ander “plek” en in 'n ander “tyd” moes vind ten einde 'n “tuiste” en 'n realisering van sy selfheid daar te kon stel, is des te meer ironies dat hy, ná 'n tydperk van bykans 25 jaar in Italië, sy finale (rus)plek in die tuin van sy ouerhuis in sy geboortestad, Bloemfontein, moes vind.



Afbeelding 146: Een van die vele fokuspunte in die Bosmans se tuin, naamlik die knooptuin.¹⁸

¹⁸ Sien voetnoot 16.

9.6 Naskrif

In 'n retrospektiewe terugblik oor hierdie studie is dit in die eerste plek Arnold Bosman se buitengewone talent wat na vore kom. Uit die vele onderhoude wat met belanghebbendes gevoer is, asook die talle dokumente wat geraadpleeg is, was dit duidelik dat hy reeds vanaf 'n vroeë ouderdom 'n besondere gawe as pianis getoon het, wat sy latere eksperte toespitsing op dirigeerkuns vooruitgehoop het.

Roberts (2002:2) skryf dat biografie as metode op 'n wye spektrum van gegewens mag steun, waaronder hy besondere betekenis aan daardie groep dokumente toeskryf wat hy as "lewensdokumente" identifiseer. Hieronder sorteer hy veral persoonlike bronne soos dagboeke, briewe, familie-anekdotes, en foto's.

My optekening van Arnold Bosman se lewe maak ryklik van hierdie tipe dokumentering gebruik. Reeds aan die begin van die studie lei die ankerings van sy lewensverhaal in outentieke "lewensbronne" tot waarnemings betreffende die temas van "tyd" en "plek" – temas wat soms subtiel, en soms meer duidelik waarneembaar op die verhalings van sy lewe ingespeel het. Om Bosman se lewe te verstaan is om hierdie temas in die konteks van sy verhaal te verstaan; veral ook soos wat dit oor die loop van die biografie heen toenemend met die kompleksiteit van sy persona verweef raak. Hierdie temas het hom nie alleen in die verskeie tydperke van sy lewe "geplaas" nie, maar ook die verhouding met sy ouers, breër familiekring, kollegas, en dié met sy vriend van die laaste veertien jaar van sy lewe in bepaalde perspektief geteken.

Bosman se lewensverhaal en sy onophoudelike soeke na 'n eie "plek" in die wêreld dui daarop dat daar met redelike sekerheid gekonstateer kan word dat daar nie werklik vir hom in sy eie vaderland ruimte was om homself as individu en as kunstenaar te kon uitleef nie. Benewens talle professionele hindernisse het Bosman se uitgesprokenheid oor die destydse Suid-Afrikaanse politieke bestel hom genoop om elders vir homself 'n "heenkome" en "tuiste" te moes vind. Alhoewel daar stelselmatige vervreemding tussen hom en sy ouers ingetree het, is die sterk emosionele band met hulle tot en met sy dood behou, en doen dit tragies aan dat hy steeds pogings aangewend het om in Suid-Afrika as pianis en dirigent te kom optree. Hierdie pogings is duidelike bewyse dat

Bosman, ten spyte van sy inworteling in Italië en die latere verkryging van Italiaanse burgerskap in 1998, Suid-Afrika tot en met sy afsterwe as sy “tuiste” beskou het, en hier op die gebied van die kunste wou bydra.

Sy aanvanklik soeke na ’n “plek” in Italië het sy horisonne en professionele moontlikhede verbreed, en uiteindelik aan hom die geleentheid gebied om saam met verskeie invloedryke en belangrike musici van regoor die wêreld te werk. Sy aanstelling by Musica Rara in Milaan was ’n deurslaggewende moment: hy was nie net op die regte “tyd” in Milaan nie, maar ook op die regte “plek”. Hierdie aanstelling as musiekdirekteur het aan Bosman die geleentheid gebied om sy grootste artistieke passie uit te leef, naamlik dié van dirigent-wees. Sy belangstelling en bydrae om vergete komposisies van die groot meesters onder die aandag van die Italiaanse musiepubliek te bring het aan Bosman as dirigent groot status en aansien in Italië verleen.

Die mees voordiehandliggende vraag wat hierdie biografie retrospektief wil stel, is die volgende: Waar sou Arnold Bosman homself vandag bevind het as dit nie vir sy tragiese voortydige dood was nie?

Ek kan met redelike sekerheid sê dat hy ten tye van sy dood op die rand van die internasionale arena van dirigente gestaan het. Sy besondere aanvoeling vir die teatrale en, meer spesifiek, die genre van minder bekende operatoriese repertorium, sou van Arnold Bosman vandag – ongeag “tyd” en “plek” – ’n internasionale dirigent van formaat maak het.

Ten slotte ’n laaste metodologiese opmerking.

Binne die konteks van biografie as metode word die konsep “biografie” dikwels as sinoniem aan die term “identiteit” gesien. In hierdie verband voer Apitzsch & Siouti (2007:5) aan dat “identiteit” in biografiese terme as die konstruering van kontinuïteit en samehang te midde van ’n reeks veranderende lewenssituasies gestalte aanneem. Vanuit hierdie perspektiewe is “identiteit” nooit ’n afgehandelde of statiese projek nie, maar eerder ’n konstruktiewe en kontingente proses.

Dit is in hierdie opsig dat hierdie biografiese studie oor die lewe en werk van Arnold Bosman –'n musikus in die vreemde – sy onafgehandelde werk in die invloed en belang daarvan as 'n aangaande projek van identiteit en van artistieke selfheid sien, en daarom binne die plaaslike Suid-Afrikaanse musikologie vir hierdie grootse bydrae 'n "plek" van erkenning wil beding.

BYLAAG A

PRIVATE ONGEPUBLISEERDE BRONNE

Onderhoude, korrespondensie en telefoongesprekke met die volgende persone (in besit van die skrywer – ongepubliseerd).

Willem en Heleen Bosman	14 Februarie 2010, Bloemfontein
	21 Februarie 2010, Bloemfontein
	28 Februarie 2010, Bloemfontein
	7 Maart 2010, Bloemfontein
	14 Maart 2010, Bloemfontein
	21 Maart 2010, Bloemfontein
	1 April 2010, Bloemfontein
	4 April 2010, Bloemfontein
	18 April 2010, Bloemfontein
	25 April 2010, Bloemfontein
	20 Desember 2010, Bloemfontein
	28 Augustus 2011, Bloemfontein
	22 Junie 2012, Bloemfontein
Albie van Schalkwyk	27 Mei 2010, Kaapstad
Hendrik Hofmeyr	27 Mei 2010, Kaapstad
Johan Odendaal	29 Mei 2010, Kaapstad
Winet Vermaak	17 Desember 2010, Kaapstad
Sibongile Mngoma	13 Maart 2011, Bloemfontein
Giuliano Finessi	6 Julie 2011, Milaan, Italië
	8 Julie 2011, Milaan, Italië
	9 Julie 2011, Milaan, Italië
	21 September 2011, Milaan, Italië
	23 September 2011, Milaan, Italië
Raina Kabaivanska	6 Oktober 2011, Modena, Italië
Emma Toppi	6 Julie 2011, Milaan, Italië
Maurizio Magni	24 September 2011, Milaan, Italië
Yehezkel Yerushalmi	27 September 2011, Firenze, Italië
Patrizia Cigna	27 September 2011, Firenze, Italië

Marina Bianchi	21 September 2011, Milaan, Italië
Claudio Riva	23 September 2011, Milaan, Italië
Angela Filipponio	4 Oktober 2011, Bari, Italië
Elio Oricuolo	4 Oktober 2011, Bari, Italië
Marco Rapetti	26 September 2011, Firenze, Italië
Paolo Antuono	26 September 2011, Firenze, Italië

Briewewisseling tussen Arnold Bosman en sy ouers, Willem en Heleen Bosman.

14 Julie 1976
 13 Maart 1980
 20 Maart 1980
 26 Maart 1980
 22 April 1980
 23 April 1980
 10 Mei 1980
 21 Mei 1980
 15 November 1980
 15 Februarie 1981
 6 Maart 1981
 29 Maart 1981
 4 Mei 1981
 25 Mei 1981
 4 Augustus 1981
 10 Desember 1981
 6 Januarie 1982
 22 September 1982
 18 April 1983
 13 September 1983
 18 Mei 1984
 26 Mei 1984
 17 Junie 1984
 24 Februarie 1984
 14 Maart 1985
 1 Julie 1985
 27 Julie 1985
 7 Oktober 1985
 5 Desember 1985
 30 Junie 1986
 8 Augustus 1986
 4 Maart 1988
 4 Mei 1988

19 Junie 1992
24 Junie 1992
6 April 1993
19 Desember 1993
13 Maart 1994
26 April 1994
13 Junie 1994
14 Junie 1994
3 Julie 1994
6 Julie 1994
26 Julie 1994
30 Oktober 1994
6 Februarie 1995
16 Februarie 1995
6 Maart 1995
15 April 1995
21 Mei 1995
20 Desember 1995
26 Desember 1995
7 April 1996
19 April 1996
16 Augustus 1996
6 September 1996
3 Desember 1996
8 Januarie 1997
16 Januarie 1997
3 Februarie 1997
7 April 1997
21 April 1997
18 Mei 1997
10 Maart 1998
25 Januarie 1999
27 Januarie 1999
18 Augustus 1999
19 September 1999
31 Oktober 1999

Konsertprogramme en ander dokumente in besit van die skrywer en Giuliano Finessi (Milaan).

BYLAAG B

PERIODIEKE PUBLIKASIES

Koerantberigte, -resensies en tydskrifartikels in besit van die skrywer.

Plaaslike nuusblaaie en tydskrifte:

Die Burger, 5 Desember 1977
Die Burger, 14 November 1978
Die Burger, 10 April 1999
Die Burger, 20 Maart 1999
Die Burger, 10 April 1999
Die Burger, 29 Januarie 2000
Die Burger, 11 Maart 2000
Die Burger, 23 Maart 2002
Die Burger, 12 Maart 2005
Die Beeld, 18 Oktober 1986
Pretoria News, 17 Oktober 1986
Pretoria News, Mei 1987
Tonight, 22 Maart 2002
The Cape Argus, 10 Oktober 1977
The Cape Argus, Desember 1977
The Cape Argus, 9 Oktober 1979
The Cape Argus, 13 Januarie 1981
The Cape Argus, 22 Januarie 1981
The Cape Argus, 26 Mei 1987
The Cape Times, 20 Januarie 1981
Die Volksblad, Junie 1987
Die Volksblad, 6 Junie 1990
Die Volksblad, 1 Maart 1999
Die Volksblad, 11 Maart 2002
Die Volksblad, 7 Februarie 2005
Die Volksblad, 23 Maart 2005
Vuka, vol 2, nr.1. 1997
Perspektief, 39 Januarie 2000

Internasionale nuusblaaie en tydskrifte:

Australië:

The Daily Telegraph, 26 Februarie 1985
The Daily Telegraph, 26 Februarie 1985
The Herald Sun, 24 Februarie 1985

Italië:

Corriere del Giorno, 29 Julie 1998
Corriere del Giorno, 24 Julie 2001

Corriere della Sera, 18 Desember 2001
Corriere della Sera, 21 Desember 2001
Corriere della Sera, 12 Desember 2002
Corriere del Mezzogiorno, 20 Desember 2001
Corriere del Mezzogiorno, 23 Desember 2001
Corriere del Mezzogiorno, 10 Oktober 2002
Corriere del Mezzogiorno, 29 November 2002
Corriere del Mezzogiorno 6 Desember 2002
Corriere del Mezzogiorno, 17 Desember 2002
Corriere del Mezzogiorno, 9 Oktober 2004
Corriere del Mezzogiorno, 1 April 2004
Corriere del Mezzogiorno, 3 April 2004
Corriere del Mezzogiorno, 10 Oktober 2004
Corriere del Mezzogiorno, 3 Desember 2004
Corriere del Mezzogiorno, 5 Februarie 2005
Il Giorno, 13 Mei 1997
Il Giorno, 8 April 1998
Il Giorno, 7 Junie 2002
Avvenire, 14 Mei 1997
Avvenire, 4 April 1998
La Provincia, 7 April 1998
La Provincia, 26 Januarie 2003
La voce di Rimini, 5 Augustus 2001
La Nazione, 25 Oktober 1997
La Gazzetta, n.d.
Contrapunti, Desember 2002
La Repubblica, 23 Januarie 2001
La Repubblica, 22 November 2001
La Repubblica, 5 Desember 2002
La Repubblica, 6 Maart 2004
Il Mattino, 27 Julie 2001
La Stampa, 30 Julie 2011
La Gazzetta del Mezzogiorno, 22 Desember 2001
La Gazette del Mezzogiorno, 6 Junie 2002
La Gazzetta del Mezzogiorno, 7 Oktober 2002
La Gazzetta del Mezzogirono, 17 Desember 2002
La Gazzetta del Mezzogiorno, 4 Maart 2004
La Gazette del Mezzogiorno, 5 November 2005
Hallo Milano, Desember 2003
Bologna Giorno e notte, 9 April 2004

Verenigde Koninkryk:

The Guardian, 29 September 2001
The Independent, 29 Augustus 2001
The Daily Telegraph, 11 September 2001

BYLAAG C

LYS VAN AFBEELDINGS

1:	Arnold Bosman as baba.	20
2:	Arnold Bosman – 1 jaar oud.	20
3:	Arnold Bosman saam met sy broer, Willem Bosman.	21
4:	Die geboortesertifikaat van Arnold Bosman	21
5:	'n Lugfoto van die stad Bloemfontein waar Arnold Bosman gebore is, circa 1960.	22
6:	Arnoldus Johannes Bosman (1824-1879) en sy vrou Catharina Margaretha van Coller (1821-1894).	23
7:	Adolf Samuel Bosman (1865-1938) met Arnoldus Johannes (Arnold se oupa heel regs).	23
8:	'n Matriekfoto van Arnold se oupa, Arnoldus Johannes Bosman (middelste ry, heel regs), Boshof.	24
9:	Arnold se oupa, Arnoldus Johannes Bosman (agterste ry, vierde van links) as student in Rotterdam, Nederland.	24
10:	Gedigte uit die pen van Arnold Bosman.	29
11:	Gedigte van Arnold Bosman.	30
12:	Johannes Gysbert Hugo Bosman (Bosman di Ravelli).	34
13:	Heleen Bosman se ouers – Bartel Sevenster (haar stiefpa) en Cornelia Susana Sevenster (née Von Mollendorf).	38
14:	Arnold se ouers op hul troudag 15 Desember 1956, Bloemfontein.	39
15:	Arnold se ouers, die diplomatieke egpaar, Willem en Heleen Bosman – Londen, 1977.	40
16:	Grey Kollege, Bloemfontein.	42
17:	Nettie Immelman.	45
18:	Arnold Bosman in standerd 6 (1971) in Grey Kollege, Bloemfontein.	46
19:	Getuigskrif van die Menloparkse Hoërskool.	48
20:	Kunswedstrydsertifikate wat Bosman as jong seun verower het.	50
21:	Kunswedstrydsertifikate wat Bosman as jong seun verower het.	50
22:	Eksamensertifikate van UNISA as bewyse vir die eksamens wat Arnold Bosman afgelê het.	51
23:	Eksamensertifikate van UNISA as bewyse vir die eksamens wat Arnold Bosman afgelê het.	51
24:	Sertifikaat en Program van die Jeugkonsertfees in Johannesburg, 1975.	52
25:	Sertifikaat en Program van die Jeugkonsertfees in Johannesburg, 1975.	52
26:	Program en sertifikaat van die Jeugkonsertfees in Kaapstad, 1977.	53

27:	Program en sertifikaat van die Jeugkonsertfees in Kaapstad, 1977.	53
28:	Hoofgebou van die Royal College of Music, Londen.	57
29:	Een van die kontrakte tussen KRUIK en Bosman.	69
30:	Getuigskrifte van onder andere David Poole en David Tidboald.	70
31:	Getuigskrifte van onder andere David Poole en David Tidboald.	70
32:	Buiteblad van een van die konsertprogramme waar Bosman opgetree het.	73
33:	Binnekant van dieselfde konsertprogram waar Bosman opgetree het.	74
34:	Twee konsertprogramme waarby Bosman as pianis opgetree het.	76
35:	Twee konsertprogramme waarby Bosman as pianis opgetree het.	76
36:	Brief van die Universiteit van Kaapstad insake die toekenning van die Megan McKenzie-beurs.	78
37:	Sertifikaat, <i>Wiener Meisterkurse für Musik</i> .	79
38:	Arnold Bosman se studentekaart by die Konservatorium in Den Haag.	87
39:	Die finale konsertprogram en inhoud in Den Haag, 1980.	88
40:	Die finale konsertprogram en inhoud in Den Haag, 1980.	88
41:	Die Konservatorium Luigi Cherubini en die hoofingang in Firenze.	89
42:	Die Konservatorium Luigi Cherubini en die hoofingang in Firenze.	89
43:	Johan Cromhout besig met 'n onderhoud met die pianis Marco Rapetti.	90
44:	Die ingang van 19 Via del Podestà, Firenze.	92
45:	Die pianis Marco Rapetti in Via del Podestà.	92
46:	Reklame in die plaaslike koerant voor die konsert in Kaapstad.	94
47:	Die sertifikaat wat Arnold Bosman van die Cherubini Konservatorium ontvang het.	98
48:	Briewe van die Universiteit van Kaapstad insake die toekenning van die Harry Crossley- en Jules Kramer-beurse.	100
49:	Briewe van die Universiteit van Kaapstad insake die toekenning van die Harry Crossley- en Jules Kramer-beurse.	100
50:	Buiteblad van die Opera Barga-program.	101
51:	Name van onder andere die kunstenaars betrokke by die produksie.	102
52:	Een van die eerste kontrakte by die Teatro Comunale in Bologna, 1983.	105
53:	Arnold as repetiteur in die meesterklasse van die bekende Elisabeth Schwarzkopf in Bologna, 1983.	109
54:	Arnold as repetiteur in die meesterklasse van die Russies-gebore mezzosopraan, Zara Dolukhanova, in Bologna, 1983.	110
55:	Een van Arnold se handgeskrewe briewe aan sy ouers, 1984.	111
56:	Die diploma wat Arnold ontvang het na afloop van sy studies aan die Accademia Musicale Chigiana in Siena, 1984.	114

57:	Een van die Savinio-konsertprogramme waarby Bosman betrokke was in Mantua, 1984.	117
58:	Een van die Savinio-konsertprogramme waarby Bosman betrokke was in Mantua, 1984.	117
59:	Die konsertprogram van Bosman en Rapetti op 13 Desember 1984 in Genua.	118
60:	Konsertprogram tydens die kamermusiekkursus op 22 Augustus 1986.	122
61:	Korrespondensie tussen Bosman en die hoofdirekteur van SUKOVŠ, Johann Zietsman.	128
62:	Program van die simfoniekonsert op 5 Junie 1987, Bloemfontein.	129
63:	Bosman se curriculum vitae in die program.	129
64:	Gedeelte van die programnotas in die program van 5 Junie 1987, Bloemfontein.	130
65:	Een van die programme van die Scuola di Musica die Fiesole waar Bosman as begeleier opgetree het, 1987.	131
66:	Scuola di Musica di Fiesole-program waar Bosman en Repko opgetree het, 1988.	132
67:	Die sopraan Anna Caterina Antonacci, met wie Bosman gereeld saamgewerk het.	134
68:	Een van die programme waar Bosman en Antonacci saam opgetree het in Bologna, 1988.	135
69:	Publisiteitsfoto in die <i>Koorfantasie</i> -program, Bosman as negentienjarige.	138
70:	Die <i>Koorfantasie</i> -program waar Bosman die solis was in Bologna, 1989.	139
71:	Die plakkaat van La Scala waarop Bosman se naam vir die eerste keer verskyn het.	140
72:	Voorbeeld van een van die talle kontrakte van die Teatro Comunale in Bologna.	142
73:	Kamermusiekprogram waarby Bosman betrokke was in Bologna, 1992.	143
74:	Omslag van die konsertprogram in Oslo, 1992.	145
75:	Inhoud van die konsertprogram in Oslo, 1992.	146
76:	Giuliano Finessi, president van Musica Rara.	152
77:	Die herdenkingsprogram van 25 Maart 1994.	155
78:	Musica Rara-konsertprogram, 17 en 18 Junie 1995.	165
79:	Die program van Arnold Bosman se klavieruitvoering op 3 Desember 1995, Milaan.	166
80:	Die program wat Arnold Bosman op 24 Maart 1996 in Lodi aangebied het.	167
81:	Sanguitvoerings onder die beskerming van Musica Rara waarby	

	Bosman betrokke was.	169
82:	Die Musica Rara-konsertprogram op 21 Mei 1996 in Riva del Garda.	173
83:	Johan Cromhout saam met die operasangeres, Raina Kabaivanska, 6 Oktober 2011, Modena.	176
84:	Raina Kabaivanska in die fleur van haar lewe.	177
85:	Kabaivanska en Bosman se program op 27 Oktober 1996 in Lucca.	178
86:	Buiteblad van Kabaivanska se konsert saam met Musica Rara op 2 November 1996 in Firenze.	179
87:	Die program wat deur Kabaivanska en Musica Rara op 2 November 1996 aangebied is.	180
88:	Die program by die Rossini-fees in 1996 waar Bosman gedirigeer het.	183
89:	Die program by die Rossini-fees in 1997 waar Bosman gedirigeer het.	184
90:	Die Musica Rara-program van 27 Februarie 1997.	188
91:	Johan Cromhout in gesprek met die pianis, Maurizio Magni op 24 September 2011, Milaan.	190
92:	Die program van <i>L'infedeltà delusa</i> wat op 26 Junie 1998 deur Musica Rara aangebied is.	191
93:	Die program van die Britten opera, <i>The little sweep</i> , waaraan Bosman en Bianchi saamgewerk het.	193
94:	Die buiteblad van die operaprogram van <i>Ariadne auf Naxos</i> waar Bosman assistentdirigent was.	195
95:	Die inligtingsblad aan die binnekant van dieselfde program waarby Bosman betrokke was.	196
96:	'n Uittreksel uit die <i>Vuka</i> -tydskrif waarin hierdie artikel oor Bosman verskyn het.	200
97:	Buiteblad van die konsertprogram op 27 Februarie 1999, Bloemfontein.	204
98:	Die program van 27 Februarie 1999 in Bloemfontein waartydens Bosman as solis en dirigent opgetree het.	205
99:	Afskrif van die brief van Bosman aan Thielemann in Berlyn.	209
100:	Program van <i>Orfeo ed Euridice</i> , Stellenbosch.	213
101:	Buiteblad van die <i>Don Giovanni</i> -operaprogram, Oktober 2000, Kaapstad.	216
102:	Binneblad van die operaprogram waartydens Arnold Bosman gedirigeer het, Kaapstad.	217
103:	Buiteblad van die Bari konsertprogram waartydens Bosman vir Kabaivanska begelei het.	220
104:	Die program wat Kabaivanska en Bosman op 23 Januarie 2001 aangebied het, Bari.	221
105:	Die program van Eva Mei en Arnold Bosman.	222

106:	Die program wat Mei en Bosman op 31 Oktober 2001 aangebied het.	223
107:	Een van die kontrakte waar Bosman as assistentdirigent aangestel is.	225
108:	Die program van <i>Catone in Utica</i> waartydens Bosman gedirigeer het, 2001, Milaan.	227
109:	Die program van die Musica Rara-aanbieding op 22 November 2001, Milaan.	228
110:	Program van die operaproduksie, <i>Didon</i> , in Desember 2002, Bari.	232
111:	Die Teatro Piccinni in Bari waar Bosman gereeld as dirigent opgetree het.	233
112:	Die interieur van die Teatro Piccinni met die podium in die voorgrond waar Bosman homself gereeld bevind het.	233
113:	Die program van <i>Idomeneo</i> wat Bosman by die Oude Libertas-amfiteater in Stellenbosch gedirigeer het.	239
114:	Die operaseisoen asook die sanguitvoering van Eva Mei vir 2001, Bari.	241
115:	<i>Idomeneo</i> van Mozart wat Bosman gedirigeer het en waarin die Suid-Afrikaanse sopraan, Sibongile Mngoma, die rol van Idamante gesing het.	242
116:	Die program van Eva Mei en Arnold Bosman in 2002, Bari.	249
117:	Die program van die konsert wat op 21 Julie 2003 deur Musica Rara in Bologna aangebied is.	253
118:	Die Musica Rara-konsertprogram op 12 Desember 2003 in die Santa Maria delle Grazie, Milaan.	254
119:	Die feesprogram vir die 600ste verjaarsdagviering van die Duomo in Milaan waarvoor Bosman as artistieke drekteur aangestel is en ook van die konserte gedirigeer het.	257
120:	Die twee programme waar musiek van Brahms, Liszt en Wolf uitgevoer is, Bari 2004.	260
121:	Die konsertprogram van 2004 waarin hoofsaaklik musiek van Hasse uitgevoer is, Milaan.	262
122:	Binneblad van die <i>Orfeo</i> -program met die name van die raadslede van die Petruzzelli Opera.	264
123:	Die program van <i>Orfeo</i> met die name van al die sleutelrolspelers in die opera.	265
124:	Buiteblad van <i>Le nozze di Figaro</i> , Bari 2004.	266
125:	Die program van <i>Le nozze di Figaro</i> met die name van al die sleutelrolspelers in die opera.	267
126:	Buiteblad van <i>Die Skepping</i> , 4 November 2004, Bari.	268
127:	Buiteblad van die program van <i>Così fan tutte</i> , 23 September tot 3 Oktober 2004, Rome.	269
128:	Binneblad van die <i>Così fan tutte</i> -program met die name van die sleutelrolspelers, Rome.	270

129:	Buiteblad van die program van <i>Così fan tutte</i> , 22 en 23 Desember 2004, Kaïro.	271
130:	Binneblad van die <i>Così fan tutte</i> -program, 2004 – die produksie wat Bosman nooit gedirigeer het nie, Kaïro.	272
131:	Een van die laaste foto's van Arnold saam met sy ouers, Willem en Heleen Bosman, Milaan, 2003.	276
132:	San Nicola Basilica met Arnold se kis duidelik sigbaar, 8 Februarie 2005, Bari.	279
133:	Die Basilica di San Nicola, Bari.	280
134:	Die gedenkdienstprogram vir Arnold Bosman op 23 Maart 2005, Bloemfontein.	283
135:	Heleen, Willem (sr) en Willem (jr) Bosman tydens die gedenkdienst in 2005, Bloemfontein.	284
136:	Willem Bosman, Sibongile Mngoma en Heleen Bosman tydens die gedenkdienst in 2005, Bloemfontein.	285
137:	Heleen Bosman en Leonore Kloppers tydens die gedenkdienst in 2005, Bloemfontein.	285
138:	Die program van die eerste Arnold Bosman-gedenkkonsert in 2010, Bloemfontein.	289
139:	Die program van die tweede Arnold Bosman-gedenkkonsert in 2011, Bloemfontein.	290
140:	Die program van die derde Arnold Bosman-gedenkkonsert in 2012, Bloemfontein.	291
141:	Plaaslike beriggewing in <i>Die Volksblad</i> van die Arnold Bosman-gedenkkonsert in 2012, Bloemfontein.	292
142:	'n Gedeelte van die Italiaanse tuin van die Bosmans.	293
143:	Die gedenkfontein en die nis waar Bosman se as op 4 Februarie 2007 weggebêre is, Deanelaan 11, Bloemfontein.	294
144:	Willem (jr) met die oorskot van sy broer, Arnold, en ds. Gert Terblanche, 4 Februarie 2007, Bloemfontein.	295
145:	Willem (jr) plaas die kisse met Arnold se as in die nis by die gedenkfontein, 4 Februarie 2007, Bloemfontein.	295
146:	Een van die vele fokuspunte in die Bosmans se tuin, naamlik die knooptuin.	298

BYLAAG D

DISKOGRAFIE: ARNOLD BOSMAN

- Titel: *Ascanio in Alba K111*
Komponis: W A Mozart
Opgeneem: Milaan, 7 Maart 1997
Orkes: Musica Rara, dirigent – Arnold Bosman
DVD Musica Rara
- Titel: *Ommaggio alla Carriera* – Raina Kabaivanska – sopraan met Arnold Bosman – begeleier
Komponis: J Massenet, E Chausson, M Ravel, F Poulenc en D Shostakovich
Opgeneem: Cremona, 16 Januarie 1998
Kunstenaars: Raina Kabaivanska – sopraan en Arnold Bosman – klavier
CD: Fonè
- Titel: *Il Fortunato Inganno*
Komponis: G Donizetti
Opgeneem: Martina Franca, 27 Julie 1998
Vrygestel: 4 Januarie 1999
Orkes: Internasionale Orkes van Italië met Bratislava Kamerkoor, dirigent – Arnold Bosman
CD Dynamic
- Titel: *Il cantico de' tre fanciulli*
Komponis: J A Hasse
Opgeneem: Milaan, 4-5 Desember 1999
Vrygestel: 26 Junie 2001
Orkes: Musica Rara met Stuttgart Ars Cantica-koor, dirigent – Arnold Bosman
CD: Bongiovanni
- Titel: *Il Ruggiero*
Komponis: J A Hasse
Opgeneem: Milaan, 20 Mei 2000
Orkes: Musica Rara, dirigent – Arnold Bosman
CD: Musica Rara
- Titel: *Catone in Utica*
Komponis: J C Bach
Opgeneem: Milaan, 12 Junie 2001
Orkes: Musica Rara, dirigent – Arnold Bosman
CD: Musica Rara
- Titel: *La Zingara*
Komponis: G Donizetti
Opgeneem: Festival della Valle d'Itria, Martina Franca, Julie 2001
Orkes: Internasionale Orkes van Italië met Bratislava Kamerkoor, dirigent – Arnold Bosman
CD: Dynamic

Titel: *La Caduta di Gerico*
Komponis: J A Hasse
Opgeneem: Milaan, 7 en 9 Junie 2002
Orkes: Musica Rara met die Musica Laudantes vokale ensemble, dirigent – Arnold Bosman
CD: Musica Rara

Titel: *Marc' Antonio e Cleopatra*
Komponis: J A Hasse
Opgeneem: Milaan, 11-14 Maart 2004
Vrygestel: 2011
Orkes: Musica Rara, dirigent – Arnold Bosman
CD en DVD: Musica Rara

Titel: *Brundibar*
Komponis: H Kràsa
Opgeneem: Firenze, Februarie 1997
Vrygestel: 2011
Orkes: *Ensemble della Scuola di Musica di Fiesole* met *Voci bianche della Scuola di Musica di Fiesole*, dirigent – Arnold Bosman
DVD: Musica Rara

BRONNELYS:

- Apitzsch, U. & Siouti, I. 2007. *Biographical analysis as an interdisciplinary research perspective in the field of migration studies*. Goethe Universität, Frankfurt am Main.
- Batchelor, J. (ed) 2003. *The art of literary biography*. Oxford: Oxford University Press.
- Bosman, I.P. 2008. *Die familie Bosman in Suid-Afrika – 300 jaar*. Bellville: Africa Digital Printing Services.
- Bouws, J. 1971. *Komponiste van Suid-Afrika*. Pretoria: C.F. Albertyn (Edms) Bpk.
- Capozzi, R. & Somigli, L. (ed) 2002. *Dictionary of literary biography*. Detroit: Thomson Gale.
- Cromhout, J. 1994. Die musieklewe in Bloemfontein van 1940 tot 1955. Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling. Universiteit van die Vrystaat.
- Dahl, E. 2002. *Edvard Grieg: His life and music*. Troidhaugen: Edvard Grieg Museum.
- Dubal, D. 1991. *Evenings with Horowitz*. London: Robson Books.
- Fine, G., & Fields, C. 2008. Culture and micro-sociology: The anthill and the veldt. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, 619:130-148.
- Garraty, J. 1985. *The nature of biography*. New York: Garland.
- Homberger, E., & Charmley, J. (ed) 1988. *The troubled face of biography*. London: The Macmillan Press.
- Hall, E. 1969. *The good die young*. Cape Town: Constantia Publishers.
- Israel, K. 2010. Changing the place of narrative in biography: From form to method. *Life Writing* 7(1):5-15.

- Kennedy, M. (ed) 1980. *The concise Oxford dictionary of music*. 3rd ed. London: Oxford University Press.
- Kohli, M. 1981. Biography: Account, text, method. In *Biography and society: The life history approach in the Social Sciences*, D. Berthaux (ed). Beverley Hills: Sage Publications: 61-76.
- Kuhn, L.D. 1999. *Baker's student encyclopedia of music. Vol. 2, H-Q*. Pennsylvania State University: Schirmer Books.
- Mersmann, H. (ed) 1972. *Letters of Wolfgang Amadeus Mozart*. Translated from the German by M.M. Bozman. New York: Dover Publications.
- Oakley, A. 2010. The social science of biographical life-writing; some methodological and ethical issues. *International Journal of Social Research Methodology*, 13(5):425-439.
- Parke, C.N. 2002. *Writing lives*. London: Routledge.
- Reed, C. 2011. *Art and homosexuality: A history of ideas*. New York: Oxford University Press.
- Roberts, B. 2002. *Biographical Research*. Philadelphia: Open University Press.
- Sangalli, C. s.a. *Cultura and shopping Milano: Cultura and shopping nell'antica "Mediolanum"*. Milano: Banca Akros.
- Tileagă, C. 2011. (Re)writing biography: Memory, identity, and textually mediated reality in coming to terms with the past. *Culture & Psychology*, 17(2):197-215
- Zinsser, W.K. (ed). 1986. *Extraordinary lives: The art and craft of American biography*. New York: Book-of-the-Month-Club.

OPSOMMING

My biografiese studie oor Arnold Bosman (1957-2005) het daaruit voortgespruit dat ek hierdie kunstenaar nooit persoonlik geken het nie, maar nietemin aangegryp is deur sy lewensverhaal, en deur die feit dat hy homself, as uiters talentvolle Suid-Afrikaner, in 'n vreemde land en kultuur moes gaan vind.

Bosman se besondere musikale begaafdheid was vanaf sy vroeë kinderjare sigbaar. Gedurende sy tienerjare het hy reeds puik prestasies behaal. Kunswedstryddiplomas, eksamenuitslae en optredes met verskeie orkeste is bewyse van besondere toewyding vanaf 'n jong ouderdom. Sy kunstenaarskap het egter vanaf hierdie tyd in 'n sterk dog idiosinkratiese persoonlikheid gemanifesteer. Reeds op 'n relatiewe jong leeftyd toon hy duidelike voor- en afkeure oor aktuele sake en spreek hy homself oor bepaalde aangeleenthede sterk uit. Só het hy homself as jong man reeds eksplisiet teen die politieke situasie van Suid-Afrika uitgespreek, en duidelik laat blyk dat hy die apartheidsregering van daardie tyd nie ondersteun het nie.

Opsig self moes hierdie standpunte heelwat spanning tussen Bosman en sy ouers veroorsaak het aangesien sy vader 'n vurige Nasionalis was wat boonop in die diplomatieke diens van die Suid-Afrikaanse regering gestaan het. Die veronderstelde komplekse verhouding met sy ouers het heel waarskynlik ook in ander aspekte van sy lewe gesetel, en volgens argumente wat in hierdie studie aangebied word, reeds op 'n relatief vroeë stadium bygedra tot sekere lewensbesluite wat Bosman geneem het. Sekere gebeure tydens sy tienerjare sou byvoorbeeld later 'n groot rol in sy lewe speel, en het heel waarskynlik aanleiding gegee tot sommige van die belangrikste besluite wat sy lewe sou rig.

Bosman se komplekse samestelling het sy lewensbesluite dus ingrypend beïnvloed. Sy soeke na 'n "plek" waar hy homself tuis kon voel asook 'n eie "identiteit", is reeds so vroeg as sy hoërskoolloopbaan in verskeie gedigte verwoord. Dit is opvallend dat hy nooit werklik "tuisgekome" het nie, ook nie gedurende sy volwasse lewe nie – behalwe in sy musiek waar hy op artistiek beduidende wyses met "plek" en "tyd" omgegaan het.

Aanvanklik was dit Bosman se soeke na 'n geskikte universiteit waar hy kon gaan studeer wat hom op 'n relatief jong ouderdom tot rigtinggewende keuses gedwing het. Aangesien Bosman in die dirigeerkuns wou spesialiseer, en daar nie op daardie stadium 'n universiteit in Suid-Afrika was wat dirigeerstudies aangebied het nie, het hy met die hulp van sy ouers ondersoek begin instel om sy studies in die buiteland voort te sit. Die keuse om sy voorgraadse studies aan die Universiteit van Kaapstad te voltooi het met vele probleme gepaard gegaan. Die moontlikheid om sy studies met die hulp van beurse van die Universiteit van Kaapstad in die buiteland voort te sit, het hierdie stap egter help realiseer.

Nietemin het dié fase in Bosman se lewe nie sonder probleme verloop nie. Na kort periodes van studie in Engeland asook in Nederland, is Bosman uiteindelik na Italië, waar hy aan verskeie musiekskole gestudeer het. In Italië, waar Bosman homself vanaf die vroeë 1980's bevind het, het hy vir 'n lang ruk 'n loopbaan as vryskutmusikusk gevolg om maar net te kon oorleef. Talle klavieruitvoerings, optredes as begeleier van verskeie sangers en instrumentiste, asook sy werk as assistentdirigent het in die aanvangsjare in Italië aan hom 'n redelike inkomste gebied. Gedurende hierdie fase van Bosman se lewe het dirigeerkuns en die hunkering om voltyds dirigent te wees al meer sigbaar geword. In sommige briewe aan sy ouers was sy versugting na 'n loopbaan as dirigent duidelik teenwoordig, en volgens alle dokumentasie wat vir die navorsing beskikbaar gestel is, blyk dit dat hy op 'n gereelde basis as assistentdirigent begin werk het, en soms ook self as dirigent opgetree het. Ten einde homself as dirigent in Italië te vestig het Bosman vir die grootste gedeelte van sy lewe daar egter 'n ontwrigtende pendelaarsbestaan gevoer.

In die vroeë 1990's het Bosman se paaie met dié van die spesialis-ensemble Musica Rara gekruis. Sy aanstelling as musiekdirekteur en dirigent van hierdie ensemble het nou uiteindelik aan hom die geleentheid gebied om sy passie as dirigent uit te leef. Die aard van sy betrokkenheid by die ensemble, naamlik om onbekende of minder bekende werke in outentieke omstandighede uit te voer, het aan die hooftemas van sy lewensverhaal, naamlik dié van "plek" en "tyd", besondere betekenis gegee. Sy leiersposisie by Musica Rara het naamlik aan Bosman 'n artistieke "plek"

("rol"/"identiteit") gegee sodat hy nou waarlik metafories kon "behoort" en homself as musikus kon uitleef.

Buiten Bosman se komplekse verhouding met sy ouers het hy ook tot aan die einde van sy lewe 'n gekompliseerde verhouding met Suid-Afrika gehad. Ten spyte van sy toenemende sukses in Italië, het Bosman deurlopend pogings bly aanwend om in Suid-Afrika te kom optree – as pianis, maar veral as dirigent – hetsy in tydelike of selfs meer permanente hoedanighede. Bosman is egter ook nooit enige vaste aanstelling in Suid-Afrika aangebied nie, en daar was ook nie veel optredes hier gedurende die laaste jare van sy lewe nie.

Om hierdie redes het hierdie studie dit ten doel om die lewe en bydrae van 'n belangrike en internasionaal gevierde Suid-Afrikaanse kunstenaar te dokumenteer en in perspektief te stel.

SUMMARY

Although I did not know Arnold Bosman (1957-2005) personally, I was compelled to undertake a biographical study of him. The story of his life and the fact that he, as a highly talented South African musician, had to establish himself in a foreign country amongst a strange culture, resulted in the writing of this thesis.

Bosman's exceptional musical talent was evident since his childhood. During his teens he achieved outstanding results. Eisteddfod-certificates, examination results, as well as performances with various orchestras are proof of his dedication from a very young age. His musicianship manifested from this time on in a somewhat idiosyncratical personality. Bosman showed certain likes and dislikes from a relatively young age and was rather outspoken regarding certain topics of current interest. The political situation in South Africa, in particular the "apartheids" regime was but one topic which Bosman strongly opposed.

These viewpoints obviously caused tension between Bosman and his parents as his father was a fervent Nationalist and also served in the diplomatic service of the South

African government. This presumed complex relationship with his parents perhaps also influenced other aspects of his life. According to arguments presented in this study, certain life changing decisions could have been influenced by this complex relationship. Certain events during his life as a teenager would have had a significant influence in his life, and most probably contributed to some of the most important decisions that guided his life.

Bosman's complexity had a far-reaching influence on his life. His search of a "place" where he could feel at home, as well as his own "identity", were expressed in various poems as early as his high school years. Conspicuously he never really experienced the "home-coming", not even during his adult life – except in his music where he associated himself with "place" and "time" in a significant manner.

Initially it was his search for a suitable university where he could further his studies that forced him to make directive decisions. As Bosman expressed the desire to study to become a conductor during a time when there was no university in South Africa that offered studies of this nature, together with the assistance from his parents, he started investigating the possibility of studying abroad. The decision to undertake his undergraduate studies at the University of Cape Town presented him with numerous problems. The possibility of financial assistance from the University of Cape Town to further his studies abroad made it more of a reality.

This period in Bosman's life also proved to be problematic. After a short period of study in both England and Holland, he eventually decided to go to Italy where he studied at various music schools. Bosman settled in Italy in the early 1980's and for a long period of time made a living as a freelance musician. During this time many piano recitals and appearances as accompanist for singers and instrumentalists, as well as his work as an assistant conductor, provided Bosman with a reasonable income. During this time Bosman's yearning to become a full-time conductor became increasingly apparent. His longing for a career as full-time conductor also became evident in some of his letters to his parents. According to documents available for this research, it became clear that he started working regularly as an assistant conductor and sometimes appeared as

conductor himself. To establish himself as a conductor in Italy, Bosman was forced to live the disruptive life of a commuter for the majority of his life.

In the early 1990's Bosman was introduced to the specialist ensemble Musica Rara. His appointment as musical director and conductor of this ensemble, finally offered Bosman the opportunity to fulfil his dream. His involvement with this ensemble to perform the more rare and unknown compositions of the masters in an authentic manner, gave the main themes of his life, namely that of "place" and "time", significant meaning. The position he held with Musica Rara gave Bosman an artistic "place" ("role"/"identity") where he metaphorically could "belong" and where he as musician could flourish.

Apart from his complex relationship with his parents, his strained relationship with South Africa lasted until his death. Although Bosman enjoyed significant success in Italy, he regularly investigated the possibility of performing in South Africa – as pianist, but more so as conductor – in a temporary but also in a more permanent capacity. However, he was never offered a permanent position, and there were but a few appearances during the last couple of years of his life.

Because of these reasons I found it necessary to document and to put in perspective, the life and contribution of this important and internationally famed South African artist.

KEY TERMS

early years
identity
La Scala
pianist
accompanist
soloist
Musica Rara
unknown compositions
Bari
conductor
freelance musician
chamber music
musical integrity

